**Ons beleef vandag 'n spesifieke tydsbaken in die geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerk Newcastle. Dit is vandag hul 8ste verjaardag.**

**Alhoewel die APK Newcastle ook sy volle kwota probleme gehad het, kyk ons vandag met 'n danklied in die hart terug op 8 jare van genade en seëninge in die lewe van die APK Newcastle, en dank die Here vir sy goedheid en genade aan hul geskenk.**

**Hiermee dan 'n besonderse woord van gelukwense aan Afrikaanse Protestantse Kerk Newcastle met hul 8ste verjaardag, vandag 4 September 1995.**

**Dit is ook ons bede dat die Here die APK Newcastle op sy pad verder sal seën, lei en toerus om sy boodskap ongeveinsd en suiwer uit te dra, en 'n ligpunt te bly vir die Christen Blanke Afrikaner daar in die Noorde van Natal.**

Oudl. PA Vermeulen, APK Bronkhorstspruit – Goedgekeur.

### 33.2 Mosie insake dr. WJG Lubbe

**Die Sinode betuig sy innige dank en hartlike waardering teenoor dr. WJG Lubbe vir die sterk gereformeerde prinsipiële en toegewyde leiding wat hy veral as Voorsitter van Sinodes gegee het sedert die APK se stigting in 1987. Dit vloei uit ons dank en eer aan die Here wat oor ons Kerk regeer en beskik oor alles wat Hy uit louter genade aan ons laat toekom. Dit geld ook van werktuie wat Hy in besondere sin in sy diens wil gebruik. Sy Naam geheilig.**
Prof. JC Lombard – Goedgekeur.

### 33.3 Mosie tot Eenheidsvorming

Die volgende mosie van oudl. DJ du Plessis (APK Alberton) word na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek verwys.

1. (a) Die Sinode versoek Christene landswyd om hulle as eenheid te skaar en God Drie-enig te nader deur opregte skulderkenning en verootmoediging.
   (b) Dat sekere sentrums reg oor die land aangewys sal word waar hierdie gelowiges op vasgestelde datums en tye bymekaar kan kom.
   (c) Dat hierdie verootmoediging vir 'n hele week aaneen moet plaasvind in ware berou en smekinge indien moontlik.
2. (a) Verder versoek die Sinode politieke leiers en leiers van regse organisasies om hulle te beywer vir hierdie eenheidsgedagte.
   (b) Dat hierdie leiers sal terugstaan met eie resepte en aspirasies en selfbeeld.
   (c) Dat ons almal saam God Drie-enig sal smeek om vir ons 'n geestelike leier soos 'n Elia of Gideon te stuur om ons voor te gaan.

## 34. MEELEWING

Die Sinode betuig sy meelewing met dr. JA Scholtz (APK Meyerton) wie se huis ongeveer drie maande gelede deur 'n brand in puin gelê is.

## 35. VERLOFAANSOEKE

Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:

**JJ Dreyer, APK Pretoria-Oos, 17:30, 4/9/1995; 08:00, 5/9/1995; MG Bonthuys, APK Cullinan/Rayton, 5/9/1995; JHC Engelbrecht, APK Ellisras, 17:00–21:00, 5/9/1995; J Vrey, APK Clanwilliam, 17:00–21:00, 5–8/9/1995; FA Grobler, APK Bethal, 08:00–14:00, 6/9/1995; 08:00–13:00, 9/9/1995; MSJ Tromp, APK Villiers, 17:00 6/9–9/9/1995; JL Schütte, APK Villiers, 17:00 6/9–9/9/1995; JL Grundling, APK Hartbeespoort, 6–9/9/1995; HF Jooste, APK Villiers, 8–9/9/1995; KJ van Vuuren, APK Groot-Marico, 07:00–11:00, 9/9/1995; A du Plessis (ds.), APK Groot-Marico, 08:00–11:00, 9/9/1995; JH van der Walt (ds.), APK Cullinan/Rayton, 9/9/1995.**

## 36. GROETEBOODSKAPPE

Die volgende groeteboodskappe word aan die vergadering voorgehou en met dank ontvang: Jaap Celliers – Meyerton; APK Meyerton.

Telegramme met seënwense is later ook ontvang van APK Bronkhorstspruit, APK Leeudoringstad en APK Koster (kerkraad, gemeente en Evaskring).

## 37. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Prof. R Marè word tot Aktuarius verkies. Die Voorsitter wens hom geluk en versoek hom om sy plek by die tafel in te neem.

**OP VERSOEK VAN DIE VOORSITTER SLUIT DR. JH ELLIS DIE VERRIGTINGE VAN DIE DAG AF MET GEBED OM 21:05.**

# 5 SEPTEMBER 1995 – TWEEDE SITTINGSDAG, OGGENDSESSIE

Die sang vooraf word gelei deur ds. JG van Staden.

Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van die broer van oudl. A Opperman (Krugersdorp).

38. **BIDSTOND**

Oudl. Fourie (Bloemfontein) lei die bidstond en lees 2 Tm. 3:1–9. Hy beklemtoon verse 1–3 en wys op kenmerke van die laaste dae: Mense sal liefhebbers van hulleself wees; geldgieriges en kwaadsprekers wees.

Verskeie afgevaardigdes gaan voor in gebed, waarna Ges. 239:4 ten slotte gesing word.

Die Voorsitter bedank oudl. Fourie.

39. **VOORSTEL IN VERBAND MET OPENINGSREDE GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat die openingsrede van die Voorsitter as bylae in die notule en in "Die Boodskapper" opgeneem word.**
(Prof. FAH van Staden; prof. R Marè)

40. **VERSLAG VAN KKS (vervolg) bl. 33, ONAFGEHANDELDE SAKE VAN SINODE 1993 – BYLAE KKS1**

Ds. AS van Jaarsveld gaan voort met die verslag van die KKS bl. 33.

40.1 **AANBEVELING 39 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit:**

**By die bespreking van die beskrywingspunt oor die onderskrif by die naam van die kerk word die Sinode tot 'n geslote vergadering verklaar.**

**40.2 Die volgende voorstel van prof. FAH van Staden word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat 'n ad hoc-kommissie benoem word wat die naam van die kerk en alle aanverwante sake moet hanteer en aanbevelings vir die Sinode moet opstel, te wete**

1. **dr. WJG Lubbe (sameroeper)**
2. **ds. AS van Jaarsveld (KKS)**
3. **dr. Cl van Heerden (SKK)**
4. **prof. JC Lombard.**

**40.3 Aanbeveling 40 word goedgekeur, en is reeds geïmplementeer:**

**Die Sinode besluit:**

**Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt met die volgende wysiging in die tweede sin van die nuwe Ordereël 31.1: tussen die woorde "mekaar" en "minstens" word die woorde "indien moontlik" ingevoeg.**

**40.4 AANBEVELING 41 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat gevolg gegee word aan die volgende beskrywingspunt, met 'n versoek aan prof. Van Staden om dit duidelik in die gemelde Handleiding te beskryf: "Die Sinode dra dit aan die KKS op om, sonder óórreglementering, die stappe van die kerklike tug, waarvan daar in Bep. 53C van die 1992 Kerkorde sprake is, duidelik te omskryf."**

**40.5 AANBEVELING 42 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.**

**40.6 AANBEVELING 43**

**Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**40.7 AANBEVELING 44 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit: Die saak word behandel wanneer die sinodale opdrag nr. 54 as studiestuk van die KKS, voor die Sinode dien.**

**40.8 Besluit: Aanbeveling 54 word na die TKKS verwys asook aanbeveling 5.14.3 bl. 128 en 20.6.1 bl. 20 en aanbeveling 47 bl. 38.**

40.9 **Aanbeveling 45**

Die volgende ordemosie word aanvaar:

**Die Sinode besluit dat die saak oorstaan totdat die rapport van die volgende KKS in verband met die vraag of die Kerkorde nog met die Belydenisskrifte te rym is, dien. (Prof. R Marè)**

**Motivering**

Die aanbeveling van die Kommissie loop die verwagte rapport vooruit. (Die aanbeveling is op die vorige Sinode ingedien, voordat opdrag tot gemelde studie gegee is.)

40.10 Aanbeveling 4.7.1 (bl. 118) en aanbeveling 6.11.1 (bl. 136) is daarmee ook na die KKS terugverwys.

40.11 Aanbeveling 46 – Kennis geneem. (Die artikel is reeds in die Kerkorde opgeneem.)

40.12 **Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**"aan die amptelike kerkblad" in Artikel 37.8 moet lees "in die amptelike kerkblad".**
(Prof. R Marè; prof. FAH van Staden)

40.13 Aanbeveling 47 – voorlopig afgehandel by 40.8 hierbo.

**40.14 AANBEVELING 50 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit: gee nie gevolg aan die beskrywingspunt oor 'n verandering in die beroepstelsel nie.**

**Motivering**

1. NGb. Art. 31 bepaal dat bedienaars van die Woord van God moet deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde soos die Woord van God leer, geskied. Daarom moet terdeë daarteen gewaak word dat met onbehoorlike middele ingedring word. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.
2. Die stelsel van aansoek doen vir 'n vakature bring 'n sekulêre aksent in die kerk waar die amp van die predikant as 'n betrekking beskou word en is in stryd met die gees van Art. 31 NGb.

**40.15 AANBEVELING 51 GOEDGEKEUR:**

**Aangesien 'n handleiding (i.v.m. kerklike tug) reeds goedgekeur is, wat net geredigeer moet word, oordeel die Sinode dat dit oorstaan vir afhandeling en nie weer voor die Sinode hoef te dien nie.**

**40.16 AANBEVELING 52 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit: Tentmakerbediening word nie ingestel nie.**

**40.17 AANBEVELING 53 GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit die Kuratorium voldoen aan die vereistes kragtens die Kerkorde .**

40.18 Aanbevelings 54 en 55 word na die TKKS verwys. Van aanbeveling 56 word kennis geneem.

**40.19 AANBEVELING 2.6.1 bl. 43 WORD GOEDGEKEUR MET DIE ONDERSTAANDE VERANDERING:**

**2.6.1 Aanbeveling van die KKS**

**In die lig van die feit dat daar reeds indringende studies van die Vrymesselary gemaak is en die AB nie meer 'n vertroulike organisasie is nie, stap die Sinode van die saak af met handhawing van die vorige besluit van die Sinode van 1987 in dié verband – Handelinge Eerste Sinode bl. 49, t.w.:**

**Die Sinode van die AP Kerk besluit dat lidmate van die kerk wat moontlik kan behoort aan die geheime organisasies, t.w. die Vrymesselary en die Afrikaner Broederbond, nie verkiesbaar is vir diens in die amp van ouderling en diaken nie.**

**Verandering: Skrap "van die kerk" in paragraaf 2.**

**Motivering:**

Dit staan nie in die oorspronklike redaksie nie. (Prof. R Marè; prof. FAH van Staden)

Hiermee is ook aanbeveling 6.5.1 (bl. 133) gedek.

40.20 Afrikanerbond en Vrymesselary

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Die Sinode besluit dat die lidmaatskap van die Afrikanerbond en die Vrymesselary na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek verwys word vir deeglike ondersoek en om riglyne te gee aan kerkrade oor die wyse van optrede teenoor sodanige lidmate. (Dr. MFM Pretorius; drs. S Botes)

40.21 **Die volgende voorstel t.o.v. punt 2.7 op Sakelys, bl. 43–44 word aanvaar:**

**Die Sinode besluit om goedkeurend van Notas 1, 2 en 4 kennis te neem, maar Nota 3 nie te aanvaar nie weens die kollegialistiese onderbou daarvan en verwys Nota 3 terug na die KKS.**

**Motivering**

1. Daar is in die presbiteriale kerkregering geen ruimte vir die stelling dat 'n gemeente lidmaatskap by die kerkverband het nie. Dit sou die gemeente tot 'n onderafdeling of tak van die groter kerk maak.
2. Wanneer 'n kerk, 'n gemeente, gestig word, ontstaan 'n regspersoon. Dit hang nie daarvan af of hy by ander kerke inskakel "in 'n kerkverband" nie.
3. Kerkverband vorm nie 'n regspersoon nie. Dis verkeerd om te sê "ons vorm 'n kerkverband", asof die kerkverband 'n institutêre liggaam is. Die korrekte wyse om te spreek, is om te sê dat ons kerke (gemeentes) kerkverband met mekaar belewe. Daardie belewing van kerkverband word deur ons in stand gehou.
4. Dit is nie korrek om te sê dat 'n gemeente se regspersoonlikheid van die kerkverband afhanklik is nie. As 'n gemeente dus eenparig, sonder een enkele teenstem, besluit om uit die kerkverband te tree, behou hy sy regspersoonlikheid. Hy sal dan sy regspersoonlikheid konkretiseer in wat hy as grondwet (kerkorde) aanvaar.
5. Dat kerkverband nie 'n regspersoon is nie, blyk ook uit ons eie daarstelling van die RKA.
6. Die beredenering in Nota 3 het 'n kollegialistiese kerkbegrip ten grondslag.
7. Die ARK is na my wete maar een enkele gemeente. Hy het nie tot stand gekom binne 'n bepaalde "kerkverband" nie.
8. As die advies in Nota 3 korrek sou wees, het dit die implikasie dat geeneen van al die gemeentes wat voor die eerste APK-

sinode gestig is, regspersoonlikheid gehad het nie. Eers tydens die Eerste Sinode is 'n Kerkorde aanvaar. Daarteenoor moet gestel word dat die oomblik toe 'n gemeente gestig is, dit 'n gemeente was met regspersoonlikheid. Daar was gelowiges wat ooreengekom het dat hulle 'n nuwe kerk is – al was dit as't ware 'n mondelinge ooreenkoms. Soveel te meer word dit duidelik toe hulle hulle eerste ampsdraers verkies het.

9. As 'n AP Kerk dus besluit om buite die "kerkverband" te tree, behou hy regspersoonlikheid, selfs al kan hy nie meer die KO van die APK sy eie noem nie. 'n Nuwe kerk kom so tot stand.
10. Die denke rondom die eiendom, wat dan die eiendom van 'n ongeïdentifiseerde "APK" bly, kom voort uit 'n ander kerkbegrip as dié wat ons huldig. As gemeente A eenparig besluit om uit die verband te tree, doen hulle dit met hulle eiendom en al. (Prof. R Marè; ds. IA Brink)

40.22 AANBEVELING 62 GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om die volgende riglyne t.o.v. handelinge met verskille/geskille te aanvaar:**

Skrifgegewens

**Die saak van verskille, geskille en gepaardgaande twiste, gebroke verhoudings en vyandskap loop deur die hele Skrif. So ook die hantering van sodanige sake. Daar hoef slegs gewys te word op die betekenis van die Tweede Tafel van die Tien Gebooie met die Here Jesus se samevatting van die Wet van God as die liefdesgebod.**

**Enkele Skrifgegewens uit die Nuwe Testament van besondere belang, is die volgende:**

- **Jakobus 4:1–2: Die lig val hier op selfsugtige begeertes as die diepere oorsprong en oorsaak van rusies, twiste, vegterye.**
- **Mt. 5:25: Die klem val hier onder andere daarop dat alles in die vermoë gedoen moet word om so spoedig moontlik tot 'n skikking en versoening te kom. Beide in Jakobus 4:1 en Mt. 5:25 staan dit vas dat die eie verantwoordelikheid nie ontduik mag word nie. Hier in Mt. 5:25–26 word ons deur Christus voor God as uiteindelike Regter geplaas, vergelyk vers 22.**
- **Johannes 7:24: Jesus Christus stel hier die algemene beginsel van 'n regverdige oordeel.**
- **1 Kor. 6:1–11: Uiters belangrike gegewens en riglyne in die beslegting van geskille en pogings tot versoening word deur die apostel Paulus hier beklemtoon. Elke lidmaat, ampsdraer en kerkvergadering behoort hierdie Skrifgedeelte te bestudeer. Paulus dui dit aan as 'n skande dat regsake nie deur gelowiges self binne die gemeente tot rus gebring kan word nie.**
- **1 Timotheus 6:3–6: Die apostel Paulus laat die lig hier skerp val op sondes wat by geskille kan voorkom en waarteen gewaarsku moet word, naamlik 'n sieklike beheptheid met twisvrae, stryery oor woorde, voortspruitende sondes van afguns, twis, lastering, gemene verdagmakery en nuttelose stryery. Mense wat hulle hieraan skuldig maak, word beskrywe as verdorwe in die verstand en van die waarheid beroof.**
- **Kolossense 3:13: 'n Gesindheid of bereidwilligheid tot wedersydse vergifnis word hier beklemtoon en moet in 'n geskil sterk gestel word, nie alleen as 'n vereiste uit die Skrif nie, maar ook as 'n voorwaarde vir suksesvolle versoening.**

Onderskeiding van begrippe

**Verskille: onderskeid, die anders wees in een of ander opsig, afwyk.**

**Geskille: twis, onenigheid, dispuut of rusie.**

**Die betekenis van hierdie twee begrippe wys duidelik uit dat die sedelike gedrag volgens Christelike norme afwyk wanneer daar nie in liefde verskil kan word nie en twis en onenigheid ontwikkel (vgl. Kol. 3:13).**

Noodsaaklike kerkregtelike onderskeidings

**Wanneer daar nie duidelik en na die eis van die waarheid onderskei word of daar wel met 'n tugwaardige sonde(s) te doene gekry word nie, word te maklik en foutiewelik na die tugartikels van die Kerkorde gegryp om sake te beredder – Kerkorde Artikel 52 bepaal dat die tug gaan "oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en die orde en dissipline van die gemeente indruis. Kerkorde Artikel 53 maak onderskeid tussen "geheime sondes" en "openbare, ergerlike sondes". In die Agenda van die 1991 Sinode, pp. 262–263 is tugwaardige sondes reeds kerkordelik verduidelik.**

**Uit die bogemelde moet dit reeds duidelik wees dat verskille en geskille op 'n ander, 'n eie wyse hanteer behoort te word, en tot rus gebring behoort te word voordat dit in 'n tugsaak ontaard (vgl. Mt. 5:25).**

Riglyne vir die hantering van geskille

**Met riglyne hier word nie bedoel vaste reëls of rigiede optrede nie, maar bloot praktiese wenke. Dit is van die allergrootste belang dat die herderlike gesprek, in die hantering van verskille en geskille tot sy reg sal kom.**

**Beslegting van 'n geskil, dit wil sê die twis uit die weg ruim, of die bylê van 'n geskil, dit wil sê die twis laat eindig, behoort by wyse van**

'n broederlike gesprek te geskied. Hierin kan die wyksouderling, of die leraar, die ouderlingeraad of 'n afvaardiging deur die ouderlingeraad, as die noodsaaklike kerklike ampte optree ooreenkomstig Johannes 7:24: "Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel".

Dit is meesal van kardinale belang dat partye geleentheid gegun word om uit te praat en die hart skoon te maak. Daar moet dus meer begrypend geluister as baie gepraat word deur persoon(e) wat die bylê van die geskil hanteer.

Daar behoort gestuur te word in die rigting van 'n wedersydse verstandhouding van partye wat alle partye en die gemeente se beste geestelike belange dien.

Veral as daar 'n verharding van gesindhede of onwilligheid om die geskil by te lê, ontwikkel het, behoort daar, voordat verdere versoeningspogings plaasvind, individueel pastorale bearbeiding plaas te vind. Soms misluk pogings om geskille te besleg, bloot omdat die pastorale opsie nie behoorlik benut is nie.

Slot

Die bogemelde wil nie aanspraak maak op volledigheid nie. Reglementering van optrede word in hierdie saak nie as verstandig en in beste belang beskou nie. In Kol. 3:13–15 word dit gestel dat die band wat die gemeente tot volmaakte eenheid saambind die liefde vir mekaar is. Die gemeente, as liggaam van Christus is geroep tot innerlike rus en onderlinge eensgesindheid.

In sy kommentaar op Kolossense wys wyle prof. Jac Müller daarop dat die woord "heers" in vers 15 eintlik beteken: skeidsregter wees, reël, arbitreer, "en die bedoeling is dat wanneer daar konflikte in ons binneste is, 'n botsing van motiewe, drange en begeertes, dat ons dan die vrede van God (Christus) moet laat bepaal wat die regte gedragslyn vir ons is; ons moet dit laat heers en die beslissing gee, deurdat dié weg gekies word, wat nie die innerlike vrede en gemoedsrus in Christus verstoor nie, maar bevorder en bevestig. Dan word nie alleen die vrede van God, gegrond op die versoening deur Christus bewaar nie, maar die belange en welsyn van die medegelowige word ook behartig".

40.23 Van Aanbeveling 64 kennis geneem, en aanbeveling 2.9.1 goedgekeur:

Die Sinode verwys die opdrag (oor 15% oorbetaling op erflating) na die TKKS.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

40.24 AANBEVELING 65

Die Sinode besluit dat in die Afrikaanse Protestantse kerkverband die status quo ten opsigte van kondonasie gehandhaaf word, met ander woorde nie toegelaat word nie.

40.25 AANBEVELING 66

Die Sinode besluit: wysig beide ordereëls deur by Ordereël 25 na die woorde "indien die vergadering" in te voeg "na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie" (daartoe toestem) en deur by Ordereël 26 na die woorde "indien die vergadering" in te voeg "na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie" (daartoe toestem). Die Ordereëls lui dan soos volg:

25. 'n Besluit van die kerkraad ... indien die vergadering na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie met 'n meerderheid stemme daartoe toestem. 'n Kennisgewing ... te dien.

26. 'n Besluit van 'n meerdere vergadering kan teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is in hersiening geneem word indien die vergadering na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie daartoe toestem.

40.26 AANBEVELING 67

Die Sinode besluit:

By die interpretasie van Art. 16 oor die optrede van 'n predikant in 'n ander gemeente as dié waarin hy kragtens 'n beroep of 'n bedieningsooreenkoms arbeidsaam is, moet die agtergrond wat in die kerkgeskiedenis tot die ontstaan van so 'n artikel gelei het, in gedagte gehou word. Predikers wat geen beroepe ontvang het nie, het rondgetrek en oral in gemeentes wat hul eie predikante gehad het, ongenooid gaan werk en traktering daarvoor verwag. Dit kon nie geduld word nie, want dit is indringing van een predikant in die diens van 'n ander. Verder misken dit die feit dat die plaaslike kerkraad die bevoegdheid het om te besluit wie as predikant in die gemeente mag werk.

'n Predikant van elders wat op versoek van die naasbestaandes van 'n oorledene die begrafnis kom hou, tree egter nie in stryd met Art. 16 op nie – ook nie indien hy op versoek 'n huweliksbevestiging waarneem nie. Sou die kerkraad nie tevrede wees met die predikant wat die begrafnis kom hou of die huweliksbevestiging kom waarneem nie, kan die kerkraad wel die gebruik van sy gebou en eiendom weier. 'n Begrafnis en 'n troue is 'n familie-

**aangeleentheid en die betrokkenes besluit uitsluitlik en sonder goedkeuring van die kerkraad wie hulle wil hê die verrigtinge moet lei. 'n Begrafnis hoef nie eers per se deur 'n predikant waargeneem te word nie. 'n Huwelik ook nie, maar die persoon moet wel deur die staat as 'n huweliksbevestiger aangestel word.**

**Hierdie sinodebesluit moet agter in die Kerkordeboek by Bylae 1 ingevoeg word.**

Hiermee is Bylae KKS1 afgehandel behalwe vir die enkele gedeeltes wat verwys is.

Die Voorsitter bedank ds. Van Jaarsveld vir die voorlegging daarvan.

**41. VERSLAG VAN SKK (vervolg)** bl 15

Die SKK-verslag word deur dr. CI van Heerden voorgehou.

15. **Ander opdragte van die Sesde Sinode**

15.1 **Skribaat van toekomstige sinodes** – Kennis geneem.

Aanbevelings 15.1.1.1 en 15.1.1.2 (bl. 15) word nie goedgekeur nie.

15.2 **Ondersoek na die nuwe dienspligstelsel** – Kennis geneem.

15.3 **Serkos** – Kennis geneem.

**15.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR: Die Sinode besluit om nie 'n verteenwoordiger op Serkos te benoem nie en laat dit aan kerkrade oor om self oor lidmaatskap van Serkos te besluit.**

15.4 **Tienjarige feesvieringe in 1997** – Kennis geneem.

**15.4.1.1 AANBEVELING SOOS VOLG GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat die 10-jarige bestaan van die APK op 27/6/1997 of so na moontlik daaraan by wyse van dankfeeste op streeksbasis by die volgende sentra gevier sal word: Pretoria, Durban, Bloemfontein, Windhoek, Worcester, Upington.**

15.4.1.2 AANBEVELING SOOS VOLG GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode benoem die volgende persone as verteenwoordigers van die ses streke om saam met die SKK 'n reëlingskomitee te vorm om in oorleg met mekaar die feeste te reël: die predikante van APK Moot-Sentraal, Groter Durban, Bloemfontein-Noord, Outjo, Worcester en Gordonia. Beplanning moet betyds gedoen word.**

15.4.1.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Oorweging kan aan die volgende sake vir insluiting in 'n program gegee word: Erediens, bekendstelling van die feesbundel; koorfeeste; vasvrakompetisies; feesrede; boekuitstalling; groeteboodskappe; tablo; boodskap vir die 1997-Sinode ens.**

15.4.1.4 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur dit goed dat die koste van die reëlingskomitee t.o.v. die feesbeplanning uit die bedrag deur die FK daarvoor begroot, gedelg word. Ringe in die 6 streke is verantwoordelik vir die koste verbonde aan die plaaslike feeste.**

DIE VOLGENDE VOORSTEL WORD AS WENK NA DIE SKK VERWYS:

Sou dié Sinode besluit om DV weer oor twee jaar te vergader (m.a.w. 1997) wil die kerkraad van APK Wesmoot aan die hand doen dat, indien dit enigsins moontlik is:

1. die Sinode só beplan word dat dit rondom die datum van 27 Junie 1997 gehou word sodat die tienjarige feesvieringe van ons geliefde kerk daarmee saam gevier kan word;
2. die Sinode sowel as die tienjarige feesvieringe in die Skilpadsaal by die Pretoria Skougronde gehou word – dié plek waar die Afrikaanse Protestantse kerk op 27 Junie 1987 gestig is.

Alhoewel ons as kerkraad daarmee rekening hou dat die beoogde Sinode vir 1997, soos vanjaar die geval, ook op 'n tenderbasis uitgesit sal word, hou die kerkraad hom aanbevole om met die reëlings behulpsaam te wees aangesien die Skilpadsaal binne APK Wesmoot se gemeentegrense val en dit vir ons 'n besondere eer sal wees om u tydens dié feestyd daar te ontvang.
(Oudl. AJ van der Nest; ds. AP Viljoen)

15.5 **CVO- en kerkskole**

15.5.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode dra dit aan die SKK op om 'n wakende oog te hou oor die belange van dagskole, CVO- en kerkskole in die opstel van 'n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika en indien nodig met die owerheid in gesprek te tree.**

15.6 **Handves van Fundamentele Regte**

15.6.1–15.6.2.4 – Kennis geneem.

15.6.3 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**15.6.3.1 Die Sinode keur die optrede van die SKK goed en dra dit aan die SKK op om enige inligting van belang vir kerkrade wat uit die verdere ontwikkeling van die Handves vir Fundamentele Regte voortvloei, te bestudeer en in**

**oorleg met die KKS advies aan kerkrade deur te gee.**

**15.6.3.2 Die Sinode gee aan Kerkrade die wenk om borde by hulle persele aan te bring waarop duidelik gemeld word dat reg van toegang voorbehou word.**

**15.6.3.3 Die Sinode word geslote verklaar vir die duur van die bespreking van alle beskrywingspunte, voorstelle, en adviese i.v.m. die onderskrif van die naam van die Kerk en art. 3 en aanverwante aangeleenthede.**

Die volgende amendement op 15.6.3.2 word nie aanvaar nie:

Die Sinode gee aan kerkrade die wenk om borde by hulle persele aan te bring waarop duidelik "Privaat eiendom" gemeld word.
(Oudl. GLH Coetzer; oudl. C Mans)

15.7 **Beskrywingspunte deur die Sesde Sinode na die SKK verwys**

15.7.1–15.7.4 – Kennis geneem.

16. **Hospitaalbesoeke** (bl. 18)

**16.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode bring dit onder aandag van kerkrade dat leraars wat versoek word om lidmate wat van elders as pasiënte in stedelike hospitale opgeneem word, te besoek, reiskoste kan verhaal van 'n kerkraad wat so 'n versoek gerig het.**

17. **Toestemming aan leraars van NGK, NHK en GKSA om in APK op te tree** – Kennis geneem.

18. **Politieke betrokkenheid van predikante** (bl. 18) – Kennis geneem.

**18.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**18.1.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat leraars net soos ander lidmate die verantwoordelikheid het om as burgers van die land standpunt in te neem en dit steeds Bybels te kan verantwoord. Dat leraars en lidmate in die proses in verskillende kampe te staan kom, is nie verbasend nie. Dit is trouens 'n onderliggende beginsel in die samestelling van 'n gemeente, en ook in ons hele kerkregeringstelsel dat die lig saam gesoek word deur middel van debatvoering. Verskille van opinie mag nooit tot bitterheid onder lidmate lei nie.**

DIE SKK-VERSLAG WORD HIER ONDERBREEK

42. **PERSONEELWYSIGINGS**

Die volgende personeelwysigings word goedgekeur:

Oudl. IC Holtzhausen (APK Northam)
Diak. GL Fourie (APK Marble Hall)
Ds. AJ van Niekerk (APK Potchefstroom)
Oudl. FJ Swanepoel (APK Naboomspruit)
Oudl. DR van Tonder (Vaalwater)
Oudl. MJ Kemp (APK Zululand) se geloofsbrief is in orde.
Sittingsreg word toegeken.

NA ENKELE AFKONDIGINGS VERDAAG DIE VERGADERING OM 10:30.

DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 11:00.

43. **VOORSTELLE**

**Die volgende voorstelle word goedgekeur:**

**43.1 Die Sinode besluit dat alle nuusberigte ter wille van die korrekte weergawe van feite slegs deur die Mediakommissie opgestel en ná goedkeuring daarvan deur die Sinode, aan die media beskikbaar gestel word. Die Sinode laat om dié rede geen verteenwoordigers van die media by sy sittings toe nie.**

(Ds. MC Adendorff; ds. IA Brink)

**43.2 Die volgende byvoeging by 5.5 van die SKK-verslag, bl. 7, word goedgekeur:**

**Die Sinode boekstaaf sy hoë waardering vir die arbeid deur genoemde emeriti in die APK gelewer. Die Sinode dank die Here dat Hy in sy genade hulle vir ons as gewaardeerde medewerkers beskik het op ons kerk se vroeë sinodes.**
(Prof. WJG Lubbe; oudl. BR Coetzee)

44. **VERSLAG VAN SENTRALE KERKEKOMMISSIE – (vervolg)** bl. 18

**18.1.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode wys daarop dat in die Kerkorde daar geen beletsel is op deelname van enige kerklike ampsdraer aan partypolitiek nie.**

**18.1.3 AANBEVELING SOOS GEWYSIG DEUR AMENDEMENT VAN PROF. WJG LUBBE, OUDL. BR COETZEE EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode doen nogtans 'n ernstige beroep op leraars om uiters versigtig te wees in hulle politieke deelname, om te sorg dat hulle politieke verbintenis hoegenaamd nie vir die verkondiging van die evangelie tot 'n hindernis is nie en nie verdeeldheid in gemeentes daardeur te veroorsaak nie. Die Sinode herinner leraars weer eens aan 'n vorige sinodebesluit waarvolgens hoegenaamd geen partypolitiek vanaf die kansel verkondig mag word nie.**

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

"Leraars word egter nie toegelaat om as kandidaat vir 'n politieke party te staan nie. (Ds. HC Venter; ds. JJ Vrey)

DIE SKK-VERSLAG WORD ONDERBREEK.

45. VIDEO-OPNAME VAN SINODE

**Die Sinode keur dit goed dat APK Wonderboom 'n opname van die sinodeverrigtinge maak, behalwe wanneer die vergadering geslote is.**

46. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (Bl. 67)

Die verslag word voorgedra deur die Argivaris, ds. WM Grové.

1. **Personeel** – Kennis geneem
2. **Vergaderings** – Kennis geneem
3. **Vir kennisname**
3.1 **Pos van deeltydse Argivaris** – Kennis geneem
3.2–3.4 Kennis geneem.

3.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode onderskryf die beginsel van skenking van argivalia en museumstukke aan die argief as algemene kerklike besit.**

3.5 tot 3.7 – Kennis geneem.

4. **Wysiging van lasgewing** – Kennis geneem.

**4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode wysig lasgewing 5 om te lui: beywer hom vir die instandhouding van die veilige en brandvaste bergplek vir argiefmateriaal.**

Daarmee is Aanbeveling 5.6.2.1 op bl. 126 ook gedek.

5. **Doopregister** – Kennis geneem.

5.1 **Aanbeveling**

Word verwys na TKKS om saam met aanbeveling 5.6.1.1 (Sakelys bl. 125 en 126) te behandel.

6. **Datumskryfwyse** – Kennis geneem.

**6.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat in die APK die amptelike datumskryfwyse dag-maand-jaar bly (byvoorbeeld 09.10.1995).**

7. **Fotokopie van registers** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**7.1 Die Sinode herroep sy besluit dat doop- en lidmateregisters gekopieer mag word om 'n argiefduplikaat te voorsien. Dit word dadelik van krag.**

**7.2 Gemeenteskribas maak 'n handgeskrewe of getikte afskrif en gebruik albei kante van die registerblad.**

**7.3 'n Gemeente se eerste afskrif dek die hele register. Daarná word jaarliks slegs nuwe inskrywings vir die betrokke jaar oorgedra op die afskrif vir die argief.**

**7.4 Wanneer daar by agtereenvolgende alfabetletters nie 'n inskrywing vir die bepaalde jaar is nie, skryf die skriba byvoorbeeld: E tot J geen inskrywing nie.**

**7.5 Die gewone registerblaaie word vir die afskrifte gebruik.**

**7.6 Elke afskrif dra die naam van die betrokke gemeente.**

8. **Begroot vir ontwikkeling** – Kennis geneem.

8.1 **Aanbeveling** – Kom weer voor by FK-verslag.

9. **Beskrywingspunte**

9.1 **Ring van Middelburg: Rekenaarprogram vir registers, boekhouding en databasis** – Kennis geneem.

9.1.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**9.1.1.1 Die Sinode verwys die ondersoek na en implementering van 'n geskikte rekenaarprogram vir gemeentelike administrasie na die BRKA.**

**9.1.1.2 Die Sinode keur die gemeentelike gebruik van die rekenaar vir doop- en lidmateregister goed, SLEGS INDIEN aan die volgende vereistes voldoen word:**

**(a) Die vorm en opset ten opsigte van kolomme en betrokke gegewens moet dieselfde wees as die registervorms wat in gebruik is.**
**(b) Die inhoud van die registers moet op datum gehou word soos in die bestaande gedrukte en geskrewe registers.**
**(c) 'n Opdatum rekenaardrukstuk moet van die doop- en lidmateregister bygehou word op hoë gehalte papier.**
**(d) Die jaarlikse afskrif vir die Kerkargief moet op die beskikbare, amptelike registerblaaie gemaak en aan die Kerkargief gestuur word volgens geldende reëls daarvoor.**
**(e) Attestate word steeds op die kerkordelike wyse uitgereik met die attestaatvorms wat by die Sentrale Kerkkantoor verkrygbaar is.**

9.2 **Ring van Lichtenburg: Opmerkings in registers t.o.v. vertrekte lidmate** – Kennis geneem.

**9.2.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat ten opsigte van 'n lidmaat wat uit 'n gemeente vertrek, soos volg opgetree word volgens KO. Art. 5.1:**

**9.2.1.1 In die ouderlingeraad se notule word aangeteken dat die lidmaat op 'n betrokke datum uit die gemeente weg is.**

**9.2.1.2 Daarná word dieselfde datum en opmerking in die aanmerkingskolom van die lidmateregister agter die betrokke lidmaat se naam aangeteken.**

**9.2.1.3 Die Skriba van die kerkraad rapporteer ná drie maande aan die ouderlingeraad. Indien die attestaat nie aangevra is nie, verklaar die ouderlingeraad die lidmaatskap vervalle en kondig dit in die gemeente aan volgens KO. Art. 5.1.**

**9 2.1.4 Indien een of meer dooplidmaat betrokke is, word die vertrek en vertrekdatum in die doop- en/of dooplidmaatregister aangeteken.**

9.3 **Beskrywingspunte van die Kommissie** – Kennis geneem.

9.3.1 Kennis geneem.

**9.3.1.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR OM AS SINODEBESLUIT IN KO-BOEK OPGENEEM TE WORD:**

**Die kerkraad is verantwoordelik om**

1. **sinodale besluite ten opsigte van die Sentrale Kerkkantoor na te kom, naamlik maandelikse aanstuur van vorm F1 met die voorgeskrewe geldelike verpligtinge; jaarliks via die ringskriba 'n afskrif van die doop- en lidmateregister te stuur, asook die gemeentelike verslagvorm met statistiek en ander gemeentegegewens; ander voorskrifte van Ring en Sinode soos van toepassing uit te voer;**
2. **toe te sien dat die gemeenteskriba aan alle kerklike amptelike omsendbriewe die verlangde aandag gee.**

9.3.2 **Huidige Bep. 37D** – Kennis geneem.

9.3.2.1 **Word verwys na TKKS saam met 8.7, Sakelys bl. 173.**

9.3.3 **Huidige Bep. 37E** – Kennis geneem.

9.3.3.1 **Aanbeveling** – Verwys na TKKS.

9.3.4 **Huidige Bep. 37H** – Kennis geneem.

9.3.4.1 **Aanbeveling** – Verwys na TKKS.

Die verslag word met dank aan ds. WM Grové afgehandel. Ds. Grové gee daarna voorligting in verband met argiefsake aan die hand van 'n stuk onder die opskrif "Kerkargief" wat ter vergadering aan afgevaardigdes besorg is.

**Die Sinode besluit:**

**Ds. Grové word versoek om 'n handleiding ten opsigte van argiefsake vir skribas van kerkrade en ringe te skryf en aan die Publikasiekommissie vir publikasie aan te bied.**

47. **VERSLAG: KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS** (bl. 93)

Voorgedra deur ds. AE van den Berg.

1–4 – Kennis geneem.

Die Sinode neem ook kennis daarvan dat dr. AP Möller (oudl. APK Pretoria-Oos) en br. M Jonker (diaken APK Verwoerdburg) hulp verleen met gevangenesbearbeiding.

5. **Vrywillige kollekte vir gevangenesbearbeiding** – Kennis geneem.

5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode betuig sy dank teenoor alle gemeentes wat vrywillige kollektes vir gevangenesbearbeiding ingesamel en oorbetaal het. Die Sinode versoek alle kerkrade weereens om 'n kollekte vir gevangenesbearbeiding te oorweeg.**

6. **Beskrywingspunt Ring van Bethlehem: Verblyf van bejaardes** – Kennis geneem.

6.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek Ringe om so spoedig moontlik inligting aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens te besorg in verband met bestaande of beoogde skemas vanuit die geledere van die APK vir die huisvesting van bejaardes. Enige aanbevelings en voorstelle in die verband kan ook aan die Kommissie voorgelê word.**

Hiermee is die verslag afgehandel. Die Voorsitter bedank ds. Van den Berg.

48. **VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK** (bl. 72)

Die Ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in. Prof. JC Lombard dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem.
2. **Vergaderings** – Kennis geneem.
3. **Sake verwys**

3.1 **Karate** – Kennis geneem.

3.1.1 **Aanbevelings**

'n Ordemosie van dr. JH Ellis in hierdie verband word deur die Voorsitter teruggehou totdat die Sinode gereed is om daaroor te stem (kyk 50.1

hieronder). Indringende bespreking word gevoer.

DIE VERSLAG WORD HIER ONDERBREEK.

Die Voorsitter, ds. IA Brink, neem weer die stoel in en doen enkele afkondigings.

**49. PERSONEELWISSELING**

Ds. NJ Groenewald (APK Lindley) en oudl. TE Yzel (APK Marquard) verskyn ter vergadering – Kennis geneem.

**DIE SINODE VERDAAG OM 13:00 VIR ETE NADAT OUDL. GP BEZUIDENHOUT (APK THABAZIMBI) DIE TAFELGEBED GEDOEN HET.**

**MIDDAGSESSIE 14:00–16:00**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 14:00**

Prof. FAH van Staden neem die voorsitterstoel in.

**50. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (vervolg)** bl. 72:

Die bespreking van karate (punt 3.1 op bl. 72) gaan voort.

50.1 **Die volgende ordevoorstel dien en word verwerp:**

**Voorstel:**

Die Sinode besluit om nie nou enige besluite oor karate te neem nie, maar verwys die hele saak terug na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek om die volgende Sinode te dien met 'n gebalanseerde verslag wat ook die anderkant van die saak stel om die ervarings en getuienisse van oud-karateka in te sluit wat oor hulle Christelike oortuigings die sport laat vaar het.

Baie word gemaak van die argument dat karate wat in Suid-Afrika beoefen word, verafrikaans is. Die verslag aan die Sinode moet ook die volgende insluit waaroor 'n deeglike studie gemaak moet word:

1. Wie het die Oosterse wortels van karate afgesny?
2. Wanneer het dit gebeur?
3. Waar en hoe het dit gebeur?
4. Die sakwapen, die knielhouding, die kleredrag en die kreet wat geen getuienis lewer van verafrikanisering nie.

(Dr. JH Ellis; oudl. JW Kilian.)

**50.2 AANBEVELING 3.1.1 SOOS VOLG GEWYSIG DEUR AMENDEMENT VAN DS. IA BRINK EN PROF. R MARÈ EN GOEDGEKEUR:**

**3.1.1.1 Die Sinode versoek ouers van ons kerk wie se kinders aan karate deelneem om hulle deeglik te vergewis wat betref die lewens- en wêreldbeskouing van die afrigters en leiers in hierdie sportsoort, om so moontlike verkeerde invloede te weer en versoek kerkrade om ouers te waarsku teen "Karate-Zen" en "Shotokai" as twee karatestyle wat beginsels van die Oosterse Zengodsdiens bevat.**

50.3 Die volgende amendement word verwerp:

Die Sinode versoek ouers van ons kerk wie se kinders aan karate deelneem om hulle deeglik te vergewis van Oosterse heidense konnotasies wat daaraan kleef, om so moontlike invloede af te weer.
(Dr. JH Ellis; oudl. JW Kilian)

50.4 Die volgende persone versoek dat aangeteken word dat hulle teen die besluit van 3.1.1.1 gestem het:

1. Ds. G Pretorius APK Arnot/Hendrina.
2. Oudl. JM Spies APK Amajuba.
3. Oudl. J Bezuidenhout APK Amajuba.

**50.5 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**3.1.1.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor alle onderwysers en dosente wat die vak Liggaamlike Bewegingskunde vanuit die Christelike grondslag in Bybelse perspektief doseer.**

**3.1.1.3 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor alle sportleiers en sportbeoefenaars wat hulle taak en hulle spel so beoefen dat dit in ooreenstemming is met die Christelike norme en lewenstyl.**

**3.1.1.4 Die Sinode besluit dat ons kerk se profetiese getuienis oor sport en sportbeoefening skerper sal deurklink in terme van positiewe leiding benewens ook waarskuwende korrektief waar nodig.**

50.6 3.2 **Verassing** – Kennis geneem.

**3.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR: Die Sinode versoek lidmate om die keuse tussen die tradisionele begrafnis en lykverbranding met groot erns te bejeën in die lig van die riglyne in Gods Woord soos aangedui in Bylae KCE 3 op bl. 86–88 van die Sakelys.**

50.7 4. **Nuwe sake**

4.1 **Dobbelary** – Kennis geneem.

**4.1.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.1.1.1 Die Sinode besluit dat daar 'n behoefte-**

**bepaling gemaak moet word oor die noodsaak en die effektiwiteit van 'n brosjure oor dobbelary en lotery.**

**4.1.1.2 Die Sinode oorweeg ook om 'n amptelike standpunt te formuleer rakende die APK-lidmaat en dobbelary.**

Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die Sinode besluit om oor die volgende sake dringend Bybelgefundeerde standpunte in druk/pamfletvorm beskikbaar te stel. Die publikasie moet *maklik leesbaar* en tog teologies goed verantwoord wees.**

**1.1 Die gesag van die Bybel**
**1.2 Die heiliging van die Naam van die Here**
**1.3 Die heiliging van die Rusdag**
**1.4 Die heiligheid van die huwelik**
**1.5 Die Bybelse lering oor dobbelary en lotery**
**1.6 Die Bybelse lering oor gehoorsaamheid en dissipline**
**1.7 Die betekenis van kerklike feesdae, in besonder Hemelvaartdag.**

2. **Motiverings:**

2.1 Die algemene tendens in die samelewing is dat standpunte nie soseer Bybels verantwoord hoef te wees nie.
2.2 Die sogenaamde Nuwe Wêreldorde word oral, tydig en ontydig, verkondig as die enigste aanvaarbare norm.
2.3 Daar is selfs Afrikaanse Gereformeerde kerke wat standpunte verkondig wat nie meer suiwer Bybels verantwoord is nie.
2.4 Die Afrikaanse Protestantse Kerk, as Kerk wat die Afrikaner wil bedien, moet weereens baie duidelik toon dat hy 'n behoudende, Bybelse teologie beoefen en die suiwer Bybelse geloofsbelydenis verkondig.
2.5 Met pt. 1.7 moet aangetoon word dat Hemelvaartdag net so belangrik as Kersfees en Goeie Vrydag en Paasfees is.
(Ds. LD Pienaar; oudl. WM McAlpine.)

4.2 **Aborsie** – Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word verwys na die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek:**

**Mosie:** Die kerk erken net aborsie in die volgende gevalle as toelaatbaar:

1. Verkragting (bloedskande moet beskou word as verkragting)
2. Wanneer die moeder se lewe "medies" in gevaar is.

**Motivering**

Die grondwetlike hof het bevind dat aborsie op versoek grondwetlik is. Die doel hiermee is om lidmate die kerk se standpunt weer te gee en ook alle onsekerheid oor aborsie uit die weg te ruim. (L Minnaar; W Pretorius)

4.3 **Pornografie** – Kennis geneem.

**4.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR SOOS UITGEBREI DEUR AMENDEMENT VAN DS. HC VENTER EN OUDL. JS CAMPHER:**

**Die Sinode doen 'n beroep op sinodegangers, kerkrade en lidmate om ten sterkste beswaar by die owerheid aan te teken teen 'n kultuur van pornografie wat al hoe sterker ontwikkel en toeneem. Die genoemdes moet in hulle persoonlike lewe ook besliste profetiese getuienisse lewer en daarteen optree deur druk uit te oefen op winkeleienaars wat pornografiese tydskrifte verkoop en videowinkels wat sedelose video's verhuur.**

Die volgende voorstel word goedgekeur:

**Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor instansies wat standpunt inneem *om nie* pornografiese materiaal te verkoop of te versprei nie.**
(CA van der Merwe; ds. JA Botes)

**Die Sinode besluit dat punt 4.3.1 en die bogenoemde amendement in die Persverklaring opgeneem word.**

**4.3.2 Aanskoulike voorstelling van Bybelinhoud (nie: "Aanskoulike Aanbidding" nie)**

**4.3.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode dra dit aan die nuwe Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om 'n studie te maak van tegnieke soos films en passiespele om die inhoud van die Bybel aanskoulik weer te gee, in die lig van kommerwekkende voorbeelde wat toenemend in dié verband na vore kom.**

**Die volgende amendement dien en word verwerp:**

Die Sinode verwerp hiermee enige vorm van afbeelding van die Heilige Skrif of sy Boodskap. Die Sinode spreek hom ondubbelsinnig uit in lyn met die 2de gebod en daarby alleen bly ons; ook in ons getuienis teenoor die wêreld.
(Ds. HF Jooste; diak. MS Tromp)

Ds. HF Jooste vra dat aangeteken word dat hy teen die besluit gestem het.

4.4 **Israelvisie of -legende** – Kennis geneem.

**4.4.1 AANBEVELING SOOS VOLG GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**In die lig van die besluit van die Sinode van 1989 oor Israelvisie, dra die Sinode dit aan die nuwe KKCE op om 'n verdere indringende**

**studie te maak van die dwaling van die Israelvisie, veral met die klem op die verskillende gedagterigtinge en hulle afwyking van die Skrifwaarheid. Dit moet op só 'n wyse gedoen word dat dit ontvanklik en verstaanbaar vir die gewone lidmaat sal wees en moet, as dit moontlik is, in 'n brosjurevorm beskikbaar gestel word.**

4.5 **Plasing van afgevaardigdes by Permanente Kommissies**

**4.5.1** AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat die Tydelike Kommissie vir die Samestelling van Permanente Kommissies versoek word om indringend te kyk na die vorms wat deur die afgevaardigdes ingevul moet word met die oog op die belangstelling in bepaalde temas en kommissies. Die kommissie moet hom daarop toespits om lede van die Sinode by hulle eintlike belangstellingsveld te plaas.**

**4.6 Beskrywingspunte**

4.6.1 **Voetnote by belydenisskrifte**

**Die volgende ordemosie dien en word aanvaar: Die Sinode besluit oor die beginsel of die APK op die weg wil begin gaan om voetnote by die belydenisskrifte aan te bring waardeur interpretasies gedoen word.**
Voorsteller: Prof. R Marè.

**Besluit: Voetnote word verwerp.**

4.6.2–4.6.4 – Afgehandel met besluit onder 4.6.1.

4.6.5 **Ring van Stellenbosch: Viering van Kersfees** – Kennis geneem.

4.6.5.1 **Kommentaar** – Kennis geneem.

**4.6.5.2** AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat met die huidige datum vir Kersfees, te wete 25 Desember, volstaan word.**

4.6.6 **Ring van Bethlehem: Dobbelary en APK Lidmate** – Kennis geneem.

**4.6.6.1** AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van dié beskrywingspunt en let op aanbevelings onder 4.1.1 van hierdie verslag.**

4.6.7 **Ring van Somerset-Oos: Bidure en persverklaring oor perversiteit** – Kennis geneem.

**4.6.7.1** AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van hierdie beskrywingspunt oor perversiteit en goddelooshede. Die Handelinge van die vorige twee Sinodes saam met die verslae wat tans voor die Sinode dien, getuig daarvan dat daar baie aandag gegee word aan die onderhawige saak.**

50.8 **Erkende kerke**

**Die volgende memorandum van prof. R. Marè word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek:**

Die Sinode besluit:

1. Dit moet duidelik verstaan word dat wanneer Art. 4.3, 5.3, 6.1, Bep. 43C, Bylaes 1 en 2 van "erkende kerke" of van 'n erkende kerkverband" spreek, die APK daarmee nie bedoel om hom daaroor uit te spreek of 'n kerk wel 'n kerk is nie. Of 'n kerk wel 'n kerk is, hang nie af van die erkenning deur ander kerkgroeperings nie.
2. Die APKerke bedoel met "erkende kerk" dat dit 'n kerk of 'n groepering van kerke is waarvan die lidmate, wanneer hulle by 'n plaaslike APKerk wil inskakel, nie verbondsonderrig hoef te deurloop en belydenis van geloof moet aflê nie.
3. In die lig van punt 2 is 'n "erkende kerk" dan 'n kerk wat net die drie algemene belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid onveranderd as belydenisskrifte aanvaar het, en wat basies die Gereformeerde kerkregeringstelsel handhaaf.
4. Dooplidmate in 'n APKerk kan nie belydende lidmate word met toegang tot die gebruik van die sakramente alvorens hulle deur die kerk onderrig ontvang het in die leer van die kerk nie. Daarom moet iemand wat uit 'n nie-erkende kerk lidmaat van 'n APKerk wil word, die nodige verbondsonderrig deurloop. Hoe lank sodanige onderrig moet wees, bepaal die plaaslike ouderlingeraad in elke konkrete geval.
5. 'n Kerklike groepering wat bo en behalwe die belydenisskrifte in punt 3 hierbo genoem, ook ander belydenisskrifte het, sal nie as 'n erkende kerk beskou word alvorens 'n sinode van die APKerke daaroor 'n uitspraak gelewer het nie.
6. Indien 'n kerklike groepering wel die belydenisskrifte in punt 3 hier bo gemeld, aanvaar het, maar wysigings daaraan aangebring het, sal hy nie as 'n erkende kerk geag word alvorens 'n sinode van die APKerke hom daaroor uitgespreek het nie.
7. Wanneer die kriteria wat pas gestel is, aangelê word, moet die volgende kerklike groeperinge as erkende kerke beskou word: NGK, GKSA, NHK.

Die ARK is eintlik nie 'n "erkende kerk" nie, maar 'n kerk waarmee die APK enger korrespondensie gesluit het – daarom word lidmate vanuit die ARK nie maar opgeneem nie, maar kan hulle met attestaat oorkom.

8. Die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek kry die opdrag om gegewens te versamel oor, en 'n studie te maak van ander kerklike groeperings in Suid-Afrika. Op die volgende sinode moet die Kommissie verslag daaroor lewer of daar nog ander kerklike groeperings in Suid-Afrika is wat as erkende kerke beskou kan word.

50.9 **Die volgende voorstel word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek:**

Die Sinode neem kennis van die uitsprake van sekere teoloë dat die God wat ons aanbid en Allah waarskynlik maar dieselfde Wese is, en dat die Bybel en die Koran dieselfde boodskap uitdra.

Die Sinode spreek sy sterkste afkeur uit van hierdie verwatering van die Woord om Jesus se verlossingswerk aan die kruis op dié wyse af te maak. (J Serfontein; GC Gouws)

**50.10 Die volgende voorstel word goedgekeur: Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om die moontlikheid te ondersoek dat die sinsnede "(ek glo) aan die opstanding van die vlees" te verander na "(ek glo) aan die opstanding van die liggaam."**
(Ds. LD Pienaar; oudl. PS vd Merwe)

Ds. IA Brink neem weer die voorsitterstoel in.

51. **AFWESIG SONDER VERLOF**

Afwesigheid van ds. CD Koen word verwys na die TKKS.

52. **AFKONDIGINGS**

Enkele afkondigings word gedoen. Prof. R Marè stel die boek van dr. CI van Heerden bekend: "Rondom Twee Briewe."

**DIE SINODE VERDAAG VIR KOFFIE/TEE OM 16:00.**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 16:30**

Die voorsang word gelei deur ds. Gerhardt Venter en begelei deur ds. JG van Staden.

Enkele afkondigings word gedoen. Oudl. J Pohl vra verskoning a.g.v. siekte.

53. **DIE VERSLAG VAN DIE SKK KOM WEER AAN DIE ORDE (bl. 18)**

19. **Groepering van gebiede in die Oos-Kaap en Suid-Vrystaat** – Kennis geneem.

**19.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**19.1.1 Die Sinode verwys die volgende voorgestelde groepering wat ten doel het dat pastorale bediening volgens dié groepering geskied, hetsy deur die vestiging van leraars of deur reisende leraars met geldelike hulp vanaf die SKK, na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling:**

**a. Keimond, Stutterheim (APK Grens), Kingwilliamstown, Oos-Londen.**
**b. Queenstown, Dordrecht, Elliot, APK Maclear.**
**c. APK Jamestown, Aliwal-Noord, Lady Grey, APK Barkly-Oos.**
**d. APK Bethulie, APK Philippolis, APK Smithfield, APK Zastron.**
**e. APK Steynsburg, APK Cradock, APK Venterstad, Molteno en Tarkastad.**

**19.1.2** – Kennis geneem.

54. **SKK-VERSLAG (vervolg)** bl. 19

20. **Beskrywingspunte aan Sinode.**

20.1 **Ring van Suidkus: Bediening van gemeentes sonder leraars** – Kennis geneem.

**20.1.1 AANBEVELINGS VAN DIE SKK GOEDGEKEUR:**

**20.1.1.1 Die Sinode versoek kerkrade wat vir kortere tydperke pastorale versorging benodig omdat hulle nie oor die gereelde dienste van 'n leraar beskik nie, om met die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te skakel.**

**20.1.1.2 Die Sinode versoek leraars wat in oorleg met hulle kerkrade vir kortere tydperke dienste kan lewer aan gemeentes wat die gereelde diens van 'n leraar moet ontbeer, om die inligting aan die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te besorg.**

**20.1.1.3 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om, in die lig van Bep. 37 F2., en waar dit van toepassing is, hul leraars toe te laat om hul konsulentsverpligtinge – ook t.o.v. die leiding van eredienste – na te kom.**

20.2 **Ring van Benoni: Viering van Christelike feesdae en Ring van Heidelberg: Geloftedag** – Kennis geneem.

**20.2.1 AANBEVELINGS VAN DIE SKK**

**20.2.1.1 – Goedgekeur soos gewysig: Gesien die feit dat op Hemelvaartdag die gebeure herdenk word waar Christus na die hemel opgevaar het "dat Hy hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die**

**Vader alle dinge regeer" (Heidelbergse Kategismus Sondag 19) doen die Sinode 'n ernstige beroep op alle Christene om hulle te beywer daarvoor om dié dag as 'n kerklike feesdag te heilig waarop die troonsbestyging van Jesus Christus gevier word. Op dié wyse lewer gelowiges 'n getuienis dat Jesus Christus die Owerste van alle konings is.**

**20.2.1.2 Die Sinode versoek kerkrade en alle Christen-Afrikaners om die benaming "Geloftedag" vir 16 Desember te behou, en steeds die dag te vier ter herdenking van 'n besondere geleentheid waar die mag van die Lig oor die mag van die Duisternis geseëvier het. Hoewel die Sinode hom vereenselwig met die oproep in die Bybel om as dit moontlik is, so ver as dit van ons afhang, in vrede te leef met alle mense (Rm. 12:18), distansieer die Sinode hom ten sterkste van enige pogings om van Geloftedag 'n versoeningsdag te maak tussen die magte van die Duisternis en die mag van die Lig.**

**20.2.1.3 Die Sinode doen 'n beroep op alle Christen-Afrikaners om ooreenkomstig die gelofte deur Jan van Riebeeck die 6de April tot eer van God met danksegging te vier as 'n "vasblywende dank- en biddag sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word."**

**Die volgende voorstel word ook goedgekeur: Die Sinode besluit dat Hemelvaartdag ten alle koste in APK gemeentes gevier sal word.**
(Ds. A du Plessis; oudl. BICS Erasmus)

**20.3 Ring van Bloemfontein: Gemeente van Paraguay** – Kennis geneem.

20.3.1 **Aanbeveling van die SKK**

20.3.1.1 Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode neem met dank kennis van die begin van die kerklike bediening in Paraguay, waarmee die APK Bloemfontein die leiding geneem het.**

**Die Sinode neem kennis daarvan dat 'n groot getal Suid-Afrikaners uit ons land na veiliger oorde verhuis het. Verder verneem die vergadering dat in vroeër jare reeds 'n aansienlike getal van ons volksgenote na Paraguay geëmigreer het waar hulle kerkloos geraak het.**
(Ds. OD Scheuer; ds. JN Joubert)

**Die volgende mosie dien voor die vergadering en word goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy innige dank en waardering uit jeens die Koning van die Kerk, Jesus Christus, vir die groot en geseënde werk wat ds. Olaf Scheuer gedoen het in sy wingerd sedert die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners), waar ds. Scheuer reg van die begin af as die derde leraar van ons Kerk (ná ds. Basie Visser en dr. E Friis) gedien het en gedurende September 1995 sy emeritaat aanvaar.**
(Ds. WA Jooste; oudl. FS Esterhuyzen)

**20.3.1.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid te ondersoek om die bediening in die beoogde APK Paraguay te koppel aan die bediening van lidmate elders in die buiteland wat deur 'n reisende leraar behartig kan word.**

20.4 **Ring van Potgietersrus: Herderlike briewe** – Kennis geneem.

20.4.1 **Aanbeveling van die SKK** – Kennis geneem.

**Die volgende amendemente dien voor die Sinode en word goedgekeur:**

**Amendement 1 Die Sinode besluit**

(a) **om van 20.4.1 kennis te neem en wel 'n Herderlike brief aan gemeentes via "Die Boodskapper" uit te stuur.**

**Motivering**

1. Die vorige SES Sinodes het telkens 'n Herderlike brief uitgestuur.
2. Die gemeentes wag op 'n boodskap van die Sinode, 'n woord van lig en troos en versterking veral in dié omstandighede waarin die Christen-Afrikaner hom tans bevind.
3. Daar leef baie vrae in ons kerkmense se harte. Die Voorsitter het tereg gesê (in sy openingsrede): ons het die antwoorde in Gods Woord. Laat die Sinode dié antwoorde aan ons gemeentes deurgee.
4. Hier gebeur soveel, hier word soveel kostelike gedagtes gelug. Laat ons die gekonsentreerde voedsel aan ons mense gee. Hulle het dit nodig en hulle verdien dit.

(b) **Die Sinode dra dit aan sy ampsdraers by die tafel op om die Herderlike brief so gou moontlik op te stel.**

(c) **Die Sinode gee opdrag dat die Herderlike brief ( 650 woorde) so gou moontlik volledig in "Die Boodskapper" opgeneem word.**
(Prof. WJG Lubbe; oudl. BR Coetzee)

Amendement 2

**Die Sinode besluit om oor die gebruik om 'n herderlike brief uit te stuur, te besin. Wat is die sin en betekenis daarvan? Die volgende KKS kry die opdrag om die saak prinsipieel en kerkregtelik te ondersoek en die volgende Sinode met 'n aanbeveling te dien.**
(Prof. R Marè; prof. FAH van Staden)

20.5 **Ring van Clanwilliam: Ringsindeling – Kennis geneem.**

**20.5.1 AANBEVELING VAN DIE SKK GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.**

20.6 **Ring van Olifantshoek: Bediening van Nagmaal aan liggaamlik gestremdes** – Verwys na TKKS.

20.6.1 **Aanbeveling van die SKK:** Verwys na TKKS.

20.7 **Ring van Beaufort-Wes: Huisgodsdiens** – Kennis geneem.

**20.7.1 AANBEVELINGS VAN DIE SKK GOEDGEKEUR:**

**20.7.1.1 Die Sinode versoek ringe om sorg te dra dat beskrywingspunte korrek ingedien word vir behandeling deur die Sinode.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**20.7.1.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode wys kerkrade, leraars en lidmate daarop dat huisgodsdiens wat onder meer Bybelstudie, verootmoediging en aanbidding insluit, 'n noodsaaklike deel van elke mens se godsdiens is en roep lidmate en veral ouers op tot daaglikse huisgodsdiens.**

**20.7.1.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek leraars om in hulle prediking en ook huisbesoek die noodsaaklikheid en waarde van huisgodsdiens te beklemtoon.**

**20.7.1.4 AANBEVELING MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek kerkrade om die Bybelstudieliteratuur van die Publikasiekommissie aan lidmate bekend te stel en met verspreiding te help. Leraars word versoek om Bybelstudiegidse vir gebruik by huisgodsdiens te skryf sodat ouers gehelp kan word om hulle kinders op die geloofspad te begelei.**

20.8 **Ring van Germiston: Ringsindeling** – Kennis geneem.

**20.8.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.**

20.9 **Ring van Mooinooi: Sendingprojek in België** – Kennis geneem.

**20.9.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek die Kerkraad van APK Thabazimbi om leiding te neem in die ondersoek na sendingwerk in België.**

20.10 **Ring van Vereeniging: Bespreking van Ringsaangeleenthede tydens Sinode** – Kennis geneem.

**20.10.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode 1995 staan in sy agenda tyd af vir die bespreking van ringsaangeleenthede (benewens ringsaangeleenthede waaroor die SKK verslag doen, KO 1994, bl. 118, punte 6 en 11), onder meer die wyse waarop ringe hulle funksies, soos in die Kerkorde omskryf, nakom en verwys die hantering hiervan na die TKKS.**

21. **Seënbede** – Kennis geneem

Die Voorsitter bedank dr. CI van Heerden vir die voordra van die verslag. Dr. Van Heerden lê die volgende verslag voor.

## 55. VERSLAG VAN AD HOC-KOMMISSIE IN VERBAND MET SUSTERSWERKSAAMHEDE (SKK-VERSLAG, PT 14) AAN DIE 7DE SINODE 1995

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Opdrag** – Kennis geneem.

3. **AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat die betrokke punte van die "Handleiding" soos volg sal lui (numerering van Handleiding):**

**14.3.2.2 (Tweede sterretjie) stel 'n volledige jaarprogram op wat onder meer die name van sprekers wat genooi sal word, en die onderwerpe waaroor gepraat sal word, bevat, en lê dit vir goedkeuring aan die kerkraad voor. Enige wysiging daaraan, wat deur die loop van die jaar nodig mag word, moet ook eers deur die kerkraad goedgekeur word alvorens dit geïmplementeer word;**

**14.3.5.1 Voeg die woorde: "wysig of" in die tweede sin om as volg te lui: "Die vergadering *wysig of* vul die Sakelys aan soos nodig."**

**14.3.7.2 Die tweede en derde sinne word as volg gewysig: Die leraar *en diakonie* moet dadelik in kennis gestel word as 'n sterfgeval in die gemeente voorkom. *Die diakonie in samewerking* met die blokleidster/blokleier, beplan**

**saam met die familie sodat duplisering nie plaasvind nie.**

**14.3.7.3 Die tweede sin word as volg gewysig: Dit kan in wyksverband/groepsverband gehou word *volgens reëling van die ouderlingeraad.***

**Die derde sin word gewysig om as volg te lui: Maak seker van die oorsprong en inhoud van die handleidings en of dit deur die *publikasie-kommissie (soos deur die Sinode aangewys)* goedgekeur word.**

**14.3.7.6 Sin word gewysig om as volg te lui: Gee op versoek van, en in samewerking met die diakonie aandag aan die susters wie se mans soms vir lang tye weg is om elders diens te lewer.**

**14.4.1 Die Sinode beveel die handleiding soos onder 14.3 uiteengesit en soos deur die Sinode gewysig by kerkrade aan vir gebruik deur gemeentesusters.**

**Die Sinode keur die Handleiding vir die Susterswerksaamhede goed met die wysigings soos voorgestel deur die ad hoc-kommissie.**

## 56. VERLOFAANSOEKE

Die Kommissie vir Verlofaansoeke rapporteer dat soveel verlofaansoeke vir die 5de en 6de sittingsdag ontvang word, dat die oorblywende aanwesiges nie meer 'n kworum sal vorm nie. Gevolglik word besluit dat die Kommissie vir Geloofsbriewe saam met die Kommissie vir Verlofaansoeke sal vergader en die verlofaansoeke sal nagaan.

**Ordemosie goedgekeur:**

**Die Sinode behandel slegs verlofaansoeke vir 5, 6 en 7 September en ander aansoeke word na die Kommissie vir Geloofsbriewe verwys.** (Ds. A Boshoff, jr.)

**Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:**

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| Mej Nortje | Paarl | 18:00–21:00 | 5/9/1995 |
| A Opperman | Krugersdorp | | 5–9/9/1995 |
| MJ Snyman | Zeerust | 14:00–21:00 | 6/9/1995 |
| G Smit | Parys | 07:00–21:00 | 6/9/1995 |
| JMA Lategan | Witbank | 08:00 | 6/9/1995 |
| | | 11:00 | 9/9/1995 |
| JHS Harmse | Derby | | 6–9/9/1995 |
| MPW Cilliers | Vereeniging | | 7–9/9/1995 |
| SL Gropp | Randfontein | 08:00–13:00 | 8/9/1995 |
| AJ Pienaar | Waterberg | 14:00 | 8/9/1995 & 9/9/1995 |
| L Ankiewicz | Greylingstad | 08:00 | 8/8/1995 & 9/9/1995 |
| J Maloney | Vryburg | 14:30–16:50 | 5/9/1995 |
| B Terblanche | Sanddrift | | 7–8/9/1995 |
| JN Smit | Piketberg | 17:00–21:00 | 7/9/1995 |
| GF le Roux | Rustenburg | 16:00 | 5/9/1995 |
| | | 08:00 | 6/9/1995 |
| JAV van der Schyff | Windhoek | 14:00–16:30 | 5/9/1995 |
| JR Jacobs | Grootfontein | 16:00–21:00 | 5/9/1995 |
| J Bogaards | Warmbad | | 6–8/9/1995 |
| LK Straszacker | Vrede | 21:00 | 6–9/9/1995 |
| DJ du Plessis | Alberton | 11:30–17:00 | 7/9/1995 |
| HC Venter | Primrose | 11:30–17:00 | 7/9/1995 |
| JJH du Toit | Vaalwater | | 7–9/9/1995 |
| HJ Wessels | Kuruman | 08:00–21:00 | 7/9/1995 |
| RG Diedericks | Hluhluwe | 08:00 | 8–9/9/1995 |
| AH Mulder | Zastron | 16:00 | 8–9/9/1995 |
| LS Lategan | Smithfield | 16:00 | 8–9/9/1995 |
| DAF van Tonder | Dewetsdorp | 16:00 | 8–9/9/1995 |

DIE VERGADERING VERDAAG OM 18:00 VIR ETE NADAT OUDL. JH NEETHLING DIE TAFELGEBED GEDOEN HET.

DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 19:00

57. Mediaverslag 5 September 1995

Die Mediaverslag word voorgelê deur oudl. W Brasé en goedgekeur met wysiging van "Pretoria-Noord" na "Akasia".

1. Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het op die tweede dag van sy sitting in Akasia sterk standpunt ingeneem teenoor die toename in skaamtelose pornografie. Sinodegangers, kerkrade en lidmate is versoek om dringend beswaar daarteen by die owerheid aan te teken.
2. Prof. JC Lombard, voorsitter van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek, het die aanslag van pornografie op Suid-Afrika as 'n "vuil straatgeveg" beskryf. Hy het kerklike instansies aangemoedig om skriftelik protes aan te teken by die betrokke owerheid oor die manier waarop pornografiese tydskrifte en -uitstallings toegelaat word.
3. Die Sinode het 'n beroep gedoen dat ten strengste beswaar by die owerheid aangeteken word teen 'n kultuur van pornografie wat al hoe sterker ontwikkel en toeneem sonder enige optrede daarteen. Dit word beskou as 'n felle aanslag teen ons Christelike norme. Die Sinode het ook sy dank en waardering uitgespreek jeens diegene wat welwillend en meelewend saamwerk en deel in die Afrikaanse Protestantse Kerk se stryd en wense teen pornografie.
4. 'n Beroep is voorts ook op alle Christene gedoen om hulle daarvoor te beywer om Hemelvaartdag as kerklike feesdag te behou – die dag waarop die troonsbestyging van Jesus Christus gevier word. Op dié manier lewer gelowiges 'n getuienis dat Jesus Christus die Owerste van alle konings is.
5. Alle Christen-Afrikaners en kerkrade is ook versoek om die benaming "Geloftedag" vir 16 Desember te behou, en steeds dié dag te vier ter herdenking aan 'n besondere geleentheid waar die mag van die Lig oor die mag van die Duisternis geseëvier het.
6. Hoewel die Sinode hom vereenselwig met die oproep in die Bybel, om as dit moontlik is, in vrede te leef met alle mense (Rm. 12:18), distansieer die Sinode hom ten sterkste van enige pogings om van Geloftedag 'n versoeningsdag te maak tussen die magte van die Duisternis en die mag van die Lig.
7. Die Sinode het ook 'n beroep op alle Christen Boere Afrikaners gedoen om ooreenkomstig die gelofte deur Jan van Riebeeck die 6de April tot eer van God met danksegging te vier as 'n "vasblywende" dank- en biddag sodat die weldade van die Here, wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.
8. Met die verslag van die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens onder voorsitterskap van ds. André van den Berg ter tafel, het die Sinode sy dank teenoor alle gemeentes betuig wat vrywillige kollektes vir gevangenesbearbeiding ingesamel het. Alle kerkrade is ook versoek om nogeens kollektes vir hierdie belangrike saak te oorweeg.
9. Die Sinode het insgelyks besluit dat die media nie by die sinodesitting toegelaat sal word nie. Daar is besluit dat alle nuusberigte ter wille van die korrekte weergawe van feite slegs deur die Mediakommissie opgestel, en ná goedkeuring daarvan deur die Sinode, aan die Media beskikbaar gestel word.

58. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE EERSTE DAG

Die volgende korreksies word aangebring (die amptelike notule is reeds daarvolgens gekorrigeer):

Bl. 3 onderaan: "Olifantsfontein" moet wees Olifantshoek bl. 35: "Verwoerdburg" by Blok 9 moet wees Vryburg; by punt 12 moet 'n ordemosie van prof. R Marè ingevoeg word.

Presensielys: Name wat verkeerd gespel is word deur Notulekommissie reggestel.

Middelburg: MJG Botes is teenwoordig
Thabazimbi: Ds. AS van Staden is teenwoordig
Warmbad: Ds. DJ Malan is teenwoordig as waarnemer.
Alfa: Prim. diak. Botha is teenwoordig
Koster: Christiaan Johannes Jacobus de Beer verskyn in die plek van PW van Zyl

Verder goedgekeur tot op bl. 37

59. VERSLAG VAN PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.) (bl. 149, punt 15)

Op versoek van prof. R Marè word aanbeveling 15.1 op bl. 149 van die Sakelys aan die orde gestel. Daarby word ook kennis geneem van dieselfde saak op bl. 53, 15.1.

15. Die BRKA en die inwin van regsadvies oor sake op die Pk. se terrein

**Die volgende ordemosie word gestel en goedgekeur: Die besluit om 'n ad hoc-kommissie te benoem kan alleen deur die Sinode geneem word nadat die advies van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) aangehoor is.**
(Ds. JA du Plessis)

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA.**

60. **VERSLAG VAN DIE VIERDE BESTUUR VAN DIE RKA** (Bl. 49)

Die verslag word deur ds. NJ Rautenbach voorgedra.

1. **Bestuurspersoneel** – Kennis geneem.
1.1 **Lede deur die RKA verkies** – Kennis geneem.
1.2 **Lede benoem** – Kennis geneem.
1.3 **Ampsdraers** – Kennis geneem.
1.4 **Eiendomskomitee** – Kennis geneem.
1.5 **Beheerraad van die Jeugtuiste** – Kennis geneem.
1.6 **Ad hoc-komitees** – Kennis geneem.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **Sentrale Kerkkantoor**
3.1 **Permanente personeel**

Die RKA neem met dank kennis van 3.1.1–3.1.27

**3.1.27.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA keur die organogram (Bylae BRKA 1) goed met dien verstande dat die BRKA binne die perke van sy begroting daarin veranderings mag aanbring na die eis van omstandighede.**

(In die organogram moet die Administrateur verbind word aan die lyn wat van die Direkteur afkom.)

3.2 **Dissiplinêre kode en grieweprosedure** – Kennis geneem.

3.3 **Dienskontrakte en pligstate** – Kennis geneem.

**3.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA boekstaaf sy dank teenoor die prokureur, mnr JPA Swanepoel wat op onbaatsugtige wyse gratis diens gelewer het t.o.v. die opstel van die basiese diensooreenkoms met personeellede en wat steeds in dié verband as lidmaat gewaardeerde advies lewer wanneer daarom gevra.**

3.4 **Diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele** – Kennis geneem.

**3.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA herstel art. 6.5.7.3 van die reglement van die BRKA na die oorspronklike bedoeling met die opstel daarvan om soos volg te lui: "Die BRKA stel die diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele van die personeel vas en hersien dit, wanneer nodig in oorleg met die betrokke sinodale kommissies."**

4. **Agterstallige bydraes vir Pensioenfonds en Kaapse Mediese Plan** – Kennis geneem.

**4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA bring dit onder aandag van kerkrade dat dit 'n ernstige ongerymdheid is om die leraar se bydraes aan die Pensioenfonds en die Mediese Skema af te trek van sy traktement en dit nie oor te betaal aan die BRKA nie.**

5. **Agterstallig 15% bydraes** – Kennis geneem.

5.1 **Aanbevelings** – Staan oor tot Verslag van die Finansiële Kommissie (8.4.1, Aanbeveling bl. 173.)

6. **Polis vir weduwees van leraars** – Kennis geneem.

7. **Studielenings van leraars en studente** – Kennis geneem.

8. **Gebruik van kerkembleem op artikels wat deur kerkrade bemark word** – Kennis geneem.

9. **Aanwysingsborde na Brookshuis** – Kennis geneem.

10. **Beskikbaarstelling van lokale aan buite-instansies** – Kennis geneem.

11. **Dr Johanna Pienaar-Trustfonds** – Kennis geneem.

12. **Pos vir vyfde Dosent aan die Teologiese Skool** – Kennis geneem.

13. **Sekuriteit tydens verkiesingsdae** – Kennis geneem.

14. **Eis P Roodt i/s Publikasies** – Kennis geneem.

15. **Dienste van regsgeleerdes**

15.1 **Wyse van optrede** – Kennis geneem.

15.2 **Paneel van regsgeleerdes** – Kennis geneem.

**15.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA keur die werkswyse van die BRKA goed waarvolgens, in oorleg met die KKS, van 'n lid van 'n paneel van regsgeleerdes gebruik gemaak word na gelang van die besondere kundigheid wat vereis word, met dien verstande dat waar moontlik, gehou word by regsgeleerdes wat lidmate van 'n APK is.**

**Besluit:**
**Afgevaardigdes word versoek om name van bruikbare regsgeleerdes aan TKKS te voorsien met vermelding van deskundigheid om bygevoeg te word by paneel.**

16. **Administrasie van Pensioenfonds** – Kennis geneem.

17. **Naam van die Kerk op briefhoofde** – Kennis geneem.

18. **Belasting op kerklike eiendom** – Kennis geneem.

19. **Losiesvoorsiening vir APK studente by Tersiêre Inrigtings**

**19.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR (foutiewelik 19.1.2 in Sakelys):**
**Die Raad vir Kerkadministrasie versoek alle kerkrade in die omgewing van tersiêre inrigtings om ondersoek in te stel na die behoefte aan en haalbaarheid van losiesvoorsiening vir APK-studente.**

19.2 **Motivering** – Kennis geneem.

20. **Nuwe vakansiedae** – Kennis geneem.

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die RKA besluit dat vakansiedae wel uitgeruil kan word. (Ds. PG Stans; ds. MJ Hartzenberg)

21. **Opgradering van rekenaarstelsel in Sentrale Kerkkantoor** – Kennis geneem.

22. **Moontlike verkoop van Brookshuis** – Kennis geneem.

23. **Testamentêre bemaking HM Fourie** – Kennis geneem.

24. **Toekoms van Alimentasiefonds** – Kennis geneem.

**24.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA behou die Alimentasiefonds as sodanig en besluit dat dit vir die huidige slegs uitgebrei word deur die rente-opbrengs daarop en donasies wat vir die doel ontvang word.**

**Motivering** – Kennis geneem.

25. **Werksaamhede van die Eiendomskomitee**

25.1–25.5.5 Kennis geneem.

26. **Werksaamhede van die Beheerraad van die Jeugtuiste**

26.1–26.8 Kennis geneem.

**26.9 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**26.9.1 Die RKA spreek sy dank en waardering uit teenoor ds. NJ Rautenbach onder wie se leiding die eiendom van die RKA op 'n baie besondere wyse gerestoureer of nuut opgerig is en op voortreflike wyse in stand gehou word.**

**26.9.2 Die RKA is in besonder dankbaar teenoor ds. NJ Rautenbach, die Eiendomskomitee en die Beheerraad vir die wyse waarop die Jeugtuiste uitgebou en omskep is tot 'n ekonomiese onderneming, veral in die lig van die feit dat die vroeëre toestand en bedryf van die inrigting die vorige vergadering van die RKA gedwing het tot oorweging van die verkoop daarvan (vgl. Handelinge Sesde Sinode, bl. 260).**

Ds. JA de Beer bedank die BRKA en RKA namens die inwoners van die Jeugtuiste vir die wyse waarop die Jeugtuiste bedryf word.

27. **Korreksie in Reglement van RKA** – Kennis geneem.

27.1 **Aanbeveling staan oor tot Verslag van KKS** (bl. 123, 5.2)

28. **Bydraes aan Kaapse Mediese Plan vir ds. CN Coetzee** – Kennis geneem.

**28.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA onderneem om die ledegeld van ds. CN Coetzee t.o.v. die mediese skema waarby die APK ingeskakel is, hetsy die huidige of 'n voordeliger skema waarby ook ds. Coetzee vir sy ongeskiktheidsprobleme dekking kan kry, lewenslank vir hom te betaal.**

29. **Kontraktuele gebondenheid van kerkrade aan Sinode/RKA met betrekking tot 15% bydraes, bydraes aan Kaapse Mediese Plan en Pensioenfonds** – Kennis geneem.

**29.1 AANBEVELINGS**

**29.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die RKA bring dit onder aandag van kerkrade dat vanweë die akkoord wat die Afrikaanse Protestantse Kerke met mekaar het, soos uitgedruk in die Kerkorde en sinodebesluite, kerkrade en leraars regtens gebonde is aan die kerkorde en sinodebesluite.**

DIE VERSLAG VAN DIE BRKA WORD HIER ONDERBREEK.

**DIE RKA VERDAAG NA GEBED DEUR DS. JAC ERASMUS OM 20:30.**

# DERDE SITTINGSDAG – 6 SEPTEMBER 1995 OGGENDSESSIE

Sang word gelei deur ds. JD van der Merwe.

61. BIDSTOND

Die bidstond word gelei deur ouderling OA Carlson van APK Bloemfontein-Noord.

Hy laat sing Ps. 25:2 en doen 'n gebed. Hy lees Jes. 64:1–12.

Hy gee geleentheid vir gebed en laat sing daarna Ps. 25:5.

62. AFKONDIGINGS

'n Versoek word gerig dat sinodegangers 'n versoekskrif teken dat huidige wette toegepas word om pornografie te bekamp. Die versoekskrif is geloods deur Dames Perspektief.

DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA.

Nominasies word gevra vir die ouderlinglede op die BRKA.

63. VERSLAG VAN DIE BRKA (vervolg) bl. 61

29.1.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die RKA bring dit voorts onder aandag van kerkrade dat die RKA kontraktueel gebonde staan teenoor alle leraars wat ten tye van hulle oorkoms vanuit ander kerke na die APK, 'n mediese skema aangebied is met bepaalde voordele. Dié voordele, veral in die geval van ouer leraars of leraars met kroniese ongesteldhede, kan nie maar sonder meer in gedrang gebring word deur oorskakeling na 'n skema wat, hoewel goedkoper vir jonger en gesonder leraars, nie dieselfde of beter voordele vir die ouer of sieklike leraar bied nie. Die huidige voordele is beding as 'n pakket waartoe alle leraars moet behoort. Daarom kan 'n besluit om oor te skakel na 'n ander skema nie ligtelik geneem word nie.**

30. **Beskrywingspunte**

30.1 **Ring van Klerksdorp: Alternatiewe mediese fonds** – Kennis geneem.

30.2 **Ring van Olifantshoek: Goedkoper Mediese Fonds** – Kennis geneem.

30.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die RKA neem kennis daarvan dat die BRKA voortdurend aandag skenk aan die moontlikheid van 'n voordeliger mediese skema. 'n Lid van die FK, oudl. BJM Rossouw was ten tye van die opstel van hierdie verslag nog besig met 'n ondersoek, en die uitslag en aanbevelings sal in die aanvullende verslag van die FK aan die Sinode/RKA voorgelê word.**

30.3 **Ring van Middelburg: Rekenaarprogram vir die APK** – Kennis geneem.

30.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR SOOS GEWYSIG:

**Die RKA dra dit aan die BRKA op om kundiges aan te wys wat 'n eie administratiewe rekenaarprogram vir die Afrikaanse Protestantse Kerk kan bekom.**

**Die volgende mosie word goedgekeur in aansluiting by pt. 12 bl. 53:**

**Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor dr. en mev. GP Bezuidenhout vir die donasie vir die beroep van 'n vyfde dosent.**

**Die Sinode hoop dat die donasie sal meewerk om die pos spoedig te vul.**
(Dr. CI van Heerden; ds. AL van Heerden)

31. Kennis geneem.

Daarmee is die verslag van die BRKA afgehandel.

Die Voorsitter bedank ds. NJ Rautenbach.

DIE VERGADERING KONSTITUEER AS SINODE.

64. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (bl. 117)

Ds. AS van Jaarsveld dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem met byvoeging van die naam van ds. JAV van der Schyff.
2. **Verslag aan die Sinode** – Kennis geneem.
3. **Vergaderings** – Kennis geneem.
4. **Sake in opdrag van die vorige Sinode.**

4.1 **Onafgehandelde Sake** – Kennis geneem.

4.1.1 Afgehandel.

4.2 **Voorstelle na PKKS verwys** – Kennis geneem.

4.3 **Kerkordeboek** – Kennis geneem.

4.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:
**Die Sinode keur dit goed dat die KKS ná oorleg met die Publikasiekommissie besluit het om wel die Kerkordeboek te laat druk.**

4.4 **Prosedure by opname van lidmate** – Kennis geneem.

4.4.1 Kennis geneem.

**4.5 Wysiging van afdeling 3, Bylae 1 punt 3 op bl. 56, KO. 1992** – Kennis geneem.

4.5.1 Kennis geneem.

**4.6 Beleggings van gemeentes**

4.6.1 Kennis geneem.

**4.7 Studiestuk: KO. en Belydenisskrifte** – Kennis geneem.

**4.7.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode kontinueer die opdrag aan die KKS soos vervat is in Handelinge Sinode 1993, bl. 278 punt 167 soos in Sakelys 1995 punt 4.7 van die KKS-verslag aangehaal.**

**Daarmee is ook beskrywingspunt 6.11 oor die diaken in die kerkraad, bl. 135–136 na die KKS terugverwys.**

4.8 **Susterswerksaamhede** – reeds afgehandel.

4.9 **Interpretasie Art. 56** – Kennis geneem.

4.9.1 **Aanbevelings**

**4.9.1.1 Die Sinode keur die volgende aanbeveling goed:**

**Die Sinode kontinueer die opdrag soos vervat is in Handelinge Sinode 1993, bl. 278 punt 167 soos in Sakelys 1995 punt 4.9 van die KKS-verslag aangehaal.**

4.9.1.2 Kennis geneem.

**Die volgende amendement word goedgekeur: Die Sinode besluit dat hierdie saak terugverwys word na die KKS.**

**Motivering**

Dit klink asof die probleem nie goed gedefinieer is nie.
(Dr. CI van Heerden; oudl. BJM Rossouw)

Die verslag van die KKS word hier onderbreek.

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA.**

65. **Die finale groslys vir die vyf ouderlinglede van die BRKA word soos volg vasgestel:**

1. Oudl. HCG Bester (Groter-Durban)
2. Oudl. dr. GP Bezuidenhout (Thabazimbi)
3. Oudl. SC de Bruin (Clocolan)
4. Oudl. WS du Plessis (Koster)
5. Oudl. E Erasmus (Transmagalies)
6. Oudl. GC Gouws (Kemptonpark)
7. Oudl. CH Groenewald (Wonderboom)
8. Oudl. CF le Roux (Rustenburg)
9. Oudl. AJ Lourens (Verwoerdburg)
10. Oudl. WP Murray (Mooinooi)
11. Oudl. JJ de Jager (Pretoria-Oos)
12. Oudl. BJM Rossouw (Bethlehem)
13. Oudl. MJ de Koker (Alfa)
14. Oudl. BR Coetzee (Venterstad)
15. Oudl. AJ Pienaar (Waterberg)
16. Oudl. PS Pretorius (Moot-Sentraal)
17. Oudl. FJ Swanepoel (Naboomspruit)
18. Oudl. JM Spies (Amajuba)
19. Oudl. J Serfontein (Kemptonpark)
20. Oudl. HJ van der Merwe (Waterberg)
21. Oudl. CJ van Dyk (Ottosdal)
22. Oudl. SA van der Westhuizen (Pretoria-Oos)

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS SINODE.**

**66. DIE BEHANDELING VAN DIE VERSLAG VAN DIE KKS WORD VOORTGESIT**

4.10 **Prosedure oor appèlle by ringe en sinodes** – Kennis geneem.

**4.10.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om die opdrag te kontinueer soos vervat in Handelinge Sinode 1993, bl. 279, en in Sakelys 1995 punt 4.10 van die KKS-verslag aangehaal.**

4.11 **Prosedure: Toesig kragtens KO. Art. 37.6** – Kennis geneem.

**4.11.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om die opdrag te kontinueer soos vervat in Handelinge Sinode 1993, bl. 279, en in Sakelys 1995 punt 4.11 van die KKS-verslag aangehaal.**

**Die volgende amendement word verwys na die KKS:**

**Amendement tot Art. Bep. 56 (Tugmaatreëls)**

Indien dit volgens die oordeel van die ring blyk dat 'n ouderlingeraad sy plig versuim om 'n klag/gerug behoorlik te ondersoek, kan die ring kragtens Art. 37 van die KO. onmiddellik aan die ringskommissie opdrag gee om 'n ondersoek te doen. Indien dit uit die ondersoek blyk dat die ouderlingeraad sy plig versuim het, kan die ring besluit om die ouderlingeraad/leraar indien nodig tydelik in hulle amp te stuit tot na afhandeling van die ondersoek.
(Oudl. JDL du Plessis; oudl. RG Tait)

4.12 **Beperkte opdrag – geleidelike uitfasering** – Kennis geneem.

4.12.1–4.12.2.4 – Kennis geneem.

4.12.2.5 **AANBEVELINGS**

**4.12.2.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR SOOS GEAMENDEER:**
**Die Sinode besluit dat geen predikant, uitgesonder emeriti, predikante as amptenare in diens van die kerkverband en teologiese dosente soos bedoel in die besluit van 1988, Hand. bl. 15, pt. 34.10.5, 'n beroep met beperkte opdrag mag ontvang, oorweeg of aanvaar nie.**
(Ds. IA Brink; prof. FAH van Staden)

Die Sinode oordeel dat die volgende amendemente nie ontvanklik is nie:

1. Die Sinode besluit
1.1 om die hele aangeleentheid van beroeping met beperkte opdrag na die KKS te verwys vir studie en terugrapportering aan die Sinode;
1.2 laat gemeentes wat nie 'n voltydse leraar kan bekostig nie, voorlopig toe om met beperkte opdrag te beroep met dien verstande dat die ring hom deeglik vergewis van die noodsaaklikheid daarvan.
(Oudl. WP Murray; oudl. FG Olivier)

2. Amendement op 4.12.2.5.1 en 4.12.2.5.2 en 4.12.2.5.3

Die Sinode
2.1 behandel 4.12.2.5.1 en 4.12.2.5.2 saam en 4.12.2.5.3 op sy eie meriete wat bestaande situasies betref en verwys na die KKS 4.12.2.5.1 en 4.12.2.5.2
2.2 keur 4.12.2.5.3 goed.

**Motivering**
Daar is by gemeentes behoefte om 4.12.2.5.3 toe te pas. (Oudl. SA van der Westhuizen; sekondant: handtekening onleesbaar)

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit**
**4.12.2.5.2 dat indien 'n predikant, wat met beperkte opdrag 'n gemeente bedien en nie binne die bogemelde drie kategorieë predikante val nie, 'n beroep ontvang en dit opvolg, beperkte diens vir hom verval;**

**4.12.2.5.3 dat indien 'n gemeente, wat volgens die stelsel van beperkte opdrag bedien word, dusdanige groei toon of dusdanig finansieel sterk word, dat die kerkraad op voltydse bediening besluit, moet die kerkraad met sy predikant, wat volgens die stelsel van beperkte opdrag aldaar dien, onderhandel vir voltydse diens, met dien verstande dat as die predikant nie die voltydse diens aanvaar nie, die kerkraad die reg het om kragtens Art. 19 van die KO. die ring te versoek om die band los te maak.**

Die verslag van die KKS word hier onderbreek.

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA.**

Daar word vir vyf BRKA-lede gestem.

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS SINODE.**

**VERSLAG VAN DIE KKS (vervolg)**, bl. 120

4.12.2.6 **Advies insake bediening** – Kennis geneem.

**4.12.2.7 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit dat kerkrade en predikante, wat betrokke is by bediening met beperkte opdrag sorg moet dra dat die ooreenkomste nie strydig met die KO. van die opdragte van die predikante uitsny nie, dog net in omvang afskaal.**

5. **Voorgestelde wysigings van Kerkorde en Ordereëls deur beskrywingspunte**

5.1 **Onderskrif by naam van Kerk** – Staan oor.

5.2 **Art. 1** – Kennis geneem.

**5.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging wat die woord "verbond" in Art. 1 wil invoeg nie.**

5.2.2 **Motivering** – Kennis geneem.

**AANBEVELING 27.1 OP BL. 61 WORD OOK GOEDGEKEUR:**
**Die RKA vervang die woord "verbond" oral waar dit in sy Reglement voorkom, met die woord "verband" om sodoende die Reglement in ooreenstemming met die Kerkorde, en in besonder met Art. 65 te bring. In gevalle waar "verbond" as alternatief naas "verband" gebruik is, word "verbond" verwyder.**

5.3 **Art.** 3 is reeds verwys na ad hoc-kommissie.

5.4 **KO. Art. 4.1** – Kennis geneem.

**5.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Mooinooi om die reg van approbasie deur die gemeente uit Art. 4.1 weg te laat nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

5.5 **KO. Art. 4.3** – Kennis geneem.

**5.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Mooinooi om "na approbasie deur die gemeente" uit art. 4.3 weg te laat nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

5.6 **KO. Bep. 4A**

5.6.1 Kennis geneem. 5.6.1.1 Reeds verwys na TKKS (kyk Argiefverslag, paragraaf 46, pt. 5.1)

5.6.2 Kennis geneem.

5.6.2.1 Aanbeveling reeds afgehandel by 4.1 in verslag van die Kommissie vir Kerkargief (kyk paragraaf 46, pt. 4.1)

5.7 **KO. Art. 18**

**5.7.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR SOOS DEUR AMENDEMENT GEWYSIG:**
**Die Sinode besluit:**

**5.7.1.1 Wysig die Art. wat lui**

**"Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord" deur dit uit te brei om te lees:**

**"Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord.**

**Indien die plaaslike kerk dit nie meer kan bybring nie, word die kerkverband genader vir hulp."**
(Ds. MC Adendorff; ds. NJ Rautenbach)

**DIE VERGADERING VERDAAG VIR TEEPOUSE OM 10:30.**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE NA DIE TEEPOUSE EN SAMESANG OM 11:00.**

Enkele afkondigings word gedoen.

Ds. AJ van Niekerk stel 'n boekereeks "Geskenkreeks" vir die jeug bekend. Die skrywer, prof. R Marè, word gelukgewens met hierdie werk.

**DIE RKA KONSTITUEER**

**Die volgende persone is reeds tot die BRKA verkies nl. oudl. CH Groenewald (Wonderboom) en oudl. SA van der Westhuizen (Pretoria-Oos).**

Die RKA moet vir drie broeders uit die sewe oorblywendes stem nadat die groslys gesuiwer is.

**DIE SINODE KONSTITUEER**

5.7.1.2 Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Bep. 18A Wanneer die plaaslike kerk (gemeente) hierdie verantwoordelikheid nie langer kan nakom nie, word die kerkverband betyds om advies gevra.

Bep. 18B Na deeglike ondersoek, doen die kerkverband die nodige en gepaste aanbevelings.

Bep. 18C Waar die kerkverband oordeel dat finansiële bystand geregverdig is, soek hy die weë en middele daartoe. (Ds. JC Lamprecht; oudl. AJ Pienaar)

**5.7.1.2 Voeg by Bep. 18A** (Sakelys bl. 126) – **Goedgekeur:**

**Aangesien die kerke in kerkverband 'n gemeente wat nie meer kan nie of nie ten volle sy predikant finansieel kan versorg nie, finansieel bystaan, oordeel die ring oor die vermoë van 'n vakante gemeente met minder as 200 belydende lidmate, of die kerk dit kan bekostig om 'n predikant te beroep alvorens 'n beroep uitgebring mag word.**

5.7.1.3 **Motivering** – Kennis geneem.

5.8 **Wysiging van KO. Art. 23.3** – Kennis geneem.

Die volgende amendement word nie aanvaar nie: Voeg na die woorde "en wat" by Art. 23.3 die volgende in: "nie onder sensuur of in die proses van tugtoepassing is nie."

5.8.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**5.8.1.1 Die Sinode besluit: Die beskrywingspunt van die Ring van Hennenman oor die herformulering van Art. 23 is nie ontvanklik nie.**

**5.8.1.2 Die Sinode besluit:**

**Daar kan nie gevolg aan gegee word nie, want advies word gevra wat kragtens die lasgewing van die KKS gegee kan word.**

5.9 **Wysiging van Bepaling 23B**

5.9.1 AANBEVELING GOEDGKEUR:

**Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Mooinooi om Bep. 23B te wysig nie.**

5.9.2 **Motivering** – Kennis geneem.

5.10 **Artikel 29**

**5.10.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om Art. 29 wat lui:**

**"SEGGENSKAP**

**Die seggenskap van die ring oor die kerkraad sowel as dié van die Sinode oor die ring, is in wese dieselfde, maar die seggenskap strek hom uit slegs oor sake wat by die betrokke sinodale en ringsvergadering tuishoort" soos volg te wysig:**

**"SEGGENSKAP**

**Die seggenskap van die ring oor die kerkraad sowel as die van die Sinode oor die ring is in wese dieselfde, maar die seggenskap strek hom uit slegs oor sake wat by die betrokke sinodale- en ringsvergaderings tuishoort soos in Art. 41 en 37 respektiewelik genoem".**

5.10.2 **Motivering** – Kennis geneem.

5.11 **KO. Bep. 32A.3** – Kennis geneem.

**5.11.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit dat 'n regstelling van 'n weglating by die betrokke bepaling naamlik tussen instansie en afsonderlik die woord "of" ingevoeg word sodat die Bep. lui:**

**"om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik".**

5.12 **Art. 37.3** – Kennis geneem.

**5.12.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**5.12.1.1 Die Sinode besluit om Art. 37 wat lui "... die stigting van gemeentes op versoek van kerkrade ..." te wysig om te lees "... die stigting en ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade".**

**5.12.1.2 Die Sinode besluit om 'n nuwe Bep. 37 J by te voeg wat lui:**

**"Waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie, neem die ring die inisiatief om lidmate te begelei tot 'n gemeentelike tuiste ...".**

5.12.2 **Motivering** – Kennis geneem.

**DIE VOLGENDE AMENDEMENT WORD GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om die KKS te versoek om uitbreiding te gee aan die Kerkorde in verband met die ontbinding van gemeentes, met spesifieke verwysing na KO. Art. 32A om sodoende ringe duideliker leiding in die verband te kan gee.**
(Oudl. SC de Bruin; ds. AL van Heerden)

5.13 **Bep. 37 F2**

**5.13.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om 'n kruisverwysing aan te bring by Bep. 37 F2 met vermelding van Bep. 53B en Art. 56.**

5.14 **Bep. 43C**

5.14.1, 5.14.2 en 5.14.3 word verwys na die TKKS.

5.15 **KO. Art. 49.1 en 49.2** – Kennis geneem.

**5.15.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om nie aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging oor Art. 49.1 en 49.2 gevolg te gee nie.**

5.15.2 Kennis geneem.

5.16 **Bep. 53B** – Kennis geneem.

**5.16.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Olifantshoek insake tughandeling nie.**

5.16.2 **Motivering** – Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word verwys na die PKKS met advies aan die betrokke Ring:**

Die Sinode besluit:
Die KKS word versoek om leiding te gee oor die hantering van beskrywingspunte van gemeentes wat deur ringe se hantering gediskwalifiseer word vanweë tegniese redes.
(Ds. PG Stans; ds. WA Jooste)

5.17 **Art. 55**

**5.17.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**
**5.17.1.1 Die Sinode besluit om die huidige Art. 55 te wysig om te lui:**
**Art. 55.1 In die geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in. Indien die saak substansie het en**

**a. die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit en**

**b. moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.**

**5.17.1.2 Die Sinode besluit om 'n nuwe art. 55.2 in te voeg:**

**Art. 55.2**

**Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die Voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband, vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlinge, wat handel volgens Art. 55.1.**

**5.17.1.3 Die Sinode besluit om Bep. 56A te herhaal as Bep. 55A en Bep. 56B as 55B.**

**Die volgende amendement word goedgekeur:**
**Die Sinode besluit dat wanneer 'n tugsaak na 'n ring verwys word, die ringskommissie so ver moontlik alle ter saaklike dokumentasie kan versamel vir die ring.**
(Ds. AL van Heerden; oudl. SC de Bruin)

5.18 **Art. 56**

**5.18.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om Art. 56 te wysig om te lui:**

**Art. 56.1**
**In die geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitend emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in. Indien die saak substansie het en**

**a. die erns van die saak dit regverdig kan sy ouderlingeraad hom voorlopig in sy amp stuit en**

b. moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad.

Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.

5.18.2 **Motivering** – Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**
**Die Sinode besluit dat die gewysigde KO. Art. 56.1 op bladsy 130 soos *geamendeer gelykluidend redaksioneel* van toepassing gemaak sal word ten opsigte van KO. Art. 55.1**

**(b) en dit word na die KKS verwys vir die nodige redaksionele regstelling en invoering om die insameling van dokumentasie insake 'n tugondersoek te vergemaklik.**
(Ds. DJ Malan; oudl. JP Maree)

5.19 **Art. 59.3.2**

**5.19.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om Art. 59.3.2 te wysig om soos volg te lui:**
**Herstel in die amp as predikant en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum ná afsetting of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 of gemeenteverlating volgens Art. 17.4, vind plaas deur die Kuratorium, op voorstel van die ring wat hom afgesit het of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 goedgekeur het en wel op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom intussen bevind het en in die geval van gemeenteverlating op voorstel van die ring en op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom intussen bevind het. Indien die afsetting of gemeenteverlating volgens Art. 17.4 die gevolg was van 'n ergerlike sonde, dit is 'n sonde wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag.**

5.19.2 **Motivering** – Kennis geneem.

5.20 **Art 19**

**5.20.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit dat 'n nuwe redaksie van Art. 19 en bybehorende bepalings verwys word na die TKKS vir voorlegging aan die Sinode met sy eerste verslag.**

5.20.2 **Motivering** – Kennis geneem.

5.21 **Ordereël 6** – Kennis geneem.

**5.21.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om Ordereël 6 te wysig om te lees:**

**... van 'n lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n kerkraadslid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf, met opgaaf van rede(s), by die Skriba of die Voorsitter van die vergadering verskoning te maak.**

5.22 **Ordereël 8** – Kennis geneem.

**5.22.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**5.22.1.1 Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Suidkus insake Ordereël 8 nie.**

**5.22.1.2 AANBEVELING SOOS GEDEELTELIK GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om Ordereël 8 uit te brei om te lees:**
**'n Volstrekte meerderheid van die lede van 'n vergadering vorm 'n kworum.**

5.22.2 **Motivering** – Kennis geneem.

**Die volgende amendement word goedgekeur:**
**Die laaste sin van aanbeveling 5.22.1.2 in die Sakelys word terugverwys na die TKKS vir duideliker formulering. ("Die kworum word beïnvloed deur die aanwesige lede en persone wat nie verskoning gemaak het nie en vakatures in ag genome".)**
(Prof. WJG Lubbe; ds. DJ Malan)

Ds. Brink neem weer die voorsitterstoel in.

**Enkele afkondigings word gedoen.**

**67. VERKIESING VAN BRKA-LEDE**

**Die Voorsitter maak bekend dat die volgende 5 ouderlinge op die BRKA verkies is:**

**Oudl. CH Groenewald (APK Wonderboom)**
**Oudl. JJ de Jager (APK Pretoria-Oos)**
**Oudl. SA van der Westhuizen (APK Pretoria-Oos)**
**Oudl. AJ Lourens (APK Verwoerdburg)**
**Oudl. WP Murray (APK Mooinooi).**

Prof. Marè stel 'n boek van dr. EM Viljoen bekend.

Na enkele verdere afkondigings doen oudl. SA van der Westhuizen 'n gebed **waarna die vergadering om 13:00 vir ete verdaag.**

## DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 14:00

Die Voorsitter kondig af dat die voorsitters van vorige permanente sinodale kommissies gevra word om voorstelle vir lede van Permanente Kommissies by die Tydelike Kommissie vir Kommissies in te dien.

68. **KKS-VERSLAG (vervolg)** Sakelys bl. 131

5.23 **Ordereël 24**

**5.23.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om Ordereël 24 te wysig om te lees:**
**Dit staan enige lid vry om skriftelik te laat aanteken dat hy teen 'n bepaalde voorstel of amendement(e) gestem het of afwesig was toe 'n bepaalde besluit geneem is.**

5.23.2 **Motivering** – Kennis geneem.

5.24 **Sinodebesluit 1, afd. 5 van die Kerkordeboek 1994**

**5.24.1 AANBEVELING MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**Die huidige besluit word vervang met:**

**1. Die Sinode besluit dat lidmate, kerkraadslede, kerkrade, ouderlingerade, diakonieë, ringe, ringskommissies en sinodale kommissies wat advies oor kerkregtelike sake benodig met die Voorsitter of Skriba van die KKS of die Dosent in Kerkreg kan skakel.**

**2. Al die adviseurs kom op koste van die KKS een maal per maand byeen (indien nodig) om adviesversoeke op skrif of persoonlik te hanteer.**

**3. In sake wat na die oordeel van 'n adviseur minder ernstig van aard is, kan die adviseur terstond advies lewer. Slegs in buitengewone en uiters dringende gevalle sal 'n enkele adviseur op eie houtjie oor ernstige sake advies lewer. Indien moontlik raadpleeg die adviseur eers 'n mede-adviseur telefonies.**

**4. Advies wat deur die adviseurs gesamentlik gelewer word, sal op skrif gestel word. Die advies sal twee komponente bevat:**

**4.1 die basiese gegewens waarop die advies gegrond is en 4.2 die advies self.**

**5. Advies moet steeds as advies beskou word, maar tog nie ligtelik genegeer word nie. Slegs 'n sinode kan oor 'n saak finale uitspraak gee.**

**6. Alle adviseurs lewer op die eersvolgende vergadering van die KKS verslag oor hulle adviese.**

**7. Die volgende persone tree as adviseurs op: die Voorsitter en Skriba van die KKS, die dosent in Kerkreg en sodanige ander lede wat die KKS mag aanwys.**

**8. Die betrokkene wat die advies aanvra wat reiskoste van 'n adviseur meebring, sal die reiskoste van die adviseur dra.**

**Motivering** – Kennis geneem.

6. **Beskrywingspunte**

6.1 **Ring van Lichtenburg: Gemeentegrense** – Kennis geneem.

6.2 **Ring van Bloemfontein: Gemeentegrense** – Kennis geneem.

**6.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode versoek Kerkrade en Ringe om art. 37.4 af te handel en te implementeer.**

**Motivering** – Kennis geneem.

6.3 **Ring van Lichtenburg: Doop- en lidmaatregister**

Afgehandel by Argiefkommissieverslag (Sakelys 1995, bl. 69, 9.2.1)

6.4 **Ring van Middelburg: Samestelling van kommissies** – Kennis geneem.

**6.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Middelburg oor die samestelling van kommissies nie, maar om te volstaan by die besluit van die Sesde Sinode: "Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Kommissies op om, met inagneming van die beginsel van kontinuïteit, ook te sorg vir genoegsame wisseling van lede van permanente kommissies wanneer hulle die permanente kommissies indeel vir voorlegging aan die Sinode, met die doel dat daar in die toekoms geen kommissie sal wees wat elke keer uit presies dieselfde predikante of ouderlinge sal bestaan nie."**
(Handelinge Sesde Sinode 1993 bl. 258, pt. 130.)

6.4.2 **Motivering** – Kennis geneem.

6.5 **Ring van De Aar: Vertroulike organisasies** – Kennis geneem.

6.5.1 **Aanbeveling** – Afgehandel in Bylae KKS1 (Sakelys 1995, bl. 43, pt. 2.6.1, Handelinge 1995, paragraaf 40.19)

6.6 **Ring van Mooinooi: Verlof van leraars** – Kennis geneem.

6.6.1 **Motivering** – Kennis geneem.

**6.6.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Mooinooi oor die verlof van leraars nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

6.7 **Ring van Vereeniging: Kennisgewing van handelinge van kerklike vergaderings** – Kennis geneem.

**6.7.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging oor kennisgewings in "Die Boodskapper" van handelinge van kerklike vergaderings (opdrag aan TKKS om advies aan die Sinode te gee).**

6.8 **Ring van Vereeniging: Studie deur KKS insake uittrede uit kerkverband** – Kennis geneem.

**6.8.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging oor advies t.o.v. uittrede van 'n kerk uit die kerkverband. Die beskrywingspunt lui soos volg: Die Sinode dra dit aan sy permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) op om die eersvolgende Sinode te dien met advies oor**

a. **die kerkordelike voorwaardes waaraan 'n plaaslike kerk (gemeente) moet voldoen as hy uit die verband van AP Kerke wil tree;**

b. **die kerkordelike gevolg van so 'n uittrede.**

**Motivering**

1. 'n Plaaslike kerk tree **vrywillig** tot die verbond en daarmee tot die verband van ring en Sinode van AP Kerke toe. 'n Plaaslike kerk kan dus ook **vrywillig** uittree. Die voorwaardes vir so 'n uittrede is tot hede toe egter nog nie in die KO. uiteengesit nie, ewemin die kerkordelike gevolg van so 'n uittrede.

2. 'n Plaaslike kerk behoort in die KO. duidelik te kan lees wat die **voorwaardes** en wat die **gevolge** van so 'n uittrede gaan wees.

6.9 **FK: Beroeping van leraars – terugverwys na KKS** – Kennis geneem.

**6.9.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode verwys die beskrywingspunt van die FK oor beroeping van leraars na die TKKS.**

6.10 **Ring van Brandfort: Predikante nie werknemers nie** – Kennis geneem.

**6.10.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Brandfort oor predikante wat nie werknemers is nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

6.11 **Ring van Middelburg: Die diaken in die kerkraad** – Na die KKS verwys saam met 4.7.1 op bl. 118 van die Sakelys.

6.12 **Ring van Klerksdorp: Toevoeging tot attestaat** – Kennis geneem.

**6.12.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Klerksdorp oor 'n toevoeging tot 'n attestaat nie.**

6.12.2 **Motivering** – Kennis geneem.

6.13 **Ring van Graniet: Studie van Presbiteriale Kerkregeringstelsel** – Kennis geneem.

6.13.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

**Die volgende amendement word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om elke ring te versoek om 'n grondige studie van die Presbiteriale kerkregeringstelsel te maak en die resultaat van hul studie voor 31/12/1996 aan die KKS voor te lê. Die KKS sal dan dié studieresultate ter tafel neem en 'n finale studiestuk opstel wat deur die Publikasiekommissie gepubliseer en versprei moet word.**
(Prof. R Marè; prof. FAH van Staden)

6.14 **Ring van Clanwilliam : Ringsindeling** – Kennis geneem.

6.14.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem en verwys na Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.

6.15 **Ring van Dendron: Naamwysiging van die Kerk** – Kennis geneem.

**6.15.1 AANBEVELING MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Ad hoc-kommissie vir die Kerknaam en onderskrif.**

6.16 **Ring van Germiston** – Kennis geneem.

**6.16.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om die vier beskrywingspunte te verwys na die PKKS vir studie en aanbevelings aan die opvolgende Sinode.**

7. **Appèl**

7.1 **Ds JD Jansen van Rensburg** – Kennis geneem.

7.2 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

**Besluit: Die appèl word na die TKKS verwys.**

8. **Beswaarskrifte**

8.1. **Drs. Stephen Botes**

8.1.1 Beswaarskrif oor 'n besluit geneem op die Sinode van 1993 oor: "Die vrou in die amp" – Kennis geneem.

**8.1.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om die beswaarskrif wat in die 1991 Sakelys opgeneem is, te laat dien voor die Sinode van 1995 en die beswaarskrif as 'n Bylae in die Sakelys op te neem. (Gemerk: 8.1.5 Bylae tot die Beswaarskrif "Die vrou in die amp").**

8.1.3 **Motivering**

1 en 2 Kennis geneem.

8.1.4 **Kommentaar** – Kennis geneem.

8.1.5 **Bylae tot die beswaarskrif: "Die vrou in die amp"** – Kennis geneem.

Die Beswaarskrif word in behandeling geneem. **Na aanhoor van drs. Botes en verdere bespreking besluit die Sinode: Die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.**

8.2 **Beswaarskrif: DJP Keyser, Viljoenskroon**

**8.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit dat die beswaarskrif van mnr. DJP Keyser nie ontvanklik is nie en daarom nie in die Sakelys opgeneem word nie.**

8.3 **Beswaarskrif: Kerkraad APK Derby**

**8.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat die beswaarskrif van APK Derby nie ontvanklik is nie en daarom nie in die Sakelys opgeneem word nie.**

Die verslag word hiermee afgehandel. Die Voorsitter bedank ds. AS van Jaarsveld. Prof. FAH van Staden bedank die Sinode vir samewerking van afgevaardigdes en die tyd afgestaan sodat die KKS-verslag afgehandel kon word.

**Die volgende voorstel word goedgekeur.**

**Die Sinode versoek die KKS om in die volgende uitgawe van die KO., 'n kort verklaring of verduideliking van kerkregtelike terme te gee vir gebruik deur die oningewydes.**
(Dr. CI van Heerden; SL van Rensburg)

69. **VERSLAG: KURATORIUM** (Sakelys bl. 94)

Die verslag word voorgedra deur ds. A Boshoff (snr.).

1. **Personeel**

1.1 **Lede van die Kuratorium**

1.1.1–1.1.8 Kennis geneem.

**Die volgende mosie word goedgekeur: Die Sinode boekstaaf sy opregte dank en waardering teenoor suster Esther Brummer, wat tans swak en ongesteld is, vir die diens wat sy die afgelope agt jaar in diens van die kerkkantoor en die Teologiese Skool as spysenier en as administratiewe hulp met pligsgetrouheid vervul het. Die Sinode bid haar toe beterskap en krag in hierdie dae van siekte en beproewing.**
(Prof. FAH van Staden; prof. R Marè)

Ds. Boshoff stel die studente van die Teologiese Skool aan die vergadering voor. Teenwoordig in die vergadering is brs. Willem van Schalkwyk; Johan Rossouw; Alwyn Swanepoel; Nico Swart. Johan Duvenage kan weens werksverpligtinge nie teenwoordig wees nie.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **Dagbestuur**

3.1 **Samestelling** – Kennis geneem.

4. **Dagbestuursvergaderings** – Kennis geneem.

5. **Subkommissies** – Kennis geneem.

6. **Teologiese Skool**

6.1 **Raad van Teologiese Dosente** – Kennis geneem.

**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**
**6.1.1 Die Sinode felisiteer proff. Theron en Marè met die verworwe doktorsgrade;**

**6.1.2 die Sinode bid die teologiese dosente die ryke seën van die Here toe met hulle belangrike en verantwoordelike werk aan die Teologiese Skool in belang van die kerkverband.**

6.2 **Vergaderings** – Kennis geneem.

6.3 **Vyfde Leerstoel** – Kennis geneem.

**6.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om voorrang te verleen aan die vulling van die leerstoel bo enige ander poste in die kerkverband en dra dit aan die Finansiële Kommissie op om dienooreenkomstig te handel.**

6.4 **Teologiese Dae** – Kennis geneem.

**6.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om 'n vraelys in verband met die Teologiese dae aan predikante en kerkrade te stuur ten einde 'n behoeftebepaling in verband met die belangrike aangeleentheid te doen en bywoning te bevorder en dra dit aan die Kuratorium op om in die lig daarvan te handel.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur: Die Sinode versoek die Kuratorium om, in die lig van die noodsaaklikheid van die toerusting van predikante, die teologiese dae op streeksbasis te organiseer ten einde al die predikante te betrek.**
(AHP Louw; SC de Bruin)

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie: Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op om 'n ondersoek te doen om vanaf 1996 alle studente aan ons Teologiese Skool te betrek by 'n psigo-opleidingsmodel, gebaseer op die bevindinge van die doktorale studie van dr. George Roux (UOVS) met die oog op die fasilitering van studente tot persoonsvolwassenheid.
(Ds. JP Bezuidenhout; ds. NJ Rautenbach)

6.5 **Verdere Teologiese opleiding** – Kennis geneem.

'n Diepgaande en ernstige gesprek word oor die opleiding en beroepbaarstelling van studente gevoer.

6.6 **Legitimasie van Teologiese studente**
6.6.1 Kennis geneem.
6.6.2 Kennis geneem.
6.6.3 Kennis geneem.

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA VIR DIE VERKIESING VAN DRIE SEKUNDI-OUDERLINGE VIR DIE BRKA EN HERKONSTITUEER NA DIE STEMMING WEER AS SINODE.**

Prof. R Marè stel die boek "Skeurmaker of Profeet" bekend asook huisbesoekkaarte wat gekoop kan word.

Enkele afkondigings word gedoen voordat **die vergadering verdaag vir teepouse om 16:00.**

**DIE VERGADERING HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 16:30.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**
**Die Sinode besluit dat die Tydelike Publikasiekommissie 'n lys van preekbundels aan die Sinode sal voorlê vir goedkeuring.**
(Oudl. HCG Bester; oudl. JH de Wet)

**Motivering**
Die "APK" (kyk afdeling III Bylae 1 paragraaf 3 op bladsy 50 in die Kerkordeboek van 1994) het nog geen preekbundel amptelik goedgekeur nie.

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA**

70. **VERKIESING VAN BKRA-LEDE**

**Name van die verkose sekundi-lede vir die BRKA-lede word bekend gemaak:**
**Oudl. PS Pretorius (Moot-Sentraal)**
**Oudl. BJM Rossouw (Bethlehem)**
**Oudl. GP Bezuidenhout (Thabazimbi)**

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS SINODE**

71. **VERSLAG VAN DIE KURATORIUM, (vervolg)** bl. 95

**Die volgende voorstelle word goedgekeur:**

1. **Die Sinode betuig sy opregte dank aan die teologiese dosente en Kuratorium vir die harde werk asook bekwaamheid waarmee studente begelei word om die plaaslike kerk met die Evangelie te bedien tot eer van God.**

(Ds. JB Trollip; oudl. RJ de Beer)

2. **Teologiese Studente in hulle voor-Teologiese Skoolopleiding moet begelei word deur hulle tuispredikante. Daar moet jaarliks verslag oor hulle leer en lewe ingedien word. Dit sluit in hulle meelewing en betrokkenheid in die plaaslike kerk.**

(Ds. JA Jacobs; ds. AL van Heerden)

6.7 **Teologiese Opleiding** – Kennis geneem.
6.7.1 **Volledige kurrikulum** – Kennis geneem.
6.7.2 **Praktiese opleiding** – Kennis geneem.
6.7.2.1–6.7.2.5 – Kennis geneem.

6.8 **Biblioteek** – Kennis geneem.

6.8.1–6.8.4 – Kennis geneem.

**6.8.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode spreek sy dank teenoor die Rektor uit vir die inrigting van die Biblioteek en ordening en klassifisering van die boeke volgens vakke.**

6.9 **Willie Lubbe Teologiese Studiefonds** – Kennis geneem.

**6.9.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes en individue wat die afgelope twee jaar bygedra het tot die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**
**'n Spesiale offergawe sal op Donderdagaand onder die afgevaardigdes en belangstellendes opgeneem word ter versterking van die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.**

**Motivering**

1. Hierdie offergawe sal 'n geringe dankbetuiging wees teenoor God, ons Hemelse Vader vir seëninge die afgelope 8 jaar veral ook t.o.v. ons Teologiese Skool.
2. 'n Blyk van dank aan en vertroue in ons Teologiese Dosente.
3. 'n Blyk van vertroue in ons Teologiese studente.

(Ds. LH Jacobs; ds. A Boshoff, sr.)

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

1. **Die Sinode herbevestig sy vorige besluit om kerkrade te versoek om op die Sondag naaste aan die 27ste Junie (stigtingsdag) 'n kollekte op te neem vir die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds en deur te stuur na die BRKA.**
2. **Die Sinode besluit om by kerkrade aan die hand te doen om tydens die Pinksterbidure elke aand 'n kollekte op te neem vir die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.**

(Dr. JH Ellis; oudl. JW Kilian)

Die volgende voorstel is nie goedgekeur nie:
Die Sinode versoek die ander kerke binne die verband van kerke om maandeliks 'n deurkol-

lekte af te staan aan die Teologiese Skool vir die nodige uitbreidings wat daar mag wees. (SC de Bruin; AJ Kriel)

6.10 **Studente**

6.10.1 **Teologiese Studente** – Kennis geneem.

6.10.2 **Admissante**

6.10.2.1 – Kennis geneem. Die name van twee studente wat by PU vir CHO studeer, word bygevoeg, nl. Marten Jordaan en Neels Prinsloo.

6.10.2.2–6.10.2.3 – Kennis geneem.

**6.10.2.4 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om skriftelik 'n woord van bemoediging te rig aan al die admissante, om, met groot toewyding en verantwoordelikheid as geroepenes, hulle kragte en tyd, met volharding te wy aan die voltooiing van hulle admissiestudies.**

6.10.3 – Kennis geneem.

7. **Predikantskap/Proponentskap**

7.1 **Aanmeldings en aansoeke** – Kennis geneem.

7.2 **Goedgekeurde aansoeke**
Ds. JJR Katzke is nie beroepbaar gestel nie as gevolg van die feit dat hy ouer as 65 jaar is – Kennis geneem.

7.3 **Aansoeke hangende** – Kennis geneem.

7.4 **Afgekeurde en teruggetrekte aansoeke** – Kennis geneem.

7.5 **Voorsiening van predikante** – Kennis geneem.

7.5.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem:
Die Sinode besluit dat die ringe wat nie geantwoord het nie se ringskommissies voor 18:00 van die sittingsdag waarop hierdie verslag behandel word, die aangevraagde besonderhede aan die Rektor van die Teologiese Skool besorg en dat die Sinode die gewese Dagbestuur van die uitgetrede Kuratorium as tydelike ad hoc-kommissie benoem om die Sinode nog gedurende sy sitting van 'n verslag en aanbeveling te bedien.

**Die volgende amendement word goedgekeur: Die Sinode besluit om die ondersoek aan die nuwe Kuratorium op te dra en om dienooreenkomstig na bevinding te handel by eventuele toelating.**
(Dr. FAH van Staden; ds. IA Brink)

Die verslag van die Kuratorium word hier onderbreek.

72. **VERLOFAANSOEKE**

**Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:**

**AB Lourens, APK Magaliesburg, 16:00 8/9/1995 tot 11:00 9/9/1995**
**JGL de Beer, APK Zeerust, 07:00–11:00, 9/9/1995**
**CJ van der Westhuizen, APK Algoa, 13:00, 8/9/1995 tot 08:00, 9/9/1995**
**AH Mulder, APK Zastron, 16:00, 8/9/1995 en 9/9/1995**
**LS Lategan, APK Smithfield, 16:00, 8 en 9/9/1995**
**DAF van Tonder, APK De Wetsdorp, 16:00, 8 en 9/9/1995**
**JPB Gelderblom, APK Transmagalies, 6–9/9/1995**
**GH Krapohl, APK Strydenburg, 20:00–21:00, 5,6,7,8/9/1995**
**RW Louw, APK Piketberg, 08:00–11:00 9/9/1995**
**JJ Vrey, APK Clanwilliam, 08:00–11:00, 9/9/1995**
**S de Beer, APK Clanwilliam, 08:00–11:00, 9/9/1995**
**G Genis, APK Clanwilliam, 08:00–11:00, 9/9/1995**
**N Smit, APK Piketberg, 08:00–11:00, 9/9/1995**
**T Nortjé, APK Paarl, 08:00–11:00, 9/9/1995**
**C Nel, APK Hardeveld, 08:00–11:00, 9/9/1995**
**DR van Tonder, APK Vaalwater, 14:00–21:00, 5/9/1995**
**PC Poley, APK Witbank, 18:00, 6 tot 9/9/1995**
**JMA Lategan, APK Witbank, 18:00, 6 tot 9/9/1995**
**JH Pistorius, APK Witbank, 18:00, 6 tot 9/9/1995**
**F Swanepoel, APK Naboomspruit, 08:00–11:30, 5/9/1995**
**RG Diedericks, APK Hluhluwe, 18:00–21:00, 6/9/1995**
**RMJ Britz, APK Wonderboom, 14:00–16:00, 6/9/1995**
**P Storm, APK Lichtenburg, 09:00–10:00, 6/9/1995**
**PR Buitendag, APK Pietersburg, 16:30–21:00, 6/9/1995**
**GJJ Labuschagne, APK Harrismith, 18:00–21:00, 7/9/1995**
**Z Janse van Rensburg, APK Uitenhage, 7,8, 9/9/1995**
**JS Campher, APK Primrose, 7,8,9/9/1995**
**CPJ Reyneke, APK Senekal, 16:00–21:00, 8/9/1995**
**A Gerber, APK Mooinooi, 08:00–12:00, 8/9/1995**
**MJ Kemp, APK Zululand, 8,9/9/1995**
**CI van Heerden, APK Bronkhorstspruit, 08:00–12:00, 9/9/1995**
**SLJ van Rensburg, APK Bronkhorstspruit, 9/9/1995**

EM Viljoen, APK Outjo, 9/9/1995
HC van der Merwe, APK Springs, 09:30–11:30, 7/9/1995
CJJ van Rensburg, APK Groter-Durban, 14:00–20:30, 7/9/1995
JWJ Hanekom, APK Wesselsbron, 08:00–11:00, 7/9/1995
JJ Vrey, APK Clanwilliam, 12:00–19:00, 6/9/1995
JJ Bouwer, APK Excelsior, 08:00–11:00, 7/9/1995
CGFC Bester, APK Moot-Sentraal, 14:00, 8 tot 9/9/1995
AE van den Berg, APK Moot-Sentraal, 14:00, 8 tot 9/9/1995
PS Pretorius, APK Moot-Sentraal, 14:00, 8 tot 9/9/1995
OG van Rooyen, APK Moot-Sentraal, 14:00, 8 tot 9/9/1995
GD Rouwenhorst, APK Bothaville, 19:00–20:00, 6/9/1995
AH Barnard, APK Bothaville, 19:00–21:00, 6/9/1995
JF van Eck, APK Potgietersrus, 18:00, 6 tot 9/9/1995
CN Smit, APK Potgietersrus, 7,8,9/9/1995
AHP Louw, APK Coligny, 08:00–21:00, 7/9/1995
JJ Lategan, APK Worcester, 6/9/1995
HJ van der Merwe, APK Waterberg, 16:00–20:30, 7/9/1995
CJS Botha, APK Ventersdorp, 8/9/1995
LJ Krouwkamp, APK Ventersdorp, 8/9/1995
AS van Jaarsveld, APK Pietersburg, 08:00–13:00, 7/9/1995
JI Pieters, APK Nelspruit, 08:00, 7 tot 9/9/1995
JR Jacobs, APK Grootfontein, 16:00, 6 tot 9/1995
JC Jacobs, APK Heilbron, 14:00, 6 tot 9/1995
SC de Bruin, APK Clocolan, 08:00, 7 tot 9/9/1995
GLH Coetzer, APK Klerksdorp, 18:00, 7 tot 9/9/1995
JCK Bezuidenhout, APK Amajuba, 13:00–21:00, 6/9/1995
EM Roux, APK Algoa, 13:00–20:00, 7/9/1995
J Erasmus, APK Vryheid, 7–9/9/1995

73. **VERSLAG VAN KURATORIUM (vervolg)** bl. 98

7.6 **Posisie van leraars oor die ouderdom van 65 jaar** – Kennis geneem.

**AANBEVELING MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit:**

**7.6.1 dat leraars wat deur die Kuratorium na die besluit van die Sinode 1993, tot die bediening toegelaat word en reeds 65 jaar oud is, glad nie beroepbaar gestel kan word nie;**

**7.6.2 dat dusdanige emeritusleraars slegs tydelike diens in 'n plaaslike kerk kan verrig en dat geen vaste ooreenkoms tussen 'n plaaslike kerk en so 'n emeritusleraar aangegaan kan word nie;**

**Die volgende voorstel word goedgekeur: Die Sinode dra dit aan die KKS op om indringend ondersoek in te stel na die aard van diensooreenkomste tussen kerke en leraars, veral ook sover dit afvaardiging na meerdere vergaderings raak.**
(Ds. MC Adendorff; ds. NJ Rautenbach)

Enkele afkondigings word gedoen.

**Die volgende versoek word goedgekeur: Toestemming word gevra dat 'n dame-solis (lidmaat van die APK Vereeniging) môre-oggend voor en tydens die KKM-verslag 'n paar liedere uit die proefsangbundel kan kom voorsing.**

**DIE SINODE VERDAAG OM 18:00 VIR AANDETE NA 'N TAFELGEBED DEUR PROF. JOUBERT.**

## DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 19:00

Voorafsang word gelei deur ds. DJ Malan.

Die vergadering hervat sy werksaamhede om 19:00. Enkele afkondigings word gedoen.

74. **PERSONEELWISSELING**

**Diaken AG Vosloo van Roedtan word vervang deur oudl. BN Genis.**

75. **NOTULE**

Ds. LD Pienaar dra die notule van die eerste sittingsdag vanaf 15:40 voor. **Ná die volgende wysigings (reeds in die Handelinge aangebring) word dit goedgekeur: Voeg in by die verkiesing van die Voorsitter: "Die vergadering sing die Voorsitter Ps. 134:4 toe".**

**Hierbenewens sal ook enkele redaksionele wysigings deur die Notulekommissie aangebring word.**

**Ook die notule van die tweede sittingsdag, oggendsessie (08:00–10:30) word aan die vergadering voorgehou. Met enkele redaksionele wysigings word dit goedgekeur.**

76. **MEDIAVERSLAG**

Die Voorsitter van die Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling word aan die woord gestel. Oudl. W Brasé verskaf agtergrondinligting oor die werkswyse van sekulêre media wat onversigtige uitlatings maklik kan misbruik om die APK in 'n negatiewe lig te stel. Hy stel 'n TV-

insetsel in vooruitsig oor die voorgenome werk van ds OD Scheuer. Hy hou die volgende verklaring oor die kerklike bediening van die Afrikaanse Protestantse Kerk in Paraguay voor en dit word goedgekeur:

**Die kerklike bediening van die Afrikaanse Protestantse Kerk in Paraguay het begin met die besoeke van ds. JN Joubert aan die Afrikaners wat die afgelope jare na daardie land verhuis het. Die Afrikaanse Protestantse Kerk-lidmate en dié wat aangesluit het, is aanvanklik georganiseer as twee wyke van die Afrikaanse Protestantse Kerk Bloemfontein. Twee ouderlinge en twee diakens is vir dié doel gekies. Eredienste is tweeweekliks gehou waar die ouderlinge die leiding geneem het.**

**'n Verdere besoek aan die lidmate is in April-Mei 1995 deur ds. OD Scheuer onderneem. Die lidmate het toe gevoel dat 'n selfstandige gemeente in Paraguay tot stand moet kom. Die Ring van Bloemfontein het die afstigting goedgekeur. Ds. OD Scheuer, wat binnekort emeritaat aanvaar, en sy eggenote sal, as die Here wil, van die begin van Oktober 1995 vir ses maande die bediening waarneem. Hy sal die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk Caaguazu waarneem, die eredienste elke Sondag behartig, die sakramente bedien en huisbesoek aflê.**

**Tydens sy vorige besoek het die eerste doopbediening van die Afrikaanse Protestantse Kerk in Paraguay plaasgevind. Daar is tans sowat 50 belydende en 25 dooplidmate. Hulle woon by die dorpe Caaguazu en Independéncia. 'n Aansienlike aantal Afrikaners woon elders oor die land versprei.**

**Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het besluit dat Paraguay aanvaar word as besondere terrein vir evangelisasie-arbeid. Daar is 'n groot aantal Afrikaners wat vroeër jare na Paraguay geëmigreer het en wat hoofsaaklik in die hoofstad Asuncion woon. Met verloop van jare het hulle ongelukkig kerkloos geraak.**

**Dit sal die taak van die jong gemeente in Paraguay wees om die kerkloses op te spoor en hulle deur bearbeiding op te neem as gelowiges in die kerk van Christus.**

**Die koste van ds. OD Scheuer van Biesiesvlei se besoek aan Paraguay asook 'n gedeeltelike traktement, word goedgunstig deur die Sentrale Kerkekommissie uit die bedieningsfonds betaal.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat deurgaans in mediaverslae van die AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK gepraat word en nie van die APK nie.**
(Ds. AJ van Niekerk; ds. PB Kotzé)

77. **VERSLAG VAN KURATORIUM – (vervolg)** bl. 98

Die verslag van die Kuratorium word verder aan die orde gestel.

**7.6.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit dat die besluit van 1989 soos op bl. 120 pt. 4 van die KO. 1994 weergegee, soos volg gewysig word:**

**Status van predikant wat uit ander kerkverband oorkom:**

**'n Dienende predikant uit 'n kerkverband van Gereformeerde belydenis (Geref./Ned. Herv./ NG Kerk/ARK) wat hom by die APK voeg, ontvang status na keuring deur die Kuratorium en wag dan op 'n amptelike beroep; intussen het hy geen sitting met stemreg op 'n meerdere vergadering nie.**

Die Sinode neem kennis van 'n buitengewone Kuratoriumvergadering waartydens ds. MJ van Schalkwyk en ds. LPA Spies as emeritusleraars toegelaat is. Hulle is as gevolg van die feit dat hulle ouer as 65 jaar is, nie beroepbaar gestel nie.

8. **Oefenaars** – Kennis geneem.

Die Sinode wens oefenaar MJG Botes voorspoed met sy eksamen toe.

9. **Vrye Universiteit** – Kennis geneem.

10. **Teologiese blad** – Kennis geneem.

Die Sinode neem ook kennis daarvan dat die tweede uitgawe van die Teologiese Blad so pas verskyn het.

11. **Begroting** – Kennis geneem.

12. **Slot** – Kennis geneem.

78. **MOSIE VAN DANK EN WAARDERING**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**
**Die Sinode spreek sy grootste dank en waardering uit teenoor die Kuratorium en die Raad van Dosente vir die deeglike en ywerige werk wat in die kerkverband van die Afrikaanse Protestantse Kerk gedoen word. Die Sinode bevestig weereens sy voorbidding vir die groot werk wat gedoen word. Die Sinode bevestig ook sy ondersteuning en lojaliteit aan die Kuratorium en die Raad van Dosente. Die Sinode dra ook die studente in gebed aan die Here op.**
(Ds. A Boshoff; ds. GCD Stoltz)

Die Voorsitter bedank ds. Boshoff vir die voordra van die verslag.

**79. EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (A1)**

Ds. AS van Jaarsveld dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem.
2. **Sake na die kommissie verwys**

2.1 **Appèl – Ds. JD Jansen van Rensburg.**

Die Sinode word geslote verklaar en die vergadering word gesuiwer.

**2.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit:**
**Die appèl is nie ontvanklik nie.**

**Motivering** – Formeel is nie aan die vereistes van Bep. 58B voldoen nie, deurdat daar nie gelyktydig skriftelik kennis gegee is van die appèl aan die ringskommissie nie.

**2.1.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die dokumentasie word nie vermeerder vir elke lid van die Sinode nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

DIE SINODE WORD WEER OOP VERKLAAR.

2.2 **Afwesigheid van ds. CD Koen op 5/9/1995 sonder verlof**

**2.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om die verskoning van ds. CD Koen soos voorgelê aan die TKKS te aanvaar.**

**Motivering** – Kennis geneem.

2.3 **Paneel van regsgeleerdes**

**2.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om advokaat JH de la Rey by die paneel van regsgeleerdes te voeg.**

**Motivering** – Kennis geneem.

2.4 **Byvoeging by Bep. 37D**

**2.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit aanbeveling 9.3.2.1 op bl. 70 van die Sakelys word nie geïmplementeer nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

2.5 **Herskrywing van Bep. 37E**

**2.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode besluit om nie Bep. 37E te wysig nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**2.5.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**
**Die Sinode verwys Bep. 37E na die PKKS.**

Die Voorsitter bedank ds. AS van Jaarsveld vir die afhandeling van die verslag.

**DR. WA BURGER SLUIT DIE VERGADERING OM 20:15 MET GEBED AF.**

# VIERDE SITTINGSDAG 7 SEPTEMBER 1995: 08:00–10:30

Voorafsang word gelei deur ds. JD van der Merwe.

80. **BIDSTOND**

Oudl. HJ Hayes van APK Bainsvlei lei die bidstond. Hy gaan voor in gebed en lees 1 Pt. 3:8–22. Hy beklemtoon verse 12, 17 en 18 en wys op die skerp teenstelling tussen 'n heilige lewenswandel en 'n onheilige lewenswandel.

Verskeie broeders gaan voor in gebed, waarna Ges. 258:2 ten slotte gesing word.

Die Voorsitter bedank oudl. Hayes.

Prof. Alkmaar Swart word ter vergadering verwelkom.

81. **VERSKONINGS**

Verskoning word vir die afvaardiging van APK Ventersdorp aangeteken vanweë die ongesteldheid van ds. CJS Botha.

Verskoning vir prof. WJG Lubbe word aangeteken. Hy sal DV om 09:00 by die vergadering aansluit.

82. **VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG, VERBONDSONDERRIG EN ONDERWYS EN OPVOEDING** (Sakelys bl. 100)

Die Voorsitter stel dr. JH Ellis aan die woord om die verslag te behandel. Dr. Ellis verwelkom prof. Alkmaar Swart en bedank ds. FJ van der Merwe vir sy bydrae aan die opstel van die verslag.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

2.1 **Reiskoste van personeel** – Kennis geneem.

3. **Sake deur die vorige Sinodes verwys**

3.1 **Hersiening van Verbondsonderrigboeke** – Kennis geneem.

3.1.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**3.1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die reeks hersiene Verbondsonderrighandboeke en Lesgidse vir Verbondsonderrigvoorgangers wat reeds voltooi is, asook die wat in die proses van voltooiing is.**

**3.1.1.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor die Hersieningskommissie, skrywers, kunstenaars, tiksters, redakteurs, eindredakteur en drukkers vir die daarstelling van die Verbondsonderrighandboeke en lesgidse.**

3.2 **Hersiening van die "Riglyne ten opsigte van Verbondsonderrig"** – Kennis geneem.

3.2.1 AANBEVELINGS

3.2.1.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met dank kennis van die finalisering van die "Riglyne vir die AP kerke ten opsigte van Verbondsonderrig" (soos die hersiene stuk lui) deur die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding, asook die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.**

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**3.2.1.2 Die Sinode beveel aan dat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding sal toesien dat die pamflet gedupliseer en na elke plaaslike kerk deurgestuur word.**

**3.2.1.3 Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om op aanvraag van ringe of groepe gemeentes waar die behoefte mag bestaan, weer die kursus vir Verbondsonderrigvoorgangers aan te bied.**

3.3 **Kursus vir Jeugbearbeiding** – Kennis geneem.

3.3.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**3.3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding vir die geslaagde kursus in Jeugbearbeiding.**

**3.3.1.2 Die Sinode beveel aan dat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding die kursus vir Jeugbearbeiding hersien sodat dit meer spesifiek die praktiese behoeftes van jeugaksies in die plaaslike kerk aanspreek.**

**3.3.1.3 Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoedig op om die hersiene kursus op versoek van gemeentes/ringe gedesentraliseerd aan te bied.**

3.3.1.4 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoe-**

ding op om riglyne op te stel vir die ordelike funksionering van jeugaksies, vir die verskillende belangegroepe in die gemeente.

3.4 **Satanisme** – Kennis geneem.

3.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek dr. WA Burger, di. AJ van Niekerk en FJ van der Merwe in samewerking met die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om die aanbevelings soos goedgekeur (Sakelys, Sesde Sinode bl. 53, pt.4) by die herdruk van die Verbondsonderrighandboeke in te werk op so 'n wyse dat dit die nodige aandag in die leerplan verkry (en nie bloot as 'n opsionele bylae nie).**

3.5 **Die Verbondsgesprek** – Kennis geneem.

3.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Publikasiekommissie om "Die Verbondsgesprek" spoedig te publiseer sodat dit onder die aandag van leraars en ouderlinge gebring kan word.**

3.6 **Programsketse** – Kennis geneem.

3.6.1 AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**3.6.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding rakende die opstel van programsketse en riglyne vir jeugaksies.**

**3.6.1.2 Die Sinode beveel met groot vrymoedigheid die programsketse en riglyne vir jeugaksies aan by leraars en jeugleiers vir gebruik in hulle bediening aan die jeug.**

3.7 **Skoolverlaterskampe** – Kennis geneem.

3.7.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode spreek sy dank uit vir die positiewe vordering wat met die skoolverlaterskampe gemaak word en beveel by kerkrade aan om matrikulante aan te moedig om sodanige kampe by te woon.**

3.8 **Skoolverwisselingskampe** – Kennis geneem.

3.8.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode spreek sy dank uit vir die positiewe vordering wat met skoolverwisselingskampe gemaak word en beveel by kerkrade aan om voornemende standerd 6 leerlinge aan te moedig om die kampe by te woon.**

3.9 **Die kerkverband se standpunt oor die Onderwys** – Kennis geneem.

3.9.1 AANBEVELINGS

3.9.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met dank kennis van die studiestuk (Bylae JV2) "Die Afrikaanse Protestantse Kerkverband se standpunt oor die Onderwys – 'n Christelik-prinsipiële verantwoording."**

3.9.1.2 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

Amendement goedgekeur:

**Die Sinode besluit om met dank kennis te neem van grondliggende werk wat gedoen is, en verwys die studiestuk na die volgende Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding terug vir finalisering in die lig van die bespreking. Verdere kommentaar kan na die Kommissie gestuur word.**
(Prof. R Marè; ds. IA Brink)

3.9.1.3 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

3.9.1.4 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek kerkrade om alles in hul vermoë te doen om verbondsouers te inspireer en te ondersteun in hul verantwoordelikheid om, kragtens hul doopgelofte, Christelike Bybelonderrig en Christelike vakonderrig tot beskikking van hul kinders te stel.**

3.9.1.5 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek kerkrade en ringe om alles in hulle vermoë te doen om die opleiding van onderwysers in Christelike vakwetenskappe te bevorder, ten einde te verseker dat doopIidmate deur Christelike onderwysers op alle vakgebiede onderrig word.**

3.9.1.6 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek kerkrade om lidmate doelgerig aan te moedig om Christelike Volkseie Skole wat Christelike vakonderwys in 'n Christelike milieu aanbied, vir hulle kinders te kies en te ondersteun. Waar sulke skole nie bestaan nie, versoek die Sinode Verbondsouers om alles in hul vermoë te probeer om sodanige skole te stig en selfs oor te gaan tot huisskole aangesien ouer kinders in die toekoms moontlik nie meer onder skoolplig sal staan nie.**

Voorstel goedgekeur:

**Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om alternatiewe onderrigmodelle, insluitend korrespondensiekursusse, asook rekenaargesteunde onderrigmetodes te ondersoek vir aanbeveling aan die volgende Sinode.**
(Ds. G Pretorius; prof. R Marè)

3.9.1.7 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om waar moontlik aktief deel te neem aan die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys, in die nakoming van ons roeping ten opsigte van Onderwys en Opvoeding vir ons kinders.**

3.9.1.8 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek kerkrade om hul lidmate aan te moedig om, kragtens hul Verbondsgeloftes, vrye verenigings wat Christelik Volkseie Onderwys bevorder, dinamies reformatories en aktief te ondersteun.**

3.9.1.9 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met dank kennis van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys se grondslag en doelstellings (soos vervat in Bylae JV3).**

4. **Instituut vir onderwys** – Kennis geneem.

4.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**4.1.1 Die Sinode neem kennis van die aanvanklike deelname van lede van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding aan die Instituut vir Onderwys wat onder beskerming van die VCHO funksioneer.**

**4.1.2 Die Sinode gee aan prof. Alkmaar Swart tien minute geleentheid om die Sinode toe te spreek oor die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys.** (Uitgevoer ná afhandeling van die verslag.)

**4.1.3 Die Sinode herbevestig sy steun aan die BCVO en beveel by kerkrade aan om by die BCVO te affilieer en waar moontlik die saak op plaaslike vlak uit te bou.**

5. **Witskrif vir onderwys** – Kennis geneem.

5.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**5.1.1 Die Sinode neem kennis van die kommentaar op die Witskrif (Bylae JV4) wat deur die SKK na die regering deurgestuur is.**

**5.1.2 Die Sinode versoek kerkrade om deeglik kennis te neem van die kerkverband se kommentaar op die Witskrif.**

6. **Christelike literatuur vir kinders** – Kennis geneem.

6.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om in samewerking met die Publikasiekommissie te werk aan die daarstelling van Christelike boekies vir kinders.**

7. **Uitbreiding van die kommissie** – Kennis geneem.

7.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur die uitbreiding van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding goed.**

**Die kommissie sal nou bestaan uit 6 lede vir Jeugwerk en Verbondsonderrig, 4 lede vir Opvoeding en Onderwys (wat beide BCVO en VCHO lede insluit) asook 'n lid van die Hersieningskommissie.**

Die samestelling van die kommissie word verwys na die Tydelike Kommissie vir die Samestelling van Kommissies.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Jeug en Opvoeding as twee subkommissies kan vergader en funksioneer om sake af te handel wat op die bepaalde subkommissies se werkterrein voorkom.**
(Dr. JH Ellis; ds. G Pretorius)

8. **Naam van die kommissie** – Kennis geneem.

8.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR SOOS GEWYSIG DEUR AMENDEMENT:

**Die Sinode verander die naam van die Kommissie na die "Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding."**
(Prof. R Marè; prof. FAH van Staden)

9. **Begroting vir 1996** – Staan oor tot by die behandeling van die verslag van die Finansiële Kommissie.

10. **Beskrywingspunte**

10.1 **Ring van Ermelo: Getrouheidseëls** – Kennis geneem.

10.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Ermelo en wys kerkrade daarop dat die bestaande seëls wel getrouheidseëls is. Kinders wat getrou is maar om een of ander rede nie verstandelik kan presteer nie, behoort nog steeds die "gewone" getrouheidseël te ontvang indien die Kerkraad dit so goedkeur.**

10.2 **Ring van Ermelo: Sertifikaat vir Verbondsonderrigvoorgangers** – Kennis geneem.

10.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om (in samewerking met die Publikasiekommissie) 'n sertifikaat te ontwerp en beskikbaar te stel vir Verbondsonderrigvoogde wat vol-**

**gens die Kerkorde en die Riglyne vir die AP kerke ten opsigte van Verbondsonderrig toegerus is.**

10.3 **Ring van Beaufort-Wes: Stigting en ondersteuning van CVO-skole** – Kennis geneem.

**10.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek kerkrade om hulle lidmate aan te moedig om in gemeentes waar nog nie Christelik Volkseie Skole (CVO) bestaan nie, sodanige skole op te rig waar die behoefte bestaan. By gebrek aan plaaslike lewensvatbaarheid versoek die Sinode die kerkrade om lidmate te motiveer om volle steun te gee aan naburige gemeenskappe waar 'n CVO-skool wel reeds bestaan, of in die proses van oprigting is.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit:**

**Kerkrade, Ringe en die BRKA word dringend versoek om sover moontlik Christelike vakansiedae wat nie meer deur die staat in stand gehou word nie, steeds as vakansiedae in ere te hou en deur die dae se Christelike karakter uit te dra 'n getuienis vir God in die wêreld te wees. Hierdie aksie behoort veral in samewerking met plaaslike CVO-skole uitgevoer te word ten einde so die Christelike kultuur te bevorder.**

**Motivering**

1. Dit is uiters noodsaaklik dat die Christelike getuienis in die huidige donker tye as lig sal skyn.
2. Die gemeenskap sal gou leer wanneer ons beskikbaar is. Sien as voorbeeld die Indiërs waar almal weet dat hulle Vrydae op 'n gegewe tyd nie besigheid doen nie.
3. Waar nodig kan vakansiedae selfs uitgeruil word met van die huidige humanistiese vakansiedae soos die Sinode alreeds verneem het moontlik is. (Ds. PG Stans; ds. RW Louw)

10.4 **Ring van Heidelberg: Stigting en oprigting van Pre-Tersiêre en Tersiêre Onderwysinstellings** – Kennis geneem.

**10.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om moontlikhede te ondersoek en tot uitvoering te bring sodat daar koördinasie sal wees tussen AP kerke en Boere-Afrikaner kultuurorganisasies in die daarstelling van Pre-Tersiêre en Tersiêre Onderwysinstellings in verskillende streke, sodat daar nie oorvleueling plaasvind nie.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die BVCO vir die bevordering van Christelike Volkseie Onderwys vanuit 'n gereformeerde grondslag.**

**Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor onderwysers wat bereid is om baie keer onder moeilike omstandighede teen die lae vergoeding ons kinders te onderrig.**
(Ds. JB Trollip; oudl. RJ de Beer)

10.5 **Ring van Lichtenburg: Onderrig aan Universiteite en Kolleges** – Kennis geneem.

**10.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg insake toesig wat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding moet uitoefen oor onderrig aan Kolleges en Universiteite (vergelyk Bylae JV2).**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode dra dit aan die Onderwysbeen van die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding op om, in aansluiting by die beskrywingspunt van Lichtenburg (10.5), 'n gepaste voorlegging oor die geestesrigting (religieuse koers) van die wetenskap in tersiêre inrigtings voor te berei vir die volgende Sinode.**
(Prof. JC Lombard; ds. MC Adendorff)

10.6 **APK Migdol: Wysiging aan Ko. Bep. 44A** – Kennis geneem.

11. **Slot** – Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank dr. Ellis vir die voordra van die verslag.

Prof. A Swart word aan die woord gestel. (Sy rede word as Bylae 2 in die Handelinge opgeneem.)

Mnr. P le Roux, hoof van die Volkskool Magalies word ter vergadering verwelkom. Prof. HS Theron word ter vergadering verwelkom en gelukgewens met vordering in sy studies.

83. **PERSONEELWISSELING**

Die volgende personeelwisselings word goedgekeur en die nuwe personeel word verwelkom:

**APK Villiers: diak. MS Tromp vervang deur diak. I Hattingh**
**APK Greylingstad: oudl. JDH le Roux verskyn ter vergadering**
**APK Greylingstad: oudl. L Ankiewicz word vervang deur oudl. I Pretorius**
**APK Tzaneen: oudl. JM Fouché verskyn ter vergadering**

**APK Groblersdal: oudl. PJ Naude word vervang deur oudl. CJC Graham**
**APK Heilbron: oudl. JC Jacobs word vervang deur oudl. HJ Myburgh**
**APK Outjo: oudl. M van der Spuy verskyn ter vergadering**
**APK Groblersdal: diak. L Jordaan word vervang deur diak. GPJ Coetzee**
**APK Potgietersrus: oudl. JF van Eck word vervang deur oudl. JE Morkel-Brink**
**APK Vrede: oudl. LK Straszacker word vervang deur diak. GJW Theunissen**
**APK Potgietersrus: oudl. CN Smit word vervang deur oudl. B Genis**
**APK Cornelia: oudl. GA Marais word vervang deur oudl. MJ Lourens**
**APK Vereeniging: oudl. MPW Cilliers word vervang deur oudl. JD Müller**
**APK Pretoria-Oos oudl. SA van der Westhuizen word vervang deur oudl. AM Fourie**
**APK Vrede: ds. L de Waal verskyn ter vergadering**
**APK Primrose: oudl. JS Campher word vervang deur diak. FP Stevens**
**APK Carolina: oudl. JH Neethling word vervang deur oudl. WA Edwards**
**APK Theunissen: oudl. HJ Pretorius word vervang deur oudl. FP Grové**
**APK Johannesburg: diak. FJ van Rooyen word vervang deur diak. PGJ Barnard**

Die Voorsitter dra die vergadering se simpatie aan oudl. M van der Spuy oor met die afsterwe van sy skoonmoeder.

Toestemming word aan Volkskool Magalies verleen om kollektelyste onder sinodegangers te sirkuleer.

**NA ENKELE AFKONDIGINGS VERDAAG DIE VERGADERING VIR TEEPOUSE OM 10:37.**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 11:10 NA SAMESANG.**

Prof. R Marè stel 'n boek bekend.

Verskoning word aangebied vir ds. CF Swart van Witrivier wat siek geword het.

Vrae word uit die Sinode i.v.m. Onderwys aan prof. Alkmaar Swart gestel, wat hy beantwoord.

Ds. NJ Rautenbach bedank prof. Alkmaar Swart vir sy inligting oor die BCVO en CVO-skole en sy gesprek met die Sinode.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om die toespraak van prof. Alkmaar Swart in die Handelinge op te neem en in "Die Boodskapper" te laat verskyn.** (Bylae 2)
(Ds. MP Taute; ds. NJ Rautenbach)

**84. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK** (bl. 140)
Ds. DJ Malan dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem.
1.1 **Primarii** – Kennis geneem.
1.2 **Sekundi** – Kennis geneem.
1.3 **Gekoöpteerde lede** – Kennis geneem.
1.4 **Aanvanklike konstituering** – Kennis geneem.
1.5 **Personeelwysigings** – Kennis geneem.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **Opdragte van Sesde Sinode**
3.1 **Hersiening van Psalms** – Kennis geneem.
3.1.1 **Verslag** – Kennis geneem.
3.2 **Voorbereiding van volledige Proefsangbundel** – Kennis geneem.
3.2.1–3.2.1.4 – Kennis geneem.
3.3 **Koorbundel vir die Afrikaanse Protestantse Kerk** – Kennis geneem.
3.3.1–3.3.1.4 – Kennis geneem.
3.4 **Begeleierskursus** – Kennis geneem.
3.4.1–3.4.1.2 – Kennis geneem.

4. **Ander werksaamhede**
4.1 **Artikelreeks oor kerklied** – Kennis geneem.
4.2 **Besinning oor lasgewing** – Kennis geneem.
4.3 **Korrespondensie**
4.3.1–4.3.2.1 – Kennis geneem.

**5. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**5.1 Die Sinode neem kennis van die verslag en werksaamhede van die KKM en keur die Kommissie se handelswyse tot dusver goed.**

**5.2 Die Sinode wysig die lasgewing van die KKM in punt 2 en 7 om soos volg te lui:**

**5.2.1 Punt 2: (nuwe redaksie): "... werk intussen met die ander drie Afrikaanse Kerke van Gereformeerde belydenis saam aan die hersiening van die Psalms en Gesange vir sover dit moontlik is."**

**5.2.2 Punt 7: " ... bied leiding aan orreliste in die plaaslike kerke" (m.a.w. skrap die woorde "via sinodes" omdat dit nie sin maak in ons Kerkverband wat slegs een sinode het nie).**

Liza Rautenbach word in die vergadering verwelkom en sy sing enkele liedere uit die Proefsangbundel asook 'n duet saam met ds. Danie Malan. (Die Kommissie het hier twee verse bygevoeg by die bekende lied in die Gesangboek – Ges. 201.) Sy sing ook uit die Proefsangbundel no. 16, 40 en 45.

Ds. Malan bedank Liza Rautenbach vir haar optrede.

**Voorstel goedgekeur:**

**Die Sinode besluit om by die benoeming van personeel vir die Kommissie vir Kerksang en -musiek nie net kundiges op die terrein van musiek in ag te neem nie, maar ook kundiges op die terrein van dogmatiek om mee te help dat die woorde van nuwere liedere Skrifgetrou en Skrifgefunfundeerd sal wees.**
(Ds. JH van der Walt; oudl. JN de Wet)

5.3 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

**Die volgende amendement word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit: die hele proefsangbundel word na die gemeentes deurgestuur vir gebruik buite die erediens vir kritiese evaluering.**
(Ds. JH Theron; ds. AP Boshoff)

Die volgende amendement word afgekeur:

Die Sinode versoek die kommissie om vyf Proefsangbundels per gemeente beskikbaar te stel vir evaluasie in elke gemeente deur 'n paar mense (lidmate) en die kommissie van kommentaar te voorsien.
(Oudl. DB Lubbe; diak. T Spengler)

**Amendement op 5.3 word goedgekeur:**

**Die Sinode keur dit goed dat Deel I – III van die Proefsangbundel aan alle gemeentes beskikbaar gestel word vir voorafsang voor die erediens.**
(Ds. JJJ Roodt; J Erasmus)

Van die volgende voorstel word kennis geneem:

Die Sinode keur die Proefsangbundel nie goed nie en verwys dit terug na betrokke kommissies om die woorde, boodskap Skriftuurlik te ondersoek vir enige moontlike dwalinge en terugrapportering by die volgende Sinode. Die huidige sinodegangers moet ook die nodige ondersoek doen en hulle kommentaar deurstuur.
(Ds. P Aucamp; ds. JA du Plessis)

**5.4 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode versoek kerkrade om voor 30 November 1996 terugvoering te gee en kommentaar te lewer op die Proefsangbundel en/of wysigings aan die KKM voor te lê.**

5.5 Kennis geneem.

**5.6 AANBEVELING GOEDGEKEUR MET DIEN VERSTANDE DAT DIE KOORBUNDEL EERS AAN DIE SINODE VIR GOEDKEURING VOORGELê SAL WORD:**

**5.6.1 Die Sinode dra dit aan die KKM op om so spoedig moontlik 'n goeie koorbundel vir gebruik in die Afrikaanse Protestantse Kerk die lig te laat sien;**

**5.6.2 'n begeleiersboek so gou moontlik saam te stel;**

**5.6.3 daadwerklike pogings aan te wend om die Psalms te hersien en aan die volgende Sinode te rapporteer.**

5.7 Kennis geneem.

**5.8 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode maan AP kerke om nie meegesleur te word deur sommige, selfs Gereformeerde Kerke, wat die gebruik ontwikkel het om charismatiese jeugdienste te hou nie. Hierdie praktyk bedreig die Gereformeerde kerklied en bring sy voortbestaan in gedrang.**

**5.9 AANBEVELING REEDS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode staan 10 minute per dag af aan samesang – ook uit die Proefsangbundel – en dra dit aan die KKM op om dit te reël ook vir toekomstige sinodes.**

**Die volgende voorstelle word goedgekeur:**

**Die Sinode staan tyd af vir 'n kassetopname van die sinodesang sodat dit oor Radio Pretoria uitgesaai kan word.**
(Ds. DJ Malan; ds. G Venter)

**Die Sinode bedank die klankkontroleur mnr. T Bosch en ds. CD Koen vir die opneem van die sinodesang en uitsaai daarvan oor Radio Pretoria.**
(Ds. DJ Malan; ds. G Venter)

5.10 Kennis geneem – verwys na die FK.

**5.11 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode betuig sy dank teenoor:**

**5.11.1 predikante, sangleiers, begeleiers, orreliste en kerkrade vir hulle aandeel in die bewaring en instandhouding van die Gereformeerde Kerklied en die aanmoediging van gemeentelede om hulle te verlustig in die gemeentesang;**

**5.11.2 die KKM-lede vir hulle lojale en harde werk gedurende die tydperk tussen die Sesde en Sewende Sinode;**

**5.11.3 God Drie-enig wat aan ons die Gereformeerde Kerklied as erfenis gegee het om Hom daarmee te loof.**

**'N VOORSTEL WORD GOEDGEKEUR DAT DANK TEENOOR DIE VOLGENDE PERSONE BETUIG WORD:**

**Lede van die Publikasiekommissie vir waardevolle insette gelewer tydens hul ontmoetingsgesprek met die KKM op 9 Mei 1995.**

**Prof. dr. R Marè vir sy opbouend-kritiese kommentaar, evaluering en voorstelle ter verbete-**

**ring van die oorspronklike proefsangbundel om dit dogmaties (leerstellig) korrek te stel.**
(Ds. DJ Malan; ds. JD van der Merwe)

6. **SLOT** – Kennis geneem.

Daarmee is die verslag afgehandel.

Die Voorsitter bedank ds. DJ Malan vir die verslag, mej. L Rautenbach vir die solosang gelewer, en mev. PJ Cloete vir die begeleiding.

Die Sinode sing die eerste lied op bl. 2 van die Proefsangbundel ná die verslag.

Prof. Marè stel enkele boeke bekend.

**DIE SINODE VERDAAG OM 13:10 NA 'N TAFELGEBED DEUR OUDL. D MARAIS VAN BALFOUR.**

**Na samesang gelei deur mev. Adelaide Boshoff hervat die Sinode sy werksaamhede om 14:10.**

Die Voorsitter bedank mev. Boshoff.

Die vraag of die Permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek of lidmate self die proefsangbundel moet vermenigvuldig, word na die TPk verwys.

85. **PERSONEELWISSELING**

Oudl. JM Lampbrechts asook oudl. OJ Janse van Rensburg, beide van Kuruman, word verwelkom.

86. **EERSTE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE DIE ONDERSKRIF BY DIE KERKNAAM**

Die vergadering word geslote verklaar maar die teologiese studente en administratiewe amptenare – mnre. CJ de la Rey en L Korkie – word tot die vergadering toegelaat.

Dr. CI van Heerden dra die verslag voor aangesien die Voorsitter van die Kommissie, prof. WJG Lubbe, ongesteld is.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Opdrag** – Kennis geneem.

Prof. R Marè gaan voor in ernstige gebed.

3. **AANBEVELINGS**

3.1 **AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode spreek hom uit oor die vraag of daar 'n onderskrif by die kerknaam moet wees, terwyl die volgende in gedagte gehou word:**

**3.1.1 Die kerk se identiteit en karakter word nie deur die onderskrif bepaal nie, maar deur die Kerkorde.**

**3.1.2 Die emosionele en historiese waarde van die onderskrif moet in gedagte gehou word.**

**3.1.3 Die weglating van die onderskrif kan wel bydra tot die kerk se wesenstaak, nl. om die evangelie te verkondig, deurdat deure vir die verkondiging oopgehou word.**

Daar word gestem of 'n onderskrif moet bly of nie.

**Uitslag: Daar moet 'n onderskrif wees. (275 teenoor 49).**

**Volgens reëling van die Voorsitter word slegs die tweede deel van die volgende amendement (m.a.w. vanaf "laat die opsie ...") aan die orde gestel, en die Sinode keur dit goed (uitslag van stemming 338 teenoor 27):**

Behou die onderskrif by die Kerk se naam onveranderd, maar **laat die opsie oop vir gemeentes, lidmate, ens. wanneer hulle wel die onderskrif wil byvoeg al dan nie.**
(Ds. AJ van Niekerk; ds. LH Jacobs)

3.1.1 Kennis geneem.

3.1.2 Kennis geneem.

3.1.3 Kennis geneem.

3.2 **AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode spreek hom uit oor die inhoud van die onderskrif, en besluit:**

**3.2.1 Die onderskrif bly onveranderd: 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners (stemming: 172 teenoor 160).**

3.2.2 tot 3.2.9 verval na goedkeuring van 3.2.1.

Oudl. GP Bezuidenhout (APK Thabazimbi) spreek sy kommer uit oor die etiese korrektheid van 'n opsionele gebruik van die onderskrif by die naam van die Kerk.

**Die Sinode besluit dat 'n voorstel hieroor by die 2de verslag van die ad hoc-kommissie ingedien kan word.**

**DIE SINODE VERDAAG VIR TEE/KOFFIE OM 16:15.**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 16:48**

87. **EERSTE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE DIE ONDERSKRIF BY DIE NAAM VAN DIE KERK** (vervolg)

Die vergadering bly geslote en hervat sy werk.

Die Voorsitter versoek dat 1. vertroulikheid te alle tye gehandhaaf word; 2. die Mediaverslag niks sal bevat van die besluit van die vergadering insake die onderskrif by die Kerknaam nie.

3.3 **AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**KO. Art. 3 Die Sinode dra dit aan hierdie Kommissie op om die Sinode te dien met 'n voorstel**

**i.v.m. KO. Art. 3 in die lig van wat besluit is by 3.2.1 hierbo.**

4. Kennis geneem.

Hiermee is die verslag afgehandel.

Hierna verklaar die Voorsitter die vergadering weer oop.

Die Voorsitter reël i.v.m. die Nagmaal dat die sittingsure met 'n halfuur verleng word sodat die Nagmaal direk na aandete kan begin.

88. **VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE** (bl. 91)

Die Ondervoorsitter, prof. FAH van Staden, neem die voorsitterstoel in. Ds. L Skein dra die verslag voor.

1. **Personeel**

1.1 **Primarii** – Kennis geneem.

1.2 **Sekundi** – Kennis geneem.

2. **Lasgewing** – Kennis geneem.

3. **Vergaderings** – Kennis geneem.

4. **Sake behandel**

4.1 **Opdragte vorige Sinode** – Kennis geneem.

4.2 **Beskrywingspunte**

4.2.1 **Ring van Dendron: Begrafnisse** – Kennis geneem.

4.2.1.1 **Aanbevelings**

**4.2.1.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.**

**Motivering** – Kennis geneem.

4.2.1.1.2–4.2.1.1.2.2 – Kennis geneem.

4.2.2 **Ring van Somerset-Oos: Kleredrag van ampsdraers** – Kennis geneem.

**4.2.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode neem bloot kennis van die beskrywingspunt oor die kleredag van ampsdraers en wys op die sinodebesluit van 1990: Wanneer 'n leraar amptelik optree tydens eredienste, dra hy 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das (Handelinge van die Vierde Sinode, bl. 676, punt 12.2.1), asook sinodebesluit van 1993: Die Sinode besluit om by die status quo te hou wat betref die kleredrag van ampsdraers in die AP Kerk (Handelinge van die Sesde Sinode, bl. 266: goedgekeurde amendement).**

5. **Slot** – Kennis geneem.

Die Ondervoorsitter bedank ds. Skein vir die voordra van die verslag.

Hiermee is die verslag afgehandel.

89. **VERSLAG VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE** (bl. 144)

Prof. R Marè dra die verslag voor.

1. **Lede** – Kennis geneem.

**1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om, met handhawing van die beginsel van kontinuïteit, die Pk. se huidige vyf lede tot sewe te vermeerder en drie sekundi aan te wys.**

**Motivering** – Kennis geneem.

2. **Lasgewing** – Kennis geneem.

Dr. CI van Heerden bring onder aandag van die vergadering 'n sekere ongelukkigheid by sommige skrywers oor onder meer manuskripte wat baie lank by die Pk. lê. Prof. Marè gee 'n verduideliking.

**2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit**

**2.1.1 om lasgewing 1.3 van die Pk. soos volg uit te brei (die huidige 1.3 word onderstreep):**

**<u>die publisering en bemarking van alle publikasies waarop 'n sinode besluit.</u> Alvorens enige publikasie wat in opdrag van 'n sinode moet verskyn, maar wat hy nie self in finale vorm goedgekeur het nie, gepubliseer word, lê die Pk. die toets van Algemene Bepaling 4 (KO 1994, bl. 105) aan en beoordeel of sodanige publikasie die APK skade kan aandoen. Aangesien die Pk. die verantwoordelikheid vir publikasie het, moet alle publikasies wat deur wie ook al via die Pk. moet verskyn, bogenoemde toets kan deurstaan;**

**2.1.2 dat hierdie besluit as 'n sinodebesluit van krag word by die publisering van die Handelinge van die Sinode.**

Op 'n vraag antwoord prof. R Marè dat kommissies self verantwoordelik is vir die daarstelling van publikasies en dat die Pk. net die toets van Algemene Bepaling 4 aanlê soos bv. met die 10-jarige feesbundel wat die SKK moet opstel.

**Die volgende voorstelle word goedgekeur:**

**Die Sinode versoek die TKKS om advies voor te lê of die lasgewing van kommissies soos dit daar uitsien na die rasionalisasie van kommissies, nog formeel deur die Sinode goedgekeur moet word.**
(Ds. MC Adendorff; ds. DJ van der Linde)

**Die Sinode verwys pt. 7 van die lasgewing van die Pk. (KO. boek bl. 117) na die TKKS om on-**

**dersoek in te stel of die huidige formulering nie in stryd is met die reglement van die BRKA nie.**
(Ds. MC Adendorff; ds. NJ Rautenbach)

2.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om punt 1.5 (insake Bybelverklaring en Bybelkommentare) van die Pk. se lasgewing (KO 1994, bl. 115) te skrap aangesien die wese van dié lasgewing reeds vervat is in die voorafgaande punt 1.4.**

3. **Personeel** – Kennis geneem.

3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met waardering kennis van die belangrike werk wat mev. Judith Erasmus as Rekenaaroperatrise, en mnr. Braam Coetzee as Versendingsklerk in die APK se Boekwinkel verrig. Omdat die Boekwinkel een van die hooffronte van die Sentrale Kerkkantoor se kommunikasie met ons lidmate is, heg die Sinode hoë waarde aan hulpvaardigheid en hoflikheid by sy Boekwinkelpersoneel.**

3.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met waardering kennis dat mev. Alta Britz sedert haar diensaanvaarding op 1 Februarie 1994 as Sekretaresse vir Publikasies, met haar ervaring, kundigheid en toewyding, waardevolle diens aan die Pk. gelewer het.**

4. **Bemarkingskomitee** – Kennis geneem.

5. **Vergaderings** – Kennis geneem.

6. **Rigtingwysers vir gebruik** – Kennis geneem.

7. **Begroting** – Kennis geneem.

7.1 **Aanbeveling** – Staan oor tot by behandeling van FK.-verslag

8. **Verslag van die subkommissie vir Bybelverklaring – Bylae Pk2 (bl. 154)**

Die inhoud van Bylae Pk2 word in behandeling geneem.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **Opdragte van Sinode**

3.1–3.4 – Kennis geneem.

4. **Uitvoering**

4.1–4.4 – Kennis geneem.

4.5 **Interne keuring van publikasies**

4.5.1–4.5.3 – Kennis geneem.

5. AANBEVELINGS

5.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur goed dat die Subkommissie vir Bybelverklaring 'n selfstandige sinodale kommissie (nie 'n subkommissie van die Pk. nie) sal wees, bestaande uit 8 lede. Die besluit tree onmiddellik in werking.**

**Motivering 5.1.1–5.1.4** – Kennis geneem.

5.2 **Lasgewing** – Kennis geneem.

5.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur goed dat die Subkommissie vir Bybelverklaring se begroting (soos deurgestuur na die FK) saam met die FK se begroting behandel en soos die Sinode besluit, goedgekeur word.**

6. **Opmerking en aanbeveling van die Pk.**

6.1 **Kennis geneem.**

6.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur goed dat die uittredende Subkommissie vir Bybelverklaring sy konseplasgewing vir 'n selfstandige Kommissie vir Bybelverklaring, ná advies deur die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake, aan die huidige Sinode vir goedkeuring voorlê.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode keur goed dat die Tydelike Kommissie vir Kommissies dadelik 'n Kommissie van 8 lede benoem.**

Hiermee is die Subkommissie-verslag afgehandel.

Die Voorsitter neem weer die stoel in en reël dat die stemopnemers die kollekte vir die Willie Lubbe Studiefonds nou sal opneem. R5325 word hiervoor ingesamel.

Met dank deur die Sinode kennis geneem.

90. **NOTULE**

**Die notule van die tweede sittingsdag, bl. 10–34 word in behandeling geneem, regstellings word gemaak en die notule word goedgekeur.**

91. **VERLOFAANSOEKE**

Die Voorsitter van die Verlofkommissie lê die volgende verlofaansoeke voor en dit word goedgekeur:

**JA Jacobs, APK Bainsvlei, 19:30–21:00, 6/9/1995**
**N Jacobz, APK Reitz, 19:30, 6/9/1995**
**JJ Lategan, APK Worcester, 7/9/1995**

DR van Tonder, APK Vaalwater, 13:00– 21:00, 7/9/1995
JN de Wet, APK Cullinan-Rayton, 13:00– 21:00, 7/9/1995
AE van den Berg, APK Moot-Sentraal, 10:30– 12:30, 7/9/1995
CF de Lange, APK Thabazimbi, 14:00– 18:00, 7/9/1995
PJ van Rensburg, APK Hoëveldrif, 14:00–18:00, 7/9/1995
D Coetzee, APK Bethlehem, 17:30, 7/9/1995 tot 07:00, 8/9/1995
CF le Roux, APK Rustenburg, 19:00 7, 8, en 9/9/1995
D Jacobs, APK Marble Hall, 16:00, 7/9/1995
TJ Verryne, APK Hluhluwe, 7–9/9/1995
JL Bouwer, APK Reivilo, 14:00, 7–9/9/1995
JO van Niekerk, APK Reivilo, ???
GJ Anderson, APK Marken, 21:00 7– 9/9/1995
BR Coetzee, APK Venterstad, 17:00–21:00, 8/9/1995
JHC Lordan, APK Louis Trichardt, 08:00–13:00, 8/9/1995
R Harding, APK Warden, 13:00, 8–9/9/1995
DJ van der Linde, APK Ellisras, 14:00– 18:00, 8/9/1995
L Jooste, APK Ellisras, 8, 9/9/1995
J Jacobs, APK Bainsvlei, 08:00–11:00, 9/9/1995
RF van Heerden, APK Hopetown, 08:00, 8–9/9/1995
FWJW Labuschagne, APK Bloemhof, 08:00–11:00, 9/9/1995
JJJ Roodt, APK Bloemhof, 08:00–11:00, 9/9/1995
HE von Wielligh, APK Keetmanshoop, 08:00–11:00, 9/9/1995
AB Loftie Eaton, APK Keetmanshoop, 08:00–11:00, 9/9/1995
BJM Rossouw, APK Bethlehem, 17:30– 21:00, 7/9/1995

92. MEDIAVERSLAG

Die volgende mediaverslag word goedgekeur:

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het op die vierde dag van sy sitting in Akasia kerkrade versoek om lidmate doelgerig aan te moedig om Christelik-volkseie skole vir hul kinders te kies en te ondersteun.

Dié skole moet vakonderwys in 'n Christelike milieu aanbied. Waar sulke skole nie bestaan nie, versoek die Sinode verbondsouers om alles in hul vermoë te doen om sodanige skole te stig en selfs oor te gaan tot huisskole aangesien ouer kinders in die toekoms moontlik nie meer skoolpligtig sal wees nie. Daar kan ook aan rekenarisering en korrespondensiekursusse gedink word.

Kerkrade en ringe moet help om die opleiding van onderwysers in Christelike vakwetenskappe te bevorder ten einde te verseker dat dooplidmate deur Christelike onderwysers op alle vakgebiede onderrig word.

Verbondsouers moet ook geïnspireer en ondersteun word in hul verantwoordelikheid om ingevolge hul dure doopbelofte Christelike Bybelonderrig en -vakonderrig tot beskikking van hul kinders te stel.

Die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding wys in sy kommentaar van die APK op die Konsepwitskrif oor onderwys en opleiding van die Nasionale Ministerie van Onderwys in 'n Demokratiese Suid-Afrika daarop dat die Christenouer daarop geregtig is om onderwys binne volksverband volgens die Christelikvolkseie lewens- en wêreldbeskouing, wat in die moedertaal onderrig word, vir sy kind op te eis.

Hierdie toegekende mensereg moet aan die Christenbelyer in ons land voluit gegun word as ons glo aan demokrasie. Dit is trouens ook in ooreenstemming met die eise van die "Freedom Charter" wat lui dat alle mense gelyke regte sal hê om sy eie taal te gebruik en om hul eie volkskultuur en gewoontes te ontwikkel. Of hierdie mensereg ons beskore gaan wees en of die Regering van Nasionale Eenheid dit blatant gaan verwerp, sal net die tyd ons leer.

Die Kerk is besorg oor sekere standpunte wat in die Witskrif insake staatsondersteunde skole ingeneem word, onder meer die blote volmaak van skole, ongeag die godsdienstige oortuigings of kulturele en taalagtergrond van leerlinge wat beteken dat die etos en karakter van sulke skole in gevaar gestel word.

Die reg van bestuursliggame om toelatingsbeleid op grond van taal, godsdiens en kultuur te bepaal, moet nie aangetas word nie. Sonder só 'n bevoegdheid kan geen bestuursliggaam uiteraard 'n eie etos en karakter vir sy skool bepaal nie.

Dit word wêreldwyd erken dat die ouer die primêre opvoeder van sy kind is. Die APK maak aanspraak hierop.

Ingevolge die Witskrif besluit die Staat oor die soort onderwys wat vir ons kinders aangebied word.

Waar die Staat dit erns het dat die waardes van die eenheid van die nasies se gemeenskaplike burgerskap bevorder moet word deur die onderwys, is dit 'n vergryping aan die reg van die ouer. So 'n gedagte is nie op opvoedkundige beginsels gegrond nie, maar is die bevordering van die politieke en ideologiese standpunte van die Regering.

Die Sinode het sy steun aan die Beweging vir Christelik-volkseie onderwys beklemtoon en kerkrade gevra om by die BCVO te affilieer en waar moontlik op plaaslike vlak uit te bou.

Prof. Alkmaar Swart het die Sinode toegespreek oor die grondslae van Christelik-volkseie onderwys en die stigting van privaat CVO-skole as bolwerk teen die geestelike aanslag op ons kinders.

Waar die aanslag vroeër teen ons voorouers deur Somerset en Milner verengelsing was, is dit nou die vorming van 'n nuwe veelrassige nasie. Met dié doel voor oë word dit onmoontlik om suiwer Christelik-volkseie onderwys in die Staatskole te verseker soos wat dit in die verlede moontlik was.

Ná jarelange studie en navorsing het die Kerk nou 'n Proefsangbundel. Dit bevat 'n 82–tal liedere waarvan 18 reeds gekeur is, 36 waaraan nog "geskaaf" word en 20 verwerkte Gesange. Hierdie bundel gaan aan gemeentes gestuur word om tydens voorafsang by eredienste gebruik te word en dan kritiese kommentaar daarop te lewer aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek voor November aanstaande jaar.

In die meeste gevalle is van reeds bestaande melodieë gebruik gemaak en in enkele gevalle is nuwe eietydse liedere geskep.

Johannes Calvyn, vader van die Gereformeerde kerkleer, het dit beskryf as die tregter waardeur die kerklied in die hart van die sondaar ingegiet word. Omdat dit ook 'n gesonge gebed is in teenwoordigheid van God en sy engele wat dus net die beste moet wees, en omdat die woorde en die wysie 'n lied uitmaak en mekaar dus komplementeer (die wysie is die diensmaagd van die woorde), daarom is die skep van die kerklied 'n uiters moeilike en moeisame taak. (Omdat die bundel nog nie finaal afgerond is nie en veranderinge kan ondergaan, word die Proefsangbundel met groot omsigtigheid deur die Sinode aan die gemeentes bekendgestel, sê ds. Danie Malan, Skriba van die Kommissie vir Kerksang en -musiek.)

Die Sinode het die Kommissie versoek om so spoedig moontlik ook 'n koorsangbundel vir gebruik die lig te laat sien, asook 'n begeleiersboek saam te stel.

Die Kommissie is ook versoek om 'n daadwerklike poging aan te wend om die Psalms te hersien en aan die volgende Sinode verslag te doen.

Die Sinode het AP kerke ook gemaan om nie meegesleur te word deur sommige, selfs Gereformeerde Kerke, wat die gebruik ontwikkel het om charismatiese jeugdienste te hou nie. Hierdie praktyk bedreig die Gereformeerde kerklied en bring sy voortbestaan in gedrang.

Die Kommissie word bedank vir die verslag.

Op versoek stel prof. R Marè sy boek "Die ouderling en diaken in die APK" bekend.

**NA 'N TAFELGEBED DEUR OUDL. JJ DE JAGER VERDAAG DIE SINODE VIR AANDETE OM 18:30**

Die sinodegangers vergader om 19:30 saam met die plaaslike kerk in die kerkkompleks van APK Wonderboom om 'n Nagmaalsdiens op uitnodiging van die kerkraad by te woon.

Prof. WJG Lubbe lei die diens.

Lofsang: Ps. 9:1, 5 en 7.

Skriflesing: Mt. 26:14–16; Jn. 13:2; Lk. 22:1–6, 49 en 48; Mt. 27:3–5.

Na afloop van die prediking lei ds. RMJ Britz, die plaaslike leraar die verrigtinge by die tafel.

Slotsang: Ges. 327 verse 1–4.

# 8 SEPTEMBER 1995 – VYFDE SITTINGSDAG

**OGGENDSESSIE 08:00**

Die voorafsang word deur ds. JH Theron gelei waarna oudl. BJM Rossouw van APK Bethlehem die bidstond lei.

Hy laat sing Ges. 10:1 en 3, doen 'n gebed en lees Gn. 27:1–10 en Jer. 29:1–10. Oudl. Rossouw spreek 'n paar stigtelike woorde waarna 'n paar gebede volg. Ten slotte word Ges. 80:4 gesing.

'n Aantal afkondigings word deur die Voorsitter gedoen.

Die vergadering neem met leedwese kennis dat die Skriba, ds. MC Adendorff, in die hospitaal opgeneem is. Verlof word aan hom toegestaan vir die res van die sitting.

Die Voorsitter versoek ds. LD Pienaar om die Hulpskriba behulpsaam te wees met die skribaat.

93. **VERSLAG VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (vervolg)** bl. 145

9. **Sinodale publikasies**

9.1 **"Die Boodskapper" en "Jeugboodskapper"** – Kennis geneem.

9.2 **Oorsig van gepubliseerde sinodale publikasies** – Kennis geneem.

9.2.1 **Handelinge van Sesde Sinode** – Kennis geneem.

9.2.2 **Kerkjaarboek 1994 en Kerkjaarboek 1995** – Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Kerkjaarboek**

1. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Publikasiekommissie vir die voortreflike uitgawes van die Kerkjaarboek.**
2. **Die Sinode doen 'n dringende beroep op die *kerkraadslede* en *lidmate* om die Kerkjaarboek *aan te skaf* omdat dit in huisgodsdiens gebruik kan word tot opbouing van die *geestelike*- en geloofslewe van ons lidmate.**
(Dr. CI van Heerden; oudl. SL van Rensburg)

Op navraag onderneem prof. Marè om die wenk aan die volgende Pk. deur te gee dat die woorde "Die Uitgewer vereenselwig hom nie noodwendig ..." op die kolofonbladsye van publikasies uitgebrei sal word met 'n verklaring dat die Uitgewer wel die publikasies gekeur het.

9.2.3 **Kerkorde 1994** – Kennis geneem.

9.2.4 **Skriflig op Kerk en Volk** – Kennis geneem.

9.2.5 **"'n Volwasse Man"** – Kennis geneem.

9.3 **Sinodale publikasies ter perse**

9.3.1 **Sakelys van Sinode September 1995** – Kennis geneem.

9.3.2 **Teologiese Tydskrif** – Kennis geneem.

9.3.2.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

**Die Sinode stap hiervan af as gevolg van 'n ordemosie van prof. FAH van Staden.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur: Die Sinode besluit dat heel voor of heel agter in die Kerkjaarboek al die tersaaklike adresse en telefoonnommers van die Kerkkantoor en die Voorsitters van die Kommissies, duidelik gedruk sal word.**
(Ds. NJ Groenewald; ds. GG le Roux)

9.4 **Sinodale publikasies in proses**

9.4.1 **Kerkjaarboek 1996** – Kennis geneem.

**9.4.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om lidmate se aandag herhaaldelik te vestig op die waarde van die Kerkjaarboek: op sy rykdom aan inligting oor ons kerkverband en ons kerke, maar veral op sy waardevolle Bybelse Dagstukkies. Dagstukkies waarin die Woord van die Here elke maand uit 'n ander Bybelboek spreek. Dagstukkies wat elke siel se omgang met die Here sal verryk.**

9.4.2 **Proefsangbundel** – Kennis geneem.

Op versoek van die Voorsitter verduidelik die Aktuarius wat die implikasies van die aanvaarding van die sangbundel as amptelike proefsangbundel van die APK is, nl. dat net hierdie bundel in die plaaslike kerke (tesame met die Psalm- en Gesangeboek) buite eredienste gebruik mag word, vanaf die datum van verskyning van die proefsangbundel. Geen ander bundel (bv. die Hallelujaboek of bundels wat plaaslik saamgestel is) mag dan langer gebruik word nie.

Die Voorsitter sluit by die Aktuarius aan en beklemtoon die feit dat net die APK-Proefsangbundel in gemeentes buite eredienste gebruik mag word.

9.5 **Verbondsonderrig en diverse publikasies** – Kennis geneem.

9.5.1 **Leerboeke** – Kennis geneem.

9.5.2 **Lesgidse** – Kennis geneem.

9.5.3 **Geskenkreeks** – Kennis geneem. (Daar is dertien boekies en nie twaalf nie.)

9.5.4 **Sertifikate, kaarte en seëls** – Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

KINDERBYBEL

**Die Sinode besluit om dit op te dra aan die Publikasiekommissie om in te gaan op die moontlikheid om vir ons kinders 'n Kinderbybel daar te stel wat voldoen aan ons gereformeerde beleid.**
(Ds. CJJ van Rensburg; oudl. HCG Bester)

10. **Ander publikasies** – Kennis geneem.

10.1 **Oorsig van gepubliseerde publikasies** – Kennis geneem.

10.2 **Tantième** – Kennis geneem.

10.3 **Oorsig oor publikasies ter perse** – Kennis geneem.

10.4 **Oorsig oor publikasies wat tans in proses is** – Kennis geneem.

11. **Diverse publikasies** – Kennis geneem.

12. **Aankope van nie-APK publikasies vir herverkope deur APK boekwinkel** – Kennis geneem.

13. **Bemarking van publikasies** – Kennis geneem.

14. **Ondersoek na die stigting van 'n selfstandige uitgewersmaatskappy** – Kennis geneem.

14.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Tot tyd en wyl genoemde ondersoek afgehandel is en 'n toekomstige sinode 'n finale besluit daaroor geneem het, besluit die Sinode dat publikasies voortaan nie meer onder "Die Publikasiekommissie, Afrikaanse Protestantse Kerk" uitgegee sal word nie, maar wel onder 'n naam waarop hierdie Sinode besluit.**

AANVULLENDE VERSLAG (BYLAE PK 3) wat as los stuk by die Sinode beskikbaar gestel is, word nou in behandeling geneem (ook agter in Handelinge opgeneem):

1. **Personeel** – Kennis geneem.
2. **Vergaderings** – Kennis geneem.
3. **Sinodale publikasies** – Kennis geneem van die hele punt 3.

3.4 **Hersiening van sinodale publikasies**

3.4.1 **Skriflig op Kerk en Volk**

3.4.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat**

**a. die Sinodale publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" so gou moontlik hersien en indien moontlik nie later nie as 30 April 1996 weer op die mark gebring moet word;**

**b. 'n vertaling in Engels van die beoogde hersiene uitgawe nie later nie as 31 Augustus 1996 gepubliseer moet word, indien moontlik. Vir hierdie beoogde vertaling moet die vertaalwerk wat reeds deur die vorige Publikasiekomitee aangevoor is, benut word;**

**c. as ad hoc-hersieningskommissie die volgende moet optree: die professore van die Teologiese Skool, een verteenwoordiger van elke permanente sinodale kommissie (PSK) deur so 'n PSK self aangewys en die Pk. as geheel;**

**d. as saamroeper van die ad hoc-hersieningskommissie die Voorsitter van die permanente Pk. moet optree.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**e. Voor in die hersiene uitgawe moet gemeld word: Die publikasie is deur die ondertekenaars hersien in opdrag van die Sewende Sinode (1995)** – Goedgekeur.

3.5 **Verbondsonderrig en diverse publikasies**

3.5.1–3.5.3 – Kennis geneem.

4. **Ander publikasies** – Kennis geneem.

5. **Diverse publikasies** – Kennis geneem.

6. **Ondersoek na die stigting van 'n selfstandige uitgewersmaatskappy** – Kennis geneem.

7. **Nuwe uitgewersnaam** – Kennis geneem.

7.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Na byvoeging van die name Verbi Veritas, Pro Basilea en Photismos by die kortlys aanbeveel deur die Pk., t.w. Lig in Duisternis, Brookshuis-uitgewers en Lux in tenebris, stem die vergadering per stembrief en daar word besluit op Lig in Duisternis as die nuwe uitgewersnaam.**

8. **Verteenwoordigers op die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans** – Kennis geneem.

8.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om twee verteenwoordigers te benoem, een woonagtig in die omgewing van Kaapstad en een woonagtig in die omgewing van Pretoria, sodat die persoon naaste aan die vergaderplek van die komitee, nl. Kaapstad of Kempton Park, die vergadering kan bywoon. (Die reiskoste van afgevaardigdes**

**na gewone vergaderings word deur die kerkverbande gedra.)**

**Die Sinode besluit dat die afgevaardigdes na die betrokke Streeksrade van die Bybelgenootskap en hierdie verteenwoordigers dieselfde persone kan wees.**

9. **Indeks** – Kennis geneem.

10. **Dankbetuiging** – Kennis geneem.

**Bylae PK1A – Aanvullende verslag aan die Sinode i.v.m. "Die Boodskapper" en "Die Jeugboodskapper" vir die tydperk 1 Mei – 31 Augustus 1995 (aangeheg by Bylae Pk3)** – Kennis geneem van die hele bylae.

Hierna word teruggekeer na die behandeling van die Pk.-verslag in die Sakelys, bl. 149.

15. **Die BRKA en die inwin van regsadvies oor sake op die Pk. se terrein** – Kennis geneem.

15.1 **Aanbeveling** – Afgehandel (kyk onder paragraaf 59, bl. 243-4 en bl. 297 pt. 7.2 (2de TKKS-verslag).

16. **Weglating van die onderskrif by die naam van die APK** – Afgehandel.

16.1 **Aanbeveling** – Afgehandel. (Dit is saam met punt 6.15.1 op bl. 137 in die Sakelys na die ad hoc-kommissie i/s die Kerknaam verwys, en afgehandel onder paragraaf 86 in die notule.)

17. **Diensooreenkoms met die Eindredakteur van "Die Boodskapper"** – Kennis geneem.

18. **Beskrywingspunte**

18.1 **Ring van Suidkus: Meer preekbundels gevra** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur die beskrywingspunt wat soos volg lui, goed: Die Sinode doen weer eens 'n beroep op APK predikante om nog preekbundels vir gebruik by leesdienste te skryf.**

18.2 **Ring van Stellenbosch: Beskikbaarstelling van Christelike leesstof vir gemeentes** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.**

**Motivering** – Kennis geneem.

18.3 **Ring van Suidkus: Beroep op predikante van die APK om preekbundels voor te berei** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

18.4 **Ring van Suidkus: Uitnodiging aan leraars om preke by te dra tot 'n nuwe APK-preekbundel** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur die beskrywingspunt wat soos volg lui, goed: Die Sinode rig 'n uitnodiging aan die leraars van die APK en ook aan die ouderlingerade om een of meer van die beste preke van die leraar na die Pk. te stuur vir die samestelling van 'n preekbundel wat die hele Christelike kerkjaar sal dek.**

18.5 **Ring van Dendron: Erkenning van die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans** – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

19. **Dankbetuiging** – Kennis geneem.

BYLAE PK 1 – VERSLAG I.V.M. "DIE BOODSKAPPER" EN "DIE JEUGBOODSKAPPER"

1. **Redaksie: "Die Boodskapper" en "Die Jeugboodskapper"**

1.1 Kennis geneem.

1.2 Kennis geneem.

2. **Dankbetuiging**

2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode boekstaaf sy hoë waardering vir die betekenisvolle en kundige diens wat die Redaksie en Medewerkers van "Die Boodskapper" ("DB) en "Die Jeugboodskapper" ("DJB") so onbaatsugtig aan ons hele AP Kerk gelewer het sedert die vorige Sinode (1993).**

2.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode betuig sy waardering vir die bekwame en toegewyde arbeid wat eers mev. Susan Marè (1 Junie 1993 – 31 Desember 1994) en later mev. Tissa van Lille (sedert 1 Januarie 1995), elk op eie wyse, as sekretaresse vir "DB" en "DJB" gelewer het.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

MOSIE VAN DANK EN WAARDERING

**Die Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor prof. WJG Lubbe vir sy persoonlike ywer, entoesiasme, insette en professionalisme oor die jare om van "Die Boodskapper" 'n blad van hoogstaande gehalte te maak.** (Oudl. AJ van der Nest; ds. AP Viljoen)

3. **Aantal vergaderings** – Kennis geneem.

4. **Getal uitgawes verskyn en verpreiding** – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**4.1 Die Sinode besluit dat "DB" en "DJB" 10 keer per jaar verskyn, nl. al die maande van die jaar, behalwe Julie- en Desembermaand.**

**4.2 Die Sinode besluit dat "DB" gemiddeld 20 bladsye beslaan en dat "DJB" steeds vier bladsye beslaan.**

5. **Oplaag** – Kennis geneem.

6. **Kostes** – Kennis geneem.

7. **Intekening op "DB" gedurende 1993, 1994, 1995**

7.1–7.3 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

**7.3.1 Die Sinode heg groot waarde aan "DB" en "DJB" as amptelike en nie-amptelike kommunikasiemiddele in ons kerklike geledere.**

**7.3.2 Die Sinode herhaal derhalwe oproepe van vorige sinodes op elke kerkraad om "DB" elke besoekpunt in sy gemeente te laat bereik. Daarby versoek die Sinode kerkrade om toe te sien dat een eksemplaar van "DJB" binne bereik van elke Verbondskind gebring word. Kerkrade word nog eens versoek om addisionele eksemplare (gratis) te bestel vir bekendstelling van die APK aan belangstellendes.**

**7.3.3 Die Sinode versoek elke kerkraad weer eens om sy intekengeld op "DB" (wat reeds deur die Sinode gesubsidieer word), getrou te betaal. Waar 'n kerkraad die verskuldigde intekengeld nie kan bybring nie, bied die Sinode hom weer, soos in die verlede, die geleentheid om 'n geldelike bydrae na die beste van sy vermoë (i.p.v. die verskuldigde intekengeld) tot "DB" te maak.**

7.4 **Gemeentes wat geen intekengeld of geldelike bydraes lewer nie** – Kennis geneem.

7.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met teleurstelling kennis van gemeentes wat agterstallig is met hul intekengeld of geldelike bydraes tot "DB", ondanks herhaalde herinneringe. Die Sinode versoek die betrokke Ringe om dringende aandag aan hierdie saak te skenk. (Aanbeveling 7.3.1–7.3.3 en 7.4.1 moet in die Herderlike brief en die brief aan kerkrade opgeneem word.)**

8. **Advertensies** – Kennis geneem.

9. **Toesig van Pk. oor "DB" en "DJB"** – Kennis geneem.

10. **Vergoeding vir bydraes by wyse van geskrif of foto**

10.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**'n Bydraer word vergoed op die basis van R100 (eenhonderd rand) per gepubliseerde bladsy en pro rata vir 'n gedeelte van 'n bladsy. Vir 'n foto wat dieselfde ruimte in beslag neem as 'n skriftelike bydrae word dubbeld soveel vergoed.**

10.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Nie meer as R1 900–00 gemiddeld per uitgawe word aan vergoeding vir bydraes (by wyse van geskrif of foto) bestee nie.**

10.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Uitgawes aan vergoeding (kyk Aanbeveling 10.1 en 10.2) mag nie meer as R19 000–00 per jaar beloop nie. (Na verwagting sal dié bedrag vir ongeveer 80% deur advertensie-inkomste gedek word.)**

10.4 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Hierdie basis van vergoeding tree in werking vanaf die eerste uitgawe van "DB" en "DJB" wat verskyn ná die huidige sinodesitting. Dit sal na verwagting die uitgawe van Oktober 1995 wees.**

**Motivering** – Kennis geneem.

11. **Onderskrif by amptelike naam van die Kerk** – Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

94. **DIE VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE** (bl. 156)

Ds. CF Swart, Voorsitter van die FK, dra die verslag voor.

**Die volgende voorstel word na die SKK vir oorweging verwys: Die Finansiële Kommissie se verslag moet tydens die volgende Sinode op die 2de dag van die Sinode dien, dan wel ook in die voormiddag.**
(Ds. JA Jacobs; ds. DJ van der Linde)

Ds. LD Pienaar wys op enkele berekeningsfoute en verstrek die korrekte syfers.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Lasgewing** – Kennis geneem.

2.1 **Begrotingsbeheer** – Kennis geneem.

2.2 **Inbetalings van gemeentes** – Kennis geneem.

2.3 **Begroting** – Kennis geneem.

2.4 **Advies aan kommissies** – Kennis geneem.

2.5 **Advies aan kerkrade en ringe** – Kennis geneem.

2.6 **Verslag van geouditeerde state** – Kennis geneem.

2.7 **Besteding van kommissies** – Kennis geneem.

2.8 **Advies aan kommissies** – Kennis geneem.

2.9 **Dokumentasie** – Kennis geneem.

2.10 **Riglyne vir begroting** – Kennis geneem.

2.11 **Traktementskaal vir predikante** – Kennis geneem.

2.12 **Reiskostetariewe** – Kennis geneem.

3. **Opdragte van vorige sinode**

3.1 **Vyfde dosent** – Kennis geneem.

3.2 **Willie Lubbe Studiefonds** – Kennis geneem.

3.3 **APK Trustfonds** – Kennis geneem.

3.4 **Kommissies** – Kennis geneem.

3.5 **Besparing** – Kennis geneem.

3.6 **Interne ouditeur** – Kennis geneem.

3.7 **Gegewens oor pensioenuitbetalings** – Kennis geneem.

3.8 **Mediese Skema** – Kennis geneem.

3.8.1–3.8.5 – Kennis geneem.

3.9 **Dekking vir plaaslike kerke in geval van afsterwe van leraar** – Kennis geneem.

3.10 **Beleggings by BRKA**

3.10.1 **Opdrag** – Kennis geneem.

3.10.2 Kennis geneem.

**3.10.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Aangesien die BRKA nie meer afhanklik is van 'n bankoortrekking nie, het die behoefte aan beleggings uit gemeentes verval.**

4. **Geouditeerde state van 1993 en 1994** – Kennis geneem.

4.1 **Voorwoord van die Voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie** – Kennis geneem.

4.2 **Ouditeursverslag aan die lede van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie** – Kennis geneem.

4.3 **Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 1994** – Kennis geneem na beantwoording van enkele vrae.

4.4 **Balansstaat op 31 Desember 1994** – Kennis geneem.

4.5 **Opmerking oor balansstaat** – Kennis geneem.

4.6 **Aantekeninge vir die jaar geëindig 31/12/1994**

4.6.1 **Rekeningkundige beleid** – Kennis geneem.

4.6.1.1 **Rekeningkundige grondslag** – Kennis geneem.

4.6.1.2 **Vaste bates en waardevermindering** – Kennis geneem.

4.6.1.3 **Publikasievoorraad** – Kennis geneem.

4.6.2 **APK Jeugtuiste** – Kennis geneem.

4.6.3 **Alimentasiefonds** – Kennis geneem.

4.6.4 **APK Trustfonds** – Kennis geneem.

4.6.5 **Publikasiefonds** – Kennis geneem.

Op hierdie stadium word mnr. P Korsten van AMK Technologies aan die woord gestel in verband met die missie van die AMK.

Ds. LD Pienaar bedank mnr. Korsten.

Afkondigings word gedoen asook die volgende personeelwisselings bekend gemaak:

Oudle. G Oosthuizen en C Kasselman (Moot-Sentraal) vervang die primarii-lede.
Oudl. CH Hendriks (Marken) vervang oudl. GJ Anderson.
Oudl. JP Jacobs (Roedtan) vervang oudl. BN Genis.
Diak. HJ Barnard (Roedtan) vervang diak. AG Vosloo.
Oudl. BJ van Zyl (Northam) vervang oudl. IC Holtzhausen.
Oudl. JA Hartman (Villiers) vervang oudl. JL Schütte.
Oudl. PJC Nel (Ellisras) vervang oudl. L Jooste.

**DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:35 VIR TEE.**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 11:00.**

Voorafsang word gelei deur ds. G Venter waarna die Sinode sy werksaamhede hervat.

Die Voorsitter heet dr. E Friis en mnr. CC du Preez welkom in die vergadering.

Die vergadering keur dit goed dat 'n kaartjie met wense vir beterskap aan ds. MC Adendorff gestuur word.

**95. VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE (vervolg)** bl. 163

4.6.6 **Studiefonds vir leraars** – Kennis geneem.

4.6.7 **Willie Lubbe Studiefonds** – Kennis geneem.

4.6.8 **Vaste bates** – Kennis geneem.

4.7 **Kontantvloeistaat** – Kennis geneem.

4.8 **Meting van werklike bedrae teen die begroting van die jaar geëindig 31/12/1994** – Kennis geneem.

4.9 **Kommissiewerk 1 Januarie–31 Desember 1994** – Kennis geneem.

4.10 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode/RKA neem kennis van die geouditeerde finansiële state van 1993 en 1994**

4.11 **Gemeentes waarvan bydraes laat inbetaal word** – Kennis geneem.

4.12 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode versoek elke kerkraad dringend om hulle bydraes aan die BRKA betyds by die Sentrale Kerkkantoor in te betaal.**

5. **Begroting**

5.1 **Opdrag** – Kennis geneem.

5.2 **Begroting**

5.2.1 **Ontvangste – 15% bydraes vanaf gemeentes** – Kennis geneem.
5.2.2.1 **Uitgawes – BRKA** – Kennis geneem.
5.2.2.2 **Uitgawes – Kuratorium** – Kennis geneem.

5.2.2.3 **Uitgawes – SKK** – Kennis geneem.

5.2.2.4 **Uitgawes – Publikasiekommissie** – Kennis geneem.

5.2.2.5 **Uitgawes – Kommissiewerk** – Kennis geneem.

5.2.2.6 **Opsomming** – Kennis geneem.

5.2.2.7 **Jeugtuiste** – Kennis geneem.

5.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur die begroting vir 1995, soos deur die Finansiële Kommissie opgestel, goed.**

DIE VOLGENDE PERSONE LAAT HULLE TEENSTEMME AANTEKEN:

Ds. PW Botha, APK Viljoenskroon; oudl. SGJ Stadtlander, APK Wesselsbron; ds. JWJ Hanekom, APK Wesselsbron; diak. Frans Smit, APK Weipe; ds. AP Viljoen, APK Wesmoot.

6. **Begroting 1996** – Kennis geneem.

7. **Traktementskale** – Kennis geneem.

7.1–7.4 – Kennis geneem.

7.5 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode dra dit aan die FK op om in samewerking met die KKS die hele onderwerp van vergoeding van leraars grondig te ondersoek, met verslag aan die volgende Sinode. Die memorandum van die Skriba van die FK wat voor die FK gedien het, moet ook hierin aandag geniet.**

8. **Aandeel van Ringe**

8.1 **Probleme in gemeentes** – Kennis geneem.

8.2 **Rol van die ring** – Kennis geneem.

8.3 **Versoek aan ringe** – Kennis geneem.

8.4 **Uitstaande sinodale bydraes van gemeentes** – Kennis geneem.

8.4.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

**Die volgende amendement word goedgekeur: Die Sinode dra dit aan die KKS op om 'n duidelike uitspraak aan die volgende Sinode voor te lê oor die volgende:**

1. **Is die bydrae van 'n plaaslike kerk, soos deur die Sinode/RKA bepaal, verpligtend?**
2. **Watter stappe kan geneem word teenoor plaaslike kerke wat sonder aanvaarbare redes nie hulle bydrae soos bepaal, aan die Sentrale Kerkkantoor oorbetaal nie?**
3. **Aanbeveling 8.4.1 (bl. 173) en 5.1.1 en 5.1.2, bl. 52 word na die KKS verwys.**

(Ds. LD Pienaar; ds. NJ Rautenbach)

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

1. **Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15% bydraes, die agterstallige bedrae moet vereffen.**
2. **'n Agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan binne 60 dae na verskyning van die Handelinge van die Sewende Sinode met die BRKA.**
3. **Die Sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat is i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël.**
4. **Elke ring sien toe dat die reëlings in punt 3 hierbo genoem, nagekom word.**

(Prof. WJG Lubbe; dr. JH Ellis)

8.5 **Aandeel van ringskommissie by beroeping van leraar** – Kennis geneem.

**8.5.1 AANBEVELING – VERWYS NA DIE KKS VIR STUDIE EN RAPPORT AAN DIE VOLGENDE SINODE:**

**Die Sinode versoek die KKS om die beginsel van approbasie van die ring se kant in die Kerkorde op te neem deur een van die volgende bepalings:**

**OF – Die konsulent moet insae hê in die beroepsbrief voordat dit na die beroepene gestuur word.**

**OF – Die konsulent moet deel hê aan die vergadering waar 'n leraar beroep word.**

**OF – Die ringskommissie moet goedkeuring verleen aan die beroep deurdat die beroepstukke aan 'n lid van die ringskommissie of die ringskommissie self voorgelê word.**

8.6 **Lasgewing van die ringskommissie** – Kennis geneem.

**8.7 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit dat 'n moontlike lasgewing van die ringskommissie in die Kerkordeboek opgeneem kan word en verwys die aanbeveling na die KKS.**

9. **Premies van afgetredenes aan mediese fonds**

9.1 **Agtergrondinligting** – Kennis geneem.

**9.2 AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**9.2.1 Die Sinode besluit 50% van die bedrag waarvoor 'n afgetredene verantwoordelik is as premie aan die Kaapse Mediese Plan of enige ander skema waarop besluit mag word, word uit die begroting van die BRKA betaal.**

**9.2.2 Die reëling tree op 1 Maart 1995 in werking.**

**9.2.3 By elke sinode word die bogenoemde subsidie heroorweeg.**

10. **Behuisingstoelae**

10.1 **Onsekerheid oor vasstelling van subsidie** – Kennis geneem.

**10.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

1. **Die huistoelae van 'n leraar word gebaseer op die munisipale waardasie van die leraar se eiendom en word aangepas wanneer 'n nuwe munisipale waardasie in werking tree.**
2. **Die volgende formule vir berekening van die huistoelae word aanbeveel: Die toelae word bereken as 75% van die rentekoers op huislenings wat gehef word deur die finansiële instelling waarby die leraar 'n verband het, bereken op die munisipale waardasie van die eiendom.**
3. **Indien die munisipale waardasie in 'n bepaalde dorp of stad besonder laag is in verhouding tot die markwaarde, moontlik omdat die munisipale waardasie vir 'n geruime tyd onveranderd gebly het, kan die persentasie van 75% verhoog word na 80% of selfs meer.**
4. **Om verleentheid vir die leraar of die kerkraad te voorkom, is dit belangrik dat uitdruklik ooreengekom word dat die leraar die kerkraad vooraf sal raadpleeg voordat die leraar 'n huis aankoop of verbeter om vas te stel of die kerkraad bereid is of in staat sal wees om die huistoelae of verhoogde huistoelae te betaal.**
5. **Die huistoelae, soos hierbo bereken, sluit nie die toelae vir munisipale koste in nie.**

11. **Beskrywingspunte** – Kennis geneem.

11.1 **Ring van Clanwilliam: wysiging van persentasiestelsel** – Kennis geneem.

**11.1.1 AANBEVELING VAN FK GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunt om die 15% heffing te laat verval nie, maar bevestig die besluit van 1993: Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeentes se totale kontantontvangstes (Handelinge bl. 253, pt. 6.2.1)**

**Motivering** – Kennis geneem.

Die Sinode neem kennis van die volgende voorstel:

Die Sinode besluit om:

1. aan die beskrywingspunt van Clanwilliam (11.1) gevolg te gee;
2. 'n vaste bedrag van R10.00 per belydende lidmaat per maand vir die 1996 boekjaar vas te stel op hierdie Sinode;
3. 'n aanpassing van hierdie heffing in lyn met die verhoging in traktementskale in die jaar waarin daar nie 'n sinodesitting is nie;
4. die surplus primêr aan te wend vir
   (a) die daarstelling en onderhouding van die vyfde leerstoel;
   (b) die instelling en/of die verbetering van moontlike beurs en/of leningshulp aan studente onder beheer van die Kuratorium.

(Ds. JJ Vrey; oudl. SA de Beer)

11.2 **Ring van Suidkus: 15% bydraes – gedeeltelike vrystelling** – Kennis geneem.

11.3 **Ring van Petrusburg: 15% bydraes – verskillende persentasies** – Kennis geneem.

11.4 **Ring van Graniet: 15% bydraes – verskillende persentasies volgens 'n glyskaal** – Kennis geneem.

Die verslag word onderbreek vir afkondigings.

Prof. R Marè stel die boek "Geestelike verdieping met blokkies" aan die afgevaardigdes voor.

OUDL. RJ DE BEER VAN APK BARKLY-WES DOEN 'N TAFELGEBED EN **DIE AFGEVAARDIGDES VERDAAG VIR ETE OM 13:00.**

**NÁ SAMESANG HERVAT DIE SINODE SY WERKSAAMHEDE OM 14:00**

Die Voorsitter doen 'n aantal afkondigings.

96. **PERSONEELWISSELING**

Oudl. JH Gunter (APK Transmagalies) vervang oudl. CJ Grobler.
Oudl. IM van Rooyen (APK Waterberg) vervang oudl. AJ Pienaar.

97. **VERSLAG VAN DIE FINANSIëLE KOMMISSIE (vervolg)** bl. 174

Die Ondervoorsitter van die FK, oudl. BJM Rossouw, dra die res van die verslag voor. Ds. CF Swart het verskoning gevra a.g.v. siekte.

**11.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunte (11.2–11.4) oor 'n gedifferensieerde persentasiestelsel nie, maar hou by die eenvormige stelsel, nl. dat alle gemeentes dieselfde persentasie van hulle ontvangste bydra.**

**Motivering** – Kennis geneem.

11.5 **Ring van Mooinooi: 15% bydraes – vermindering na 10%** – Kennis geneem.

11.6 **Ring van Benoni: 15% bydraes – vermindering na 10%** – Kennis geneem.

11.7 **Kerkraad van Groot-Marico: 15% bydraes verminder na 10%** – Kennis geneem.

11.8 **Ring van Bloemfontein: 15% bydraes verminder na 10%** – Kennis geneem.

**11.8.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die moontlikheid van vermindering van gemeentes se bydraes sal behandel word by die voorlegging van die begroting.**

11.9 **Ring van Olifantshoek: 15% bydraes – vermindering en beperking van kapitaaluitgawes**

11.9.1–11.9.1.2 – Kennis geneem.

**11.9.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om alleen kapitaaluitgawes aan te gaan wat absoluut noodsaaklik is.**

11.9.3 **Opmerkings deur FK oor kapitaaluitgawes** – Kennis geneem.

11.10 **Ring van Lichtenburg: Vermindering van 15% bydraes, besnoeiing van uitgawes, verhoging van bydraes tot Bedieningsfonds** – Kennis geneem.

11.10.1 Kennis geneem.

**11.10.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode bedank die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die besparings wat reeds toegepas is en versoek die personeel om daarmee voort te gaan, sodat daar nie swaarder laste op gemeentes geplaas word nie.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**11.10.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode dra dit aan die FK op om in oorleg met die SKK die Bedieningsfonds uit te brei sodat as hoë prioriteit alle gemeentes behoorlik pastoraal versorg kan word.**

11.10.4 **Opmerkings** – Kennis geneem.

11.11 **Ring van Petrusburg: Jaarlikse verslag aan gemeentes oor RKA-finansies** – Kennis geneem.

**11.11.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om by die huidige gebruik te bly dat die finansiële verslae aan die sinode gegee word.**

**Motivering** – Kennis geneem.

11.12 **Ring van Olifantshoek: Goedkoper mediese skema** – Kennis geneem.

**11.12.1 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**11.12.1.1 Die Sinode neem kennis dat grondige ondersoeke steeds gedoen word om die bydrae tot 'n mediese skema so billik moontlik te hou in verhouding tot die mediese voordele.**

**11.12.1.2 Die Sinode dra dit aan die BRKA en FK op om die beste moontlikhede vir mediese voordele vir predikante en die personeel van die Sentrale Kerkkantoor te benut.**

**Motivering** – Kennis geneem.

11.13 **Ring van Vereeniging: Voorsorgfonds** – Kennis geneem.

**11.13.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode volstaan met die huidige Pensioenfonds.**

11.13.2 **Opmerkings en motivering** – Kennis geneem.

11.14 **Ring van Suidkus: Oudit van gemeentelike finansiële state** – Kennis geneem.

**11.14.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode handhaaf die besluite van die vorige sinodes oor ouditering van kerkrade se finansiële state.**

**Motivering** – Kennis geneem.

11.15 **Ring van Suidkus: Vrystelling van 15% bydraes t.o.v. rente op beleggings** – Kennis geneem.

**11.15.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode handhaaf die besluit van die Sinode van 1993:**

**1. Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.**

**2. Totale kontantontvangste sluit onder meer in:**
- **insamelings van susters, jeug, diakonie, ens.**
- **rente ontvang op beleggings van die kerkraad. (Handelinge bl. 253, 6.2.1)**

**Motivering** – Kennis geneem.

11.16 **Algemene opmerking** – Kennis geneem.

12. **Skenking vir teologiese opleiding** – Kennis geneem.

13. **Jeugtuiste: besluite deur FK geneem** – Kennis geneem:

13.1 20 September 1993
13.2 11 November 1993
13.3 10 Maart 1994
13.4 21 Junie 1994
13.5 6 September 1994
13.6 3 November 1994
13.7 9 Maart 1995

14. Kennis geneem.

HIERMEE IS DIE FK-VERSLAG IN DIE SAKELYS AFGEHANDEL.

98. **TWEEDE VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE** (As los stuk by die Sinode beskikbaar gestel, en agter in die Handelinge opgeneem.)

1. **Beskrywingspunte**

1.1 **Ring van Mooinooi** – Kennis geneem.
1.2 **Ring van Benoni** – Kennis geneem.
1.3 **Ring van Bloemfontein** – Kennis geneem.
1.4 **Kerkraad van Groot-Marico** – Kennis geneem.
1.5 **Ring van Olifantshoek** – Kennis geneem.
1.6 **Ring van Lichtenburg** – Kennis geneem.

1.7 **Agtergrond van die 15%**
1.7.1–1.7.13 – Kennis geneem.

1.8 **Moontlike vermindering van gemeentelike bydraes 1.8.1–1.8.6** – Kennis geneem.

1.9 **Besluite van vorige sinodes 1.9.1–1.9.8** – Kennis geneem.

1.10 **AANBEVELINGS**

**1.10.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Beskrywingspunte 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 (Ringe van Mooinooi, Benoni, Bloemfontein en Kerkraad van Groot-Marico) wat almal versoek dat die bydrae van gemeentes verlaag word na 10%, word nie goedgekeur nie.**

**1.10.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die beskrywingspunt 1.5 (Ring van Olifantshoek) word soos volg aanbeveel:**

**Die Sinode besluit om die 15% bydrae te verminder, indien dit moontlik is.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur: Die Sinode besluit om te hou by die 15% bydraes van die gemeentes, sodat die vyfde leerstoel gouer bekostigbaar word en moontlik in 1996 geïmplementeer word ná finale raadpleging deur die Kuratorium, FK en BRKA.**
(Ds. JN Joubert; dr. WA Burger)

Die Sinode oordeel dat die volgende voorstel nie ontvanklik is nie.

Voorstel:
Die Sinode besluit dat die heffing, tans 15% wat deur gemeentes aan die BRKA oorbetaal word, na 14% verminder. Die ander 1% word deur ringe gereserveer om uitgawes en onkoste wat ontstaan tydens die uitvoering van die ringsverpligtinge en -aktiwiteite, te dek. Daardie 1% word deur die Ringskriba van die ringsgemeentes gevorder.

**Motivering**

Ten einde te verseker dat individuele gemeentes se fondse optimaal in eie belang aangewend mag word, en ringe die nodige fondse vir die uitvoering van ringsverpligtinge beskikbaar mag hê, word bostaande beskrywingspunt voorgelê. Tans word individuele gemeentes waaruit Ringsvoorsitters en Ringskribas gekies word, gedurende daardie amptenare se ampstermyn met ringskostes belas omdat dit gebruik is dat die betrokke gemeente waaruit voorsitters en skribas verkies word, die toepaslike koste vir daardie jaar moet dra. Dit is so dat ringskoste van jaar tot jaar geweldig

kan varieer en dat sommige gemeentes dus 'n aansienlik groter bydrae as andere moet maak. 'n Verdere geval is waar ringe "gedwonge koste", as gevolg van gebeure buite hulle beheer moet dra.
(Dr. JH Ellis; oudl. AJ van der Nest)

**1.10.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Beskrywingspunt 1.6 (Ring van Lichtenburg) kan goedgekeur word: Die Sinode skenk ernstig aandag daaraan om die 15% bydrae van plaaslike kerke te verminder.**

1.11 **Motivering** – Kennis geneem.

1.12 **Praktiese uitvoering** – Kennis geneem.

2. **Begroting vir 1996**

2.1 **Ontvangste** – Kennis geneem.

2.1.1 Kennis geneem. (Die beraamde ontvangste vir 1988 was R800 000.)

2.1.2 **Ontvangstes begroot vir 1996** – Kennis geneem.

**2.1.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om die bydrae van gemeentes steeds te hou op 15% van elke kerkraad se totale ontvangste en vir 1996 te begroot vir ontvangste van R3 600 000.**

DIE VOLGENDE AMENDEMENT WORD NIE AANVAAR NIE:

AMENDEMENT OP AANBEVELING 2.1.3 VAN DIE TWEEDE VERSLAG VAN DIE FK (BL. 6):

Die Sinode besluit om die 15% bydraes van gemeentes ná 1996 met 1 persentasiepunt per jaar te verminder totdat die 10% kerf bereik is.

Prakties sou die bydraes dan soos volg daar uitsien:

(a) 1996: Bly onveranderd op 15%.

(b) 1997: Verminder die bydraes na 14% (vanaf 1/1/97).

(c) 1998: Verminder die bydraes na 13% (vanaf 1/1/98).

(d) 1999: Verminder die bydraes na 12% (vanaf 1/1/99).

(e) 2000: Verminder die bydraes na 11% (vanaf 1/1/2000).

(f) 2001 en verder is die bydraes 10%.

**Motivering**

1. Daar is reeds vele gemeentes wat dit moeilik vind om die 15% by te dra. (Sien bls. 64–66 van die Sakelys).
2. Ons het tydens dié Sinodesitting met spyt kennis geneem van 6 gemeentes wat ontbind is waaronder geldtekorte bydraend was tot die ontbinding.
3. Ons het verskeie versoeke van gemeentes ontvang (d.m.v. beskrywingspunte) dat die 15% verminder word.
4. Die Finansiële Kommissie stel dit ook as 'n ideaal in item 1.7.5 van sy tweede verslag (bl. 5) om die persentasie van gemeentes se bydraes te verlaag.

(Oudl. PA Vermeulen; oudl. MG Bonthuys)

2.1.4 **Opmerking** – Kennis geneem.

2.2 **Uitbetalings** – Kennis geneem.

2.2.1 – Kennis geneem.

2.2.2 **Uitbetalings begroot vir 1996** – Kennis geneem.

2.2.2.1–2.2.2.3 – Kennis geneem.

2.2.2.4 **BRKA**

2.2.2.4.1 – Kennis geneem:

| | BEGROOT 1994 R | BEGROOT 1995 R | BEGROOT 1996 R |
|---|---|---|---|
| UITGAWES | 1 618 650 | 1 347 500 | 1 658 100 |
| Bankkoste | 5 000 | 1 000 | 1 000 |
| Diverse | 5 000 | 5 000 | 5 000 |
| Groepversekering | – | 50 000 | 55 000 |
| Huur van toerusting | 30 000 | 22 000 | 25 000 |
| Instandhouding: Geboue, terrein, meubels | 40 000 | 40 000 | 80 000 |
| Munisipale koste | 45 000 | 45 000 | 55 000 |
| Ouditgelde | 2 650 | 3 000 | 3 600 |
| Posgeld | 15 000 | 10 000 | 15 000 |
| Regskoste | 5 000 | 10 000 | 10 000 |
| Reiskoste – administratief | 35 000 | 29 000 | 35 000 |
| Reiskoste & etes – vergaderings | 40 000 | 35 000 | 45 000 |
| Salarisse – administratief | 1 256 000 | 996 000 | 1 100 000 |
| Skryfbehoeftes | 40 000 | 40 000 | 50 000 |
| Spaarplan – leraars | 12 000 | 11 500 | 11 500 |
| Verversings | 25 000 | 16 000 | 6 000 |
| Telefoon | 40 000 | 20 000 | 25 000 |
| Versekering | 15 000 | 14 000 | 16 000 |
| APK Trustfonds | 8 000 | – | 120 000 |
| KAPITAALITEMS | 300 000 | 310 000 | 310 000 |
| Meubels en toerusting | 50 000 | 100 000 | 100 000 |
| Verbeterings geboue | 250 000 | 210 000 | 210 000 |
| TOTAAL | 1 918 650 | 1 657 500 | 1 968 100 |

2.2.2.4.2 **Opmerkings**

2.2.2.4.2.1. **Instandhouding** – Kennis geneem:

Die bedrag R80 000 sluit alles onder instandhouding in, o.a. tuindienste, salarisse van skoonmakers.

2.2.2.4.2.2. **Reiskoste: Administratief** – Kennis geneem:

Namate die administrasie vergroot, word die reiskoste meer. 'n Aansienlike styging in brandstofprys word verwag.

2.2.2.4.2.3. **Salarisse: Administratief** – Kennis geneem:

'n Inflasie-aanpassing van 10% word in die begroting ingewerk.

2.2.2.4.2.4. **Kapitaalitems** – Kennis geneem:

Volgens vorige besluite word die uitgawes aan die restourasie van die geboue teen R350 000 per jaar afgewerk. (R40 000 word by die Kuratorium apart begroot).

2.2.2.5 **SKK**

2.2.2.5.1 – Kennis geneem:

| **ITEM** | BEGROOT 1994 R | BEGROOT 1995 R | BEGROOT 1996 R |
|---|---|---|---|
| Sinode-uitgawes | 40 000 | 40 000 | 40 000 |
| Bedieningsuitgawes | 350 000 | 450 000 | 550 000 |
| Reiskoste: Vergaderings | 35 000 | 35 000 | 35 000 |
| Ander kommissiewerk | – | 15 000 | 15 000 |
| | 425 000 | 540 000 | 640 000 |
| Studiefonds – leraars | 100 000 | 50 000 | – |
| | 525 000 | 590 000 | 640 000 |

2.2.2.5.2 **Opmerkings** – Kennis geneem:

2.2.2.5.2.1. **Sinode-uitgawes**

Die uitgawes van die Sinodesitting word oor twee jaar begroot.

2.2.2.5.2.2. **Bedieningsuitgawes**

Die begrote bedrag word verhoog as gevolg van meer aanvrae vir finansiële hulp uit kleiner gemeentes.

Die FK beveel ook aan dat dit in 'n fonds omskep word, sodat moontlike oorskotte verder beskikbaar kan wees. (Kyk aanbevelings).

2.2.2.5.2.3. **Ander kommissiewerk**

Dit is opdragte wat aan die SKK oorgedra is met die rasionalisering van kommissies by die vorige Sinode.

2.2.2.5.2.4. **Studiefonds – leraars**

Die FK het kennis geneem dat daar 'n aansienlike oorskot is volgens die Balansstaat en dat daar tans minder leraars van ander kerke toegelaat word.

2.2.2.6 **Kuratorium**

2.2.2.6.1 – Kennis geneem:

| **ITEM** | **BEGROOT 1995 R** | **BEGROOT 1996 R** |
|---|---|---|
| Dosentevergoeding | 502 000 | 540 000 |
| Reiskoste: Dosente | 28 800 | 30 000 |
| Reiskoste: Vergaderings | 30 000 | 30 000 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 150 000 | 200 000 |
| | 710 800 | 800 000 |
| ANDER UITGAWES | | |
| Huur van toerusting | 3 000 | 3 300 |
| Instandhouding geboue en terrein | 10 000 | 10 000 |
| Instandhouding meubels en toerusting | 1 000 | 1 000 |
| Munisipale koste | 10 000 | 12 000 |
| Salarisse: Administratief | 110 000 | 101 000 |
| Skryfbehoeftes | 10 000 | 11 000 |
| Telefoon | 10 000 | 11 000 |
| Versekering: Meubels en toerusting | 1 000 | 1 100 |
| Verversings | 1 000 | 1 200 |
| TOTALE UITGAWES | 866 800 | 951 600 |
| KAPITAALITEMS | | 40 000 |

2.2.2.6.2 **Opmerkings** – Kennis geneem:

2.2.2.6.2.1. **Dosentevergoeding en reiskoste, dosente**

By beide is 'n inflasie-aanpassing van 10% ingewerk.

2.2.2.6.2.2. **Addisionele dosent**

Die Kuratorium het die volgende aanvraag voorgelê:

| | R |
|---|---|
| Vergoeding | 131 000 |
| Reiskoste: Dosent | 7 200 |
| | 138 200 |

Onder die huidige finansiële en ander omstandighede sal dit onverantwoordelik wees van die FK om hierdie uitgawe aan te beveel.

2.2.2.6.2.3. **Salarisse: Administratief**

'n Aanpassing van die werklike uitgawe, plus 10% inflasie-aanpassing, is ingewerk.

2.2.2.7 **Ander kommissies**

2.2.2.7.1 – Kennis geneem:

| | Begroot 1994 R | Begroot 1995 R | Aanvraag 1996 R | Begroot 1996 R |
|---|---|---|---|---|
| Argief | 2 000 | 42 600 | 54 200 | 50 000 |
| Barmhartigheidsdiens | 6 000 | 6 000 | 12 500 | 12 500 |
| Bybelverklaring | 9 000 | 6 000 | 13 000 | 10 000 |
| Finansies | 10 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 |
| Jeug en Verbondsonderrig | 19 000 | 18 000 | 20 000 | 20 000 |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 10 000 | 10 000 | 10 000 | 5 000 |
| Kerkmusiek en -sang | 10 000 | 22 000 | 32 500 | 30 000 |
| Kerkregtelike Sake | 20 000 | 20 000 | 25 000 | 25 000 |
| Liturgie en Formuliere | 2 000 | 2 500 | 2 500 | 1 000 |
| | | | | 168 500 |

2.2.2.7.2 **Opmerkings** – Kennis geneem:

2.2.2.7.2.1 **Argief**

Die kommissie se volledige begroting is:

| | R |
|---|---|
| Besoldiging | 40 300 |
| Vergaderingskoste | 2 000 |
| Liasseerkartonne | 3 500 |
| Video (bewaring ens.) | 100 |
| Klankapparaat, kasette | 1 000 |
| Videospeler, ens. | 7 300 |
| | 54 200 |

Die FK oordeel dat op die klankapparaat, videospeler, ens. bespaar kan word.

2.2.2.7.2.2 **Bybelverklaring**

In die lig van die werklike uitgawe van vorige jaar word R10 000 aanbeveel.

2.2.2.7.2.3. **Finansies**

Die vorige jare moes elke jaar meer as vier vergaderings gehou word, ten einde alle aspekte van die opdragte uit te voer.

2.2.2.7.2.4. **Kerkleer en Christelike Etiek**

In die lig van werklike uitgawes van die vorige jaar word R5 000 aanbeveel.

2.2.2.7.2.5. **Kerkmusiek en -sang:**

Die FK oordeel dat R2 500 op vergaderingskoste bespaar kan word.

2.2.2.7.2.6. **Liturgie en Formuliere**

In die lig van werklike uitgawes van die vorige jare word R1 000 aanbeveel.

2.2.2.8 **Publikasiekommissie** – Kennis geneem:

2.2.2.8.1 **Die volgende begroting het gedien:**

| | R |
|---|---|
| INKOMSTE | 755 000 |
| Verkope – Publikasies | 533 000 |
| Verkope – Die Boodskapper | 199 000 |
| Advertensies – Publikasies | 4 500 |
| Advertensies – Die Boodskapper | 18 500 |
| UITGAWES | 1 104 945 |
| Aankope en drukkoste – Publikasies | 300 000 |
| Advertensies | 520 |
| Beoordeling – boeke | 1 940 |
| Drukkoste – Die Boodskapper | 305 000 |
| Intekengeld – Kerkblaaie | 340 |
| Instandhouding – meubels | 575 |
| Ledegeld – CBSA | 650 |
| Pliglewerings en diverse skenkings | 45 000 |
| Posgeld – Publikasies | 20 000 |
| Posgeld – Die Boodskapper | 31 000 |
| Promosies | 3 200 |
| Regskoste | 2 300 |
| Reiskoste – Administratief | 6 900 |
| Reiskoste – Vergaderings | 15 870 |
| Salarisse – Administrasie en Versending | 195 000 |
| Salaris – Redakteur | 124 000 |
| Skryfbehoeftes | 17 250 |
| Spyseniering & Verversings | 2 600 |
| Tantième | 11 000 |
| Telefoon | 11 500 |
| Tydelike Hulp | 4 500 |
| Verpakking – Publikasies en Die Boodskapper | 5 800 |
| NETTO INKOMSTE (TEKORT) VIR TYDPERK | (349 945) |
| SALDO PUBLIKASIEFONDS (BERAMING OP 31 DESEMBER 1995) | 271 771 |
| BEGROOT VIR PUBLIKASIES | 78 174 |

**2.2.2.8.2 AANBEVELING IN VERBAND MET PUBLIKASIEKOMMISSIE GOEDGEKEUR:**

**Die FK beveel aan dat R80 000 vir Publikasies begroot word.**

2.2.2.9 **Samevatting** – Kennis geneem:

| | R |
|---|---|
| BRKA | 1 658 100 |
| SKK | 640 000 |
| Kuratorium | 951 600 |
| Publikasiekommissie | 80 000 |
| Kommissies | 168 500 |
| Kapitale delging | 350 000 |
| | 3 848 200 |

Dit beteken dat vir 'n tekort van R248 200 begroot word. Daar word ook nie in die begroting voorsiening gemaak vir 'n oorbetaling aan die Reserwefonds nie.

**2.2.2.10 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**2.2.2.10.1 Die Sinode besluit dat die pos "Bedieningsuitgawes" verander word na "Bedieningsfonds".**

**2.2.2.10.2 Die Sinode keur die begroting van uitbetalings ten bedrae van R3 848 200 goed, soos in pt. 2.2 hierbo uiteengesit.**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**By 2.2.2.6.2.2 (Tweede verslag van FK bl. 10) – Addisionele dosent**

**Die Sinode besluit om te begroot vir 'n bekostigbare bedrag van die werklike koste van 'n dosentepos, wat by die R100 000 Trustfonds wat dr. GP Bezuidenhout met sy skenking geskep het, gevoeg word.**

**Motivering**

1. Die Sinode het groot simpatie vir die saak van die 5e leerstoel by die Teologiese Skool.
2. In die lig van Ja. 2:14–17 is simpatie alleen nie genoeg nie, en word hiermee 'n daadwerklike poging aangewend om die pos gouer moontlik te maak.

(Ds. A Boshoff, jr.; ds. AL van Heerden)

**3. APK PENSIOENFONDS EN APK TRUSTFONDS**

3.1 **Agtergrond** – Kennis geneem.

3.1.1–3.1.5 – Kennis geneem.

**3.2.1 AANBEVELING MET WYSIGINGS GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode dra dit aan die FK op om in oorleg met die BRKA die moontlikheid te ondersoek dat die APK Pensioenfonds en APK Trustfonds saamsmelt. Die Sinode besluit ook dat die moontlikheid om diensjare terug te koop, ondersoek moet word.**

**3.2.2 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode aanvaar die *beginsel* dat die APK Pensioenfonds en APK Trustfonds saamsmelt, indien dit die voordeligste blyk te wees.**

**3.2.3 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode gee opdrag aan die BRKA en FK om die ondersoek i.v.m. die verhoging van pensioenvoordele uit die vergrote APK Trustfonds voort te sit.**

**3.2.4 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode handhaaf die beginsel waarop reeds voorheen besluit is, nl. dat meerdere hulp by die pensioenvoordele verleen moet word aan leraars wat voor 1 Julie 1990 direk uit die bediening in ander Gereformeerde Kerke na die AP kerk oorgekom het, en dus die grootste deel van hulle pensioenvoordele verloor het.**

**3.2.5 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode oordeel dat aan leraars wat in bogenoemde kategorie val, 'n minimum pensioen van nie meer as 50% van hulle traktement gegee word en dat aan die ander leraars 'n pensioen van nie meer as 40% van hulle traktement gegee word, met uitfasering na 20 jaar diens vanaf 1 Julie 1990.**

**3.2.6 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die BRKA kry opdrag om vanuit bogenoemde ondersoeke te besluit watter skema die voordeligste vir al die betrokkenes is, en kry volmag om daardie skema waarop besluit word, so gou moontlik te implementeer, maar nie later nie as 1 Januarie 1996.**

3.3 **Pensioenfonds en voorsorgfonds** – Kennis geneem.

**4. MEDIESE SKEMA**

4.1 **Agtergrond** – Kennis geneem.

4.2 **Gegewens** – Kennis geneem.

**4.3 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**4.3.1 Aan br. BJM Rossouw word geleentheid gegee om die volle besonderhede van die verskillende skemas aan die Sinode/RKA te verstrek.**

**4.3.2 Die Sinode/RKA gee die volgende opdragte aan die BRKA en die FK:**

**4.3.2.1 om met die volledige ondersoek voort te gaan;**

**4.3.2.2 om daarna met elke leraar te skakel i.v.m. sy eie omstandighede in die bestaande en moontlik voorgestelde mediese skema;**

**4.3.2.3 om daarna 'n finale besluit te neem vir implementering.**

Oudl. BJM Rossouw kry geleentheid om sy memorandum oor die mediese skemas, wat aan afgevaardigdes beskikbaar gestel is, toe te lig. (As Bylae 3 in Handelinge opgeneem.)

**DIE VERGADERING VERDAAG VIR KOFFIE OM 16:00.**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 16:30**

Na enkele afkondigings word die FK se tweede verslag verder behandel.

## 99. TWEEDE VERSLAG VAN FINANSIËLE KOMMISSIE (vervolg)

**Die volgende voorstelle word verwys na die BRKA:**

Voorstel 1

Die Sinode dra dit aan die FK en BRKA op om die 50% ondersteuning vir afgetrede predikante insake mediese bydrae ook van toepassing te maak op die weduwees van afgetrede predikante asook predikante wat afsterf terwyl in die bediening.
(Ds. JA du Plessis; diak. NG. Heyns)

Voorstel 2

Die Sinode besluit dat 'n leraar uit die mediese fondsskema van die Sinode kan tree op voorwaarde dat hy aan die BRKA kan bewys dat hy ander, voldoende en gelykwaardige voorsiening gemaak het.
(Ds. JD van der Merwe; ds. G Venter)

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

1. Om weg te beweeg van enige mediese plan wat geen uitkeerwaarde aan die einde het nie.
2. Om ABSA aktuarieel te raadpleeg en die beste hospitaalplan – met die beste maksimale voordele en grootste uitkeerwaarde aan die einde, te implementeer.
3. Om so gou moontlik by sodanige gekose hospitaalplan in te skakel.
(Ds. NJ Groenewald; ds. GG le Roux)

Ds. Groenewald versoek dat sy teëstem aangeteken word.

5. **Traktementskale**

5.1–5.4 – Kennis geneem.

5.4.1 **Opleiding** – Kennis geneem.

5.4.2 **Vlak van kwalifikasie** – Kennis geneem.

5.4.3 **Verantwoordelikheid van die Kerk**

5.4.3.1–5.4.3.2 – Kennis geneem.

5.4.4 **Traktement** – Kennis geneem.

5.5 **Aanbeveling** – Kennis geneem (reeds gedek deur besluit 7.5 onder paragraaf 95).

6. **Fonds vir onvoorsiene gebeurlikhede**

6.1 en 6.2 – Kennis geneem.

**6.3 AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**6.3.1 Die Sinode/RKA dra aan die BRKA en FK op om 'n fonds tot stand te bring waaruit leraars en hulle gesinne finansiële hulp kan ontvang in geval van ernstige probleme as gevolg van ongelukke, ander gebeurlikhede, ens.**

**6.3.2 Aan die BRKA word opgedra om die fonds te administreer.**

**6.3.3 Vir die huidige word die BRKA versoek om die bestaande gebeurlikheidsfonds vir sulke gevalle aan te wend.**

**6.3.4 Aan die BRKA word opgedra om 'n behoorlike reglement op te stel.**

**6.3.5 Die fonds moet versterk word deur vrywillige bydraes.**

**6.3.6 Aan die FK word opgedra om die moontlikheid te ondersoek dat voortaan bydraes tot die fonds ook uit die begroting bewillig word.**

7. **Tarief vir reiskoste**

7.1 – Kennis geneem.

**7.2 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om aan die Kommissie vir Finansies op te dra om aanbevelings oor die reiskoste-tarief aan die kerkrade voor te lê.**

8. **Dankbetuiging**

8.1 en 8.2 – Kennis geneem.

**8.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**8.3.1 Die Sinode betuig sy dank aan die Koning van die Kerk wat aan lidmate, kerkrade en gemeentes die vermoëns geskenk het om die finansies te verskaf, sodat die werk van die Kerk, in die plaaslike kerke sowel as in die kerkverband, voortgesit kon word.**

Spesiale dank aan die administratiewe personeel en die Kommissie word deur die Voorsitter uitgespreek.

Hiermee is die FK verslag afgehandel.

100. **VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELING L1**

Ds. JP Bezuidenhout dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **Opdrag** – Kennis geneem.

3.1 **Groepering van gebiede in die Oos-Kaap en Suid-Vrystaat (19.1.1, bl. 18).**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode keur dit goed dat hierdie saak terugverwys word na die betrokke ringe nl. Oos-Kaap en Suid-Vrystaat vir hantering. Indien nodig, kan die ringe ook oorleg pleeg met die SKK.**

**Motivering** – Kennis geneem:

1. Dit blyk dat dit in hierdie geval nie gaan om 'n probleem t.o.v. ringsindeling nie, maar wel om 'n bedieningsprobleem.
2. Derhalwe kan hierdie Kommissie nie hierin behulpsaam wees nie.

3.2 **Ring van Clanwilliam – Ringsindeling (20.5.1, bl.20).**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat daar gevolg gegee word aan die beskrywingspunt. Die APK Namakwaland word by die Ring van Clanwilliam ingedeel.**

**Motivering** – Kennis geneem.

3.3 **Ring van Germiston – Ringsindeling** (20.8.1, bl. 22)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat daar gevolg gegee word aan die beskrywingspunt. Tot die Ring van Germiston behoort die volgende gemeentes nl. Alberton, Boksburg, Germiston, Primrose. Kempton Park word deel van die Ring van Benoni.**

**Motivering** – Kennis geneem.

3.4 **Ring van Olifantshoek – Ringsindeling**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat die APK Kakamas ingedeel word by die Ring van Olifantshoek.**

**Motivering** – Kennis geneem.

3.5 **Ring van Derby – Ringsindeling**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat die APK Hartbeesfontein by die Ring van Derby inskakel.**

**Motivering** – Kennis geneem:

Hartbeesfontein het 'n bedieningsooreenkoms met Coligny en indien Hartbeesfontein by die Ring van Derby inskakel sal dit 'n praktiese en werkbare werkswyse wees.

3.6 **Ring van Petrusburg – Philippolis en Bethulie**

**AANBEVELING** – Kennis geneem.

**Motivering** – Kennis geneem.

3.7 **Ring van Riversdal – Ringsindeling**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat APK Knysna ingeskakel bly by die Ring van Riversdal.**

3.8 **Ring van De Aar – Hopetown**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat die APK Hopetown inskakel by die Ring van De Aar.**

**Motivering** – Kennis geneem.

3.9 **Ring van Bethlehem – Excelsior**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat APK Excelsior ingedeel word by die Ring van Bethlehem.**

**Motivering** – Kennis geneem:

Hierdie gemeente werk reeds vir byna 'n jaar saam met die Ring van Bethlehem.

3.10 **Ring van Clanwilliam – Ringsindeling**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om APK Hardeveld in te deel by die Ring van Clanwilliam.**

**Motivering** – Kennis geneem.

3.11 **Ring van Bloemfontein – Caaguazu**

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om die gemeente wat in Oktober in Paraguay gestig sal word, naamlik APK Caaguazu, by die Ring van Bloemfontein in te deel.**

**Motivering** – Kennis geneem.

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

**Die Sinode besluit dat:**

1. **die gemeentes Philippolis en Bethulie by die Ring van Petrusburg ingeskakel word;**

2. **die gemeentes Zastron en Smithfield by die Ring van Bloemfontein ingeskakel word.**

(Ds. J Erasmus; oudl. OA Carlson)

4. ***Finale ringsindeling***

**Die voorgestelde ringsindeling word goedgekeur met enkele wysigings, en die finale lys sien soos volg daaruit:**

4.1 **TRANSVAAL**

**BENONI:** Benoni, Brakpan, Delmas, Devon, Springs, Leandra, Kempton Park.

**DENDRON:** Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.

**DERBY:** Derby, Koster, Groot Marico, Zeerust, Buhrmannsdrif, Ventersdorp, Magaliesburg, Coligny, Hartbeesfontein.

**ERMELO:** Amajuba, Amersfoort, Ermelo, Perdekop, Piet Retief.

**GERMISTON:** Germiston, Alberton, Primrose, Boksburg.

**HEIDELBERG:** Balfour, Greylingstad, Heidelberg, Meyerton, Nigel.

**KLERKSDORP:** Klerksdorp, Potchefstroom, Bloemhof, Leeudoringstad.

**LICHTENBURG:** Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal.

**MIDDELBURG:** Belfast, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton, Laersdrif, Middelburg, Witbank.

**MIGDOL:** Delareyville, Migdol, Schweizer-Reneke, Vryburg, Louwna, Molopo.

**MOOINOOI:** Mooinooi, Brits, Thabazimbi, Sanddrift, Hartbeespoort, Northam, Rustenburg.

**MOOT-SENTRAAL:** Moot-Sentraal, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Verwoerdburg, Wesmoot, Wonderboom.

**MORGENZON:** Bethal, Hoëveldrif, Kriel, Morgenzon, Standerton.

**NABOOMSPRUIT:** Naboomspruit, Marken, Vaalwater, Ellisras, Koedoesrand, Waterberg, Warmbad.

**NELSPRUIT:** Nelspruit, Arnot-Hendrina, Carolina, Witrivier, Lydenburg, Barberton, Lebombo.

**POTGIETERSRUS:** Potgietersrus, Marble Hall, Tuinplaas, Groblersdal, Roedtan.

**ROODEPOORT:** Roodepoort, Johannesburg, Randfontein, Carletonville/Welverdiend, Krugersdorp, Johannesburg-Suid.

**VEREENIGING:** Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Zoar, Fochville.

4.2 **NATALIA**

**NEWCASTLE:** Vryheid, Dundee/Glencoe, Newcastle, Utrecht.

**SUIDKUS:** Groter Durban, Suidkus, Zululand, Hluhluwe, Richardsbaai, Pietermaritzburg.

4.3 **ORANJE VRYSTAAT**

**BETHLEHEM:** Bethlehem, Paul Roux, Senekal, Clocolan, Lindley, Marquard, Reitz, Excelsior.

**BLOEMFONTEIN:** Bainsvlei, Bloemfontein, Bloemfontein-Noord, Dealesville, Dewetsdorp, Caaguazu (Paraguay), Smithfield, Zastron.

**BRANDFORT:** Boshof, Brandfort, Bultfontein, Hertzogville, Hoopstad, Theunissen, Verkeerdevlei, Winburg.

**CORNELIA:** Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.

**GRANIET:** Graniet, Viljoenskroon, Koppies, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

**HENNENMAN:** Welkom, Hennenman, Kroonstad, Virginia, Odendaalsrus, Steynsrus.

**MEMEL:** Memel, Vrede, Warden, Harrismith.

**PETRUSBURG:** Petrusburg, Jagersfontein/Fauresmith, Jacobsdal, Koffiefontein, Edenburg, Philippolis, Bethulie.

4.4 **KAAPPROVINSIE**

**BEAUFORT-WES:** Beaufort-Wes, Fraserburg, Oudtshoorn, Sutherland, Ladismith.

**CLANWILLIAM:** Piketberg, Clanwilliam, Olifantsrivier, Calvinia, Namakwaland, Hardeveld.

**DE AAR:** De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Hanover, Orania, Douglas, Hopetown.

**KIMBERLEY:** Kimberley, Barkly-Wes, Christiana, Griekwastad, Reivilo, Vaalharts-Suid.

**OLIFANTSHOEK:** Olifantshoek, Kathu, Kakamas, Postmasburg, Bosrand, Kuruman, Pofadder, Groblershoop, Gordonia, Fontein/Prieska, Daniëlskuil, Van Wyksvlei.

**RIVERSDAL:** Albertinia, Brakrivier, George, Knysna, Mosselbaai, Riversdal.

**SOMERSET-OOS:** Alexandria, Algoa, Uitenhage, Somerset-Oos, Fort-Beaufort, Graaff-Reinet, Aberdeen, Murraysburg, Kareedouw, Jeffreysbaai.

**STELLENBOSCH:** Stellenbosch-Somerset-Strand, Paarl, Tygerberg, Worcester, Robertson.

**STEYNSBURG:** Steynsburg, Cradock, Venterstad, Jamestown, Grens, Barkly-Oos, Maclear.

4.5 **NAMIBIË**

**OUTJO:** Outjo, Grootfontein, Windhoek, Gobabis, Welwitschia, Leonardville, Keetmanshoop.

5. **Slot** – Kennis geneem.

Die Kommissie word bedank vir die verslag.

101. **VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES K1**

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Die Sinode besluit om die verslag van die Tydelike Kommissie vir die Samesteling van Permanente Kommissies terug te verwys na die Tydelike Kommissie sodat meer ouderlinge daarop benoem kan word. (Oudl. HCG Bester; oudl. PS Joubert)

**Motivering**

Die verhouding 94 predikante teenoor 24 ouderlinge dui op 'n ongesonde rigting wat ingeslaan word.

1. **Konstituering** – Kennis geneem.

2. **Personeel** – Kennis geneem.

3. **Samestelling van kommissies**

**AANBEVELINGS NA WYSIGINGS SOOS VOLG GOEDGEKEUR:**

**3.1 SKK**

**Primarii: Di. IA Brink (sameroeper), MC Adendorff, NJ Rautenbach, JH Theron, RMJ Britz, dr. Cl van Heerden.**

**Sekundi: Di. JP Bezuidenhout, G Pretorius en oudl. GP Bezuidenhout.**

**3.2 Kommissie vir Barmhartigheidsdiens:**

**Primarii: Di. AE van den Berg (sameroeper), JM Rheeder, JAC Erasmus, oudl. OA Carlson en diak. NG Heyns.**

**Sekundi: Ds. JJ van der Linde, oudl. PW de Vos.**

**3.3 Kuratorium:**

**Primarii: Di. A Boshoff (sr.) (sameroeper), IA Brink, JH van der Walt, MJ Hartzenberg, NJ Rautenbach, drr. JA Scholtz, JH Ellis, GJJ Labuschagne, Cl van Heerden, di MC Adendorff, HDK van der Merwe.**

**Adviseur: Ds. JA du Plessis.**

**Sekundi: Di. A Gerber, FJ van der Merwe, AE van den Berg, JA de Beer.**

**3.4 Publikasiekommissie:**

**Primarii: Proff. WJG Lubbe (sameroeper), R Marè, di. IP du Preez, PL Storm, AP Viljoen, AJ van Niekerk, AS van Staden.**

**Sekundi: Di. SD Nel, AP Boshoff, A Boshoff (jr).**

**3.5 Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding:**

**Primarii: Dr. JH Ellis (sameroeper) di. JN Joubert, JP Bezuidenhout, FJ van der Merwe, prof. JC Lombard, di. G Pretorius, AP Viljoen, A Boshoff (jnr.) PB Müller, oudl. G Botes, ds. AJ van Niekerk.**

**Sekundi: Dr. HJ Smith (opvoeding), ds. JB Trollip (opvoeding), di. HC Venter, NJ Groenewald (VBO).**

**3.6 Kommissie vir die Argief:**

**Primarii: Oudle. AJ van der Nest (sameroeper), GC Gouws.**

**Sekunduslid: Oudl. PS Pretorius.**

**3.7 Kommissie vir Formuliere en Liturgie:**

**Primarii: Di. L Skein (sameroeper), JJJ Roodt, dr. GJJ Labuschagne.**

**Sekundi: Di. JAC Erasmus, DJ Malan.**

**3.8 Kommissie vir Kerkregtelike Sake:**

**Primarii: Di. AS van Jaarsveld (sameroeper), IP du Preez, MJ Hartzenberg, G Smit, JC Lamprecht, JA du Plessis, PJ du Plessis, prof. R Marè, oudle. AJ Pienaar, FJ Swanepoel.**

**Adviseur: Prof. FAH van Staden.**

**Sekundi: Di. AR Nel, HC Venter, TJ Verryne. oudle. PR Pretorius, SP Burger.**

**3.9 Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek:**

**Primarii: Prof. JC Lombard (sameroeper), dr. WA Burger, ds. JA Jacobs, oudl. AJP Opperman.**

**Sekundi: Ds. NJ Groenewald, oudl. H Hayes, dr. HJ Smith.**

**3.10 Kommissie vir Kerksang en -musiek:**

**Primarii: Di. JD van der Merwe (sameroeper), CJS Botha, DJ Malan, JH Theron, GG le Roux, JG van Staden.**

**Sekundi: Di. PC Poley, ZB Loots.**

**Gekoöpteerde lede: Prof. R Marè, mevv. Rona Cloete, A Boshoff, prof. JC Lombard, ds. G Venter, prof. HCG Robbertze.**

**3.11 Finansiële Kommissie:**

**Primarii: Di. CF Swart , LD Pienaar (same-**

roeper), oudle. WS du Plessis, WP Murray, BJM Rossouw, J Serfontein, BHA van den Berg.

Ex officiolede: mnre. CJ de la Rey, LJ Korkie.

Sekundi: Ds. PR Buitendag, oudle. CC Mans, TE Pienaar, PG van Wyk.

3.12 Kommissie vir Bybelverklaring:

Primarii: Prof. HCG Robbertze (sameroeper), dr. EM Viljoen, di. JH van der Walt, BR Torlage, A Boshoff (sr.), drs. S Botes, di. JJ Vrey, A Gerber.

Sekundi: Proff. FAH van Staden, JC Lombard. Gekoöpteer: Prof. HS Theron.

3.13 Verteenwoordigers Bybelgenootskap:

Die Sinode besluit dat die Ringe wat saamval met die vyf Streeksrade van die Bybelgenootskap naamlik Kaapstad, Port Elizabeth, Durban, Bloemfontein, en Johannesburg elk 'n primarius en 'n sekunduslid (leraars en ouderlinge) aanwys. Die verteenwoordigers van Johannesburg en Kaapstad dien op die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans.

Hiermee is die verslag afgehandel.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag.

102. VERLOFAANSOEKE

Verlofaansoeke word goedgekeur:

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| B Torlage | Steynsburg | 08:00 | 8/9/1995–? |
| JP Mills | Belfast | 08:00 | 8–9/9/1995 |
| PJ du Plessis | Belfast | 08:00 | 8–9/9/1995 |
| WP Murray | Mooinooi | 15:00 | 8/9/1995– |
| | | 11:00 | 9/9/1995 |
| B Taljaard | Nigel | 11:00 | 8/9/1995–? |
| TE Piebaar | Belfast | 13:00 | 8–9/9/1995 |
| PC Poley | Witbank | 08:00–21:00 | 8/9/1995 |
| JAV vd Schyff | Windhoek | 10:30–15:00 | 8/9/1995 |
| NJS Maass | Pofadder | 08:00–10:00 | 9/9/1995 |
| W Brasé | Mosselbaai | 09:40 | 8/9,9/9/1995 |
| | | 09:00 | 9/9/1995 |
| G Pretorius | Arnot/Hendrina | 10:30–12:00 | 8/9/1995 |
| JCK Bezuidenhout | Amajuba | 10:30–12:00 | 8/9/1995 |
| JJ de Jager | Pretoria-Oos | 08:00 | 8/9/1995– |
| | | 11:00 | 9/9/1995 |
| AHP Louw | Coligny | 08:00 | 8–9/9/1995 |
| JN Buys | Bultfontein | 08:00 | 8–9/9/1995 |
| JM Spies | Amajuba | 13:00 | 8–9/9/1995 |
| JC Wagner | Warmbad | 08:00–09:00 | 8/9/1995 |
| JAV vd Schyff | Windhoek | 07:00–10:00 | 8/9/1995 |
| M van der Spuy | Outjo | 07:00–11:00 | 9/9/1995 |
| LP van der Merwe | Christiana | 11:00 | 8–9/9/1995 |
| GD Rouwenhorst | Bothaville | 18:30–21:00 | 8/9/1995 |
| AH Barnard | Bothaville | 13:30–21:00 | 8/9/1995 |
| APR Roberts | Carletonville | 14:00–21:00 | 8/9/1995 |
| GH Krapohl | Strydenburg | | 9/9/1995 |
| PG Visser | Carletonville | 18:00 | 8–9/9/1995 |
| MJ Hartzenberg | Sannieshof/Alfa | 22:00 | 8–9/9/1995 |
| WN vd Berg | Theunissen | 17:30 | 8–9/9/1995 |
| PR Pretorius | Tuinplaas | 16:00 | 8–9/9/1995 |
| MP Taute | Sanddrift | 18:00 | 8–9/9/1995 |
| JM Leach | Sanddrift | 18:00 | 8–9/9/1995 |
| PJ van Rensburg | Hoëveldrif | 18:00 | 8–9/9/1995 |

Die Voorsitter reël dat die Permanente Kommissies onmiddellik na verdaging vergader om te konstitueer.

**Na gebed deur oudl. HCG Bester, verdaag die Sinode vir aandete om 18:00**

**DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 19:05**

Na samesang gelei deur ds. JD van der Merwe hervat die vergadering sy werksaamhede. Enkele afkondigings word gedoen. Die Voorsitter dra dit aan die Ondervoorsitter op om die res van die aand voor te gaan.

Die Ondervoorsitter, dr. FAH van Staden, neem die Voorsitter stoel in.

103. **NOTULE**

**Die Notule van 6 September 1995 – derde sittingsdag, oggendsessie, word in behandeling geneem. Na enkele regstellings word die notule goedgekeur tot by pt. 5.15.1.**

Ds. AS van Jaarsveld stel aanvullend by die notule voor, maar dit word nie goedgekeur nie:

Die Sinode keur die volgende voorstel goed in die plek van besluit 5.16.1 op bl. 10 van notule: derde sittingsdag, naamlik:

1. Die KKS gee aan die Ring van Olifantshoek advies na aanleiding van die vraag met betrekking tot kerkrade artikel 56, naamlik "Wanneer die ouderlingeraad 'n oordeelsfout maak, het die ring die verantwoordelikheid om in te gryp of nie?" (Sakelys 1995, bl. 129).
2. Vir sy advies raadpleeg die KKS die Ring van Olifantshoek insake die oorspronklike beskrywingspunte, ten einde volledige advies te kan gee.

(Ds. AS van Jaarsveld; ds. PR Buitendag)

'n Versoek tot revisie deur ds AS van Jaarsveld word ontvang:

Hiermee gee ek kennis van 'n versoek om revisie (Ordereël 26) van pt. 5.16.1 van die notule van die derde sittingsdag, bl. 10 – soos tydens die behandeling van die notule verduidelik en deur die Voorsitter gereël.
(Ds. AS van Jaarsveld)

104. **MEDIAVERSLAG**

Die Sinode neem kennis dat daar geen mediaverslag sal dien nie as gevolg van ongesteldheid van die Kommissielede.

105. **EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (G1)**

Dr. WA Burger dra die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Sake na die Kommissie verwys**

2.1 **Erkende kerke** – Kennis geneem.

**2.1.1 Verslag oor erkende kerke word as gelese beskou en goedgekeur:**

ERKENDE KERKE

**1. Dit moet duidelik verstaan word dat wanneer Art. 4.3, 5.3, 6.1, Bep. 43C, Bylaes 1 en 2 in die Kerkorde van "erkende kerke" of van 'n "erkende kerkverband" spreek, die APK daarmee nie bedoel om hom daaroor uit te spreek of 'n kerk wel 'n kerk is nie. Of 'n kerk wel 'n kerk is, hang nie af van die erkenning deur ander kerklike groeperings nie.**

**2. Die AP kerke bedoel met "erkende kerk" dat dit 'n kerk of 'n groepering van kerke is waarvan die lidmate, wanneer hulle by 'n plaaslike AP kerk wil inskakel, nie verbondsonderrig hoef te deurloop en belydenis van geloof moet aflê nie.**

**3. In die lig van pt. 2 is 'n "erkende kerk" dan 'n kerk wat net die drie algemene belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid onveranderd as belydenisskrifte aanvaar het, en wat basies die Gereformeerde kerkregeringstelsel handhaaf.**

**4. Dooplidmate in 'n AP kerk kan nie belydende lidmate word met toegang tot die gebruik van die sakramente alvorens hulle deur die kerk onderrig ontvang het in die leer van die kerk nie. Daarom moet iemand wat uit 'n nie-erkende kerk lidmaat van 'n AP kerk wil word, die nodige verbondsonderrig deurloop. Hoe lank sodanige onderrig moet wees, bepaal die plaaslike ouderlingeraad in elke konkrete geval.**

**5. 'n Kerklike groepering wat bo en behalwe die belydenisskrifte in pt. 3 hierbo genoem, ook ander belydenisskrifte het, sal nie as 'n erkende kerk beskou word alvorens 'n sinode van die AP kerke daaroor 'n uitspraak gelewer het nie.**

**6. Indien 'n kerklike groepering wel die belydenisskrifte in punt 3 hier bo gemeld, aanvaar het, maar wysigings daaraan aangebring het, sal hy nie as 'n erkende kerk geag word alvorens 'n sinode van die AP kerke hom daaroor uitgespreek het nie.**

**7. Wanneer die kriteria wat pas gestel is, aangelê word, moet die volgende kerklike groeperinge as erkende kerke beskou word: NGK, GKSA, NHK.**

Die ARK is eintlik nie 'n "erkende kerk" nie, maar meer as dit, nl. 'n kerk waarmee die APK enger korrespondensie gesluit het daarom word lidmate vanuit die ARK nie maar opgeneem nie, maar kan hulle met attestaat oorkom.

8. Die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek kry die opdrag om gegewens te versamel oor en 'n studie te maak van ander kerklike groeperinge in Suid-Afrika. Op die volgende Sinode moet die Kommissie verslag daaroor lewer of daar nog ander kerklike groeperings in Suid-Afrika is wat, wanneer bogenoemde maatstawwe (pt. 3) aangelê word, as erkende kerke beskou kan word.

2.2 Tentmakersbediening – Kennis geneem.

2.3 Video's oor Satanisme – Kennis geneem.

2.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode versoek die Kommissie om die video's te besigtig met die oog op keuring. Indien daar van die video's goedgekeur word, moet dit aan die Pk. opgedra word om met die hulp van Media vir Christus (Namibië), huidige video's bekend te stel en onder gemeentes en lidmate te versprei.

2.4 Aksie veldtog teen die toelating van Pornografie

2.4.1 Kennis geneem.

2.4.2 Kennis geneem.

2.4.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat 'n aksie soos volg geloods word:

1. 'n Artikel in "Die Boodskapper".
2. 'n Omsendbrief aan gemeentes wat tydens die sitting reeds aan aanwesige gemeentes besorg kan word met 'n vorm waarop handtekeninge aangebring kan word. Gemeentes wat nie hier verteenwoordig word nie, moet skriftelik in kennis gestel word. Na voltooiing moet die gemeentes dit aan die kerkkantoor terugbesorg wat dit aan die betrokke wetgewende liggaam besorg. Die laaste datum waarop dit ontvang kan word is 31 Oktober 1995.

2.5 Kerkorde Bep. 65.3: Borgstaan in stryd met die Skrif – Kennis geneem.

2.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat met die oog op 'n deeglike studie in verband met die onderhawige saak, hierdie brief na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek verwys word met terugvoering na die volgende Sinode.

2.6 Verandering van sinsnede in die Apostoliese Geloofsbelydenis – Kennis geneem.

2.6.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat hierdie saak na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek verwys word vir bestudering en verslag aan die volgende Sinode.

2.7 Beskrywingspunt, Ring van Naboomspruit: Die roeping van die Kerk – Kennis geneem.

2.7.1– Kennis geneem.

2.7.2 AANBEVELINGS SOOS GEAMENDEER EN GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek die deurlopende taak kry om:

1. Prinsipieel te besin oor God-uitdagende owerheidsgesanksioneerde sondes soos aborsie, pornografie, Sondagsontheiliging en dobbel, en leiding en inligting daaroor aan lidmate in "Die Boodskapper" te gee sodat die AP Kerk sy getuienis in die verworde wêreld kan laat hoor.

(Ds. SD Nel; oudl. CJB Graham)

2. Praktiese programme te oorweeg vir toepassing deur kerkrade en lidmate binne gemeenteverband om hierdie sondes sigbaar teen te gaan.

(Prof. R Marè; ds. NJ Rautenbach)

Verslag hiermee afgehandel. Die Kommissie word bedank vir sy werk.

106. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR LITERATUURUITSTALLING (P1)

Prof. WJG Lubbe lê die verslag voor.

1. Personeel – Kennis geneem.

2. Die Kommissie rapporteer graag soos volg:

2.1 Kennisname

2.1.1 Kennis geneem.

2.1.2 Kennis geneem.

2.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode bedank die twee sekretaresses van die Publikasiekommissie asook alle ander dames vir puik diens gelewer.

Verslag is hiermee afgehandel. Die Kommissie word bedank vir sy werk.

107. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TKKS (A2)

Ds. AS van Jaarsveld lê die verslag voor.

1. **Nagmaal**

1.1 **Privaat Nagmaalbediening** – Kennis geneem.

1.1.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

**Die volgende Ordemosie word *aanvaar:***

**Die Sinode neem kennis van die aanbeveling van die SKK (Sakelys 1995 bl. 20, pt. 20.6.1), en van die beskrywingspunt (bl. 38, pt. 1.2.2, aanbeveling 47), en van die aanbeveling van die TKKS, aangesien die nagmaal net tydens eredienste gevier word volgens KO Art. 43.2.**
(Prof. R Marè)

Die volgende dertien persone laat hulle stemme *teen* die ordemosie aanteken:

Di. CJJ van Rensburg (Groter Durban)
JH Theron (Klerksdorp)
HC Venter
PR Jonker
PG Stans
JB Trollip
P van Rensburg
AP Viljoen
Dr. JH Ellis
Oudle. BJ Westhagen
SF Botha
AJ van der Nest
SJK Bezuidenhout.

**Behandeling van die verslag word hier onderbreek en sal op 9 September 1995 voortgaan.**

108. **RINGSAANGELEENTHEDE**

'n Bespreking word hierna gevoer oor ringswerksaamhede en oor 'n stuk wat deur die Ring van Potgietersrus opgestel, deur die KKS effens verwerk en versprei is na ringskommissies oor die land heen.

**Ds. JJ Vrey sluit die vergadering met gebed en laat sing Ges. 353:1. Die vergadering verdaag om 20:45.**

# SESDE SITTINGSDAG 9 SEPTEMBER 1995

## OGGENDSESSIE

Bidstond word gelei deur oudl. AH Barnard van Bothaville.

Hy laat sing Ges. 307:1 en doen 'n gebed. Hy lees 1 Pt. 5:1–11 en beklemtoon vs. 8 en 9. 'n Aantal broers gaan voor in gebed. Hy laat sing Ges. 222:1, 4.

Die Voorsitter bedank hom en doen enkele afkondigings.

109. **VERLOFAANSOEKE**

**Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:**

**JE Driemeyer, APK Pietermaritzburg, 9/9/1995**
**B Erasmus, APK Groot-Marico, 9/9/1995**
**FJ Swanepoel, APK Naboomspruit, 9/9/1995**
**L Minnaar, APK Alberton, 8, 9/9/1995**
**JA de Beer, APK Pretoria-Oos, 9/9/1995**
**DJB de Witt, APK Nigel, 18:30, 8 en 9/9/1995**

110. **VERSLAG: VERTEENWOORDIGERS BY DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SA – BYLAE SKK1, SAKELYS BL. 23**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se verteenwoordiger ds. M Steyn word ter vergadering verwelkom.

Ds. WA Jooste lê die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE AP KERK 1995 – BYLAE BSA** – Kennis geneem.

3.1 **Bybelproduksie styg skerp (BSA-1)** – Kennis geneem.

3.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van die geseënde werk wat ten opsigte van Bybelproduksie gedoen is.**

3.2 **Verspreiding vorder fluks (BSA-2)** – Kennis geneem.

3.1.2 moet wees 3.2.1:

3.2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis daarvan dat die aanvraag vir die 1953-vertaling van die Bybel steeds groei: in die verslagjaar is 85212 1953-Bybels en Testamente versprei teenoor 173871 Bybels en Testamente van die 1983-vertaling. Hieruit blyk dit duidelik dat die Bybelgenootskap steeds genoegsame 1953-Bybels en Testamente beskikbaar sal moet stel ten einde in die aanvraag te voorsien.**

3.3 **Vertalingsprogramme gaan voort (BSA-3)** – Kennis geneem.

3.3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van voortgesette vertalingsprogramme ten opsigte van die Bybel.**

3.4 **Finansies (BSA-4)** – Kennis geneem.

3.4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van die finansiële state van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.**

3.5 **Promosiewerk (BSA-5)** – Kennis geneem.

3.5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van die promosiewerk ten opsigte van die Bybelgenootskap.**

3.6 **Dwarsoor die wêreld (BSA-6)** – Kennis geneem.

3.6.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem kennis van die wêreldwye verspreiding van Bybels.**

3.7 **Die Afrikaanse Protestantse Kerk (BSA-7)** – Kennis geneem.

3.7.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode beveel by kerkrade aan dat hulle die Sekretarisse van die Bybelgenootskap uitnooi om hul gemeentes te besoek in belang van Bybelverspreiding. Kerkrade kan skakel met die Bybelhuise naaste aan hulle geleë:**

**Kempton Park 011–970–4010; Durban 031–305–6808; Bloemfontein 051–489–451; Kaapstad 021–212–040; Port Elizabeth 041–311–138.**

3.7.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die mooi styging in bydraes vir Bybelverspreiding en dank word aan kerkrade en lidmate hiervoor oorgedra, ook besonderlik namens die Bybelgenootskap.**

3.7.3 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode beveel by elke kerkraad aan dat die mooi ideaal van ten minste R10–00 per jaar bydrae deur elke kerklidmaat (as subsidie per Bybel) aan die Bybelgenootskap nagestreef word, aangesien die verlies op 'n Bybel tans R10–00 per eksemplaar is.**

3.7.4 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode bring dit onder aandag van gemeentes dat skenkings aan die Bybelgenootskap van die belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking van 'n maksimum bedrag van R500 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ook al die grootste is).**

3.7.5 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg en dit te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953–Bybelvertaling.**

4. BENOEMING VAN VERTEENWOORDIGERS BY STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

4.1 **Aanbeveling** – Kennis geneem.

Die volgende verteenwoordigers word benoem (kyk 3.13 onder paragraaf 101).

JOHANNESBURG (KEMPTONPARK)

Primarii:

Ds. HC Venter, Posbus 2194, PRIMROSE, 1416, tel. 011–828–1163;
Mnr. FPZ Stevens, Acaciaweg 6, PRIMROSE-OOS, 1401, tel. 011–822–2739.

Sekundi:

Ds. FJ van der Merwe, Posbus 244, KOSTER, 2825, tel. 0142–43–2623;
Mnr. GJ Rheeders, Buckinghamlaan 88, Craighall Park, JOHANNESBURG, 2196, tel. 011–422–9797.

KAAPSTAD

Primarii:

Drs. S Botes, Samrowoonstel 301, Kusweg, STRAND, 7140, tel. 024–854–4517
Mnr. SWJ Engelbrecht, Frans Conradierylaan 5, PAROW, 7500

Sekundi:

Dr. HJ Smith, Posbus 812, WELLINGTON, 7655 tel. 02211 33526
Mnr. EJ Zeelie, Avondalestraat 41, BELLVILLE, 7530

DURBAN

Leraars

Primarius:

Ds. CJJ van Rensburg, Lighthouseweg 634, FYNNLAND, 4052, tel. 013–466–4925;

Sekundus

Ds. ZB Loots, Posbus 1586, MARGATE, 4265, tel. 03931 71549

Ouderlinge

Primarius

HCG Bester, Posbus 39072, QUEENSBURGH, tel. 031–44–1533 (H), 361–8041(W)

Sekundus:

PS Joubert, Adrienneweg 4, BALLITO, 4420, tel. (0322) 61632.

BLOEMFONTEIN

Leraars

Primarius:

Ds. J Jacobs, Scholtzstraat 34, Universitas, BLOEMFONTEIN, 9301, tel. 051–223639

Sekundus:

Ds. JAC Erasmus, Posbus 22118, EXTONWEG 9313, tel. 051–314439

Ouderlinge

Primarius:

Mnr. JJ Wagenaar, Posbus 22236, EXTONWEG, 9313, tel. 051–8211299

Sekundus:

Mnr. HJ Hayes, Posbus 25587, Langenhovenpark, 9330, tel. 051 4462615.

PORT ELIZABETH

Leraars

Primarius:

Ds. ZJ van Rensburg, Posbus 28409, Sunridgepark, 6008, tel. 041–32–4892

Sekundus:

Ds. JH van Vuuren, Melchuorstraat 13, KAREEDOUW, 6400, tel. 04233 636

Die name van 'n primarius en sekundus ouderling sal deur die Ring bygevoeg word.

4.2 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Kommissie vir Kommissies moet die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes verkry en aan die Skriba van die Sinode besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating as verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die onderskeie Streekrade van die Bybelgenootskap.**

5. **SLOT** – Kennis geneem.

Ds. Steyn spreek die vergadering toe en bid die Sinode die Here se seën toe op sy gebruik van die Bybel. Hy gee ook 'n verduideliking insake die Bybel op rekenaar. Die 1983–vertaling op rekenaar is nie deur die Bybelgenootskap gedoen nie. Ander instansies is deur die Bybelgenootskap toestemming daartoe verleen. Kopiereg is ook beskikbaar vir wie die 1953–vertaling op rekenaar wil plaas. Hy verseker die vergadering van oop kanale en 'n goeie gesindheid by die Bybelgenootskap ten alle tye. Hy verduidelik dat Kanselbybels (1953–vertaling) baie duur is om te druk en die aanvraag is baie klein.

**Die volgende voorstelle word goedgekeur:**

1. **Die Sinode versoek die Bybelgenootskap om hom te hou by die vertaling, druk en verspreiding van Bybels en nie kontroversiële publikasies die lig te laat sien nie.** (Ds. PG Stans; FA Oberholzer)

2. **Die Sewende Sinode van die APK versoek die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om twee leraars van die APK sittingsreg te verleen op hul vertalerskommissie.** (Ds. DJ Malan; oudl. JD Müller)

Prof. Marè bedank ds. Steyn namens die Sinode en wens hom seën toe op sy emeritaat.

111. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TKKS (A2) (Vervolg)

**Die volgende versoek word toegestaan:**

**Prof. Marè versoek die vergadering om aan die einde as daar tyd is, nog bespreking toe te laat oor private Nagmaalsbediening.**

1.2 Toelating tot die Nagmaal – Kennis geneem.

1.2.1 AANBEVELING SOOS GEWYSIG EN GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om:**

**1.2.1.1 aanbeveling 5.14.3 (Sakelys bl. 128) nie te handhaaf nie;**

**1.2.1.2 aanbeveling 54 (Sakelys bl. 42) soos volg gewysig te handhaaf:**

**"Die Sinode besluit die plaaslike ouderlingeraad moet homself op hoogte stel van wie almal tot die Nagmaal toegelaat word. Dit kan alleen gebeur as die ouderlingeraad vooraf kennis dra van lidmate van elders of besoekers uit die geledere van ander Gereformeerde Kerke se voorneme om aan die Nagmaal deel te hê. Oor elke sodanige persoon se deelname aan die Nagmaal moet die ouderlingeraad hom uitspreek – in die lig van getuienis wat voor hom dien, of by wyse van 'n skriftelike aanbeveling van die ouderlingeraad van 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk; óf die mondelinge getuienis van lidmate van die plaaslike kerk, wat met sodanige voornemende nagmaalgebruiker se lewe bekend is. Bepaling 43C van die Kerkorde word soos volg aangevul: en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die Nagmaal bedien word."**

**1.2.1.3 Aanbeveling 44 op bl. 36 op te volg met die besluit onder pt. 1.19. Die enigste wysiging is die invoeging van die woord *kan* in die laaste sin tussen die woorde *volg* en *lui*: Dit lui dan "wat soos volg *kan* lui".**

Verder word *ouderlingevergadering* vervang met *ouderlingeraad.*

Die besluit lui dan so:

**Die Sinode besluit dat:**

1. **Wanneer 'n lidmaat van kerk (gemeente) A (binne AP Kerkegroepering) in kerk B as gas Nagmaal wil gebruik, neem hy, indien enigsins moontlik, 'n aanbevelingsbrief van sy ouderlingeraad of van die Voorsitter en Skriba van sy ouderlingeraad saam, wat soos volg kan lui:**

   **"Die Voorsitter Ouderlingeraad Kerk B** — **Adres Kerk A Datum**

   **AANSOEK OM AS GAS SAAM MET U GEMEENTE NAGMAAL TE GEBRUIK**

   **Hiermee word getuig dat**

   **..............................................................**

   **(naam van betrokke lidmaat/lidmate van Kerk A) belydende lidmaat/lidmate in hierdie gemeente is. Hy/sy/hulle het te kenne gegee dat hy/sy/ hulle graag by u eersvolgende Nagmaalsgeleentheid as gas/gaste toegang tot die tafel van die Here sal wil hê.**

   **Hierdie ouderlingeraad beveel hulle ingevolge Bep. 43C van die KO. van harte by u aan.**

   **Mag u 'n geseënde Nagmaalsviering hê.**

   **U broeder in die Here**

   **SKRIBA/VOORSITTER"**

2. **Wanneer lidmaat A in 'n ander erkende kerkegroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA)**

**saam Nagmaal wil gebruik, voorsien die ouderlingeraad 'n soortgelyke aanbevelingsbrief aan hom.**

3. **Lidmate moet van tyd tot tyd vanaf die kansel aangemoedig word om gelowiges wat uit ander erkende kerkgroeperinge (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) by 'n AP Kerk (gemeente) as gas Nagmaal wil gebruik, aan te spoor om 'n aanbevelingsbrief van hulle eie ouderlingerade te bekom.**
4. **Indien 'n ouderlingeraad geen brief van 'n aansoeker uit die eie kerkegroepering ontvang nie, moet die ouderlingeraad persoonlike getuienis uit eie geledere of uit eie gemeente oor die aansoeker bekom. Die ideaal moet egter nagestreef word dat 'n aanbevelingsbrief liewer ingedien word.**
5. **In die geval van die kinders (of ouers) van lidmate wat as gaste aansoek doen, moet die ouderlingeraad soepel in optrede wees indien daardie lidmate hulle familielede aanbeveel.**
6. **Geen aansoeker uit 'n ander erkende kerkegroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) sal as gas by 'n AP Kerk toegelaat word sonder 'n aanbevelingsbrief nie.**

**Motivering**

1. Bep. 33A van die KO. reël dat die ouderlingeraad, indien moontlik, voor elke Nagmaal vergader om te handel oor sake deur KO. Arts. 21, 43, 44 en 50–59 gedek. Art. 43 handel oor die doop en die nagmaal.
2. Wanneer lidmate hulle kindjie in 'n ander gemeente wil laat doop, is hulle verplig om 'n toestemmingsbrief van hulle eie ouderlingeraad te hê (Bep. 43A). Dit is nie net nodig ter wille van die administrasie in verband met die uitreiking van 'n doopseel nie, maar óók omdat die eie ouderlingeraad getuienis oor die lidmate moet lewer. Bep. 43A praat van "lidmate, wat nie onder sensuur is nie". Dáároor handel die toestemmingsbrief.
3. Wat die diepste beginsel by die een sakrament (die doop) is (nl. die eie ouderlingeraad wat die lidmate ken en onder wie se sorg en tugbevoegdheid die lidmate val, moet getuienis lewer), moet dit ook by die ander sakrament (die nagmaal) wees.
4. Bep. 43C reël dat die ouderlingeraad van elke gemeente toesig hou oor die nagmaalstafel. Die Heidelbergse Kategismus (Antwoord 82) stel dit dat lidmate wat met hulle belydenis en lewe hulle goddeloos en ongelowig gedra, nie tot die nagmaal toegelaat mág word nie. Die kerk (via die ouderlingeraad) is "verplig" om dié mense te weer. Bep. 43C sê ook dat die nagmaal net toeganklik is vir daardie lidmate wat nie onder sensuur is nie.
5. Wanneer 'n lidmaat in kerk (gemeente) A onder sensuur is, mag sy ouderlingeraad hom nie tot die tafel toelaat nie. Dit beteken egter dat die ouderlingeraad van kerk (gemeente) B hom ook nie by hulle mag toelaat nie. Die vraag is hoe ouderlingeraad B kan weet of die aansoeker wel toegelaat mag word? Dit is die rede waarom 'n brief van die aansoeker se eie ouderlingeraad noodsaaklik is. Dit is nie verantwoordelik om die onus maar op die lidmaat te werp om te sê hy sal verantwoording voor die Here oor sy optrede doen nie. Sy eie ouderlingeraad tree dan nie so op nie! Hulle laat dit nie aan hom (die lidmaat) oor of hy wil nagmaal gebruik of nie – hulle verbied hom uitdruklik om dit te doen! Dan kan ouderlingeraad B mos nie die houding hê dat dit 'n saak tussen die lidmaat en die Here is nie. Ouderlingeraad B het die opdrag om te waak oor die heiligheid van die tafel sover dit vir mense moontlik is om dit te doen.
6. Dieselfde geld des te meer vir 'n aansoeker uit 'n ander erkende kerkegroepering, veral omdat 'n AP ouderlingeraad geen tugbevoegdheid oor so 'n aansoeker het nie.
7. Indien hierdie saak van tyd tot tyd van die kansels af aan die gemeentes verduidelik word, sal die lidmate die sin daarvan verstaan en dit al hoe meer begin toepas. Dit moet in elk geval voor die voorbereidingsdiens en voor die nagmaalsdiens verduidelik word. Dan hoor die gaste dit ook en die lidmate leer om die saak betyds met hulle familie en vriende wat kom kuier, te reël.
8. Wanneer 'n besoeker nie 'n aanbevelingsbrief saamgebring het nie, moet die skriba telefonies getuienis van die besoeker se eie predikant/skriba/wyksouderling probeer bekom. Dit noodsaak 'n reëling dat aansoekers (bv.) net tot 13:00 op die Saterdag wat die Nagmaalsondag voorafgaan, aansoeke mag indien. Dié praktyk moet egter vriendelik ontmoedig word.

2. 15% **Oorbetaling op erflating** – Kennis geneem.

Bl. 46, pt. 2.9.1.

**2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode verwys die saak na die PKKS en kontinueer sy opdrag.**

3. **Registers** – Kennis geneem.

Bl. 68, pt. 5.1.
Bl. 125/126, pt. 5.6.1.1.

3.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit**

**3.1.1 Daar word nie gevolg gegee aan aanbeveling 5.1 op bl. 68 nie.**

**3.1.2 Aanbeveling 5.6.1.1 op bl. 125/126 word die besluit van die Sinode insake die wysiging van Bep. 4A.**

3.2 **Motivering** – Kennis geneem: Die doopkladboek vervul die funksie van 'n kronologiese doopregister.

Die besluit lui dan so: **Die Sinode besluit om Bep. 4A te wysig om te lui:**

**"Elke kerkraad moet 'n doop-, dooplidmaat- en lidmaatregister hou, waarin die name van alle doop- en belydende lidmate aangeteken moet word. In die geval van afstigting, moet die kerkraad die name van die nuwe gemeente se belydende en dooplidmate na 'n eie lidmaatregister oordra."**

4. **BEP. 37H**

Bl. 70, pt. 9.3.4.1 – Kennis geneem.

4.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om Bep. 37H nie te wysig nie.**

4.2 **Motivering** – Kennis geneem:

Die kerkordelike weg vir kerkordewysigings is nie gevolg nie. Die weg van 'n beskrywingspunt moet gevolg word.

5. **Afstaan van tyd vir bespreking van ringsaangeleenthede**

Bl. 22: Aanbeveling 20.10.1 – Afgehandel.

5.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om af te stap van hierdie saak.**

6. **Maatskaplike werker** – Kennis geneem.

Bl. 31. Aanbeveling 35.

6.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan aanbeveling 35 nie.**

6.2 **Motivering** – Kennis geneem.

7. **Die inwin van regsadvies** – Kennis geneem.

Bl. 149, pt. 15. Aanbeveling 15.1.

7.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan aanbeveling 15.1 nie.**

7.2 **Motivering** – Kennis geneem:

Die regsadvies gegee aan Pk. en BRKA soos vergestalt in pt. 15.1, bl. 53 is kerkordelik juis en korrek (kyk na die lasgewing 3 en 5 van die KKS, KO. 1994, bl. 112).

Indien die probleem van die Pk. was of die KO. vir die BRKA geld, verwys die TKKS die Pk. na pt. 65.3 op bl. 64 wat bevestig dat die Kerkorde vir die BRKA geld t.o.v. regsgedinge. Art. 65 is verdere bevestiging hiervan.

**Die volgende amendement van prof. WJG Lubbe word goedgekeur:**

**Die Sinode neem kennis van aanbeveling 7.1. Die Sinode verwys bg. saak vir bespreking en uitsluitsel na die KKS, Pk. en SKK onder Voorsitterskap van die SKK. Die Sinode versoek bogenoemde DRIE kommissies om die resultaat van hul bevindinge *saaklik* per omsendbrief aan alle gemeentes deur te gee.**
(Prof. WJG Lubbe)

8. **Die berekening van 'n kworum** – Kennis geneem.

Bl. 131, pt. 5.22.1.2.

8.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR SOOS DEUR AMENDEMENT GEWYSIG:

**In die bepaling van die getal waaruit die kworum bereken word, moet die aantal vakatures en verskonings (kragtens Ordereël 6) wat onvermydelik is, afgetrek word.**
(Ds. JA du Plessis; diak. NG Heyns)

Amendement nie goedgekeur nie:

8.1 Skrap "en wettige verskonings".
(Prof. WJG Lubbe; ds. DJ Malan)

8.2 **Motivering** – Kennis geneem.

9. **Beskrywingspunt van die FK oor beroeping van leraars**

Bl. 135, pt. 6.9.1 – Kennis geneem.

9.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit om die saak na die PKKS te verwys.**

9.2 **Motivering** – Kennis geneem.

Verslag is hiermee afgehandel.

Die Kommissie word bedank vir die verslag.

## 112. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR PUBLIKASIES EN BYBELVERKLARING S1

1. **Personeel** – Kennis geneem.

2. **Vergaderings** – Kennis geneem.

3. **Opdragte** – Kennis geneem.

**3.1 Lasgewing (Pk. bl. 155, pt. 6.2) goedgekeur: (Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, dit wil sê A en B hierbo, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Bybelverklaring).**

**"Die Kommissie**

1. **beywer hom vir die daarstelling van Bybelstudie/ materiaal en kommentare wat die Bybels-gereformeerde en behoudende geloofsbeskouing bevat;**
2. **werk saam met die Publikasiekommissie vir die keuring van manuskripte (pt. 1 hierbo) wat vir publikasie voorgelê word;**
3. **beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.**

3.2 **Proefsangbundel** (KKM, 3.2, bl. 140; 5.3, bl. 142)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

**Die Sinode besluit dat een eksemplaar van die Proefsangbundel, wat deur die KKM aan die afgevaardigdes van die Sinode voorsien is, deur die gemeentes vir eie gebruik gedupliseer kan word.**

**Die volgende amendement by 3.2 hierbo word goedgekeur: Eksemplare sal aan die gemeentes teen 'n minimum prys beskikbaar gestel word na verdere regstellings gedoen is.**
(Prof. WJG Lubbe; ds. DJ Malan)

3.3 **Lys van Preekbundels (Pk. bl. 150, pt. 18.3, 4) – Goedgekeur:**

| Naam van Publikasie | Skrywer | Aantal preke | Prys |
|---|---|---|---|
| Pinksterboodskappe uit Amos | Prof. HCG Robbertze | 7 | R14–00 |
| Die hele kerk met die volle Evangelie – Deel 1 | Dr. CI van Heerden | 14 | R 6–25 |
| Die hele kerk met die volle Evangelie – Deel II | Dr. CI van Heerden | 15 | R 9–25 |
| 18 preke | Ds. AS van Staden | 18 | R11–50 |
| Vir die moeë gees | Ds. JH Theron | 12 | R 4–50 |
| Getroos in Lewe en in Sterwe | Dr. EM Viljoen | 17 | R25–00 |
| Troos my volk | Prof. HCG Robbertze | 15 | R 7–50 |
| In die krag van sy oorwinning | Ds. IA Brink | 15 | R12–50 |

## 113. VERDERE SAKE NA TKKS VERWYS

Ds. AS van Jaarsveld dra die volgende sake voor:

AANBEVELINGS VAN TKKS GOEDGEKEUR:

**1. KO. Art. 19 (kyk opdrag aan TKKS in Sakelys bl. 131, 5.20):**

**1.1 Voeg na die woorde "... afwag en aan ...", die woorde: " ... die kerkraad opdra om aan ..." in; en voeg die woord "te" tussen die woorde "dokument" en "gee" in.**

**Dan lui die artikel soos volg:**

**Indien 'n bedienaar van die Woord, of die kerkraad, oordeel dat hy nie langer tot stigting in die kerk (gemeente) kan dien nie, oordeel die ring na behoorlike ondersoek daaroor (wat insluit dat die ring hom daarvan vergewis dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente losgemaak moet word. Indien die ring besluit dat die band losgemaak moet word, vergewis die ring hom daarvan dat daar billike voorsiening vir die bedienaar gemaak is. Indien die predikant in 'n kombinasie wat gesamentlik beroep, dien, word hy van al die gemeentes in die kombinasie losgemaak en word die kombinasie ontbind. Dit staan die betrokke kerke (gemeentes) vry om daarna opnuut 'n kombinasie na eie goeddunke te vorm. Die ring moet dan aan die kerke in kerkverband onmiddellik kennis gee dat die betrokke bedienaar 'n beroep afwag en aan die kerkraad opdra om aan die bedienaar 'n dokument te gee dat hy volgens KO. Art. 19 losgemaak is (Bylae 5.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien.**

**1.2 Wysig Bepaling 19A2 om te lui: Mag 'n beroep uitbring indien daar nie binne die vereiste tydperk (21 dae) 'n appèl of beswaarskrif aanhangig gemaak word nie.**

**1.3 Vul Bep. 19B aan met: Indien daar dan nog nie 'n beroep deur die betrokke leraar ontvang**

**is nie, neem die ring 'n besluit in die lig van die leraar se situasie, en versoek die Kuratorium dienooreenkomstig in verband met die leraar se behoud van status.**

2. Lasgewing van die Pk.

**Die Sinode verwys punt 7 in die Kerkordeboek, bl. 117, na die KKS (kyk vorige besluit daaroor onder paragraaf 89).**

**Die vergadering word geslote verklaar.**

Teologiese studente mag in die vergadering bly.

114. **DIE TWEEDE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE DIE ONDERSKRIF BY DIE KERKNAAM WORD IN BEHANDELING GENEEM**

1. **Opdrag**

1.1 Kennis geneem.

1.2 Kennis geneem.

2. **AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

**2.1.1 Aangesien die term "gereformeerd" voorkom in die onderskrif soos goedgekeur, besluit die Sinode om nie die bestaande kerknaam (Afrikaanse Protestantse Kerk) te verander nie.**

**2.1.2 Die Sinode besluit dat daar in geen amptelike dokumente na "die APK" verwys sal word nie, maar dat die afkorting "AP Kerk" deurgaans gebruik word.**

Ds. AJ van Niekerk stel 'n ordemosie om tot stemming oor te gaan ná prof. Lubbe repliek gelewer het. Ds. NJ Rautenbach doen 'n gebed en daarna stem die Sinode.

**Om 10:40 besluit die Sinode om langer as net tot 11:00 te vergader.**

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit om KO. Art. 3 soos volg te wysig: Ons glo op grond van die Woord van God, soos onder meer blyk uit Gn. 11; Dt. 32:8; Hd. 2:8; Hd. 17:26; Op. 7:9; Op. 21:24 en 26 en Op. 22:2 dat inheemse kerke die wil van God vir sy kerk is. Aldus wil die AP kerk(e) plaaslik 'n openbaring wees van die liggaam van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk. Almal wat hulle hiermee vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm. 10:9–10), wat die belydenis, leer en hierdie art. in die KO. van die APKerk in kerkverband onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.
(Dr. EM Viljoen; oudl. M van der Spuy)

**AANBEVELINGS MET WYSIGING GOEDGEKEUR:**

**2.2.1 Die Sinode besluit om nie die bewoording van die bestaande Art. 3 te wysig nie, maar om dit wel uit te brei met: Die Here leer ons in Gn. 11, Dt. 32:8, Hd. 2:8, Hd. 17:26, Op. 7:9, Op. 21:24 en 26, Op. 22:2 dat die inheemse kerk sy wil is. Die AP kerk(e) wil elk 'n openbaring van die liggaam van Christus wees en ook die verinheemsing van die kerk van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk naas andere volkere, van watter kultuur hulle ook mag wees.**

**2.2.2 Die Sinode besluit om ook die volgende by te voeg by Art. 3:**

**"Kerk van Christus is die vrug van die werk van die Drie-enige God onder die Koningskap van Christus".**

**Die KKS kry volmag om 'n gepaste numerering in Art. 3 aan te bring.**

**Die Sinode keur die volgende voorstel goed:**

**Die Sinode besluit om die onderskrif van die naam na die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek te verwys vir 'n Bybelsgefundeerde ondersoek veral in die lig van dubbele standaarde deur die onderskrif opsioneel te maak deur dit soms te gebruik en dan weer weg te laat.**
(Oudl. GP Bezuidenhout; ds. NJ Rautenbach)

**Die Sinode keur die volgende voorstel goed:**

**Die Sinode verwys die saak van selfstandigheid van die AP Kerk in Namibië as 'n eie/of afsonderlike kerkverband na die Ring van Outjo om in samewerking met die KKS te besin oor al die implikasies met die oog op ordelike oorgang tot die uitvoering van die besluit.**
(Ds. JAV van der Schyff; ds. LJ Jacobs)

115. **MEDIAVERSLAG**

Slegs mondelinge mededelings – **Die Sinode besluit dat die verslag skriftelik aan die Voorsitter en Aktuarius voorgelê moet word vir redigering en uitreiking.** (Kyk J onder verslae van Tydelike Kommissies agter in Handelinge.)

116. **NOTULE**

**Die volgende voorstel word goedgekeur:**

1. **Die Sinode neem kennis dat die notule goedgekeur is tot by bl. 10 van die derde dag se sitting.**
2. **Aangesien die finale notule met die Skriba gekontroleer moet word, besluit die Sinode om die afhandeling van die res van die notule na die SKK en Aktuarius te verwys.**

3. **Veranderinge wat afgevaardigdes aangebring wil hê, moet so gou moontlik aan die Sentrale Kerkkantoor besorg word.**

(Ds. LD Pienaar; ds. NJ Rautenbach)

'n Aantal afkondigings word gedoen.

**DIE VOLGENDE VOORSTEL WORD GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om 'n mosie van dank te rig aan die adres en leiding van die Voorsitter en die ander vier ampsdraers wat aan die tafel saam met hom gesit het, vir die besondere wyse waarop hulle die gang van die Sinode laat vloei het. Ook aan die plaaslike gemeente vir hulle reëlings.**

(Oudl. BJM Rossouw; ds. AL van Heerden)

**DIE VOLGENDE VOORSTEL WORD GOEDGEKEUR:**

**Die Sinode besluit om 'n ernstige versoek tot die BRKA te rig vir die verligting van die werklading van ds. Adendorff en na bevind van sake 'n vermindering van pligte te implementeer.**

(Oudl. RG Tait, APK Germiston; ds. HC Venter, APK Primrose)

117. **REVISIE**

Ds. AS van Jaarsveld motiveer sy versoek vir revisie van die besluit vervat in die notule van die 3de sittingsdag punt 5.16.1, bl. 10, en die Sinode staan revisie toe. **Die Sinode besluit:**

1. **Die KKS gee aan die Ring van Olifantshoek advies na aanleiding van die vraag met betrekking tot Kerkorde Artikel 56, nl. "Wanneer die ouderlingeraad 'n oordeelsfout maak, het die Ring die verantwoordelikheid om in te gryp of nie?" (Sakelys 1995, bl. 129).**
2. **Vir sy advies raadpleeg die KKS die Ring van Olifantshoek insake die oorspronklike beskrywingspunte, ten einde volledige advies te kan gee.**

**(Ds. AS van Jaarsveld; ds. PR Buitendag)**

**DIE VOLGENDE VOORSTEL WORD GOEDGEKEUR:**

**Namens die afgevaardigdes vanuit Namibië:**

1. **hartlike dank aan al die afgevaardigdes vir die hartlike broederlike samesyn;**
2. **hartlik dank aan dié plaaslike kerk en veral die susters en hulle helpers vir die hartlike en gulle ontvangs;**
3. **'n broederlike groet aan almal wat betrokke was by die Sinode;**
4. **Die Here se seën vir u in die RSA as Kerke van Jesus Christus.**

(Ds. JA van der Schyff; oudl. JA Jacobs)

Prof. FAH van Staden doen die volgende bedankings:

Die Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor

1. die plaaslike kerk, AP Kerk Wonderboom se kerkraad vir die beskikbaarstelling van die kerkgeboukompleks met al die fasiliteite én ander reëlings getref, om die Sinode te huisves; huisvesting/sekuriteit;
2. die susters van die gemeente Wonderboom vir ses dae se etes, verversings, vriendelikheid en hulpvaardigheid; en broeders;
3. die broeder Theo Bosch vir die wyse waarop hy knoppies gedruk en pennetjies geskuif het om die sinodale afgevaardigdes hoorbaar te maak, en ds. Koen as sy assistent;
4. die KKM vir sangleiding en mooi sang deur die Sinode;
5. die broeders ouderlinge, wat die daaglikse sinodale sittings waargeneem het; al die afgevaardigdes – mees beheerste sinodale vergadering tot datum;
6. die amptenare van die Sentrale Kerkkantoor, wat al die tikwerk en ander dienste behartig het; dames wat hierbinne gedien het as skone bodes; veral die tiksters wat tot laatnag gewerk het;
7. die firma AMK wat kopiefasiliteite vir die Sinode beskikbaar gestel het;
8. die notulekommissie; Tydelike Kommissies;

10. die skribaat van die Sinode vir voortreflike werk, met die besondere bede dat ds. MC Adendorff spoedig volkome sal herstel;
11. 'n dankwoord aan die Aktuarius vir kerkregtelike advies;
12. 'n besondere woord van dank aan die Voorsitter.

Die Voorsitter bedank die vergadering vir hulle samewerking, asook die skribaat, Aktuarius en Ondervoorsitter vir hulle gewaardeerde hulp.

Die Voorsitter neem die afsluiting waar. Hy laat sing Ges. 5:1 en 3 en lees 2 Kor. 4:1–15. Ná enkele verduidelikende gedagtes laat hy Ges. 306:1 sing en sluit met gebed af.

**DIE SINODE VAN 1995 EINDIG OM 11:47.**

(Bylae PK3)

# PUBLIKASIEKOMMISSIE: 16 MEI TOT 31 AUGUSTUS 1995

## 1. PERSONEEL

Die volgende personeelplasing/personeelverplasings word in die vooruitsig gestel so gou moontlik na die Sinode se huidige vergadering. Mev. JP van Lille word onthef van haar pos as waarnemende Boekwinkelbestuurder en bemarker sodat sy voltyds as Uitgewersassistent aangewend kan word om die werkslading van die Sekretaresse vir Publikasies te verlig.

Ds. WM Grové word aangestel as Boekwinkelbestuurder. Die Pk. oorweeg ook die moontlikheid van 'n voltydse bemarkingspos, wat ten dele vaste betaling ontvang en ten dele op kommissiebasis werk.

## 2. VERGADERINGS

Sedert 16 Mei 1995 het die Pk. nog twee keer en die Db. drie keer vergaderings gehou.

## 3. SINODALE PUBLIKASIES

### 3.1 Oorsig van gepubliseerde sinodale publikasies

Daar het vanaf 16 Mei 1995 nog twee sinodale publikasies verskyn, nl. die "Sakelys vir die Sewende Sinode" en "Teologiese Tydskrif" Nommer 2. (Gedurende die volle verslagtydperk van 14 Augustus 1993 tot 31 Augustus 1995 het daar dus agt sinodale publikasies verskyn.)

Die publikasiekoste van die twee bykomende sinodale publikasies beloop R23,611–40 (uitgesonderd die koste verbonde aan die personeel en reiskoste van kommissielede) wat die totale publikasiekoste vir die sinodale publikasies op R179,266–57 te staan bring.

#### 3.1.1 Die Sakelys vir die Sewende Sinode

Dié publikasie met 'n oplaag van 830 eksemplare is op 11 Julie 1995 van die drukkers ontvang sodat die Sakelyste reeds op 12 Julie 1995 aan gemeentes versend is. Die totale aantal eksemplare wat komplimentêr versprei is, is 650. Daar is onder andere een eksemplaar aan elke predikant en twee aan elke gemeente versprei. Die res van die oplaag word teen R60–00 per eksemplaar verkoop.

#### 3.1.2 Teologiese Tydskrif

Die Teologiese Tydskrif (No. 2) is op 18 Augustus 1995 van die drukkers ontvang. 'n Oplaag van 514 is teen 'n totale koste van R4,277–00 laat druk. Die bemarking van hierdie publikasie sal tydens die Sinode van stapel gestuur word.

### 3.2 Sinodale publikasies ter perse

Daar is tans net een sinodale publikasie ter perse:

#### 3.2.1 Kerkjaarboek 1996 met Bybelse Dagstukkies

Hierdie publikasie word tans geset en sal na beplanning op 15 September 1995 aan die drukker oorhandig word sodat die boek vroeg in November beskikbaar sal wees.

Die Pk. het dit goedgekeur dat die titel van die boek verander word na "Kerkjaarboek 1996 met Bybelse Dagstukkies" en dat hierdie publikasie weer gedeeltelik gesubsidieer sal word sodat dit teen R30–00 verkoop kan word.

Die Pk. versoek voorsitters van kerkrade vriendelik dog dringend om tydens hulle jaarbeplanning vir 1996 dit in gedagte te hou dat die gemeente-, rings- en predikante-gegewens soos op 31 Julie 1996 op 1 Augustus 1996 aan die Pk. versend moet word. Indien gemeentes die verkiesing van ampsdraers vóór daardie datum kan laat plaasvind, kan die gegewens op 1 Augustus 1996 gefaks of gepos word. Dit sal baie tyd en koste bespaar as die Pk. nie nodig het om elke gemeente wie se gegewens uitstaande is – en daar was dié jaar weer talle – telefonies te kontak nie.

### 3.3 Sinodale publikasies in proses van opstel of herdruk

#### 3.3.1 Proefsangbundel

Die KKM het die duplisering van die Proefsangbundel self behartig; die Pk. is net versoek om behulpsaam te wees met die verspreiding daarvan. Aangesien die publikasie eers ongeveer 10 dae voor die Sinode beskikbaar was vir verspreiding, kon dit nie per pos versend word nie en sal 'n kopie tydens die Sinode aan elke afgevaardigde uitgedeel word.

### 3.4 Hersiening van 'n sinodale publikasie

#### 3.4.1 Skriflig op Kerk en Volk

AANBEVELING PK3 3.4.1.1

**Die Sinode besluit dat**

a. **die Sinodale publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" so gou moontlik hersien en indien moontlik nie later nie as 30 April 1996 weer op die mark gebring moet word;**

**b. 'n vertaling in Engels van die beoogde hersiene uitgawe nie later nie as 31 Augustus 1996 gepubliseer moet word, indien moontlik. Vir hierdie beoogde vertaling moet die vertaalwerk wat reeds deur die vorige Publikasiekomitee aangevoor is, benut word;**

**c. as ad hoc-hersieningskommissie die volgende moet optree: die professore van die Teologiese Skool, een verteenwoordiger van elke permanente Sinodale kommissie (PSK) deur so 'n PSK self aangewys en die Pk. as geheel;**

**d. as saamroeper van die ad hoc-hersieningkommissie die voorsitter van die permanente Pk. moet optree.**

**Motivering**

1. "Skriflig op Kerk en Volk" het as Sinodale publikasie in 1992 verskyn (in opdrag van die Sinode 1991) met 'n oplaag van 1000. 'n Herdruk met 'n oplaag van 500 het in 1993 verskyn. Hierdie herdruk is haas uitverkoop.
2. "Skriflig op Kerk en Volk" as besinningsproduk van die APK verdien voortgaande besinning. Dit behels immers die hoofsake wat in die beleid van die APK vervat is: die begrippe ras, "volk" en "nasie" in Skrif en praktyk; kerk en volkseie kerk; kerk en owerheid; mens en medemens waaronder begrepe is begrippe soos versoening, naasteliefde, skuldbelydenis, geregtigheid, die mens: gelyk, ongelyk of gelykwaardig?, rassisme, nasionalisme, diskriminasie, menseregte. Voortdurende Skriflig op hierdie aktuele sake bly vir ons APK van uiterste belang.
3. 'n Ad hoc-hersieningskommissie so verteenwoordigend moontlik van die kommissies van die Sinode, lyk die gewenste span om so 'n hersieningstaak vir die Sinode te volvoer.

**e. Voor in die hersiene uitgawe moet gemeld word: Die publikasie is deur die ondertekenaars hersien in opdrag van die sewende Sinode (1995).**

### 3.5 Verbondsonderrig- en diverse publikasies

#### 3.5.1 Leerboeke

Die Pk. het besluit dat die leerboek "Leer en Bely" (St. 9) voor die einde van die jaar herdruk sal moet word en daar word intussen aandag gegee aan die nodige hersiening van die manuskrip.

#### 3.5.2 Lesgidse

By die verkryging van kwotasies vir die herdruk van die drie lesgidse (Voorskool 2, Graad 2 en St. 1) wat na beplanning binne die volgende maand of twee sal verskyn, het die Pk. besef dat hy genoodsaak sal wees om die Lesgidse vanaf 1 Julie 1995 teen R20–00 elk te verkoop.

#### 3.5.3 Sertifikate, kaarte en seëls

Die Pk. het besluit om die diensleweringsertifikaat vir Verbondsonderrig-voorgangers sé druk tot ná die Sinodebesluit oor die onderskrif by die naam van die kerk terug te hou. Daar is egter besluit om voort te gaan met die druk van die aandenkingskaart by belydenisaflegging (kerkmotief) aangesien die onderskrif by die blommotief-sertifikaat voorkom en die twee sertifikate wat bewoording betref, eenvormig gehou word.

Die Verbondsonderrig-besoekkaart is beskikbaar sodat Verbondsjeug wat by geleentheid 'n klas in 'n ander gemeente bywoon, hierdie kaart kan saamneem na hul eie gemeente. Die junior registerkaart is onveranderd herdruk.

Daar sal ook binnekort drie formate aanmoedigingseëls beskikbaar wees wat by die Verbondsonderrig-afsluiting as aanmoediging aan dié Verbondsjeug wat nie kwalifiseer vir 'n getrouheidseël nie, gegee kan word.

## 4. ANDER PUBLIKASIES

Daar is sedert 16 Mei 1995 nog sewe manuskripte (uitgesonderd die sinodale publikasies en die geskenkreeks) aan die Pk. voorgelê vir moontlike publisering. Aangesien die Pk. bewus is van die verantwoordelikheid wat op hom rus om moontlike publikasies deeglik te keur en die Pk.-lede en aangewese keurders in die AP kerkverband die hantering van manuskripte as 'n bykomende taak doen, duur hierdie keuringsproses en gereedmaak vir publikasie soms lank, dalk te lank na die skrywers se smaak. Die skade wat dit die AP Kerk kan aandoen indien nie-deeglik gekeurde publikasies die lig sien, kan egter onberekenbaar wees.

### 4.1 Nuwe publikasies

Daar sal na verwagting eersdaags twee publikasies van die pers af ontvang word, nl. "Getroos in Lewe en Sterwe Deel 1" deur dr. EM Viljoen en "Die Dou van Gods Liefde" deur dr. CI van Heerden. Die volgende publikasies behoort almal binne die volgende maand of drie te verskyn: "Getroos in Lewe en Sterwe Deel 2" (dr. EM Viljoen); "Jy, my Vrou" (prof. R Marè); "Sondaar – maar Begenadigde" (dr. JH Ellis); "Johannes: Vrae vir Groepsbybelstudie" (mev. C Botes); "Bybelstudie oor verhoudinge – vertikaal en horisontaal" (dr. JH Ellis); "Verbondsgesprek" (dr. JH Ellis); "Volkseie Kerk" (prof. R Marè) en "Bybelstudie uit Galasiërs" (ds. AS van Staden).

4.2 **Oorsig oor publikasies wat tans in proses is**

Daar is tans 21 publikasies (uitgesonderd die 12 manuskripte van die geskenkreeks) wat in proses is en die Pk. skenk oorweging aan die herdruk van een publikasie.

5. **DIVERSE PUBLIKASIES**

Sedert 16 Mei 1995 het die Sustersaksie-kaarte en die kaart om te laat as iemand nie tuis gevind word nie (oftewel die niemand-tuis-kaartjie) verskyn. Die Pk. maak ook bekend dat ons eie huisbesoekkaarte vir leraars en ouderlinge nou beskikbaar is en dat daar oorweging geskenk word aan die publisering van die dooplidmaatregistervorm in dieselfde nuwe formaat as die lidmaatregistervorm.

Die Pk. het ook kwitansieboeke vir Afdeling Finansies laat druk asook 'n poskaart wat gebruik kan word as 'n ontvangserkenning vir bydraes vir Die Boodskapper.

6. **ONDERSOEK NA DIE STIGTING VAN 'N SELFSTANDIGE UITGEWERS-MAATSKAPPY**

Hierdie ondersoek is, soos reeds gerapporteer (Sakelys 1995, bladsye 148–149) nog nie afgehandel nie. Maar kyk punt 7 hierna.

7. **NUWE UITGEWERSNAAM**

Alhoewel die Pk. al op 'n baie beperkte skaal sukses behaal het in die bemarking van APK-publikasies buite die APK, is hy deeglik bewus daarvan dat die bestaan van 'n vooroordeel teen die APK in 'n baie groot mate daartoe bydra dat publikasies van die APK nie in die buitemark aanvaarbaar is nie, juis vanweë die uitgewersnaam wat huidig op die kolofonblad gemeld word, nl. Die Publikasiekommissie, Afrikaanse Protestantse Kerk.

In aansluiting by Aanbeveling 14.1 van die Pk.-verslag aan die Sinode 1995 (bl. 149), word die volgende aanbeveling deur die Pk. gemaak:

**AANBEVELING PK3 7.1**

**Die Sinode besluit om 'n uitgewersnaam uit die volgende kortlys, soos aanbeveel deur die Pk., te kies: *Lig in Duisternis, Brookshuis-uitgewers* of *Lux in tenebris.***

8. **VERTEENWOORDIGER OP DIE KERKLIKE ADVIESKOMITEE VIR DIE BYBEL IN AFRIKAANS**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die APK uitgenooi om 'n verteenwoordiger te benoem op bogenoemde komitee wat aanbevelings aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika moet doen in verband met enige aangeleentheid wat betrekking het op die beskikbaarheid, vertaling en teksversorging van die Bybel in Afrikaans.

**AANBEVELING PK3 8.1**

**Die Sinode besluit om twee verteenwoordigers te benoem, een woonagtig in die Kaap en een woonagtig in Pretoria, sodat die persoon naaste aan die vergaderplek van die komitee, nl. Kaapstad of Kempton Park, die vergadering kan bywoon. (Die reiskoste van afgevaardigdes na gewone vergaderings word deur die kerkverbande gedra.)**

9. **INDEKS**

Die Pk. is tans besig om sy indeks van alle sinodebesluite op te stel. Na beplanning sal dit voor die einde van 1995 voltooi wees.

10. **DANKBETUIGING**

Die Pk. betuig sy dank vir die geleentheid om hierdie aanvullende verslag oor sy werksaamhede voor te lê.

w.g. WJG LUBBE (VOORSITTER)
R MARÈ (ONDERVOORSITTER)

## AANVULLENDE VERSLAG AAN DIE SINODE (SEPTEMBER 1995) IN VERBAND MET "DIE BOODSKAPPER" EN "DIE JEUGBOODSKAPPER" VIR DIE TYDPERK 1 MEI 1995–31 AUGUSTUS 1995 (Bylae PK1A)

1. **AANTAL VERGADERINGS**

Nog twee Redaksievergaderings is gehou. Een in Junie en een in Augustus 1995.

2. **GETAL UITGAWES EN VERSPREIDING**

'n Verdere vier uitgawes van "DB" en "DJB" het gedurende hierdie tyd verskyn, nl. Mei, Junie, Julie/Augustus en September.

Intussen is na V&R-drukkers oorgeskakel vanaf Julie/Augustus en is 'n bykomende blou kleur op die voorblad van "DB" en "DJB" bygevoeg.

3. **OPLAAG**

16700 "DB" is Mei- en Juniemaand bestel en 16600 Julie/Augustus- en Septembermaand. 10250 "DJB" is Mei, Junie, Julie/Augustus en September bestel.

4. **KOSTES**

4.1 Die **totale drukkoste** vir die eerste drie uitgawes (die vierde se drukkoste-rekening is nog

nie ontvang) van "DB" en "DJB" het R94,297.25 bedra.

4.2 Die **posgeld** van "DB" en "DJB" het gedurende die gemelde tydperk R9,419.55 beloop.

5. **INTEKENING OP "DB" GEDURENDE MEI–AUGUSTUS 1995**

5.1 'n Totale bedrag van R33,577.28 is gedurende hierdie tydperk t.o.v. intekengeld vir "DB" geïn.

5.2 Individuele intekenare het R459.61 inbetaal gedurende bogenoemde tydperk.

5.3 Gemeentes het altesaam R33,117.67 inbetaal t.o.v. intekengeld vir "DB".

5.4 Intekengelde vanaf begin 1996 word verhoog vanaf R27.50 na R30.00 per individuele intekenaar en vanaf R14.50 na R15.00 per besoekpunt van gemeentes.

6. **ADVERTENSIES**

'n Totale bedrag van R7,785.00 is gedurende hierdie tydperk geïn, met 'n gemiddeld van 30 advertensies per maand.

## TWEEDE VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE

Geagte Voorsitter en lede van die Sinode/RKA

Soos in die eerste verslag gemeld, word die tweede verslag gegee om die begroting vir 1996 aan die Sinode voor te lê. Daar was egter 'n paar beskrywingspunte wat nie in die eerste verslag behandel is nie, aangesien dit direk betrekking op die begroting het. Dit word eerste behandel.

1. **BESKRYWINGSPUNTE**

1.1 **Ring van Mooinooi**

Hiermee versoek die Ring van Mooinooi die Sinode van 1995 om die bydraes van gemeentes te verminder van 15% na 10%.

**Motivering**

Die tabakbedryf in die Brits-omgewing het grootliks in duie gestort. Dit beïnvloed die bydraes van boere wat deur middel van sessies bygedra het negatief. Verder gaan lidmate gebuk onder werkloosheid en gebrek aan normale jaarlikse verhogings.

1.2 **Ring van Benoni**

Die Sinode verlaag die heffing van 15% na 10%.

**Motivering**

In die huidige ekonomiese klimaat plaas die 15% heffing 'n te swaar las op die gemeentes en vind hulle dit al moeiliker om hulle verpligting na te kom.

1.3 **Ring van Bloemfontein**

Die Sinode beveel by kerkrade aan dat die 15% oorbetaling aan die BRKA in die komende finansiële jaar verlaag word na 10%.

**Motivering**

Verskeie gemeentes ervaar die 15% oorbetaling as 'n finansiële las. Verskeie gemeentes is besig – of wil graag – 'n eie plek van aanbidding bekom. As gevolg van die 15% oorbetaling kan gemeentes gedwing word om langs ander weë die Sinode se 15% te systap.

1.4 **Kerkraad van Groot-Marico**

Die Kerkraad van die APK Groot-Marico beveel aan dat die Ring as volg besluit en dit ook as 'n beskrywingspunt sal deurgee aan die Sinode:

Dat die Sinode onmiddellik sal afstand doen van die oorbetaling van 15% op alle bruto inkomstes en dit terstond **na 10% sal verminder**, aangesien dit onbybels is om meer te verhaal as wat die Here self van sy lidmate vra.

**Motivering**

Nêrens in die Heilige Skrif lees ons dat die Here ooit meer as 'n tiende van alles van sy dienaars gevra het nie. In die Ou Testament was dit bedoel om die Leviete wat in die tempeldiens gestaan het te onderhou, aangesien hulle geen grondgebied soos die ander stamme gehad het nie. Veral in die profetiese geskrif van Maleagi kom dié saak rakende die tiendes sterk na vore. (Mal. 3:10) "Bring die hele tiende na die skathuis sodat daar spys in my huis kan wees ..." Vir die Here is 10% genoeg om die werk in sy huis in stand te hou. Jesus verwys self ook na hierdie saak as Hy op 'n vraag die volgende antwoord: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom." (Mt. 22:21) Baie duidelik verwys Jesus hier na die **tiende** wat na die huis van die Here gebring moet word. Wat die Seun van God self hier sê, is dat 10% God toekom – nie 15% of watter ander persentasie ookal nie. Die wese van 'n Gereformeerde Kerk is dat daar gedurigdeur hervorming sal plaasvind – hervorming terug na die Skrif as Gods Heilige Woord. Daarom moet ons eerder aan die Woord van die Here onderdanig wees as aan 'n instelling van mense.

Dit is ook wat die ware kerk inderdaad onderskei van die valse kerk. So staan dit ook geskrywe in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: "Wat die valse kerk betref, dit skryf aan homself en aan sy verordeninge meer gesag toe as aan die Woord van God en wil Hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie ..." Die kerk van Jesus Christus kan nie bekostig om op sulke dun ys te loop nie en sal daarom onmiddellik aan die Woord van die Here gehoor moet gee.

1.5 **Ring van Olifantshoek**

Die Sinode besluit om die 15% op alle kerklike inkomste te verminder.

1.6 **Ring van Lichtenburg**

Die Sinode skenk ernstig aandag daaraan om die 15%-bydrae van plaaslike kerke te verminder.

1.7 **Agtergrond van die 15%**

1.7.1 Met die stigting van die AP Kerk het die destydse KVK van elke gemeente aanvanklik 90% van hulle ontvangste gevra gedurende die eerste twee maande van 'n gemeente se bestaan en daarna 15%. Dit is gedoen omdat die meerderheid leraars aanvanklik nie aan 'n gemeente verbonde was nie en die kerkverband gehelp het om die werk in die gemeentes van die grond af te kry.

1.7.2 By die Eerste Sinode is op 15% besluit, omdat dit net genoeg was om die kerklike administrasie te behartig.

1.7.3 Die administrasie het egter so vinnig gegroei dat dit al meer finansies geverg het.

1.7.4 By die Eerste Sinode is ook besluit dat daar dadelik met 'n eie teologiese opleiding begin moes word – 'n koste wat alleen deur die gemeentes in die kerkverband gedra kan word. Almal is dit seker eens dat dit 'n absolute noodsaaklikheid is.

1.7.5 Dit was van die begin af die ideaal van die FK om die persentasie van die bydrae te verlaag.

1.7.6 Binne die eerste drie jaar het dit duidelik geword dat die gebou in Farendenstraat nie groot genoeg is om die kantore sowel as die teologiese opleiding te huisves nie.

1.7.7 Daarom is besluit om 'n groter gebou aan te koop, eerder as om hoë huurgeld te betaal vir groter kantoorruimte. Die aankoop van beide geboue is uit eie fondse gefinansier, sodat alle rentes aan die BRKA se eie fondse betaal is – 'n geweldige besparing.

1.7.8 Ongelukkig het die besluit van die Sinode in 1991 wat die trustgelde van kerkrade by die berekening van die bydrae uitgesluit het, 'n baie negatiewe uitwerking gehad. Sekere verpligtinge is toe reeds aangegaan en die begroting van die BRKA het nie geklop nie.

1.7.9 Om die agterstand wat toe opgebou het, uit te wis, was dit tot dusver nog nie moontlik om die persentasie te verminder nie.

1.7.10 Wat die beredenering van die Kerkraad van Groot-Marico betref i.v.m. slegs 'n 10% bydrae van plaaslike kerk aan die BRKA, wil die FK verwys na die studiestuk "Die gee van tiendes" in die Sakelys van die Vierde Sinode, 1990, bl. 279–280.

1.7.12 Die voorstel dat 'n 10%-bydrae van gemeentes se ontvangstes onmiddellik toegepas moet word, moet baie realisties benader word. As dit toegepas word, moet die hele begroting onmiddellik met 'n derde besnoei word. Die opsomming van die 1995–begroting kan as voorbeeld geneem word:

| | BEGROOT 1995 (15%) R | 10%-BYDRAE R | BESPARING R |
|---|---|---|---|
| BRKA | 1 347 500 | 898 333 | 449 167 |
| Kuratorium | 866 800 | 577 867 | 288 933 |
| SKK | 590 000 | 393 334 | 196 666 |
| Publikasiekommissie | 152 000 | 101 333 | 50 667 |
| Kommissies | 142 100 | 94 733 | 47 367 |
| Kapitaalitems | 350 000 | 233 333 | 116 667 |
| | 3 448 400 | 2 298 933 | 1 149 467 |

Die gevolg hiervan sal onder andere wees:

- 'n derde van die kantoorpersoneel moet afgedank word;
- 2 dosenteposte moet afgeskaf word;
- die hulp wat tans aan gemeentes verleen word (R450 000 begroot), sal dadelik na R300 000 verlaag moet word;
- "Die Boodskapper" sal nie maandeliks kan verskyn nie.

1.7.13 Uit die bogenoemde gegewens behoort dit duidelik te wees dat sekere uitgawes nie summier geskrap kan word nie.

1.8 **Moontlike vermindering van gemeentelike bydraes**

1.8.1 Tot in **1991** is 15% van gemeentes se totale kontantontvangste as bydrae aan die BRKA oorbetaal. Die bydraes van R2 566 594 in 1991 beteken dat die totale ontvangstes van alle gemeentes R17 110 626 beloop het.

1.8.2 In **1992 en 1993** kon so 'n berekening nie gemaak word nie.

1.8.3 Die bydraes uit gemeentes van R3 810 738 in **1994** beteken dan dat die totale ontvangstes van alle gemeentes R25 404 919 was.

1.8.4 Bogenoemde syfers beteken dat daar vanaf 1991 tot 1994 'n gemiddelde styging van 14% per jaar was in die totale ontvangstes van gemeentes. (D.w.s. ongeveer R19 506 113 in 1992 en R22 236 968 in 1993)

1.8.5 Die bydraes uit gemeentes het in 1992 R2 329 029 beloop en in 1993 R2 948 640. Op grond van die bogenoemde syfers was die persentasie-bydrae in 1992 dus 11,9% en in 1993 13,3%.

1.8.6 Die gevolg van hierdie vermindering in gemeente-bydraes was dat die BRKA moes worstel met 'n oortrokke bankrekening wat selfs tot R750 000 opgeloop het. Uit die finansiële state is dit duidelik wat die bedrag aan rente op die oortrokke bankrekening beloop het.

1.9 **Die volgende besluite van vorige sinodes moet in aanmerking geneem word:**

1.9.1 "Die basis van sinodale bydraes soos in 1987 en 1988 besluit, word weer toegepas. Die Sinode bevestig ook die besluit van 1988, nl. die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste.

1.9.2 Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeentes se totale kontantontvangste.

1.9.3 Totale kontantontvangste sluit o.m. in:

- insamelings van susters, jeug, diakonie, ens.;
- rente ontvang op beleggings van die kerkraad.

1.9.4 In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetaal, nie 'n tweede keer bereken vir die persentasiebydrae nie.

1.9.5 Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie kontantontvangste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, is dit kontantontvangste.

1.9.6 Kerkrade dra vir die boekjaar 1994 15% van hulle totale ontvangstes by as sinodale bydrae.

1.9.7 Die besluit word geïmplementeer wanneer die Handelinge van die Sinode verskyn. Die presiese datum word deur die BRKA vasgestel.

1.9.8 Die besluit geld vir 'n tydperk van twee jaar." (Handelinge bl. 253, 1993)

1.10 **AANBEVELING**

**Die FK beveel dus aan:**

1.10.1 **Beskrywingspunte 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 (Ringe van Mooinooi, Benoni, Bloemfontein en Kerkraad van Groot-Marico) wat almal versoek dat die bydrae van gemeentes verlaag word na 10%, word nie goedgekeur nie.**

1.10.2 **Beskrywingspunt 1.5 (Ring van Olifantshoek) word soos volg aanbeveel:**

**Die Sinode besluit om die 15%-bydrae te verminder, indien dit moontlik is.**

1.10.3 **Beskrywingspunt 1.6 (Ring van Lichtenburg) kan goedgekeur word:**

**Die Sinode skenk ernstig aandag daaraan om die 15%-bydrae van plaaslike kerke te verminder.**

1.11 **Motivering**

Punte 1.7–1.9.8 dien as motivering.

1.12 **Praktiese uitvoering**

Die praktiese formulering en uitvoering van die %-bydrae van gemeentes sal in die onderstaande behandeling van die begroting vir 1996 voorgelê word.

2. **BEGROTING VIR 1996**

2.1 **Ontvangste**

2.1.1 Die ontvangste van die afgelope jare het soos volg verloop:

| | Beraam R | Werklik R |
|---|---|---|
| 1988 | 800 000 | 1 136 181 |
| 1989 | 907 500 | 1 557 750 |
| 1990 | 1 350 000 | 2 140 456 |
| 1991 | 1 800 000 | 2 566 594 |
| 1992 | 2 400 000 | 2 329 029 |
| 1993 | 3 169 500 | 2 948 640 |
| 1994 | 3 421 290 | 3 810 738 |
| 1995 | 3 600 000 | |

2.1.2 **Ontvangstes begroot vir 1996**

2.1.2.1 Volgens die beskikbare gegewens het die ontvangste vanaf gemeentes in die ses maande 1 Januarie tot 30 Junie 1995 R1 717 784 beloop.

2.1.2.2 Aangesien die ondervinding reeds geleer het dat daar nog heelwat bydraes laat inbetaal word, wil die FK aanvaar dat die ontvangste vir die finansiële jaar 1995 R3 600 000 sal beloop. (Dit is 'n aansienlike vermindering teenoor die R3 810 738 van 1994).

2.1.2.3 Die FK aanvaar dat die vermindering 'n gevolg is van die huidige ekonomiese en finansiële klimaat.

Die FK kan dus nie anders as om die volgende aanbeveling aan die Sinode/RKA voor te lê nie:

2.1.3 AANBEVELING

**Die Sinode besluit om die bydrae van gemeentes steeds te hou op 15% van elke kerkraad se totale ontvangste en vir 1995 te begroot vir ontvangste van R3 600 000.**

2.1.4 Uit die jongste verslag van die Rekenmeester word bereken dat uitstaande bydraes van gemeentes ongeveer R342 500 beloop. As hierdie gelde betyds inbetaal is, sou dit al moontlik gewees het om die % van gemeentes se oorbetaling te verminder.

2.2 **Uitbetalings**

2.2.1 **Die uitbetalings van die afgelope jare het soos volg verloop:**

| | Beraam R | Werklik R |
|---|---|---|
| 1988 | 300 000 | 863 338 |
| 1989 | 907 500 | 1 062 949 |
| 1990 | 1 350 000 | 1 251 465 |
| 1991 | 1 800 000 | 2 041 861 |
| 1992 | 2 400 000 | 2 064 195 |
| 1993 | 3 169 500 | 3 110 079 |
| 1994 | 3 421 290 | 3 135 339 |
| 1995 | 3 448 400 | |

2.2.2 **Uitbetalings begroot vir 1996**

2.2.2.1 Die FK het weereens gepoog om alle aanvrae van die BRKA en van kommissies simpatiek te behandel, maar ook krities te beoordeel in die lig van die totale finansiële posisie. Deurgaans is gepoog om die grootste moontlike besparing toe te pas.

2.2.2.2 Die FK moet ongelukkig ook meld dat heelwat van die aansoeke van kommissies nie van volledige skriftelike motiverings vergesel was nie, wat 'n behoorlike beoordeling nie moontlik maak nie.

2.2.2.3 Die begrote uitbetalings word in die volgende afdeling voorgelê. Die laaste kolom is die aanbeveling van die FK.

2.2.2.4 **BRKA**

2.2.2.4.1

| | BEGROOT 1994 R | BEGROOT 1995 R | BEGROOT 1996 R |
|---|---|---|---|
| UITGAWES | 1 618 650 | 1 347 500 | 1 658 100 |
| APK Trustfonds | 8 000 | – | 120 000 |
| Bankkoste | 5 000 | 1 000 | 1 000 |
| Diverse | 5 000 | 5 000 | 5 000 |
| Groepversekering | – | 50 000 | 55 000 |
| Huur van toerusting | 30 000 | 22 000 | 25 000 |
| Instandhouding: Geboue, terrein, meubels | 40 000 | 40 000 | 80 000 |
| Munisipale koste | 45 000 | 45 000 | 55 000 |
| Ouditgelde | 2 650 | 3 000 | 3 600 |
| Posgeld | 15 000 | 10 000 | 15 000 |
| Regskoste | 5 000 | 10 000 | 10 000 |
| Reiskoste – administratief | 35 000 | 29 000 | 35 000 |
| Reiskoste & etes – vergaderings | 40 000 | 35 000 | 45 000 |
| Salarisse – administratief | 1 256 000 | 996 000 | 1 100 000 |
| Skryfbehoeftes | 40 000 | 40 000 | 50 000 |
| Spaarplan – leraars | 12 000 | 11 500 | 11 500 |
| Telefoon | 40 000 | 20 000 | 25 000 |
| Versekering | 15 000 | 14 000 | 16 000 |
| Verversings | 25 000 | 16 000 | 6 000 |
| KAPITAALITEMS | 300 000 | 310 000 | 310 000 |
| Meubels en toerusting | 50 000 | 100 000 | 100 000 |
| Verbeterings geboue | 250 000 | 210 000 | 210 000 |
| TOTAAL | 1 918 650 | 1 657 500 | 1 968 100 |

2.2.2.4.2 **Opmerkings**

2.2.2.4.2.1. **Instandhouding**

Die bedrag R80 000 sluit alles onder instandhouding in, o.a. tuindienste, salarisse van skoonmakers.

2.2.2.4.2.2. **Reiskoste: Administratief**

Namate die administrasie vergroot, word die reiskoste meer. 'n Aansienlike styging in brandstofprys word verwag.

2.2.2.4.2.3. **Salarisse: Administratief**

'n Inflasie-aanpassing van 10% word in die begroting ingewerk.

2.2.2.4.2.4. **Kapitaalitems**

Volgens vorige besluite word die uitgawes aan die restourasie van die geboue teen R350 000 per jaar afgewerk. (R40 000 word by die Kuratorium apart begroot).

2.2.2.5 **SKK**

2.2.2.5.1

| ITEM | BEGROOT 1994 R | BEGROOT 1995 R | BEGROOT 1996 R |
|---|---|---|---|
| Sinode-uitgawes | 40 000 | 40 000 | 40 000 |
| Bedieningsuitgawes | 350 000 | 450 000 | 550 000 |
| Reiskoste: Vergaderings | 35 000 | 35 000 | 35 000 |
| Ander kommissiewerk | – | 15 000 | 15 000 |
| | 425 000 | 540 000 | 640 000 |
| Studiefonds – leraars | 100 000 | 50 000 | – |
| | 525 000 | 590 000 | 640 000 |

2.2.2.5.2 **Opmerkings**

2.2.2.5.2.1. **Sinode-uitgawes**

Die uitgawes van die Sinodesitting word oor twee jaar begroot.

2.2.2.5.2.2. **Bedieningsuitgawes**

Die begrote bedrag word verhoog as gevolg van meer aanvrae vir finansiële hulp uit kleiner gemeentes. Die FK beveel ook aan dat dit in 'n fonds omskep word, sodat moontlike oorskotte verder beskikbaar kan wees. (Kyk aanbevelings).

2.2.2.5.2.3. **Ander kommissiewerk**

Dit is opdragte wat aan die SKK oorgedra is met die rasionalisering van kommissies by die vorige Sinode.

2.2.2.5.2.4. **Studiefonds – leraars**

Die FK het kennis geneem dat daar 'n aansienlike oorskot is volgens die Balansstaat en dat daar tans minder leraars van ander kerke toegelaat word.

2.2.2.6 **Kuratorium**

2.2.2.6.1

| **ITEM** | **BEGROOT 1995 R** | **BEGROOT 1996 R** |
|---|---|---|
| Dosentevergoeding | 502 000 | 540 000 |
| Reiskoste: Dosente | 28 800 | 30 000 |
| Reiskoste: Vergaderings | 30 000 | 30 000 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 150 000 | 200 000 |
| | 710 800 | 800 000 |
| ANDER UITGAWES | | |
| Huur van toerusting | 3 000 | 3 300 |
| Instandhouding geboue en terrein | 10 000 | 10 000 |
| Instandhouding meubels en toerusting | 1 000 | 1 000 |
| Munisipale koste | 10 000 | 12 000 |
| Salarisse: Administratief | 110 000 | 101 000 |
| Skryfbehoeftes | 10 000 | 11 000 |
| Telefoon | 10 000 | 11 000 |
| Versekering: Meubels en toerusting | 1 000 | 1 100 |
| Verversings | 1 000 | 1 200 |
| TOTALE UITGAWES | 866 800 | 951 600 |
| KAPITAALITEMS | | 40 000 |

2.2.2.6.2 **Opmerkings**

2.2.2.6.2.1. **Dosentevergoeding en reiskoste, dosente**

By beide is 'n inflasie-aanpassing van 10% ingewerk.

2.2.2.6.2.2. **Addisionele dosent**

Die Kuratorium het die volgende aanvraag voorgelê:

| | R |
|---|---|
| Vergoeding | 131 000 |
| Reiskoste: Dosent | 7 200 |
| | 138 200 |

Onder die huidige finansiële en ander omstandighede sal dit onverantwoordelik wees van die FK om hierdie uitgawe aan te beveel.

2.2.2.6.2.3. **Salarisse: Administratief**

'n Aanpassing van die werklike uitgawe, plus 10% inflasie-aanpassing, is ingewerk.

2.2.2.7 **Ander kommissies**

2.2.2.7.1

| | Begroot 1994 R | Begroot 1995 R | Aanvraag 1996 R | Begroot 1996 R |
|---|---|---|---|---|
| Argief | 2 000 | 42 600 | 54 200 | 50 000 |
| Barmhartigheidsdiens | 6 000 | 6 000 | 12 500 | 12 500 |
| Bybelverklaring | 9 000 | 6 000 | 13 000 | 10 000 |
| Finansies | 10 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 |
| Jeug en Verbondsonderrig | 19 000 | 18 000 | 20 000 | 20 000 |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 10 000 | 10 000 | 10 000 | 5 000 |
| Kerkmusiek en -sang | 10 000 | 22 000 | 32 500 | 30 000 |
| Kerkregtelike Sake | 20 000 | 20 000 | 25 000 | 25 000 |
| Liturgie en Formuliere | 2 000 | 2 500 | 2 500 | 1 000 |
| | | | | 168 500 |

2.2.2.7.2 **Opmerkings**

2.2.2.7.2.1 **Argief**

Die kommissie se volledige begroting is:

| | R |
|---|---|
| Besoldiging | 40 300 |
| Vergaderingskoste | 2 000 |
| Liasseerkartonne | 3 500 |
| Video (bewaring ens.) | 100 |
| Klankapparaat, kassette | 1 000 |
| Videospeler, ens. | 7 300 |
| | 54 200 |

Die FK oordeel dat op die klankapparaat, videospeler, ens. bespaar kan word.

2.2.2.7.2.2 **Bybelverklaring**

In die lig van die werklike uitgawe van vorige jaar word R10 000 aanbeveel.

2.2.2.7.2.3. **Finansies**

Die vorige jare moes elke jaar meer as vier vergaderings gehou word, ten einde alle aspekte van die opdragte uit te voer.

2.2.2.7.2.4. **Kerkleer en Christelike Etiek**

In die lig van werklike uitgawes van die vorige jaar word R5 000 aanbeveel.

2.2.2.7.2.5. **Kerkmusiek en -sang:** Die FK oordeel dat R2 500 op vergaderingskoste bespaar kan word.

2.2.2.7.2.6. **Liturgie en Formuliere**

In die lig van werklike uitgawes van die vorige jare word R1 000 aanbeveel.

2.2.2.8 **Publikasiekommissie**

2.2.2.8.1 **Die volgende begroting het gedien:**

| | R |
|---|---|
| INKOMSTE | 755 000 |
| Verkope – Publikasies | 533 000 |
| Verkope – Die Boodskapper | 199 000 |
| Advertensies – Publikasies | 4 500 |
| Advertensies – Die Boodskapper | 18 500 |
| UITGAWES | 1 104 945 |
| Aankope en drukkoste – Publikasies | 300 000 |
| Advertensies | 520 |
| Beoordeling – boeke | 1 940 |
| Drukkoste – Die Boodskapper | 305 000 |
| Intekengeld – Kerkblaaie | 340 |
| Instandhouding – meubels | 575 |
| Ledegeld – CBSA | 650 |
| Pliglewerings en diverse skenkings | 45 000 |
| Posgeld – Publikasies | 20 000 |
| Posgeld – Die Boodskapper | 31 000 |
| Promosies | 3 200 |
| Regskoste | 2 300 |
| Reiskoste – Administratief | 6 900 |
| Reiskoste – Vergaderings | 15 870 |
| Salarisse – Administrasie en Versending | 195 000 |
| Salaris – Redakteur | 124 000 |
| Skryfbehoeftes | 17 250 |
| Spyseniering & Verversings | 2 600 |
| Tantième | 11 000 |
| Telefoon | 11 500 |
| Tydelike Hulp | 4 500 |
| Verpakking – Publikasies en Die Boodskapper | 5 800 |
| NETTO INKOMSTE (TEKORT) VIR TYDPERK | (349 945) |
| SALDO PUBLIKASIEFONDS (BERAMING OP 31 DESEMBER 1995) | 271 771 |
| BEGROOT VIR PUBLIKASIES | 78 174 |

2.2.2.8.2 **AANBEVELING IN VERBAND MET PUBLIKASIEKOMMISSIE**

Die FK beveel aan dat R80 000 vir Publikasies begroot word.

2.2.2.9 **Samevatting**

| | R |
|---|---|
| BRKA | 1 658 100 |
| SKK | 640 000 |
| Kuratorium | 951 600 |
| Publikasiekommissie | 80 000 |
| Kommissies | 168 500 |
| Kapitale delging | 350 000 |
| | 3 848 200 |

Dit beteken dat vir 'n tekort van R248 200 begroot word. Daar word ook nie in die begroting voorsiening gemaak vir 'n oorbetaling aan die Reserwefonds nie.

2.2.2.10 AANBEVELINGS

2.2.2.10.1 **Die Sinode besluit dat die pos "Bedieningsuitgawes" verander word na Bedieningsfonds.**

2.2.2.10.2 **Die Sinode keur die begroting van uitbetalings ten bedrae van R3 848 200 goed, soos in pt. 2.2 hierbo uiteengesit.**

3. **APK PENSIOENFONDS EN APK TRUSTFONDS**

3.1 **Agtergrond**

3.1.1 Soos in die eerste verslag gemeld, is baie aandag aan die verbetering van pensioenvoordele, veral van die huidige emeriti, geskenk. Tydens die vergadering van 10 Augustus 1995 het die FK 'n brief behandel vanaf die BRKA waarin die volgende aan die FK opgedra is:

**"Onder indruk van die erns van die saak, bring die BRKA die ontoereikendheid van pensioen van leraars met 15 en minder diensjare in die APK onder aandag van die FK, en versoek die FK om aanbevelings daaroor in sy verslag aan die Sinode/RKA op te neem."**

3.1.2 Die FK het ook kennis geneem dat, nadat die eerste leraars met pensioen afgetree het, dit duidelik geword het dat die minimum pensioen soos aangevul uit die APK Trustfonds (wat deur vorige Sinodes geskep is) nie toereikend is nie en dat die toestand nog verder verswak is deurdat die Kaapse Mediese Plan nie langer 50% afslag vir pensioenarisse gaan dra nie.

3.1.3 Die FK het reeds by die vorige vergadering aan br.CC du Preez opdrag gegee om die moontlikheid van verhoging van die toelae uit die APK Trustfonds te ondersoek. Br. Du Preez het baie aandag en moeite hieraan gegee en 'n volledig-uitgewerkte stuk i.v.m. moontlike verhoogde pensioenuitbetalings van die leraars aan die FK voorgelê. Hieruit het dit duidelik geword dat dit wel moontlik is om die APK Trustfonds te vergroot deur middel van verhoogde bydraes, sodat die pensioenuitbetalings aan emeriti verhoog kan word.

3.1.4 Na verdere inligting van Sanlam ontvang is, wou dit voorkom of daar 'n moontlikheid is om die pensioenuitbetaling te verhoog deur die APK Trustfonds te laat saamsmelt met die Pensioenfonds.

Die FK het geoordeel dat een van hierdie weë gevolg moet word.

3.1.5 Aan brs. Du Preez en Rossouw is opdrag gegee om met Sanlam te onderhandel, ten einde, indien enigsins moontlik volledige besonderhede aan die RKA voor te lê.

Na ernstige en breedvoerige bespreking is besluit om die volgende aanbevelings voor te lê.

3.2 AANBEVELINGS

3.2.1 **Die RKA dra aan die BRKA en FK op om die moontlikheid te ondersoek dat die APK Pensioenfonds en APK Trustfonds saamsmelt.**

3.2.2 **Die RKA aanvaar die beginsel dat die APK Pensioenfonds en APK Trustfonds saamsmelt, indien dit die voordeligste blyk te wees.**

3.2.3 **Die RKA gee opdrag aan die BRKA en FK om die ondersoek i.v.m. die verhoging van pensioenvoordele uit die vergrote APK Trustfonds voort te sit.**

3.2.4 **Die RKA handhaaf die beginsel waarop reeds voorheen besluit is, nl. dat meerdere hulp by die pensioenvoordele verleen moet word aan leraars wat voor 1 Julie 1990 direk uit die bediening in ander Gereformeerde Kerke na die AP Kerk oorgekom het, en dus die grootste deel van hulle pensioenvoordele verloor het.**

3.2.5 **Die RKA oordeel dat aan leraars wat in bogenoemde kategorie val, 'n minimum pensioen van nie meer as 50% van hulle traktement gegee word en dat aan die ander leraars 'n pensioen van nie meer as 40% van hulle traktement gegee word, met uitfasering na 20 jaar diens vanaf 1 Julie 1990.**

3.2.6 **Die BRKA kry opdrag om vanuit bogenoemde ondersoeke te besluit watter skema die voordeligste vir al die betrokkenes is, en kry volmag om daardie skema waarop besluit word, so gou moontlik te implementeer, maar nie later nie as 1 Januarie 1996.**

3.3 **Pensioenfonds en voorsorgfonds**

(Vgl. Verslag van die FK, Sakelys, bl. 179, pt. 11.13.2.3)

Br. BJM Rossouw het volledige besonderhede van Sanlam bekom i.v.m. die verhouding tussen 'n pensioenfonds en 'n voorsorgfonds. Hieruit blyk dit dat die pensioenfonds om heelwat redes baie voordeliger is. Volle besonderhede sal by die Sinode deur br. Rossouw verstrek kan word.

4. **MEDIESE SKEMA**
(Vgl. Verslag van die FK, Sakelys, bl. 179, pt. 11.12.1)

4.1 **Agtergrond**

Die BRKA het aan br. BJM Rossouw opdrag gegee om 'n volledige ondersoek na verskillende mediese skemas in te stel, met vergelykings van voor- en nadele tussen die skemas.

4.2 **Gegewens**

Die FK het die volledige stuk van br. Rossouw breedvoerig bespreek. Die FK het daarna geoordeel dat dit 'n saak is waaroor nie ligtelik gehandel kan word nie, al neem dit effens meer tyd in beslag. Die belange van alle deelhebbers aan die betrokke skema moet in ag geneem word. Die volgende aanbevelings word voorgelê:

4.3 **AANBEVELINGS**

4.3.1 **Aan br. Rossouw word geleentheid gegee om die volle besonderhede van die verskillende skemas aan die Sinode/RKA te verstrek.**

4.3.2 **Die Sinode/RKA gee die volgende opdragte aan die BRKA en die FK:**

4.3.2.1 **om met die volledige ondersoek voort te gaan;**

4.3.2.2 **om daarna met elke leraar te skakel i.v.m. met sy eie omstandighede in die bestaande en moontlik voorgestelde mediese skema;**

4.3.2.3 **om daarna 'n finale besluit te neem vir implementering.**

5. **TRAKTEMENTSKALE** (Vergelyk Verslag van die FK, Sakelys bl. 172, pt. 7.5)

5.1 Die FK het by verskillende geleenthede kennis geneem van probleme wat ondervind word waar leraars nie volgens die skaal wat aanbeveel word, vergoed word nie, onder andere met betrekking tot die bydraes tot die Pensioenfonds.

5.2 Die FK het ook kennis geneem van die suggestie van die SKK dat alle leraars vanuit die Sentrale Kerkkantoor betaal moet word.

5.3 Die FK het by die laaste vergadering geoordeel dat 'n belangrike beginsel reeds by hierdie Sinode aandag moet ontvang.

5.4 In die aanbeveling in die eerste verslag word verwys na 'n memorandum wat in die verdere ondersoek gebruik kan word. Die FK wil graag die volgende dele van hierdie memorandum nou reeds voorlê.

5.4.1 **Opleiding**

Die kerkverband het besluit dat die bedienaar van die Woord 'n sekere akademiese, teologiese opleiding moet ontvang, om behoorlik toegerus te wees vir die eise van die bediening. Op die oomblik is dit vasgestel op 'n minimum van ses jaar universiteits- en teologiese studie. (Dit beteken seker 'n finansiële uitgawe van by die R70 000).

5.4.2 **Vlak van kwalifikasie**

Met hierdie vereiste van akademiese opleiding is die bedienaar van die Woord geplaas in 'n kategorie van professionele diens. Die professionele status van so 'n persoon kan seker gelyk gestel word aan 'n geneesheer, 'n ingenieur, 'n skoolhoof.

5.4.3 **Verantwoordelikheid van die Kerk**

5.4.3.1 Die gereformeerde kerkreg het steeds uitgegaan van die standpunt dat die gemeente in wie se diens die betrokke persoon staan, ten volle verantwoordelik is vir die versorging van die bedienaar van die Woord en sy gesin. Dit behels 'n traktement om in die gesin se normale daaglikse lewensbehoeftes te voorsien, huisvesting, voorsiening van vervoer en ander moontlikhede om sy bedieningspligte uit te voer.

5.4.3.2 Al die bogenoemde (pt.1) is tot dusver gesien as die uitsluitlike verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad, waaroor die kerkraad self besluit, maar wel op aanbeveling van die verantwoordelike instansie van die kerkverband. (Op die oomblik is die uitwerk van hierdie aanbevelings opgedra aan die Finansiële Kommissie.)

5.4.4 **Traktement**

5.4.4.1 As die kerk aanvaar dat opleiding bepaal word en beheer word deur die kerkverband, waardeur die opgeleide persoon in 'n sekere kategorie geplaas word, moet dit ook aanvaar word dat die kerkverband die besoldiging van die persoon moet vasstel. Daarom sal dit baie billiker wees as die besluite van die betrokke instansie van die kerkverband in verband met traktement verpligtend gemaak word. (Dit impliseer natuurlik dat daardie instansie

met baie groot omsigtigheid en verantwoordelikheid hierdie taak moet verrig.)

5.4.4.2 In die praktyk sal dit onder andere die uitwerking hê dat bydraes tot die Pensioenfonds en die Mediese Skema, makliker en meer eenvormig kan geskied.

5.5 AANBEVELING

**Die FK beveel aan:**

5.5.1 **Die Sinode aanvaar die beginsel dat die kerkverband (Sinode) die traktement van leraars vasstel.**

5.5.2 **Die Sinode wys 'n kommissie aan om jaarliks die traktementskale te hersien, en aan kerkrade deur te gee, indien moontlik voor die einde van Maart.**

6. FONDS VIR ONVOORSIENE GEBEURLIKHEDE

6.1 Die FK het reeds meermale kennis geneem van traumatiese gebeurlikhede in pastorieë, wat totaal onverwags en onvoorsien was. (As voorbeeld kan gebruik word die motorongeluk waarin die gesin van ds. J Engelbrecht van Bethlehem betrokke was en waarna sy eggenote steeds in 'n koma verkeer. Sy sal heel moontlik permanent in 'n versorgingsinrigting opgeneem moet word.)

6.2 Die FK oordeel dat dit wel uitsonderlike gevalle kan wees, maar dat daar tog moontlikhede vir hulpverlening geskep moet word, sodat leraars en/of kerkrade nie in allerhande verleenthede gedompel sal word nie.

6.3 AANBEVELINGS

**Die volgende aanbevelings word dus voorgelê:**

6.3.1 **Die Sinode/RKA dra aan die BRKA en FK op om 'n Fonds tot stand te bring waaruit leraars en hulle gesinne finansiële hulp kan ontvang in geval van ernstige probleme as gevolg van ongelukke, ander gebeurlikhede, ens.**

6.3.2 **Aan die BRKA word opgedra om die Fonds se administreer.**

6.3.3 **Vir die huidige word die BRKA versoek om die bestaande gebeurlikheidsfonds vir sulke gevalle aan te wend.**

6.3.4 **Aan die BRKA word opgedra om 'n behoorlike reglement op te stel.**

6.3.5 **Die Fonds moet versterk word deur vrywillige bydraes.**

6.3.6 **Aan die FK word opgedra om die moontlikheid te ondersoek dat voortaan bydraes tot die Fonds ook uit die begroting bewillig word.**

7. TARIEF VIR REISKOSTE

7.1 Die FK het kennis geneem van veranderings wat die afgelope tyd ingetree het in die ekonomiese omstandighede wat reiskoste beïnvloed. Aangesien die jongste tabelle van die AA nie by die laaste vergadering beskikbaar was nie, is geen besluite oor die reiskostetarief geneem nie.

7.2 AANBEVELING

**Die Sinode besluit om aan die Tydelike Kommissie vir Finansies op te dra om aanbevelings oor die reiskoste-tarief aan die Sinode voor te lê.**

8. DANKBETUIGING

8.1 Die FK wil hiermee sy dank oordra aan die personeel van die Kerkkantoor en in besonder die rekenmeester en personeel in die afdeling Finansies vir hulle besondere arbeid om die boekhouding van die BRKA met soveel sorg te behartig.

8.2 Die FK wil ook die personeel bedank vir die hulp wat deur al die jare verleen is om die taak van die kommissie makliker te maak, veral deur middel van gegewens wat gereeld verstrek is, soos dit nodig was.

8.3 AANBEVELING

8.3.1 **Die Sinode betuig sy dank aan die Koning van die Kerk wat aan lidmate, kerkrade en gemeentes die vermoëns geskenk het om die finansies te verskaf, sodat die werk van die Kerk, in die plaaslike kerke sowel as in die kerkverband, voortgesit kon word.**

Die FK vertrou dat hy hiermee sy taak tot bevrediging uitgevoer het. Die FK vertrou steeds dat die finansies en die administrasie ook gebruik word tot die eer van die Here God en die uitbreiding van sy Koninkryk.

GETEKEN NAMENS DIE FINANSIËLE KOMMISSIE

VOORSITTER

.............................................

SKRIBA

BYLAE 1

# DIE KANSELWOORD AS GOD SE WOORD IS VIR PREDIKER EN HOORDER 'N VREUG

**Skriflesing:** 1 Ts. 2:1–16
**Samesang:** Ps. 33:1, 2, 5
Ges. 305:1, 4

Hierdie Sewende Sinode bring ons vir die eerste keer bymekaar ná die ingrypende landsveranderinge wat elke inwoner en ook die kerke in Suid-Afrika raak.

Na al die gebeure op staatkundige gebied en na die radikale regeringsveranderinge leef ons in 'n enorme vertrouenskrisis. 'n Krisis wat sy invloed in volksgeledere laat geld en wat ook deurdring tot in die APK. In gemeentes kyk lidmate mekaar agterdogtig aan en bly 'n stille aanklag in menige hart vassteek.

Oral word oplossings gesoek wat die groeiende moedeloosheid kan verdryf wat oornag in ons harte posgevat het. Ja, dit laat 'n gevoel van verlatenheid agter wat selfs aan die geloofswortels van jou lewe begin knaag. Ons sal almal saamstem dat die regte leiding nou noodsaaklik is. Leiding wat die kerk in die hand het en wat, as dit reg deurgegee word, 'n antwoord vir soekendes, 'n troos vir moedeloses en 'n vreugde vir neergeslanes sal wees.

Slaag die APK, sy leraars en kerkrade egter in hierdie taak? Dit moet ons onsself afvra terwyl ons luister na die Woord van God, want die kanselwoord as God se Woord is vir prediker en hoorder 'n vreug. By die prediking staan of val die Kerk.

## 1. KANSELWOORD AS GOD SE WOORD

Die kern van 'n kerk se boodskap moet gesoek word in die boodskappe wat van sy kansel verkondig word. Dit is goed om te roem in die waarde van die Bybel en te vertel van die pragtige Belydenisskrifte, maar dit is nie genoeg nie. God moet tot spreke kom.

Wanneer gevra word wat 'n preek Gód se Wóórd maak, dan kan nie anders geantwoord word as dat Kanselboodskappe Bybelgefundeerd en onder leiding van die Heilige Gees moet geskied nie. Paulus verwys reeds hierna in 1 Ts. 1:5. Hierdie vers word verder uitgebou in die eerste 12 verse wat ons saamgelees het. Hier sê Paulus hy het die Woord bedien omdat God hom vir hierdie doel uitgesoek het. Hy is as't ware 'n gekeurde in wie se hart God ondersoek ingestel het. Vanweë hierdie Goddelike bemoeienis mag hy sê: so spreek die Here. Daarom kan daar by hom nooit van eiebelang, hebsug, vleitaal of egoïsme sprake wees nie. Sy posisie as apostel was nooit misbruik vir persoonlike wins nie.

Die bemoeienis van God het gemaak dat Paulus se werkywer onberispelik was. Sy lewensoptrede het sy boodskap ondersteun. In sy vermaning en vertroosting was hy liefdevol en het hy die gemeente gekoester soos 'n moeder haar kroos. Met hierdie kernagtige opmerkinge word gesê dat hy God se Woord gespreek het en nie sy eie boodskap gedra en eie belange gedien het nie. Dit is na hierdie woord wat in vers 13 verwys word as die Woord van God. Prediking wat hierdie kenmerke dra is 'n krag van God tot redding en die hartaar van ons Gereformeerde leer. In ons prediking moet dit gaan oor Jesus Christus die gekruisigde en nooit oor eie liefhebberye of eie boodskappies nie. In die prediking moet God deur ons aan die woord kom. Sulke prediking sal verandering bring en antwoorde gee.

Broers leraars, dít is ons taak, dáárna moet ons biddend soek en al luisterend na God ons voorbereiding doen. Broers ouderlinge, hieroor moet u waak en met erns toesig hou.

## 2. DIE VREUGDE VAN DIE PREDIKER

Vers 13 sê dat die apostel God gedank het omdat die gemeente sy verkondiging aangeneem het as die Woord van God. Hierin lê 'n wonderlike vreugde opgesluit. Die dankbaarheid van die apostel is sy uiting van 'n innerlike blydskap en vreugde omdat hy weet God het hom gebruik. Die profeet Jesaja het reeds uitgeroep: "hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring" (Jes. 52:7). Paulus haal dit aan in Rm. 10:15 om juis die blydskap uit te druk van die mens wat weet God werk deur hom.

Hierdie vreugde is nie selfgesentreerd nie, maar stel die belange van God en van die gemeente eerste. Hy wil nie sy vreugde bou rondom sy eie posisie, sy finansiële gewin, sy populariteit of selfbeeld nie. Nee, sy groot vreugde lê in God se eer wat seëvier.

Broeders leraars, soms is ons ontevrede, ons kla oor hoë eise, ons is nie bereid om onreg te verduur ter wille van Jesus Christus nie.

Daarom ontbreek dit ons aan blydskap in ons bediening. Omdat ons vaskyk teen die aardse stryd word die ewigheidsvreugde ons ontneem. Sal ons nie baie minder probleme ondervind en meer vreugde as ons God in alles eerste stel nie? As ons ons bepaal by die suiwer bediening van Gods Woord, wat sondaars verander in verlostes, en hieruit ons bedieningsvreugde put. Broers, ouderlinge en diakens, hierdie vreugde volg ook op 'n Skrifgetroue leespreek wat met toewyding oorgedra word.

## 3. DIE VREUGDE VAN DIE HOORDER

Terwyl die prediker sy vreugde put in die suiwer bediening van die Woord is dit juis hierin wat die gemeente ook hulle lewensgeluk vind. Die feit dat die mense die stem van God in die prediking hoor, beteken dat God met so iemand besig is. Die Skrifgetroue prediking is die Woord van God en dra sy genade uit. Die genade dat Hy, die Almagtige, sélf met die mens in gesprek tree. Die vreugde lê eerstens daarin dat Hy die mens se verstand open om die stem van God te hoor en te erken.

Tweedens lê die vreugde daarin dat die hoorder mag deel in die genadetoesegging van God. In vers 11 staan daar die gemeente word geroep om te deel in God se koninkryk en heerlikheid. 'n Sondige lewe word deur die aanhoor van die Woord verander in 'n verloste lewe. 'n Lewe van 'n verloste staan onder beheer van die Heilige Gees en behoort nie meer aan die wêreld nie. 'n Geesvervulde lewe kan deur die krag van God die eise van die lewe die hoof bied; kan stry teen moeilikhede en moedeloosheid; kan kleinlike agterdog oorwin en geloofskragtig wees te midde van die steeds groeiende magte van die Antichris. Hierdie Woord van God wat gehoor word, is die antwoord waarna mense in ons dag soek.

Die kerk het dus die belangrike taak om deur suiwer prediking die Woord van God as antwoord op die nood van ons dag te gee. Dit is 'n vreugde vir elke hoorder. Waar dit egter ontbreek sal die moontlikheid van onvrede, onrus en twis sterk na vore kom.

## SLOT

Slaag die APK in sy taak om aan ons gemeentelede in die tyd waarin ons leef leiding te gee? Gee ons antwoorde op die vrae wat in menseharte leef? Ons sál antwoorde hê en leiding gee as ons prediking suiwer Skrifverkondiging is. So is ons boodskap God se boodskap en in sy boodskap bring Hy rigting en leiding aan 'n verwarde wêreld waaruit vreugde vir prediker en hoorder spruit.

Ds. IA Brink

BYLAE 2

# CVO – SY GRONDSLAG EN GROEI

## Prof. Swart voor Sewende Sinode

Prof. Alkmaar Swart, Voorsitter van die Hoofbestuur van die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO), het die jongste Sinode kortliks ingelig oor die ***grondslag*** en ***groei*** van CVO. Hy het herinner aan die noue band wat van die begin af tussen die APK en CVO bestaan het – en steeds bestaan. APK-gemeentes en APK-lidmate het 'n leeue-aandeel geneem in die totstandkoming van CVO-skole en neem steeds 'n leeue-aandeel in die uitbou van dié skole. In menige geval word sulke skole bedryf in AP Kerkgeboue.

## Model C-skole word afgetakel

Model C-skole, die laaste wat van "eie skole" oorgebly het, word tans afgetakel. Al wat binnekort gaan oorbly vir ouers met skoolgaande kinders, is om te kies tussen 'n privaatskool en 'n geïntegreerde openbare skool.

In die openbare skool gaan standaarde vanselfsprekend val, en gaan die Christelik-eie, volkseie en kultuur-eie van die Christen-Afrikanerkind vanselfsprekend in die massa verdring, verwaarloos en verdrink word.

## CVO-privaatskool

Die CVO-privaatskool wil juis die Christen-Afrikanerkind as Verbondskind en as Volkskind behou en opvoed.

So toegerus kan die Afrikanerkind uit Christelike ouerhuis, Christen bly en Afrikaner bly. Die CVO-privaatskool rus immers op Protestants-Christelike grondslag en wil dié grondslag behou.

## Geen beswaar

Die huidige owerheid skyn ook geen beswaar te hê teen Christelik-volkseie Onderwys (CVO) vir kinders van Christen-Afrikanerouers nie, mits uitinge van rassisme vermy word.

## CVO op derde vlak

Die BCVO maak reeds van begin 1996 voorsiening vir onderrig op naskoolse vlak (derde vlak) veral vir opleiding van onderwysers en opleiding in die ekonomiese wetenskappe. Navrae kan gerig word aan die BCVO-kantoor in Pretoria, tel.nr. 082–888–26–15.

BYLAE 3

# MEDIESE SKEMA

## 1. PROBLEEMSTELLING

Die BRKA het vele briewe met klagtes gehad dat die huidige Kaapse Mediese Plan (KMP) te duur is en dat gemeentes en leraars dit nie kan bekostig nie.

Ander leraars het gesê hulle het nie die skema nodig nie en verkies eerder Hospitaalversekering, waar hulle 'n groot totaalsom op ouderdom 65, 70 of 75 jaar uitkry.

Daar is eerstens gekyk na die ander skemas van KMP, naamlik plan 1 en plan 70/100%, maar in beide gevalle kry ons drastiese verminderde voordele. Die risiko bestaan dat 'n kerkraad én/of leraar kostes wil bespaar maar onvoorsiene ongelukke of siekte kan groot nood veroorsaak. Ons as verantwoordelike kommissies mag nie hierdie nadeel inbou nie.

Daar is deur lede van die BRKA en FK ondersoek ingestel en gesoek na 'n veel goedkoper skema, maar wat redelik goed met die huidige KMP vergelyk. Die enigste Mediese Skema wat met die KMP vergelyk en heelwat goedkoper is, is Medihelp. Daar moet ook baie goed na insolvensiemarges gekyk word en 'n hele paar skemas wat beter as Medihelp voorkom, se solvensiemarge lyk nie goed nie.

**Medihelp** is die ou staatsdiens-pensioenfonds. Hoewel die grootste in die land, moet ons na omstandighede kyk wat hierdie skema in die nuwe Suid-Afrika beïnvloed. Ons is huiwerig om hom aan te beveel, want binne 'n jaar of drie is ons weer terug waar ons tans is omrede die probleem van Mediese Skemas (doktersbesoeke, tande en voorskrifte) nie aangespreek word nie en die moontlike invloed van regstellende aksie.

Die enigste alternatief wat oorbly na vele skemas ondersoek is, is **Discovery**, wat in die Momentum stal is en almal se keuse kan bevredig. Discovery het 12 variasies om van te kies. In die voorbeeld hieronder het ons die gemiddelde en die duurste keuse as voorbeelde om met KMP en Medihelp te vergelyk en aan u 'n beeld te gee. As u een maal lid is kan u tussen die variasies jaarliks op 1 Januarie wissel.

**Van die keuses is:**

- Die voorbeelde in kolom AA en BB hierna kan goedkoper gemaak word deur te besluit dat alles wat in 'n hospitaal gebeur net teen **voordeleskaal** betaal word en nie koste soos hieronder aangetoon nie.
- Kolom AA kan nog goedkoper gemaak word deur dit net as 'n Hospitaalplan te kies en wel teen voordeleskaal of kostes. Daarby kan dit met of sonder 'n kapitaaluitbetaling op 65 jaar gemaak word.
- So kan ons vir elkeen mediese beskerming gee na sy smaak en behoefte.

## 2. PREMIEVERGELYKINGS (Kyk Bylae A hierna)

### 2.1 Kaapse Mediese Plan (KMP)

(Die eerste kolom toon huidige maandelikse bydraes)

Die KMP is die bestaande skema wat u dekking gee, u huidige maandelikse bydrae soos deur u en u kerkraad betaal word. Die KMP betaal hoofsaaklik teen voordeleskale u mediese eise, behalwe ambulansdienste, bloedoortappingsdienste en enkele kleiner dienste wat teen werklike koste betaal word en is een van die heel beste skemas. Die eise deur APK-lede ingestel die afgelope 24 maande is 97% van die totale bydraes (premies) oor dieselfde tydperk.

### 2.2 Momentum Health se Discovery

(Sleutel wat na elke kolom hieronder verwys)

**Kolom AA**

Dek alle kostes teen die werklike **koste** van behandeling, operasies, bedgelde, medisyne en doktersbesoek in 'n hospitaal ontvang en chroniese siektes se medikasie, MAAR **buite hospitaalkostes** word eers na die drumpel van R2 750 (enkellid) of R4 600 (lid + afhanklikes) per jaar bereik is, teen voordeleskaal deur Momentum betaal, met ander woorde **buite hospitaalkostes** tot die drumpel bereik is, betaal **uself.**

**Kolom BB**

Dek alle kostes teen die **werklike koste** van behandeling, operasies, bedgelde, medisyne en doktersbesoeke in 'n hospitaal ontvang en chroniese siektes se medikasie; PLUS buite hospitaalkostes (dokterbesoeke, tandarts, voorskrifte, ens.) word teen voordeleskaal ten volle betaal. PLUS die opbou van 'n uitkeer (kontant) bedrag wat op ouderdom 65 gebruik kan word om verder inflasieverhogings te subsidieer en by afsterwe sal die balans aan u boedel betaalbaar wees.

### 2.3 Medihelp

Hierdie skema is heelwat goedkoper (maandelikse bydraes) as die KMP, maar in 40 uit die

55 voordele swakker as die KMP en net in 2 beter. (Sien voordele vergelyking in Bylae B hierna).

3. AANBEVELING

**Alles dui daarop dat Momentum Health se Discovery skema, met sy 12 variasies die meeste van die leraars en kantoorpersoneel se behoeftes sal dek en watter keuse ookal gemaak word, sal 'n rampsituasie (soos die leraar van Bethlehem ondervind het) deur enige van die 12 keuses ondervang word.**

**In die tweede plek word die groot probleem van mediese skemas, totaal en direk aangespreek deur die drumpelperk hierbo genoem.**

**Derdens sal hierdie skema ook onderhewig wees aan mediese inflasieverhogings, maar Momentum as 'n lewensversekeraar en sy kundige aktuarisse, is in staat om baie noukeurige berekeninge te maak en daar sal nie verhogings in die tussentyd wees nie, behalwe een wat jaarliks op 1 Januarie in werking sal tree.**

Ons vertrou hieruit sal u genoeg inligting verkry, om die beginsel-aanbeveling aan die Sinode, deur die FK te ondersteun.

**Bylae A**

| HOOFLID | KMP | DISCOVERY KOLOM AA | DISCOVERY KOLOM BB | KOLOM BB VERWAGTE OPBRENGS OP 65 R | MEDIHELP |
|---|---|---|---|---|---|
| Adendorff, MC (ds.) | 1 095 | 800 | 1 538 | 76 582 | 819 |
| Aucamp, P (ds.) | 1 116 | 733 | 1 315 | 938 786 | 741 |
| Bezuidenhout, JP (ds.) | 1 116 | 820 | 1 534 | 167 108 | 819 |
| Boshoff, A snr. (ds.) | 1 038 | 546 | 1 170 | 31 842 | 669 |
| Boshoff, AP (ds.) | 1 095 | 659 | 1 188 | 4 665 616 | 312 |
| Boshoff, A jr.(ds.) | 1 038 | 478 | 1 128 | 5 625 390 | 282 |
| Botes, JA (ds.) | 597 | 656 | 1 348 | 68 358 | 819 |
| Botes, MJG (mnr.) | 1 071 | 541 | 1 099 | 1 620 135 | 720 |
| Botes, S (drs.) | 1 038 | 520 | 1 226 | 135 403 | 795 |
| Botha CJS (ds.) | 1 095 | 767 | 1 463 | 86 410 | 819 |
| Botha PW (ds.) | 1 116 | 671 | 1 225 | 847 585 | 741 |
| Bresler, JG (mej.) | 625 | 296 | 574 | 2 480 818 | 282 |
| Brink, IA (ds.) | 1 071 | 585 | 1 193 | 387 295 | 720 |
| Britz, RMJ (ds.) | 1 095 | 728 | 1 359 | 184 800 | 819 |
| Buitendag PR (ds.) | 1 116 | 745 | 1 337 | 713 879 | 741 |
| Burger, WA jr.(ds.) | 1 095 | 419 | 888 | 8 422 420 | 282 |
| Burger, WA sr.(dr.) | 1 038 | 748 | 1 585 | 74 070 | 720 |
| Coetzee, BA (mnr.) | 1 071 | 476 | 846 | 1 635 402 | 720 |
| Coetzee, CN (ds.) | 597 | 766 | 1 396 | 410 822 | 741 |
| De Beer, JA (ds.) | 1 038 | 552 | 1 286 | 94 955 | 668 |
| De Waal, L (ds.) | 1 071 | 539 | 1 072 | 2 774 276 | 720 |
| Du Plessis, A (ds.) | 1 038 | 423 | 947 | 2 328 286 | 581 |
| Du Plessis, JA (ds.) | 1 116 | 848 | 1 584 | 72 840 | 819 |
| Du Plessis, PJ (ds.) | 1 095 | 858 | 1 208 | 2 146 223 | 741 |
| Du Preez, IP (ds.) | 1 116 | 798 | 1 491 | 231 693 | 818 |
| Du Toit, L (ds.) | 1 095 | 704 | 1 312 | 387 295 | 741 |
| Ellis, JH (dr.) | 1 085 | 705 | 1 324 | 399 488 | 741 |
| Engelbrecht, JH (ds.) | 1 116 | 758 | 1 381 | 560 167 | 741 |
| Engelbrecht, PJB (ds.) | 922 | 667 | 1 437 | 82 487 | 795 |
| Erasmus, JAC (ds.) | 1 071 | 835 | 1 336 | 133 464 | 785 |
| Erasmus, JC (mev.) | 625 | 270 | 649 | 1 715 283 | 312 |
| Fourie, DS (ds.) | 1 116 | 718 | 1 272 | 2 164 188 | 741 |
| Fourie, MG (ds.) | 1 038 | 531 | 1 233 | 87 815 | 669 |
| Gagiano, WJ (ds.) | 625 | 236 | 532 | 3 485 498 | 282 |
| Gomes, PA (ds.) | 625 | 236 | 529 | 3 381 042 | 282 |
| Grobler, FA (ds.) | 625 | 834 | 1 588 | 25 952 | 669 |
| Groenewald, NJ (ds.) | 1 095 | 661 | 1 172 | 3 045 103 | 741 |
| Grové, WM (ds.) | 555 | 547 | 1 287 | 3 303 251 | 669 |

| HOOFLID | KMP | DISCOVERY KOLOM AA | DISCOVERY KOLOM BB | KOLOM BB VERWAGTE OPBRENGS OP 65 R | MEDIHELP |
|---|---|---|---|---|---|
| Haasbroek, MM (mev.) | 888 | 647 | 1 477 | 57 411 | 869 |
| Hartzenberg, MJ (ds.) | 1 116 | 745 | 1 337 | 501 206 | 741 |
| Heymans, HB (ds.) | 475 | 739 | 1 615 | 0 | 669 |
| Jacobs, AD (ds.) | 1 116 | 731 | 1 309 | 1 087 825 | 741 |
| Jacobs, JA (ds.) | 1 038 | 435 | 1 017 | 938 786 | 591 |
| Jacobs, LH (ds.) | 1 116 | 815 | 1 523 | 165 196 | 819 |
| Janse v. Rensb. CJ (ds.) | 1 038 | 503 | 1 104 | 77 402 | 669 |
| Janse v. Rensb. P (ds.) | 1 038 | 420 | 918 | 8 830 269 | 510 |
| Janse v. Rensb. Z (ds.) | 1 116 | 724 | 1 292 | 1 435 992 | 741 |
| Jansen v. Rensburg JD (ds.) | 1 085 | 663 | 1 218 | 2 498 570 | 729 |
| Jonker, PR (ds.) | 1 116 | 743 | 1 297 | 515 366 | 741 |
| Jooste, HF (ds.) | 1 071 | 421 | 910 | 5 886 591 | 510 |
| Jooste, WA (ds.) | 1 038 | 690 | 1 579 | 13 990 | 669 |
| Joubert, JN (ds.) | 1 095 | 702 | 1 328 | 480 582 | 741 |
| Koen, CD (ds.) | 1 071 | 589 | 1 232 | 420 573 | 720 |
| Korkie, LJ (mnr.) | 1 038 | 496 | 1 184 | 229 245 | 669 |
| Kotzé, PB (ds.) | 1 071 | 620 | 1 280 | 151 539 | 795 |
| Kruger, CJ (ds.) | 1 116 | 769 | 1 385 | 334 256 | 741 |
| Labuschagne, GJJ (dr.) | 1 038 | 631 | 1 438 | 40 693 | 889 |
| Lamprecht, JC (ds.) | 1 116 | 957 | 1 798 | 12 694 | 819 |
| Le Grange, PDF (ds.) | 1 116 | 736 | 1 320 | 850 582 | 741 |
| Le Roux, GG (ds.) | 1 071 | 630 | 1 318 | 129 417 | 795 |
| Liebenberg, WF (ds.) | 860 | 1 234 | 1 888 | 0 | 669 |
| Loots, ZB (ds.) | 555 | 1 013 | 1 866 | 0 | 669 |
| Louw, RW (ds.) | 1 071 | 598 | 1 215 | 151 543 | 795 |
| Malan, Dirk J (ds.) | 555 | 747 | 1 682 | 0 | 669 |
| Malan, Danie J (ds.) | 1 116 | 570 | 1 165 | 427 579 | 741 |
| Maloney, JD (ds.) | 1 038 | 517 | 1 225 | 165 196 | 669 |
| Marè, R (prof.) | 1 095 | 744 | 1 413 | 123 339 | 819 |
| McDonald, R (mev.) | 625 | 614 | 1 175 | 48 184 | 345 |
| Mouw, EG (ds.) | 555 | 585 | 1 356 | 65 516 | 668 |
| Müller, PB (ds.) | 1 071 | 537 | 1 068 | 3 648 885 | 720 |
| Nel, AR (ds.) | 1 095 | 674 | 1 253 | 1 281 934 | 741 |
| Nel. SD (ds.) | 1 071 | 543 | 1 094 | 2 842 546 | 720 |
| Nicklbauer, E (mej.) | 577 | 297 | 555 | 4 069 427 | 282 |
| Olivier, PJL (ds.) | 1 116 | 769 | 1 386 | 334 256 | 741 |
| Ollewagen, DM (ds.) | 1 116 | 721 | 1 261 | 1 799 765 | 741 |
| Pienaar, LD (ds.) | 1 071 | 783 | 1 577 | 29 754 | 785 |
| Poley, PC (ds.) | 1 116 | 787 | 1 482 | 190 256 | 819 |
| Pottas, RJH (ds.) | 1 038 | 562 | 1 300 | 76 582 | 669 |
| Pretorius, G (ds.) | 1 118 | 390 | 954 | 2 874 747 | 741 |
| Pretorius, MFM (dr.) | 1 095 | 758 | 1 464 | 135 403 | 819 |
| Rautenbach, NJ (ds.) | 1 038 | 579 | 1 343 | 64 516 | 669 |
| Rheeder, JM (ds.) | 1 071 | 840 | 1 338 | 107 966 | 795 |
| Robbertze, HCG (prof.) | 1 118 | 773 | 1 407 | 282 261 | 741 |
| Roodt, JJJ (ds.) | 1 116 | 738 | 1 325 | 861 782 | 741 |
| Roodt, PK (ds.) | 288 | 827 | 1 006 | 0 | 795 |
| Scheuer, OD (ds.) | 1 071 | 790 | 1 659 | 5 994 | 795 |
| Skein, L (ds.) | 1 038 | 558 | 1 299 | 88 302 | 669 |
| Smit, G (ds.) | 1 116 | 772 | 1 419 | 359 048 | 741 |
| Smith, HJ (dr.) | 1 095 | 721 | 1 385 | 261 787 | 819 |
| Snyman, CFW (ds.) | 1 038 | 829 | 1 448 | 64 186 | 669 |
| Stans, P (ds.) | 1 095 | 660 | 1 198 | 2 075 979 | 741 |
| Stoltz, GCD (ds.) | 1 038 | 421 | 808 | 7 725 042 | 510 |
| Storm, PL (ds.) | 1 095 | 594 | 1 228 | 282 267 | 720 |

| HOOFLID | KMP | DISCOVERY KOLOM AA | DISCOVERY KOLOM BB | KOLOM BB VERWAGTE OPBRENGS OP 65 R | MEDI-HELP |
|---|---|---|---|---|---|
| Swart, CF (ds.) | 1 071 | 887 | 1 842 | 7 063 | 795 |
| Swart, JH (ds.) | 1 038 | 718 | 1 642 | 6 716 | 669 |
| Taute, MP (ds.) | 1 116 | 724 | 1 289 | 1 212 852 | 741 |
| Theron, HS (prof.) | 1 038 | 751 | 1 672 | 0 | 669 |
| Theron, JH (ds.) | 1 071 | 589 | 1 232 | 420 573 | 720 |
| Torlage, BR (ds.) | 1 095 | 666 | 1 238 | 1 080 626 | 741 |
| Trollip, JB (ds.) | 1 116 | 720 | 1 221 | 4 592 195 | 741 |
| Van den Berg, AE (ds.) | 1 116 | 745 | 1 342 | 848 847 | 741 |
| Van der Linde, DJ (ds.) | 1 038 | 420 | 918 | 2 784 188 | 591 |
| Van der Linde, JJ (ds.) | 1 038 | 822 | 1 421 | 0 | 668 |
| Van der Merwe, HC (ds.) | 1 038 | 580 | 1 335 | 48 584 | 889 |
| Van der Merwe, JD (ds.) | 1 038 | 559 | 1 286 | 60 495 | 669 |
| Van der Merwe, WJ (ds.) | 1 038 | 1 330 | 1 894 | 47 107 | 669 |
| Van der Schyff, JAV (ds.) | 1 071 | 706 | 1 476 | 0 | 795 |
| Van der Walt, JH (ds.) | 1 038 | 601 | 1 367 | 17 961 | 669 |
| Van Heerden, AL (ds.) | 1 116 | 721 | 1 261 | 1 799 765 | 741 |
| Van Heerden, CI (dr.) | 555 827 | 1 781 | 0 | 669 | |
| Van Jaarsveld, AS (ds.) | 1 038 | 597 | 1 373 | 51 088 | 669 |
| Van Lille, JP (mev.) | 625 | 282 | 625 | 241 771 | 312 |
| Van Niekerk, AJ (ds.) | 1 085 | 864 | 1 635 | 27 724 | 819 |
| Van Rensburg, P (ds.) | 428 | 641 | 1 086 | 1 823 885 | 720 |
| Van Rooyen, C (ds.) | 1 095 | 655 | 1 180 | 5 305 287 | 729 |
| Van Rooyen, HB (ds.) | 1 116 | 726 | 1 291 | 1 031 331 | 741 |
| Van Staden, AS (ds.) | 1 116 | 763 | 1 335 | 829 647 | 741 |
| Van Staden, JG (ds.) | 1 095 | 659 | 1 168 | 4 665 616 | 741 |
| Van Vuuren, JH (ds.) | 1 116 | 768 | 1 380 | 328 947 | 819 |
| Van Zyl, NRJ (ds.) | 555 | 918 | 1 590 | 0 | 669 |
| Venter, HC (ds.) | 1 071 | 539 | 1 026 | 5 023 470 | 684 |
| Venter, G (ds.) | 1 071 | 540 | 1 026 | 5 825 390 | 684 |
| Venter, JJ (Kosie) (ds.) | 1 038 | 680 | 1 341 | 80 026 | 669 |
| Verryne, TJ (ds.) | 625 | 237 | 543 | 2 387 204 | 282 |
| Viljoen, AP (ds.) | 1 116 | 726 | 1 295 | 1 046 166 | 741 |
| Viljoen, EM (dr.) | 1 116 | 736 | 1 319 | 1 111 859 | 741 |
| Visser, JA (ds.) | 426 | 883 | 1 539 | 0 | 889 |
| Von Wielligh, HE (ds.) | 1 116 | 1 580 | 2 113 | 155 886 | 819 |
| Vrey, JJ (ds.) | 625 | 238 | 558 | 1 437 374 | 312 |
| GROOT TOTAAL | 127 574 | 84 617 | 166 282 | | 88 344 |

# 4. VOORDELEVERGELYKING VAN MEDIESE SKEMAS
(vir AP Kerk)

**Bylae B**

| | MEDIESE VOORDEEL | KAAPSE MED. PLAN ELITE PLAN | DISCOVERY VAN MOMENTUM (DRUMPEL = EERSTE R4 600) | MEDIHELP MEDIESE PAKKET A |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | **MEDIESE DIENSTE** | | | |
| | Konsultasies/buite hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van voordeleskaal na drumpel | Min R12, dan 100% van voordeleskaal |
| | Konsultasies/in hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel. | 100% van voordeleskaal |
| | Operasies en chirurgiese prosedures | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | 100% van voordeleskaal |
| | X-strale en patalogiese dienste | 100% van voordeleskaal | 100% van voordeleskaal na drumpel | 100% van voordeleskaal |
| | ditto in hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | – |
| | Fisioterapie | 100% van voordeleskaal | 100% van voordeleskaal na drumpel | 80% van voordeleskaal |
| | ditto in hospitaal | 100% van voordeleskaal, maks. 30 behandelinge per jaar | 100% van KOSTE, geen drumpel | – |
| 4.2 | **TANDHEELKUNDE** | | | |
| | Konserwatiewe dienste – buite hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van voordeleskaal na drumpel | Min R12, dan 100% van voordeleskaal |
| | in hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | 100% van voordeleskaal |
| | Ortodontiese kunsgebit, ens. – buite hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van voordeleskaal na drumpel | Min R12, dan 80% van voordeleskaal |
| | – in hospitaal | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | ditto |
| | Goud, kroon, brugwerk ens. – buite hospitaal | Vooraf toestemming nodig | 100% van voordeleskaal na drumpel | Min R12, dan 80% van voordeleskaal |
| | – in hospitaal | Vooraf toestemming nodig | 100% van KOSTE, geen drumpel | ditto |
| | | Maks. gevorderde behandeling: Lid R2 400. Lid + 1 R4 800. Lid + 2 + R6 000 per jaar. | Limiete: Lid R2 800. Lid + meer R5 600 | Limiete Goud ens.: Lid – R600/jr. Lid + meer – R1 330 per jaar |
| 4.3 | **HOSPITALISASIE** | | | |
| | Algemene saal | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | 80% van voordeleskaal |

| | MEDIESE VOORDEEL | KAAPSE MED. PLAN ELITE PLAN | DISCOVERY VAN MOMENTUM (DRUMPEL = EERSTE R4 600) | MEDIHELP MEDIESE PAKKET A |
|---|---|---|---|---|
| | Privaatsaal – dr. of eie versoek | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | 80% van voordeleskaal |
| | Intensief, teater ens. | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | 100% van voordeleskaal |
| | Kraam as alles insluitend | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | 90% van voordeleskaal |
| | Geestes- en neurologiese toestand | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel | Maksimum na 30 dae aaneenlopend 90% van voordeleskaal |
| | Klinieke en losstaande teaters. | 100% van voordeleskaal | 100% van KOSTE, geen drumpel. | 90% van KOSTE. |
| | Geestesgesondheidshuise | 100% van KOSTE, maks. R3 800 per lid per jaar. | 100% van voordeleskaal na drumpel. | 50% van voordeleskaal |
| | Medisyne verskaf | Min R15 of 10% dan 80% van res. | 100% van voordeleskaal na drumpel. | 90% van medisynekoste. |
| | Privaat verpleegdienste | 100% maks. R200 per dag R10 000 per jaar. | 100% van voordeleskaal na drumpel. | Min R12, dan 50% van voordeleskaal. |
| | Paramediese dienste (aanvullend) | Geen. | 100% van voordeleskaal na drumpel. | 50% van voordeleskaal. |
| 4.4 | **BLOEDOORTAPPINGSDIENSTE** | 100% van KOSTE. | 100% van KOSTE, geen drumpel. | 100% van KOSTE. |
| | Vervoer van bloed | – | 100% van KOSTE, geen drumpel. | 50% van KOSTE. (Limiet R112 per lid). |
| 4.5 | **AMBULANSDIENSTE** | 100% van KOSTE. | 100% van voordeleskaal na drumpel. | 50% van KOSTE (Limiet R280 per geval). |
| | Lugvervoer | 100% van KOSTE, maks. R2 000 | 100% van voordeleskaal na drumpel. | Maksimum R2 600. |
| 4.6 | **VOORGESKREWE MEDISYNE** | | | |
| | Voorsien deur geneeshere | Min R15 of 10%, dan 80% van res. | 90% van voordeleskaal na drumpel. | Min R12, dan 90% van voordeleskaal. |
| | Voorsien deur aptekers | Min R15 of 10%, dan 80% van res. | 90% van voordeleskaal na drumpel. | Min R12, dan 90% van voordeleskaal. |
| | Voorsien deur homeopate | Min R15 of 10%, dan 80% van res. | 90% van voordeleskaal na drumpel | – |
| | Voorsien in hospitaal | 100% van KOSTE. Limiete: Lid R4 000 Lid + 1 R8 000 Lid + meer R10 000 | 100% van KOSTE, geen drumpel. Limiete: Lid R15 000 Lid + meer R30 000 | – |

| | MEDIESE VOORDEEL | KAAPSE MED. PLAN ELITE PLAN | DISCOVERY VAN MOMENTUM (DRUMPEL = EERSTE R4 600) | MEDIHELP MEDIESE PAKKET A |
|---|---|---|---|---|
| 4.7 | **OPTIESE VOORDELE** | | | |
| | Oogtoets | 100% van KOSTE, maks. R2 000 per gesin, maks. R500 per lid en R60 per oogtoets. | 90% van KOSTE na drumpel | R350 per lid per jaar. |
| | Brilraam | – | 90% van KOSTE na drumpel. | 80% van koste, maks. R160 per jaar. |
| | Raam reseptering-fooie | – | 80% van KOSTE na drumpel | – |
| | Lense | Ingesluit | 90% van KOSTE na drumpel | 80% van voordeleskaal |
| | Kontaklense | Ingesluit | 90% van KOSTE na drumpel. Maks. R880 per lid en R2 250 per gesin | 80% van koste, maks. R350 per jaar |
| 4.8 | **MEDIESE EN CHIRURGIESE TOESTELLE** | 100% KOSTE, maks. R3 500 per lid per jaar. R2 000 per gehoorstel per lid per jaar | 100% van KOSTE, maks. R7 500. Gehoortoestelle maks. R3 000 per gesin | 80% van KOSTE maks. R1 800 per lid per jaar. |
| | Rolstoele | Ingesluit | Ingesluit | 80% van KOSTE, maks. R540 per lid per jaar |
| 4.9 | **IN-VITRO-BEVRUGTING** | 100% van voordeleskaal. Beperk tot eerste poging R3 600 | Geen | Geen |
| 4.10 | **DIVERSE DIENSTE** | | | |
| | Prostese inwendig met operasie | 100% van KOSTE | 100% van KOSTE. Geen drumpel | 80% van KOSTE maks. jaarliks bepaal |
| | Chiroprakties: Konsultasie | Net soos vir gewone huisartse, algemene praktisyn tariewe | Net soos vir huisdokters | Geen. |
| | X-strale deel van rug | 100% van KOSTE, maks. | Net soos vir radioloë | Geen |
| | X-strale volle rug | 100% van KOSTE, maks. | Net soos vir radioloë | Geen |
| | Chiropodie/voetkundiges | Net soos vir gewone huisartse | 100% van voordeleskaal na drumpel | 50% van voordeleskaal |
| | Homeopate en ander | Net soos vir gewone huisartse | Net soos vir huisdokters | Geen |
| | Homopatiese medisyne | Min R15 of 10%, dan 80% van res | Net soos vir huisdokters | Geen |

| | MEDIESE VOORDEEL | KAAPSE MED. PLAN ELITE PLAN | DISCOVERY VAN MOMENTUM (DRUMPEL = EERSTE R4 600) | MEDIHELP MEDIESE PAKKET A |
|---|---|---|---|---|
| | Spraak en ander terapie | 100% voordeleskaal, maks. R1 000 per lid per jaar | 100% van voordele-skaal | 50% van skaalvoor-dele |
| | Kliniese sielkunde | 100% voordeleskaal, maks. R1 000 per lid per jaar | 100% voordeleskaal, maks. R1 600 per jaar | 50% van skaalvoor-dele |
| 4.11 | **HOSPITIUM** | | | |
| | Verblyf | 100% van KOSTE, maks. R100 per dag en R3 000 per jaar | R300 per dag, maks. 80 dae per jaar | Geen |
| | Tuissorgbesoeke | 100% voordeleskaal | R80 per dag | Geen |
| | Huisbesoek – Huisdokter | Beperk tot R1 000 per lid per jaar | 100% van voordele-skaal | Min R12, dan 100% van voordeleskaal |
| 4.12 | **PRIVAAT VERPLEEGSORG** | 100% maks. R200 per dag R10 000 per jaar | 100% van voordele-skaal, 120 dae per jaar | Min R12, dan 50% van voordeleskaal |
| | Kroniese siekte-voordeel (14 kro-niese siektes tans) | Min R15 of 10% dan 80% van res | 90% van voorskrifte, geen drumpel | Min R12, dan 90% van voordeleskaal |
| 4.13 | **NOODVERVOER BUITELANDS** | Ja, op SA-tarief | R500 000 per voorval | Geen |
| | 24 uur noodlyn | Geen | Gratis beskikbaar | Geen |
| 4.14 | **DAGKLINIEKE** | 100% van voordele-skaal | Soos vir in hospitaal gedek | 80% van voordele-skaal |
| 4.15 | **MIV OF VIGS** | Maks. R5 000 per lid per jaar | Geen | Limiet R1 200 per jaar |
| 4.16 | **MAKSIMUM PER JAAR** | Geen | R170 000 enkellid R340 000 gesin | Geen |

BYLAE 4

# VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES

## EERSTE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE DIE ONDERSKRIF BY DIE KERKNAAM

### 1. PERSONEEL

Die volgende broers vorm die Kommissie:

Prof. WJG Lubbe (sameroeper) (Publikasiekommissie)
Prof. JC Lombard
Dr. Cl van Heerden (SKK)
Ds. A du Plessis (Ring van Derby)
Ds. AJ van Niekerk
Ds. JH van der Walt (BRKA)
Ds. AS van Jaarsveld (KKS)
Ds. AS van Staden (Ring van Mooinooi)
Dr. CA van der Merwe (Ring van Beaufort-Wes)
Oudl. BR Coetzee (Ring van Steynsburg)
Oudl. AH Mulder (Ring van Petrusburg)
Oudl. PA Wessels (Ring van Dendron)
Oudl. JL Erasmus
Oudl. AJ Pienaar (Ring van Naboomspruit).

### 2. OPDRAG

Die volgende sake is deur die Kommissie in behandeling geneem:

2.1 **Verslag van die KKS; pt. 5, bl. 121**

Voorgestelde wysigings van Kerkorde en Ordereëls deur beskrywingspunte.

5.1 Onderskrif by naam van Kerk.

5.1.1 Ring van Benoni.

5.1.2 Ring van Beaufort-Wes.

5.1.3 Ring van Steynsburg.

5.1.4 Ring van Clanwilliam.

5.1.5 Ring van Nelspruit.

5.1.6 Ring van Mooinooi.

5.1.7 Aanbeveling.

6.15 Ring van Dendron (bl. 137).

2.2 **Onafgehandelde Sake van Sinode 1993**

1.14 Beskrywingspunt – Ring van Naboomspruit (bl. 33).

2.3 'n Besluit van die Ring van Derby oor dieselfde saak.

2.4 **Verslag van die Publikasiekommissie**

16. Weglating van die onderskrif by die naam van die APK.

2.5 Regsmening deur oudl. SC Jacobs ingewin deur die KKS.

2.6 Advies van prof. AWG Raath "Handves van menseregte en die APK."

### 3. AANBEVELINGS

3.1 **Die Sinode spreek hom uit oor die vraag of daar 'n onderskrif by die kerknaam moet wees, terwyl die volgende in gedagte gehou word.**

3.1.1 **Die kerk se identiteit en karakter word nie deur die onderskrif bepaal nie, maar deur die Kerkorde.**

3.1.2 **Die emosionele en historiese waarde van die onderskrif moet in gedagte gehou word.**

3.1.3 **Die weglating van die onderskrif kan wel bydra tot die kerk se wesenstaak, nl. om die evangelie te verkondig, deurdat deure vir die verkondiging oopgehou word.**

3.2 **Die Sinode spreek hom uit oor die inhoud van die onderskrif – indien besluit word ten gunste van 'n onderskrif aan die hand van die volgende moontlikhede:**

3.2.1 **Die onderskrif bly onveranderd: 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners.**

3.2.2 **'n Gereformeerde Kerk van Christus onder die Afrikaner Boerevolk.**

3.2.3 **'n Gereformeerde Kerk van Christus onder Boere-Afrikaners.**

3.2.4 **'n Gereformeerde Kerk van Christus onder volksgenote.**

3.2.5 **'n Gereformeerde Kerk van Christus onder die Afrikaners.**

3.2.6 **'n Gereformeerde Kerk van Christus.**

3.2.7 **'n Gereformeerde Kerk vir gelowiges in Christus.**

3.2.8 **'n Gereformeerde Kerk onder Christen-Afrikaners.**

3.2.9 **'n Gereformeerde Kerk onder blanke Boere-Afrikaners.**

3.3 **Art. 3**

**Die Sinode dra dit aan hierdie Kommissie op om die Sinode te dien met 'n voorstel in verband met Kerkorde art. 3 in die lig van wat besluit is by 3 (hierbo).**

4. Hiermee vertrou die Kommissie dat hy sy aanvanklike opdrag bevredigend uitgevoer het.

PROF. WJG LUBBE
Voorsitter

DS. AS VAN STADEN
Skriba

# TWEEDE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE DIE ONDERSKRIF BY DIE KERKNAAM

**1. OPDRAG**

**1.1 Beskrywingspunt van Ring van Dendron: Verslag van KKS, 6.15, bl. 137.**

**1.2 Formulering van Art. 3 (KO): Verslag van KKS, 5.3.3, bl. 124.**

**2. AANBEVELINGS**

2.1.1 **Aangesien die term "gereformeerd" voorkom in die onderskrif soos goedgekeur, besluit die Sinode om nie die bestaande kerknaam (Afrikaanse Protestantse Kerk) te verander nie.**

2.1.2 **Die Sinode besluit dat daar in geen amptelike dokumente na "die APK" verwys sal word nie, maar dat die afkorting "AP Kerk" deurgaans gebruik word.**

2.2.1 **Die Sinode besluit om nie die bewoording van die bestaande Art. 3 te wysig nie, maar om dit wel uit te brei met: Die Here leer ons in Gn. 11, Dt. 32:8, Hd. 2:8, Hd. 17:26, Op. 7:9, Op. 21:24 en 26, Op. 22:2 dat die inheemse kerk sy wil is. Die AP Kerk wil gesamentlik en afsonderlik 'n openbaring van die liggaam van Christus wees en ook die verinheemsing van die Kerk van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk.**

2.2.2 **Die Sinode besluit om ook die volgende by te voeg by Art. 3:**

**Kerk van Christus is die vrug van die werk van die Drie-enige God onder die Koningskap van Christus.**

3. Hiermee vertrou die Kommissie dat hy sy werk bevredigend voltooi het.

PROF. WJG LUBBE
Voorsitter

DS. AS VAN STADEN
Skriba

# EERSTE VERSLAG VAN DIE TKKS (A1)

**1. PERSONEEL**

Die vergadering konstitueer met die volgende lede teenwoordig.

Di. AS van Jaarsveld
PJ du Plessis
IP du Preez
JA du Plessis
TJ Verryne
AR Nel
G Smit
HC Venter
MJ Hartzenberg
JC Lamprecht
JA van der Schyff
Proff. FAH van Staden
R Marè
Oudle. SP Burger
AS Raubenheimer
LRW Wessels
SF Botha
JN Smit
JJ Oosthuizen
PR Pretorius
AJ Pienaar
Diaken J Harms

Verkies tot:

Voorsitter: Ds. AS van Jaarsveld
Ondervoorsitter: Ds. IP du Preez
Skriba: Ds. JA du Plessis

**2. SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS**

2.1 **Appèl – Ds. JD Jansen van Rensburg.**

**Aanbeveling:**

**Die Sinode besluit:**

**Die appèl is nie ontvanklik nie.**

2.1.1 **Motivering:**

Formeel is nie aan die vereistes van Bep. 58B voldoen nie, deurdat daar nie gelyktydig skriftelik kennis gegee is van die appèl aan die ringskommissie nie.

2.1.2 **Aanbeveling**

**Die dokumentasie word nie vermeerder vir elke lid van die Sinode nie.**

**Motivering:**

In die lig van die onontvanklikheid van die appèl is dit onnodig om die dokumentasie te vermeerder.

2.2 **Die afwesigheid van ds. Chris Koen op 5 September 1995, sonder verlof.**

**Aanbeveling:**

**Die Sinode besluit om die verskoning van ds. Koen soos voorgelê aan die TKKS te aanvaar.**

**Motivering:**

Die voorlegging van ds. Koen insake dringende diens by Radio Pretoria en dat hy nie betyds aansoek kon doen vir verlof nie, was vir die TKKS aanvaarbaar.

2.3 **Paneel van regsgeleerdes (pt. 15.2 bl. 54 Sakelys Sinode 1995):**

**Aanbeveling:**

**Die Sinode besluit om advokaat JH de la Rey by die paneel van regsgeleerdes te voeg.**

**Motivering:**

Dit is die naam wat aan die TKKS voorgelê is vir voorlegging aan die Sinode.

2.4 **Byvoeging by die bestaande Bep. 37D (bl. 70, pt. 9.3.2.1 en bl. 173 pt. 8.5, 8.6 en 8.7)**

**Aanbeveling:**

**Die Sinode besluit aanbeveling 9.3.2.1 op bl. 70 word nie geïmplementeer nie.**

**Motivering:**

Die Sinode moet waak teen reglementering en verwys die ringe na ***"Leidraad: Interpretasie en Toepassing van die Kerkorde met betrekking tot Ringswerksaamhede"*** wat reeds deur die KKS nagesien en beskikbaar gestel is.

2.5 **Herskrywing van Bep. 37E (bl. 70 en bl. 37 pt. 1.21)**

2.5.1 **Aanbeveling:**

**Die Sinode besluit om nie Bep. 37E te wysig nie.**

**Motivering:**

Die Kerkordelike weg vir kerkordewysiging is nie gevolg nie.

2.5.2 **Aanbeveling:**

**Die Sinode verwys Bep. 37E na die PKKS.**

Voorsitter: Ds. AS van Jaarsveld
Skriba: Ds. JA du Plessis

## TWEEDE VERSLAG VAN DIE TKKS (A2)

### 1. NAGMAAL

1.1 **Privaat Nagmaalbediening.**

Bl. 20, pt. 20.6.1
Bl. 38, pt. 1.22.

1.1.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om nie die aanbeveling 20.6.1 op te volg nie maar wel aanbeveling 47 op bl. 38 en wel soos volg gewysig:**

**Die Afrikaanse Protestantse Kerke bedien nie die Heilige Nagmaal privaat nie.**

1.1.2 **Motivering**

Kyk na die volledige motivering op bl. 38.

1 2 **Toelating tot die Nagmaal**

Bl. 35, pt. 1.19 Aanbeveling 44, bl. 36
Bl. 42, pt. 2.5 Aanbeveling 54
Bl. 128, pt. 5.14.1 en 5.14.2 Aanbeveling 5.14.

1.2.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om**

1.2.1.1 **aanbeveling 5.14.3 nie te handhaaf nie**

1.2.1.2 **aanbeveling 54 soos volg gewysig te handhaaf**

**"die plaaslike ouderlingeraad moet homself op hoogte stel van wie almal tot die Nagmaal toegelaat word. Dit kan alleen gebeur as die ouderlingeraad vooraf kennis dra van lidmate van elders of besoekers uit die geledere van ander Gereformeerde Kerke se voorneme om aan die Nagmaal deel te hê. Oor elke sodanige persoon se deelname aan die Nagmaal moet die ouderlingeraad hom uitspreek – in die lig van getuienis wat voor hom dien, of by wyse van 'n skriftelike aanbeveling van die ouderlingeraad van 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk; óf die mondelinge getuienis van lidmate van die plaaslike kerk, wat met sodanige voornemende nagmaalgebruiker se lewe bekend is".**

**Bepaling 43C van die Kerkorde word soos volg aangevul: en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die Nagmaal bedien word.**

1.2.1.3 **Aanbeveling 44 op bl. 36 op te volg met die besluit onder pt. 1.19. Die enigste wysiging is die invoeging van die woord *kan* in die laaste sin tussen die woorde *volg* en *lui*: Dit lui dan "wat dan soos volg *kan* lui".**

**Verder word *ouderlingevergadering* vervang met *ouderlingeraad*.**

### 2. 15% OORBETALING OP ERFLATING

Bl. 46, pt. 2.9.1.

2.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode verwys die saak na die PKKS en kontinueer sy opdrag.**

3. **REGISTERS**

Bl. 68, pt. 5.1.
Bl. 125/126, pt. 5.6.1.1.

3.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit**

3.1.1 **Daar word nie gevolg gegee aan aanbeveling 5.1 op bl. 68 nie.**

3.1.2 **Aanbeveling 5.6.1.1 op bl. 125/126 word die besluit van die Sinode insake die wysiging van Bep. 4A.**

3.2 **Motivering**

Die doopkladboek vervul die funksie van 'n kronologiese doopregister.

4. **BEP. 37H**

Bl. 70, pt. 9.3.4.1.

4.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om Bep. 37H nie te wysig nie.**

4.2 **Motivering**

Die kerkordelike weg vir kerkordewysigings is nie gevolg nie. Die weg van 'n beskrywingspunt moet gevolg word.

5. **AFSTAAN VAN TYD VIR BESPREKING VAN RINGSAANGELEENTHEDE**

Bl. 22: Aanbeveling 20.10.1.

5.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om af te stap van hierdie saak.**

5.2 **Motivering**

Die Sinode verwys na die dokument "Leidraad: Interpretasie en Toepassing van die KO met betrekking tot Ringswerksaamhede."

6. **MAATSKAPLIKE WERKER**

Bl. 31. Aanbeveling 35.

6.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan aanbeveling 35 nie.**

6.2 **Motivering**

6.2.1 Die beginsel van sinodale poste is reeds afgewys.

6.2.2 Daar is besluit dat 'n vyfde leerstoel voorrang moet geniet in die vulling van poste.

7. **DIE INWIN VAN REGSADVIES**

Bl. 149, pt. 15. Aanbeveling 15.1.

7.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan aanbeveling 15.1 nie.**

7.2 **Motivering**

Die regsadvies gegee aan PK en BRKA soos vergestalt in pt. 15.1 bl. 53, is kerkordelik juis en korrek (kyk na die lasgewing 3 en 5 van die KKS, KO 1994, bl. 112).

Indien die probleem van die Pk was of die KO vir die BRKA geld, verwys die TKKS die Pk na pt. 65.3 op bl. 64 wat bevestig dat die Kerkorde vir die BRKA geld t.o.v. regsgedinge. Art. 65 is verdere bevestiging hiervan.

8. **DIE BEREKENING VAN 'N KWORUM**

Bl. 131, pt. 5.22.1.2.

8.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om aan die aanbeveling 5.22.1.2 gevolg te gee soos volg gewysig:**

**"In die bepaling van die getal waaruit die kworum bereken word, moet die aantal vakatures en wettige verskonings afgetrek word".**

8.2 **Motivering**

Ordereël 6 spreek van **onvermydelike** afwesigheid.

'n Voorbeeld van onvermydelik, sou wees:

'n sakeman-kerkraadslid wat uit die land sou wees tydens 'n vergadering of 'n kerkraadslid in 'n hospitaal. 'n Kerkraadslid wie se vrou verjaar, se verskoning vir afwesigheid tel sekerlik nie onder die begrip onvermydelik nie.

9. **BESKRYWINGSPUNT VAN DIE FK OOR BEROEPING VAN LERAARS**

Bl. 135, pt. 6.9.1.

9.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit om die saak na die PKKS te verwys.**

9.2 **Motivering**

Dit verg 'n indringender studie as wat tydens die Sinode gedoen kan word.

Voorsitter: Ds. AS van Jaarsveld
Skriba: Ds. JA du Plessis.

## EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (G1)

1. **PERSONEEL**

Die vergadering konstitueer met die volgende lede teenwoordig:

Ds. JD Maloney – Voorsitter
Dr. WA Burger – Skriba
Ds. JA Botes
Ds. HE von Wielligh
Prof. JC Lombard
Oudl. TW Bartleman
Oudl. HA van Zyl
Oudl. CA van der Merwe
Oudl. AL Eaton
Oudl. MGT Robbertze
Oudl. JL Lubbe
Oudl. JC Wagner
Oudl. CJJ de Beer.

2. **SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS**

2.1 **Erkende Kerke** (Handelinge 1991 bl. 331, pt. 4.7.21 en Handelinge 1993 bl. 280, pt. 171.2)

'n Verslag wat reeds by die vorige Sinode gereed was en wat voorberei is deur prof. R Marè, is reeds uitgedeel aan die afgevaardigdes.

2.1.1 **Aanbeveling**

**Dat die Sinode die verslag goedkeur en dat prof. Marè geleentheid gegee word om dit voor te lê.**

2.2 **Tentmakersbediening** (Oorgestaan Sinodes 1990, 1991 en 1993)

Die Sinode het reeds 'n besluit geneem daaroor.

2.3 **Video's oor Satanisme** (Handelinge 1993, bl. 280, pt. 2)

By die vorige sinodesitting het die video's oor die Satanisme ter sprake gekom en is dit na die Permanente Kommissie verwys vir keuring met die oog op moontlike verspreiding. Ons het die video's ter hand gekry deur ds. NJ Groenewald wat dit aangekoop het. Hy stel dit tot die Kommissie se beskikking totdat die keuring afgehandel is.

2.3.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode versoek die Kommissie om die video's te besigtig met die oog op keuring. Indien daar van die video's goedgekeur word, moet dit aan die Publikasiekommissie opgedra word om met die hulp van Media vir Christus (Namibië), hierdie video's bekend te stel en onder gemeentes en lidmate te versprei.**

2.4 **Aksieveldtog teen die toelating van Pornografie**

2.4.1 Die SKK het 'n brief van APK Roodepoort na die Permanente Kommissie verwys waarin 'n poging deur 'n Engelssprekende dame om 'n aksieveldtog teen die toelating van pornografie te loods, aanbeveel word vir ondersteuning.

2.4.2 Ons neem met dank kennis van die verskeie aksies wat geloods word ter bestryding van 'n vloedgolf van aanbieding van pornografiese leesstof en artikels. Die Kommissie meen egter dat 'n eie aksie geloods moet word.

2.4.3 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit dat 'n aksie soos volg geloods word:**

1. **'n Artikel in "Die Boodskapper".**
2. **'n Losskrywe aan gemeentes wat tydens die sitting reeds aan aanwesige gemeentes besorg kan word met 'n vorm waarop handtekeninge aangebring kan word. Gemeentes wat nie hier verteenwoordig word nie, moet skriftelik in kennis gestel word. Na voltooiing moet die gemeentes dit aan die kerkkantoor terugbesorg wat dit aan die betrokke wetgewende liggaam besorg. Die laaste datum waarop dit ontvang kan word is 31 Oktober 1995.**

2.5 **Kerkorde Bep. 65.3 – Borgstaan in Stryd met die Skrif**

Hierdie saak is ook deur die SKK na die Permanente Kommissie verwys en volg op 'n brief wat br. HCG Bester van APK Groter Durban, namens die ouderlingeraad aan die Skriba van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake gerig het.

2.5.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit dat met die oog op 'n deeglike studie in verband met die onderhawige saak, hierdie brief na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek verwys word met terugvoering na die volgende Sinode.**

2.6 **Verandering van sinsnede in die Apostoliese Geloofsbelydenis**

Kragtens 'n voorstel by 4.6.2 bl. 74 van die Sakelys dra die Sinode dit op aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek om die moontlikheid te ondersoek dat die sinsnede: "Ek glo aan die opstanding van die **vlees**" verander word na: "Ek glo aan die opstanding van die liggaam".

2.6.1 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit dat hierdie saak na die Permanente Kommissie verwys word vir afhandeling.**

2.7 **Beskrywingspunt, Ring van Naboomspruit (Agenda 1993) –** ***Die roeping van die Kerk***

Hierdie saak is tydens die vorige Sinode nie behandel nie en is nou na die Tydelike Kommissie verwys.

2.7.1 **Beskrywingspunt : Naboomspruit**

**Die Sinode besluit:**

**Daar word met dank kennis geneem van die wyse waarop die geestelike nood van lidmate, deur bediening van die Woord as roeping, binne gemeenteverband gehanteer word. Die Sinode erken en aanvaar dat die AP Kerk in die besonder en ander kerke in die algemeen die roeping het om die Lig van God so in 'n verwarde wêreld te laat skyn dat ons ganse volk asook vreemde nasies en gelowe tot bekering opgeroep word om die Drie-enige God as enigste God te eer.**

**Motivering**

1. God is almagtig en ewig. Alle eer, lof en gehoorsaamheid kom Hom toe.

   Vergelyk die eerste tafel van die tien gebooie, Ex. 20:3 tot 12. Vergelyk Jesus se antwoord op die vraag oor die grootste gebod, Mt. 22:37 en 38.

2. Die tydsgees, "nuwe wêreld-orde, "new age", liberalisme en humanisme met die gevolglike allesoorheersende mensliefde trek woordverkondiging in die algemeen skeef met die klem eensydig op die belang van die mens en ten koste van God.

3. Die feit dat God se saak en sy gebooie en insettinge nie meer geëer en gerespekteer word nie, vind neerslag in die toenemende en reeds byna volslae verwarring oor goed en kwaad en die verval van geestelike en sedelike norme in ons hedendaagse samelewing.

   God het reeds in sy raadsplan die straf uitgemeet vir dwaling deur die volk en sy leiers en daarom word die afval van God en gevolglike geestelike nood van hulle buite die kerk ons opdrag en uitdaging.

4. God is getrou. In sy Woord belowe Hy dat Hy ons paaie sal gelyk maak as ons sy insettinge hou en Hom voor die nasies bely.

5. Die sogenaamde feit dat 80% van ons land se inwoners Christene is, is verdag. As dit waar was, sou ons land nie so gelyk het nie.

2.7.2 **Aanbeveling**

**Die Sinode besluit dat die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek die deurlopende taak kry om:**

1. **Prinsipieel te besin oor God-uitdagende owerheids/ gesanksioneerde sondes soos aborsie, pornografie, Sondagsontheiliging en dobbel, sodat die AP Kerk sy getuienis in die verworde wêreld kan laat hoor.**
2. **Praktiese programme te oorweeg vir toepassing binne gemeenteverband om hierdie sondes sigbaar teen te gaan.**

Voorsitter: Ds. JD Maloney

Skriba: Dr. WA Burger

## VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN KERKMUSIEK VOORGELÊ AAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE INSAKE DIE PROEFSANGBUNDEL (I1)

Geagte Broeders

1. Die TKKM het in 'n vergadering gehou op 8 September 1995, die volgende besluite geneem:

2. **Voorlopige kwotasies** vir die druk van die proefsangbundel. (In 'n gesprek met die Voorsitter van die Pk., het hy aanbeveel dat die kommissie 'n paar kwotasies vra).

2.2 **Van drie firmas is kwotasies ontvang:**

2.2.1 **Kitskopie tel. 012–432149**

5 000 kopieë met dieselfde kwaliteit as die bundel (BTW ingesluit) R5.72 stuk.
Beter buiteblad R6.12 stuk.

2.2.2 **Vrede-Express tel. 0174–31119**

5 000 (goeie buiteblad) R4.54 stuk
10 000 (goeie buiteblad) R4.40 stuk.

2.2.3 **Mat Print tel. 012–348–7564**

5 000 (goeie omslag) R4.85 elk
10 000 (goeie omslag) R4.50 elk

2.2.4 **Louis Branders-drukkers**

5 000 (goeie omslag) R4.34 elk
10 000 (goeie omslag) R4.04 elk

3. **Klein veranderinge by die liedere**

3.1 Die TKKM besluit dat ds. G Venter die letters bietjie groter sal maak, met ander woorde die rekenaarblaai bietjie skuif en volmaak, dan sal die letters op die A5-blaai groter en meer leesbaar wees.

3.2 Klein veranderinge soos byvoorbeeld 'n datum intik, 'n paar reëls byvoeg rondom die kopiereg. Sekere punte van kritiek wat reeds ingekom het en die nasien van 'n paar liedere deur prof. dr. R Marè.

3.3 **Numerering en alfabetiese skommeling**

Die kommissie besluit dat die drie onderafdelings moet wegval en dat al die liedere alfabeties gerangskik moet word, en dat liedere groot genumereer sal word.

4. **Koraalboek**

4.1 Die TKKM besluit dat 'n "Koraalboek" binne twee weke, DV gemaak sal word van al die liedere, alfabeties geplaas met dieselfde numerering as die Proefsangbundel.

4.2 Hierdie Koraalboek sal alleen die bladmusiek van die liedere bevat in die korrekte sleutel en toonhoogte.

5. **Samewerking**

Die nuwe KKM, soos aanbeveel aan die Sinode, sal hulp verleen met die voorbereiding en druk van die Proefsangbundel.

6. Ons vra dat u aan hierdie saak spoedig sal aandag gee, sodat dit vinnig afgehandel kan word.

Vriendelike groete

Voorsitter: Ds. JD van der Merwe
Skriba: Ds. DJ Malan
(Namens Kommissie)

## VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING – SESDE SITTINGSDAG (J)

(Verslae van die vorige dae is volledig in die notule opgeneem)

### AFSLUITING VAN SINODESITTING

Die afsluiting van die Sewende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat gekenmerk was deur mosies van innige dankbetuiging vir hartlike broederlike samewerking en Christelik ernstige voortgesette werk vir God Drieenig, is voorafgegaan deur belangrike besprekings oor Christelike publikasies en Bybelverspreiding.

Prof. FAH van Staden, Ondervoorsitter van die Sinode, het die sitting opgesom as die mees beheerste sinodale vergadering wat hy nog bygewoon het. Prof. R Marè, Aktuarius, het gesê dat die mooi broederlike gees en samewerking mede-bepalend was vir die goeie welslae wat bereik is. Die flinke reëlings en organisasie deur die gasheerkerk, Wonderboom, het ook grootliks bygedra tot die aangename samesyn. Die besonderse manier en bekwaamheid waarmee die Voorsitter, ds. IA Brink, die sitting gelei het, het die sukses daarvan afgerond. Dit was die eerste Sinode waarop daar geslaag is om die Sakelys dwarsdeur te werk en al die rapporte af te handel.

Christelike lektuur is en bly altyd 'n belangrike hulpmiddel om die kind van die Here aanvullend toe te rus met kennis en verbreding van insig. Dit is daarom noodsaaklik dat in hierdie behoefte van gemeentelede voorsien word.

Om in dié behoefte te voorsien, is daar 'n vyftigtal publikasies beskikbaar en daar word nog aan verskeie ander gewerk. Dit sluit onder meer ook 'n bundel met preke in. Omdat die aanvraag hiervoor so groot is, het die Sinode weer eens 'n beroep op predikante van die AP kerke gedoen om nóg preekbundels voor te berei.

Daar is ook 'n uitnodiging aan leraars van die AP kerke asook ouderlingerade gerig om een of meer van die preke van die leraar aan die Publikasiekommissie te stuur vir die samestelling van 'n preekbundel wat die hele Christelike kerkjaar sal dek.

Die Sinode het kerkrade versoek om lidmate se aandag herhaaldelik te vestig op die verrykende waarde van die Kerkjaarboek, op sy rykdom aan inligting oor die kerkverband en kerke, maar veral op sy waardevolle Bybelse dagstukkies. Dit bevat dagstukkies waarin die Here elke maand uit 'n ander Bybelboek spreek. Dit bevat dagstukkies wat elke siel se omgang met God sal verryk.

Die publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" as besinningsproduk van die AP kerk verdien ook voortgesette besinning. Dit bevat die standpunt van die APK oor baie belangrike sake, te wete die begrippe ras, volk en nasie in Skrif en praktyk; kerk en volkseie kerk; kerk en owerheid; mens en medemens, waaronder ingesluit is begrippe soos versoening, naasteliefde, skuldbelydenis, geregtigheid; die mens: gelyk, ongelyk of gelykwaardig?; rassisme, nasionalisme, diskriminasie en menseregte.

Hierdie publikasies, asook inkleur- en blokraaiboeke vir kinders en 'n verskeidenheid van agt soorte Bybels van die Bybelgenootskap is ideale geskenke vir gemeentelede. Eersdaags word die eerste reeks Christelike kinderlektuur op die mark verwelkom.

Die Sinode het ook op die belangrikheid van "Die Boodskapper", amptelike blad van die AP kerke in elke huishouding gewys. Hierdie publikasie van gehalte is onder eindredaksie van prof. WJG Lubbe.

In sy dankbetuiging jeens die AP kerke se goeie ondersteuning van die Bybelgenootskap het ds. Madder Steyn gesê die Genootskap is al 175 jaar die verskaffer van die belangrikste Boek in die lewe van mense – in hul eie taal.

Ds. Steyn het ook daarop gewys dat spesiale Bybels vir doopouers en -lidmate beskikbaar is.

Prof. Marè het ds. Steyn en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bedank vir veral die ver-

spreiding van die 1953–vertaling van die Skrif waarby die AP kerke groot belang en 'n behoefte aan het. Hy het ook gewys op die groot geesdrif waarmee voortgegaan behoort te word met die lewenstaak van verspreiding van die belangrikste Boek ter wêreld – die Bybel.

(einde)

W BRASÉ
(Sameroeper Mediakommissie)

# VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES (K1)

**1. KONSTITUERING**

Die Tydelike Kommissie vir Permanente Kommissies het gekonstitueer en verkies as:

Voorsitter – Ds. IA Brink.

Skriba – Dr. JH Ellis.

**2. PERSONEEL**

Ds. IA Brink
Ds. A Boshoff
Prof. WJG Lubbe
Prof. FAH van Staden
Ds. L Skein
Prof. JC Lombard
Oudl. AJ van der Nest
Ds. CJS Botha
Ds. AE van den Berg
Ds. CF Swart
Dr. JH Ellis
Ds. AS van Jaarsveld.

**3. SAMESTELLING VAN KOMMISSIES**

Die Tydelike Kommissie vir Kommissies beveel die volgende samestellings van Permanente Kommissies aan.

3.1 **SKK**

Primarii: Di. IA Brink (sameroeper), MC Adendorff, NJ Rautenbach, JH Theron, RMJ Britz, dr. CI van Heerden.

Sekundi: Di. JP Bezuidenhout, G Pretorius en oudl. GP Bezuidenhout.

3.2 **Kommissie vir Barmhartigheidsdiens**

Primarii: Di. AE van den Berg (sameroeper), JM Rheeder, JAC Erasmus, oudle. OA Carlson en JM Spies.

Sekundi: Ds. JJ van der Linde, oudl. PW de Vos.

3.3 **Kuratorium**

Primarii: Di. A Boshoff (sr.) (sameroeper), IA Brink, JH van der Walt, MJ Hartzenberg, NJ Rautenbach, drr. JA Scholtz, JH Ellis, GJJ Labuschagne, CI van Heerden, di MC Adendorff, HDK van der Merwe.

Adviseur: Ds. JA du Plessis.

Sekundi: Di. A Gerber, FJ van der Merwe, AE van den Berg, JA de Beer.

3.4 **Publikasiekommissie**

Primarii: Proff. WJG Lubbe (sameroeper), R Marè, di. IP du Preez, PL Storm, AP Viljoen, AJ van Niekerk, AS van Staden.

Sekundi: Di. SD Nel, AP Boshoff.

3.5 **Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding**

Primarii: Dr. JH Ellis (sameroeper) di. JN Joubert, JP Bezuidenhout, FJ van der Merwe, prof. JC Lombard, di. G Pretorius, AP Viljoen, A Boshoff (jr.), PB Müller, oudl. G Botes, ds. AJ van Niekerk.

Sekundi: Dr. HJ Smith (opvoeding), ds. JB Trollip (opvoeding), di. HC Venter, NJ Groenewald (VBO).

3.6 **Kommissie vir die Argief**

Primarii: Oudle. AJ van der Nest (sameroeper), GC Gouws.

Sekundus: Oudl. PS Pretorius.

3.7 **Kommissie vir Formuliere en Liturgie**

Primarii: Di. L Skein (sameroeper), JJJ Roodt, dr. GJJ Labuschagne.

Sekundi: Di. JAC Erasmus, DJ Malan.

3.8 **Kommissie vir Kerkregtelike Sake**

Primarii: Di. AS van Jaarsveld (sameroeper), IP du Preez, MJ Hartzenberg, G Smit, JC Lamprecht, JA du Plessis, PJ du Plessis, A Gerber, Oudle. AJ Pienaar, SF Botha, SP Burger.

Adviseurs: Proff. FAH van Staden, R Marè.

Sekundi: Di. AR Nel, HC Venter, TJ Verryne. oudle. PR Pretorius, SP Burger.

3.9 **Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek**

Primarii: Prof. JC Lombard (sameroeper), dr. WA Burger, ds. JA Jacobs, oudl. AJP Opperman.

Sekundi: Ds. NJ Groenewald, oudl. H Hayes, dr. HJ Smith.

3.10 **Kommissie vir Kerksang en -musiek**

Primarii: Di. JD van der Merwe (sameroeper), CJS Botha, DJ Malan, JH Theron, GG le Roux, JG van Staden.

Sekundi: Di. PC Poley, ZB Loots.

Gekoöpteerde lede: Prof. R Marè, mevv. Rona Cloete, A Boshoff, prof. JC Lombard, ds. G Venter.

3.11 **Finansiële Kommissie**

Primarii: Di. CF Swart (sameroeper), LD Pienaar, oudle. WS du Plessis, WP Murray, BJM Rossouw, J Serfontein, BHA van den Berg.

Ex officiolede: Ds. MC Adendorff, mnr. L Korkie.

Sekundi: Ds. PR Buitendag, oudle. CC Mans, TE Pienaar, PG van Wyk.

3.12 **Kommissie vir Bybelverklaring**

Primarii: Prof. HCG Robbertze (sameroeper), prof. R Marè, dr. EM Viljoen, di. JH van der Walt, BR Torlage, A Boshoff (sr.), prof. WJG Lubbe, drs. S Botes.

Sekundi: Proff. FAH van Staden, JC Lombard.

3.13 **Verteenwoordigers Bybelgenootskap**

**Suid-streek**

Primarius: Drs. S Botes.

Sekundus: Dr. HJ Smith.

**Noord-streek**

Primarius: Oudl. WJ Engelbrecht.

Sekundus: Oudl. EJ Zeelie.

Hiermee vertrou die Kommissie dat hy sy opdrag tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het.

Voorsitter: Ds. IA Brink

Sekretaris: Dr. JH Ellis.

## VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELING AAN DIE SEWENDE SINODESITTING 1995 (L1)

1. **PERSONEEL**

Die volgende personeel is deur die Sinode vir hierdie Kommissie aangewys:

Ds. JP Bezuidenhout, APK Kroonstad (Voorsitter)
Ds. PDF le Grange, APK Beaufort-Wes (Skriba)
Oudl. WJ Burger, APK Beaufort-Wes
Oudl. JP Mills, APK Belfast
Oudl. SB Jansen van Vuuren, APK Delareyville
Oudl. dr. De Beer, APK Delareyville
Oudl. WM du Preez, APK Leandra
Oudl. LJ van Niekerk, APK Leandra
Oudl. NJS Maass, APK Pofadder
Ds. JSP de Villiers, APK Schweizer-Reneke
Oudl. DJH de Villiers, APK Schweizer-Reneke.

2. **VERGADERINGS**

Die Tydelike Kommissie het twee keer vergader.

3. **OPDRAG**

Die volgende opdragte wat aan die Kommissie opgedra is, is deur die Kommissie behandel.

3.1 **Groepering van gebiede in die Oos-Kaap en Suid-Vrystaat** [19.1.1, bl. 18].

**AANBEVELING**

**Die Sinode keur dit goed dat hierdie saak terugverwys word na die betrokke ringe nl. Oos-Kaap en Suid-Vrystaat vir hantering. Indien nodig, kan die ringe ook oorleg pleeg met die SKK.**

**Motivering**

1. Dit blyk dat dit in hierdie geval nie gaan om 'n probleem t.o.v. ringsindeling nie, maar wel om 'n bedieningsprobleem.
2. Derhalwe kan hierdie Kommissie nie hierin behulpsaam wees nie.

3.2 **Ring van Clanwilliam – Ringsindeling** [20.5.1, bl.20].

**AANBEVELING**

**Die Sinode besluit daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt. Die Afrikaanse Protestantse Kerk Namakwaland word by die Ring van Clanwilliam ingedeel.**

**Motivering**

Dit blyk die beste indeling te wees.

3.3 **Ring van Germiston – Ringsindeling** (20.8.1, bl. 22)

**AANBEVELING**

**Die Sinode besluit daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt. Tot die Ring van Germiston behoort die volgende gemeentes nl. Alberton, Boksburg, Germiston, Primrose. Kempton Park word deel van die Ring van Benoni.**

**Motivering**

Geografies skep so 'n indeling geen probleme nie.

3.4 **Ring van Olifantshoek – Ringsindeling**

**AANBEVELING**

**Die Sinode besluit dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Kakamas ingedeel word by die Ring van Olifantshoek.**

**Motivering**

Hierdie indeling blyk die beste te wees.

3.5 **Ring van Derby – Ringsindeling**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Hartbeesfontein by die Ring van Derby inskakel.**

**Motivering**

Hartbeesfontein het 'n bedieningsooreenkoms met Coligny en indien Hartbeesfontein by die Ring van Derby inskakel sal dit 'n praktiese en werkbare werkswyse wees.

3.6 **Ring van Petrusburg – Philippolis en Bethulie**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Philippolis en Bethulie nie meer onder die Ring van Petrusburg ingedeel word nie, maar saam met die gemeentes Smithfield en Zastron. 'n Nuwe ring konstitueer nl. die Ring van Bethulie.**

**Motivering**

Veral geografies blyk dit die beste indeling te wees.

3.7 **Ring van Riversdal – Ringsindeling**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit dat APK Knysna ingeskakel bly by die Ring van Riversdal.**

**Motivering**

So 'n indeling blyk die beste oplossing te wees.

3.8 **Ring van De Aar – Hopetown**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Hopetown inskakel by die Ring van De Aar.**

**Motivering**

Vanweë die geografiese ligging van Hopetown blyk dit die beste indeling te wees.

3.9 **Ring van Bethlehem – Excelsior**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit dat APK Excelsior ingedeel word by die Ring van Bethlehem.**

**Motivering**

Hierdie gemeente werk reeds vir byna 'n jaar saam met die Ring van Bethlehem.

3.10 **Ring van Clanwilliam – Ringsindeling**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit om APK Hardeveld in te deel by die Ring van Clanwilliam.**

**Motivering**

Geografies en andersins blyk dit die beste indeling te wees.

3.11 **Ring van Bloemfontein – Caaguazu**

AANBEVELING

**Die Sinode besluit om die gemeente wat in Oktober in Paraguay gestig sal word, naamlik APK Caaguazu, by die Ring van Bloemfontein in te deel.**

**Motivering**

Bearbeiding van lidmate in Paraguay geskied op inisiatief van hierdie gemeente.

4. **FINALE RINGSINDELING**

Hier volg 'n lys van die voorgestelde ringsindelings waarin ontbinde gemeentes weggelaat is, asook bestaande ringe en nuwe toevoegings.

4.1 **TRANSVAAL**

**BENONI:** Benoni, Brakpan, Delmas, Devon, Springs, Leandra, Kempton Park.

**DENDRON:** Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.

**DERBY:** Derby, Koster, Groot Marico, Zeerust, Buhrmannsdrif, Ventersdorp, Magaliesburg, Coligny, Hartbeesfontein.

**ERMELO:** Amajuba, Amersfoort, Ermelo, Perdekop, Piet Retief.

**GERMISTON:** Germiston, Alberton, Primrose, Boksburg.

**HEIDELBERG:** Balfour, Greylingstad, Heidelberg, Meyerton, Nigel.

**KLERKSDORP:** Klerksdorp, Potchefstroom, Bloemhof, Leeudoringstad.

**LICHTENBURG:** Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal.

**MIDDELBURG:** Belfast, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton, Laersdrif, Middelburg, Witbank.

**MIGDOL:** Delareyville, Migdol, Schweizer-Reneke, Vryburg, Louwna, Molopo.

**MOOINOOI:** Mooinooi, Brits, Thabazimbi, Sanddrift, Hartbeespoort, Northam, Rustenburg.

**MOOT-SENTRAAL:** Moot-Sentraal, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Verwoerdburg, Wesmoot, Wonderboom.

**MORGENZON:** Bethal, Hoëveldrif, Kriel, Morgenzon, Standerton.

**NABOOMSPRUIT:** Naboomspruit, Marken, Vaalwater, Ellisras, Koedoesrand, Waterberg, Warmbad.

**NELSPRUIT:** Nelspruit, Arnot-Hendrina, Carolina, Witrivier, Lydenburg, Barberton, Lebombo.

**POTGIETERSRUS:** Potgietersrus, Marble Hall, Tuinplaas, Groblersdal, Roedtan.

**ROODEPOORT:** Roodepoort, Johannesburg, Randfontein, Carletonville/Welverdiend, Krugersdorp, Johannesburg-Suid.

**VEREENIGING:** Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Zoar, Fochville.

**4.2 NATALIA**

**NEWCASTLE:** Vryheid, Dundee/Glencoe, Newcastle, Utrecht.

**SUIDKUS:** Groter Durban, Suidkus, Zululand, Hluhluwe, Richardsbaai, Pietermaritzburg.

**4.3 ORANJE VRYSTAAT**

**BETHLEHEM:** Bethlehem, Paul Roux, Senekal, Clocolan, Lindley, Marquard, Reitz, Excelsior.

**BETHULIE:** Bethulie, Philippolis, Smithfield, Zastron.

**BLOEMFONTEIN:** Bainsvlei, Bloemfontein, Bloemfontein-Noord, Dealesville, Dewetsdorp, Caaguazu (Paraguay).

**BRANDFORT:** Boshof, Brandfort, Bultfontein, Hertzogville, Hoopstad, Theunissen, Verkeerdevlei, Winburg.

**CORNELIA:** Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.

**GRANIET:** Graniet, Viljoenskroon, Koppies, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

**HENNENMAN:** Welkom, Hennenman, Kroonstad, Virginia, Odendaalsrus, Steynsrus.

**MEMEL:** Memel, Vrede, Warden, Harrismith.

**PETRUSBURG:** Petrusburg, Jagerfontein/Fauresmith, Jacobsdal, Koffiefontein, Edenburg.

**4.4 KAAPPROVINSIE**

**BEAUFORT-WES:** Beaufort-Wes, Fraserburg, Oudtshoorn, Sutherland.

**CLANWILLIAM:** Piketberg, Clanwilliam, Olifantsrivier, Calvinia, Namakwaland, Hardeveld.

**DE AAR:** De Aar, Britstown, Carnavon, Strydenburg, Hanover, Richmond, Orania, Douglas, Hopetown.

**KIMBERLEY:** Kimberley, Barkly-Wes, Christiana, Griekwastad, Reivilo, Vaalharts-Suid.

**OLIFANTSHOEK:** Olifantshoek, Kathu, Kakamas, Postmasburg, Bosrand, Kuruman, Pofadder, Groblershoop, Gordonia, Fontein/Prieska, Daniëlskuil.

**RIVERSDAL:** Albertinia, Brakrivier, George, Knysna, Mosselbaai, Riversdal.

**SOMERSET-OOS:** Alexandria, Algoa, Uitenhage, Somerset-Oos, Fort-Beaufort, Graaff-Reinet, Aberdeen, Murraysburg, Kareedouw, Jeffreysbaai.

**STELLENBOSCH:** Stellenbosch-Somerset-Strand, Paarl, Tygerberg, Worcester, Robertson.

**STEYNSBURG:** Steynsburg, Cradock, Venterstad, Jamestown, Grens, Barkly-Oos, Maclear.

**4.5 NAMIBIË**

**ETOSHA:** Outjo, Grootfontein, Windhoek, Gobabis, Welwitschia, Leonardville, Keetmanshoop.

**5. SLOT**

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy taak afgehandel het.

Voorsitter: DS JP BEZUIDENHOUT

Skriba: DS PDF LE GRANGE

## EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR LITERATUUR-UITSTALLING (P1)

**1. PERSONEEL**

Prof. WJG Lubbe (Voorsitter)
Prof. R Marè
Ds. AJ van Niekerk
Ds. AS van Staden
Ds. AP Viljoen (Skriba)
Oudl. JP Maree.

**2. DIE KOMMISSIE RAPPORTEER GRAAG SOOS VOLG**

**2.1 Kennisname**

2.1.1 Die Kommissie is dankbaar om te kan rapporteer dat dit baie goed met die uitstalling gaan en bedank sinodegangers vir hulle pragtige ondersteuning.

2.1.2 Die Kommissie bedank die Sinode vir die geleentheid om die literatuur te mag uitstal, bekendstel en verkoop.

2.2 Aanbeveling

**Die Sinode bedank die twee sekretaresses van die Publikasiekommissie asook alle ander dames vir puik diens gelewer.**

Voorsitter: Prof. WJG Lubbe

Skriba: Ds. AP Viljoen.

## EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE – Q1

1. PERSONEEL

Dr. CI van Heerden, di. JH van der Walt, AE van den Berg, PG Stans, dr. JA Scholtz, di. JA de Beer, IA Brink, oudl. D Lubbe, diak. T Spengler

2. KONSTITUERING

Ds. IA Brink word tot Voorsitter gekies en ds. PG Stans tot Skriba.

3. GELOOFSBRIEWE

Al die geloofsbriewe van gemeentes van wie die afgevaardigdes tot 11:00 geregistreer het, is in behandeling geneem.

4. LAAT STUKKE

Baie gemeentes het hulle geloofsbriewe na die sluitingsdatum na die Kerkkantoor gestuur. Talle geloofsbriewe was onvolledig en foutief en moes teen groot koste reggestel word.

5. PERSONEELWISSELING

Oor personeelwisseling sal wanneer nodig deur die Kommissie gerapporteer word.

6. LAAT REGISTRASIES

Laat registrasies sal in 'n volgende verslag hanteer word.

7. AANBEVELINGS

7.1 **Die Sinode keur die volgende verskonings goed:**

**Ds. PK Roodt van APK Boksburg**
**Oudl. DA Barnard, APK Jacobsdal**
**Ds. NJ Groenewald sal 5/9/1995 aansluit a.g.v. 'n begrafnis**
**Ds. AJ van Niekerk tot 5/9/1995**
**Ds. DT van Loggerenberg, APK Transmagalies, weens siekte**
**Ds. WJ van der Merwe, APK Rustenburg**
**Oudl. MJ Kemp, APK Zululand**
**Diak. FJJ du Rand, APK Zululand**
**Oudl. LA Joubert, APK Phalaborwa**
**Ds. DS Fourie**
**Oudl. H Smit, APK Lebombo**
**Oudl. M van der Spuy, APK Outjo**

7.2 **Die Sinode neem kennis dat 46 gemeentes met verskoning nie verteenwoordig word nie.**

**APK Aberdeen; APK Barberton; APK Barkly-Oos; APK Bethulie; APK Boksburg; APK Bosrand; APK Brakrivier; APK Calvinia; APK Carnarvon; APK Cradock; APK Daniëlskuil; APK Dealesville; APK Dundee/Glencoe; APK Edenburg; APK Ficksburg; APK Fontein/Prieska; APK Fort Beaufort; APK Gordonia; APK Graaff-Reinet; APK Grens; APK Groblershoop; APK Hanover; APK Hertzogville; APK Jagersfontein; APK Jeffreysbaai; APK Kakamas; APK Knysna; APK Koedoesrand; APK Koffiefontein; APK Kriel; APK Ladismith; APK Maclear; APK Memel; APK Messina; APK Molopo; APK Murraysburg; APK Namakwaland; APK Olifantsrivier; APK Perdekop; APK Philippolis; APK Robertson; APK Sutherland; APK Tweeling; APK Van Wyksvlei; APK Verkeerdevlei; APK Welwitschia.**

7.3 **Die Sinode besluit dat gemeentes wat vir die Sinode geloofsbriewe gegee het ook vir die RKA geregistreer is. (Vgl. KO. 1994, bl. 54, 1.2.5.)**

7.4 **Die Sinode versoek die gemeentes wat nie vir die RKA wil registreer nie, om dit skriftelik te rapporteer.**

7.5 **Die Sinode spreek sy teleurstelling uit dat vele geloofsbriewe laat ingestuur en onnoukeurig voltooi was en versoek kerkrade om toe te sien dat die geloofsbriewe in die toekoms met sorg hanteer sal word.**

7.6 **Die Sinode besluit om nie die presensielys te behandel nie maar ter wille van tydsbesparing dit aan die notule van dag 1 aan te heg. Regstellings kan dan skriftelik gedoen word.**

7.7 **Die Sinode keur die geloofsbriewe goed van die gemeentes wie se geloofsbriewe reggestel moes word deur volle name by te voeg.**

7.8 **Die Sinode keur die geloofsbriewe goed van die gemeentes wat ten spyte van duidelike aanwysings nie die adresse van afgevaardigdes ingevoeg het nie, en dié wat in blou ink voltooi is.**

7.9 **Die Sinode keur die geloofsbriewe van 160 gemeentes met 343 afgevaardigdes goed uit 'n moontlike 241 gemeentes en 606 afgevaardigdes.**

7.10 **Die Sinode neem met dank kennis van talle boodskappe van voorbidding en seënwense wat van kerkrade ontvang is.**

8. Die Kommissie vertrou dat hy sy taak na behore gedoen het.

wg. Ds. IA Brink
Voorsitter

Ds. PG Stans
Skriba

# TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE – Q2

1. **PERSONEEL**

Soos Verslag Q1

2. **GELOOFSBRIEWE**

Die geloofsbriewe van gemeentes wat na 11:00 geregistreer het, is in behandeling geneem.

3. Die Sinode neem kennis van die volgende groeteboodskappe:

APK Zululand, Ring van Clanwilliam, APK Steynsrus, APK Roodepoort en APK Alberton.

4. **Die Sinode keur die volgende verskonings goed:**

**Ds. CFW Snyman van APK Krugersdorp**
**Ds. JH van Vuuren en afgevaardigdes, APK Kareedouw**
**APK Zoar, APK Welkom**
**Oudl. LJ van Vuuren, APK Koppies.**

5. Die Sinode neem kennis daarvan dat br. C de Klerk van APK Welkom die vergadering as waarnemer bywoon aangesien hy nie meer op die kerkraad is nie, asook Teologiese studente en ander persone wat aangemeld het.

6. **Die Sinode keur goed dat daar nou 169 gemeentes teenwoordig is met 365 afgevaardigdes.**

Die Kommissie vertrou dat hy sy taak na behore gedoen het.

wg. Ds. IA Brink
Voorsitter

Ds. PG Stans
Skriba

# VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR PUBLIKASIES EN BYBELVERKLARING (S1)

1. **PERSONEEL**

Drs. S Botes, APK Stellenbosch-Somerset-Strand (Sameroeper).
Prof. HCG Robbertze, APK Hartbeespoort.
Prof. R Marè, APK Tuinplaas.
Ds. AP Viljoen, APK Wesmoot.
Oudl. CGFC Bester, APK Excelsior.

2. **VERGADERINGS**

Die Kommissie het twee keer vergader.

3. **OPDRAGTE**

3.1 **Lasgewing** (Pk. bl. 155, pt. 6.2)

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, dit wil sê A en B hierbo, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Bybelverklaring).

"Die Kommissie

1. beywer hom vir die daarstelling van Bybelstudie/ materiaal en kommentare wat die Bybels-gereformeerde en behoudende geloofsbeskouing bevat;
2. werk saam met die Publikasiekommissie vir die keuring van manuskripte (pt. 1 hierbo) wat vir publikasie voorgelê word;
3. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing".

3.2 **Proefsangbundel** (KKM, 3.2, bl. 140; 5.3, bl. 142)

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat een eksemplaar van die proefsangbundel, wat deur die KKM aan die afgevaardigdes van die Sinode voorsien is, deur die gemeentes vir eie gebruik gedupliseer word.

3.3 **Lys van Preekbundels** (Pk. bl. 150, pt. 18.3, 4)

| **Naam van Publikasie** | **Skrywer** | **Aantal preke** | **Prys** |
|---|---|---|---|
| Pinksterboodskappe uit Amos | Prof. HCG Robbertze | 7 | R14–00 |
| Die hele kerk met die volle Evangelie – deel I | Dr. CI van Heerden | 14 | R 6–25 |
| Die hele kerk met die volle Evangelie – deel II | Dr. CI van Heerden | 15 | R 9–25 |
| 18 preke | Ds. AS van Staden | 18 | R11–50 |
| Vir die moeë gees | Ds. JH Theron | 12 | R 4–50 |
| Getroos in Lewe en Sterwe | Dr. EM Viljoen | 17 | R25–00 |

4. **SLOT**

Hiermee vertrou die Kommissie dat hy sy taak afgehandel het.

Ds. S BOTES Sameroeper

# BESLUITEREGISTER VAN DIE SEWENDE SINODE 1995 VIR AANDAG VAN KERKRADE EN RINGE VAN DIE AP KERK

**ADVIES KERKREGTELIKE SAKE**
(bl. 252, 5.24.1.1)

1. Die Sinode besluit dat lidmate, kerkraadslede, kerkrade, ouderlingerade, diakonieë, ringe, ringskommissies en sinodale kommissies wat advies oor kerkregtelike sake benodig met die Voorsitter of Skriba van die KKS of die Dosent in Kerkreg kan skakel.

2. Al die adviseurs kom op koste van die KKS een maal per maand byeen (indien nodig) om adviesversoeke op skrif of persoonlik te hanteer.

3. In sake wat na die oordeel van 'n adviseur minder ernstig van aard is, kan die adviseur terstond advies lewer. Slegs in buitengewone en uiters dringende gevalle sal 'n enkele adviseur op eie houtjie oor ernstige sake advies lewer. Indien moontlik raadpleeg die adviseur eers 'n mede-adviseur telefonies.

4. Advies wat deur die adviseurs gesamentlik gelewer word, sal op skrif gestel word. Die advies sal twee komponente bevat:

4.1 die basiese gegewens waarop die advies gegrond is en

4.2 die advies self.

5. Advies moet steeds as advies beskou word, maar tog nie ligtelik genegeer word nie. Slegs 'n sinode kan oor 'n saak finale uitspraak gee.

6. Alle adviseurs lewer op die eersvolgende vergadering van die KKS verslag oor hulle adviese.

7. Die volgende persone tree as adviseurs op: die Voorsitter en Skriba van die KKS, die dosent in Kerkreg en sodanige ander lede wat die KKS mag aanwys.

8. Die betrokkene wat die advies aanvra wat reiskoste van 'n adviseur meebring, sal die reiskoste van die adviseur dra.

**ARGIEFSTUKKE** (bl. 234, 7.1 tot 7.6)

1. Die Sinode herroep sy besluit dat doop- en lidmateregisters gekopieer mag word om 'n argiefduplikaat te voorsien. Dit word dadelik van krag.

2. Gemeenteskribas maak 'n handgeskrewe of getikte afskrif en gebruik albei kante van die registerblad.

3. 'n Gemeente se eerste afskrif dek die hele register. Daarná word jaarliks slegs nuwe inskrywings vir die betrokke jaar oorgedra op die afskrif vir die argief.

4. Wanneer daar by agtereenvolgende alfabetletters nie 'n inskrywing vir die bepaalde jaar is nie, skryf die skriba byvoorbeeld: E tot J geen inskrywing nie.

5. Die gewone registerblaaie word vir die afskrifte gebruik.

6. Elke afskrif dra die naam van die betrokke gemeente.

**ARGIVALIA** (bl. 234, 46. 3.4.1)

Die Sinode onderskryf die beginsel van skenking van argivalia en museumstukke aan die argief as algemene kerklike besit.

**BCVO – LIDMAATSKAP** (bl. 262, 4.1.3)

Die Sinode herbevestig sy steun aan die BCVO en beveel by kerkrade aan om by die BCVO te affilieer en waar moontlik die saak op plaaslike vlak uit te bou.

(4de Sittingsdag, onder 10.4.1)

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die BVCO vir die bevordering van Christelikvolkseie Onderwys vanuit 'n gereformeerde grondslag.

**BEGROTING** (bl. 280, 2.1.3)

Die Sinode besluit om die bydrae van gemeentes steeds te hou op 15% van elke kerkraad se totale ontvangste en vir 1996 te begroot vir ontvangste van R3 600 000.

**BEJAARDES – HUISVESTING** (bl. 235, 6.1)

Die Sinode versoek ringe om so spoedig moontlik inligting aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens te besorg in verband met bestaande of beoogde skemas vanuit die geledere van die APK vir die huisvesting van bejaardes. Enige aanbevelings en voorstelle in die verband kan ook aan die Kommissie voorgelê word.

**BEPERKTE OPDRAG** (bl. 247, 4.12.2.5.1)

Die Sinode besluit dat geen predikant, uitgesonder emeriti (wat voor die Sinode van 1993 tot die Kerkverband toegetree het), predikante as amptenare in diens van die kerkverband

en teologiese dosente soos bedoel in die besluit van 1988, Hand. bl. 15, pt. 34.10.5, 'n beroep met beperkte opdrag mag ontvang, oorweeg of aanvaar nie.

**BEPERKTE OPDRAG VERVAL**
(bl. 248, 4.12.2.5.2)

Die Sinode besluit dat indien 'n predikant, wat met beperkte opdrag 'n gemeente bedien en nie binne die bogemelde drie kategorieë predikante val nie, 'n beroep ontvang en dit opvolg, beperkte diens vir hom verval;

**BEPERKTE OPDRAG – GEMEENTEGROEI**
(bl. 248, 4.12.2.5.3)

Indien 'n gemeente, wat volgens die stelsel van beperkte opdrag bedien word, dusdanige groei toon of dusdanig finansieel sterk word, dat die kerkraad op voltydse bediening besluit, moet die kerkraad met sy predikant, wat volgens die stelsel van beperkte opdrag aldaar dien, onderhandel vir voltydse diens, met dien verstande dat as die predikant nie die voltydse diens aanvaar nie, die kerkraad die reg het om kragtens Art. 19 van die KO. die ring te versoek om die band los te maak.

**BEPERKTE OPDRAG: KERKORDE**
(bl. 248, 4.12.2.7)

Die Sinode besluit dat kerkrade en predikante, wat betrokke is by bediening met beperkte opdrag sorg moet dra dat die ooreenkomste nie strydig met die KO. van die opdragte van die predikante uitsny nie, dog net in omvang afskaal.

**BESKRYWINGSPUNTE** (bl. 241, 20.7.1.1)

Die Sinode versoek ringe om sorg te dra dat beskrywingspunte korrek ingedien word vir behandeling deur die Sinode.

**BYBELGENOOTSKAP**
(bl. 293-294, 3.7.1 tot 3.7.5)

1. Die Sinode beveel by kerkrade aan dat hulle die Sekretarisse van die Bybelgenootskap uitnooi om hul gemeentes te besoek in belang van Bybelverspreiding. Kerkrade kan skakel met die Bybelhuise naaste aan hulle geleë:

Kempton Park 011-970-4010; Durban 031-305-6808; Bloemfontein 051-489-451; Kaapstad 021-212-040; Port Elizabeth 041-311-138.

2. Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die mooi styging in bydraes vir Bybelverspreiding en dank word aan kerkrade en lidmate hiervoor oorgedra, ook besonderlik namens die Bybelgenootskap.

3. Die Sinode beveel by elke kerkraad aan dat die mooi ideaal van ten minste R10.00 per jaar bydrae deur elke kerklidmaat (as subsidie per Bybel) aan die Bybelgenootskap nagestreef word, aangesien die verlies op 'n Bybel tans R10.00 per eksemplaar is.

4. Die Sinode bring dit onder aandag van gemeentes dat skenkings aan die Bybelgenootskap van die belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking van 'n maksimum bedrag van R500 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ookal die grootste is).

5. Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg en dit te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953-Bybelvertaling.

**BYBELSTUDIELITERATUUR** (bl. 241, 20.7.1.4)

Die Sinode versoek kerkrade om die Bybelstudieliteratuur van die Publikasiekommissie aan lidmate bekend te stel en met verspreiding te help. Leraars word versoek om Bybelstudiegidse vir gebruik by huisgodsdiens te skryf sodat ouers gehelp kan word om hulle kinders op die geloofspad te begelei.

**BYDRAES – BRKA** (bl. 276, 4.12)

Die Sinode versoek elke kerkraad dringend om hulle bydraes aan die BRKA betyds by die Sentrale Kerkkantoor in te betaal.

**BYDRAES BRKA – AGTERSTALLIGE**
(bl. 276, 8.4.1.1 tot 8.4.1.4)

1. Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15% bydraes, die agterstallige bedrae moet vereffen.

2. 'n Agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan binne 60 dae na verskyning van die Handelinge van die Sewende Sinode met die BRKA.

3. Die Sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat is i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël.

4. Elke ring sien toe dat die reëlings in punt 3 hierbo genoem, nagekom word.

**BYDRAES – PERSENTASIE**
(bl. 277, 11.1.1; bl. 279, 11.15.1.1 en 2)

Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunt om die 15% heffing te laat verval nie, maar bevestig die besluit van 1993: Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeentes se totale kontantontvangstes (Handelinge bl. 253, pt. 6.2.1).

Die Sinode handhaaf die besluit van die Sinode van 1993:

1. Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.

2. Totale kontantontvangste sluit onder meer in:
- insamelings van susters, jeug, diakonie, ens.
- rente ontvang op beleggings van die kerkraad. (Handelinge bl. 253, 6.2.1)

**CHRISTELIKE SPORTBEOEFENING** (bl. 236, 50.5)

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor alle onderwysers en dosente wat die vak Liggaamlike Bewegingskunde vanuit die Christelike grondslag in Bybelse perspektief doseer.

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor alle sportleiers en sportbeoefenaars wat hulle taak en hulle spel so beoefen dat dit in ooreenstemming is met die Christelike norme en lewenstyl.

Die Sinode besluit dat ons kerk se profetiese getuienis oor sport en sportbeoefening skerper sal deurklink in terme van positiewe leiding benewens ook waarskuwende korrektief waar nodig.

**CVO-SKOLE** (bl. 262, 3.9.1.8; bl. 263, 10.3.1)

Die Sinode versoek kerkrade om hul lidmate aan te moedig om, kragtens hul Verbondsgeloftes, vrye verenigings wat Christelik-volkseie Onderwys bevorder, dinamies reformatories en aktief te ondersteun.

Die Sinode versoek kerkrade om hulle lidmate aan te moedig om in gemeentes waar nog nie Christelik-volkseie skole (CVO) bestaan nie, sodanige skole op te rig waar die behoefte bestaan. By gebrek aan plaaslike lewensvatbaarheid versoek die Sinode die kerkrade om lidmate te motiveer om volle steun te gee aan naburige gemeenskappe waar 'n CVO-skool wel reeds bestaan, of in die proses van oprigting is.

**DANK AAN ONDERWYSERS** (bl. 263, 10.4.1 net die laaste paragraaf voor 10.5)

Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor onderwysers wat bereid is om baie keer onder moeilike omstandighede teen die lae vergoeding ons kinders te onderrig.

**DATUMSKRYFWYSE** (bl. 234, 6.1)

Die Sinode besluit dat in die APK die amptelike datumskryfwyse dag-maand-jaar bly (byvoorbeeld 09.10.1995).

**"DIE BOODSKAPPER"** (bl. 274, 7.3.2)

Die Sinode heg groot waarde aan "DB" en "DJB" as amptelike en nie-amptelike kommunikasiemiddele in ons kerklike geledere. Die Sinode herhaal derhalwe oproepe van vorige sinodes op elke kerkraad om "DB" elke besoekpunt in sy gemeente te laat bereik. Daarby versoek die Sinode kerkrade om toe te sien dat een eksemplaar van "DJB" binne bereik van elke Verbondskind gebring word. Kerkrade word nog eens versoek om addisionele eksemplare (gratis) te bestel vir bekendstelling van die APK aan belangstellendes.

**"DIE BOODSKAPPER" – AGTERSTALLIGE INTEKENGELD** (bl. 274, 7.4.1)

Die Sinode neem met teleurstelling kennis van gemeentes wat agterstallig is met hul intekengeld of geldelike bydraes tot "DB", ondanks herhaalde herinneringe. Die Sinode versoek die betrokke Ringe om dringende aandag aan hierdie saak te skenk. (Aanbeveling 7.3.1–7.3.3 en 7.4.1 moet in die Herderlike brief en die brief aan kerkrade opgeneem word.)

**"DIE BOODSKAPPER" – INTEKENGELD** (bl. 274, 7.3.3)

Die Sinode versoek elke kerkraad weer eens om sy intekengeld op "DB" (wat reeds deur die Sinode gesubsidieer word), getrou te betaal. Waar 'n kerkraad die verskuldigde intekengeld nie kan bybring nie, bied die Sinode hom weer, soos in die verlede, die geleentheid om 'n geldelike bydrae na die beste van sy vermoë (i.p.v. die verskuldigde intekengeld) tot "DB" te maak.

**DIE GEREFORMEERDE KERKLIED** (bl. 265, 5.11.1)

Die Sinode betuig sy dank teenoor predikante, sangleiers, begeleiers, orreliste en kerkrade vir hulle aandeel in die bewaring en instandhouding van die Gereformeerde Kerklied en die aanmoediging van gemeentelede om hulle te verlustig in die gemeentesang.

**ERKENDE KERKE** (bl. 238-239, 50.8; bl. 290-291. 2.1.1.1 tot 7)

1. Dit moet duidelik verstaan word dat wanneer Art. 4.3, 5.3, 6.1, Bep. 43C, Bylaes 1 en 2 in die Kerkorde van "erkende kerke of van 'n "erkende kerkverband" spreek, die APK daarmee nie bedoel om hom daaroor uit te spreek of 'n kerk wel 'n kerk is nie. Of 'n kerk wel 'n kerk is, hang nie af van die erkenning deur ander kerklike groeperings nie.

2. Die AP kerke bedoel met "erkende kerk" dat dit 'n kerk of 'n groepering van kerke is waarvan die lidmate, wanneer hulle by 'n plaaslike

AP kerk wil inskakel, nie verbondsonderrig hoef te deurloop en belydenis van geloof moet aflê nie.

3. In die lig van pt. 2 is 'n "erkende kerk" dan 'n kerk wat net die drie algemene belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid onveranderd as belydenisskrifte aanvaar het, en wat basies die Gereformeerde kerkregeringstelsel handhaaf.

4. Dooplidmate in 'n AP kerk kan nie belydende lidmate word met toegang tot die gebruik van die sakramente alvorens hulle deur die kerk onderrig ontvang het in die leer van die kerk nie. Daarom moet iemand wat uit 'n nie-erkende kerk lidmaat van 'n AP kerk wil word, die nodige verbondsonderrig deurloop. Hoe lank sodanige onderrig moet wees, bepaal die plaaslike ouderlingeraad in elke konkrete geval.

5. 'n Kerklike groepering wat bo en behalwe die belydenisskrifte in pt. 3 hierbo genoem, ook ander belydenisskrifte het, sal nie as 'n erkende kerk beskou word alvorens 'n sinode van die AP kerke daaroor 'n uitspraak gelewer het nie.

6. Indien 'n kerklike groepering wel die belydenisskrifte in punt 3 hier bo gemeld, aanvaar het, maar wysigings daaraan aangebring het, sal hy nie as 'n erkende kerk geag word alvorens 'n sinode van die AP kerke hom daaroor uitgespreek het nie.

7. Wanneer die kriteria wat pas gestel is, aangelê word, moet die volgende kerklike groeperinge as erkende kerke beskou word: NGK, GKSA, NHK.

Die ARK is eintlik nie 'n "erkende kerk" nie, maar meer as dit, nl. 'n kerk waarmee die APK enger korrespondensie gesluit het – daarom word lidmate vanuit die ARK nie maar opgeneem nie, maar kan hulle met attestaat oorkom.

**FINANSIES – DANK** (bl. 285, 8.3.1)

Die Sinode betuig sy dank aan die Koning van die Kerk wat aan lidmate, kerkrade en gemeentes die vermoëns geskenk het om die finansies te verskaf, sodat die werk van die Kerk, in die plaaslike kerke sowel as in die kerkverband, voortgesit kon word.

**GELOOFSBRIEWE** (bl. 183, 7.5)

Die Sinode spreek sy teleurstelling uit dat vele geloofsbriewe laat ingestuur en onnoukeurig voltooi was en versoek kerkrade om toe te sien dat die geloofsbriewe in die toekoms met sorg hanteer sal word.

**GEMEENTEGRENSE** (bl. 252, 6.2.1)

Die Sinode versoek kerkrade en ringe om art. 37.4 af te handel en te implementeer.

**GEMEENTES – TUISGEMEENTE VAN WERKENDE/STUDERENDE LIDMATE**

Die Sinode besluit:

Waar 'n persoon gedurende die week binne die grense van een gemeente woon of werk of as skolier studeer, maar Sondae as 'n reël in die grense van 'n ander gemeente verkeer, word hy/sy lidmaat in dié gemeente waarop die betrokke ouderlingevergaderings, met inagneming van sy/haar wense, ooreenkom.

**GEVANGENESBEARBEIDING** (bl. 235, 5.1)

Die Sinode betuig sy dank teenoor alle gemeentes wat vrywillige kollektes vir gevangenesbearbeiding ingesamel en oorbetaal het. Die Sinode versoek alle kerkrade weereens om 'n kollekte vir gevangenesbearbeiding te oorweeg.

**HOSPITAALBESOEKE – REISKOSTE** (bl. 233, 16.1)

Die Sinode bring dit onder aandag van kerkrade dat leraars wat versoek word om lidmate wat van elders as pasiënte in stedelike hospitale opgeneem word, te besoek, reiskoste kan verhaal van 'n kerkraad wat so 'n versoek gerig het.

**HUISGODSDIENS** (bl. 241, 20.7.1.2

Die Sinode wys kerkrade, leraars en lidmate daarop dat huisgodsdiens wat onder meer Bybelstudie, verootmoediging en aanbidding insluit, 'n noodsaaklike deel van elke mens se godsdiens is en roep lidmate en veral ouers op tot daaglikse huisgodsdiens.

**HUISTOELAE** (bl. 277, 10.2.1 tot 10.2.5)

1. Die huistoelae van 'n leraar word gebaseer op die munisipale waardasie van die leraar se eiendom en word aangepas wanneer 'n nuwe munisipale waardasie in werking tree.

2. Die volgende formule vir berekening van die huistoelae word aanbeveel: Die toelae word bereken as 75% van die rentekoers op huislenings wat gehef word deur die finansiële instelling waarby die leraar 'n verband het, bereken op die munisipale waardasie van die eiendom.

3. Indien die munisipale waardasie in 'n bepaalde dorp of stad besonder laag is in verhouding tot die markwaarde, moontlik omdat die munisipale waardasie vir 'n geruime tyd onveranderd gebly het, kan die persentasie van 75% verhoog word na 80% of selfs meer.

4. Om verleentheid vir die leraar of die kerkraad te voorkom, is dit belangrik dat uitdruklik ooreengekom word dat die leraar die kerkraad vooraf sal raadpleeg voordat die leraar 'n huis aankoop of verbeter om vas te stel of die kerkraad bereid is of in staat sal wees om die huistoelae of verhoogde huistoelae te betaal.

5. Die huistoelae, soos hierbo bereken, sluit nie die toelae vir munisipale koste in nie.

**JEUGDIENSTE** (bl. 265, 5.8)

Die Sinode maan AP kerke om nie meegesleur te word deur sommige, selfs Gereformeerde Kerke, wat die gebruik ontwikkel het om charismatiese jeugdienste te hou nie. Hierdie praktyk bedreig die Gereformeerde kerklied en bring sy voortbestaan in gedrang.

**KARATE** (bl. 236, 50.2)

Die Sinode versoek ouers van ons kerk wie se kinders aan karate deelneem om hulle deeglik te vergewis wat betref die lewens- en wêreldbeskouing van die afrigters en leiers in hierdie sportsoort, om so moontlike verkeerde invloede te weer en versoek kerkrade om ouers te waarsku teen "Karate-Zen" en "Shotokai" as twee karatestyle wat beginsels van die Oosterse Zengodsdiens bevat.

**KERKJAARBOEK** (bl. 271, 93. 9.2.2.2)

Die Sinode doen 'n dringende beroep op die **kerkraadslede** en **lidmate** om die Kerkjaarboek **aan te skaf** omdat dit in huisgodsdiens gebruik kan word tot opbouing van die geestelike- en geloofslewe van ons lidmate.

**KERKJAARBOEK – INHOUD**
(bl. 271, 93. 9.4.1.1)

Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om lidmate se aandag herhaaldelik te vestig op die waarde van die Kerkjaarboek: op sy rykdom aan inligting oor ons kerkverband en ons kerke, maar veral op sy waardevolle Bybelse Dagstukkies. Dagstukkies waarin die Woord van die Here elke maand uit 'n ander Bybelboek spreek. Dagstukkies wat elke siel se omgang met die Here sal verryk.

**KERKNAAM** (bl. 299, 114.2.1.1 en 2.1.1)

Aangesien die term "gereformeerd" voorkom in die onderskrif soos goedgekeur, besluit die Sinode om nie die bestaande kerknaam (Afrikaanse Protestantse Kerk) te verander nie.

Die Sinode besluit dat daar in geen amptelike dokumente na "die APK" verwys sal word nie, maar dat die afkorting "AP Kerk deurgaans gebruik word.

**KERKNAAM – ONDERSKRIF** (bl. 266, 3.2.1)

Die Sinode spreek hom uit oor die inhoud van die onderskrif, en besluit: Die onderskrif bly onveranderd: 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners.

Die Sinode spreek hom uit oor die vraag of daar 'n onderskrif by die kerknaam moet wees, terwyl die volgende in gedagte gehou word:

Die kerk se identiteit en karakter word nie deur die onderskrif bepaal nie, maar deur die Kerkorde. Die emosionele en historiese waarde van die onderskrif moet in gedagte gehou word. Die weglating van die onderskrif kan wel bydra tot die kerk se wesenstaak, nl. om die evangelie te verkondig, deurdat deure vir die verkondiging oopgehou word.

Besluit: Die Sinode laat die opsie oop vir gemeentes, lidmate, ens. wanneer hulle wel die onderskrif wil byvoeg al dan nie (bl 266, 3.1.1 tot 3.1.3).

**KERKORDE** (bl. 245, 29.1.1)

Die RKA bring dit onder aandag van kerkrade dat vanweë die akkoord wat die Afrikaanse Protestantse Kerke met mekaar het, soos uitgedruk in die Kerkorde en sinodebesluite, kerkrade en leraars regtens gebonde is aan die kerkorde en sinodebesluite.

**KERKREGERINGSTELSEL** (bl. 253, 6.13.1)

Die Sinode besluit om elke ring te versoek om 'n grondige studie van die Presbiteriale kerkregeringstelsel te maak en die resultaat van hul studie voor 31/12/1996 aan die KKS voor te lê. Die KKS sal dan dié studieresultate ter tafel neem en 'n finale studiestuk opstel wat deur die Publikasiekommissie gepubliseer en versprei moet word.

**KLANKKASSETTE MET PREKE** (bl. 223, 10.5.4)

Die Sinode versoek ringe om in eie geledere gemeentes wat daaraan behoefte het, op gereelde basis te voorsien van klankkassette met preke, of geskrewe preke van leraars in die ring.

**KLEREDRAG AMPSDRAERS** (bl. 267, 4.2.2.1)

Die Sinode neem bloot kennis van die beskrywingspunt oor die kleredag van ampsdraers en wys op die sinodebesluit van 1990: Wanneer 'n leraar amptelik optree tydens eredienste, dra hy 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das (Handelinge van die Vierde Sinode, bl. 676, punt 12.2.1), asook sinodebesluit van 1993: Die Sinode besluit om by die status quo te hou wat betref die kleredrag van ampsdraers in die AP Kerk (Handelinge van die Sesde Sinode, bl. 266: goedgekeurde amendement).

**KORRESPONDENSIE** (bl. 235, 9.3.1.1)

Die kerkraad is verantwoordelik om

1. sinodale besluite ten opsigte van die Sentrale Kerkkantoor na te kom, naamlik maandelikse aanstuur van vorm F1 met die voorgeskrewe geldelike verpligtinge; jaarliks via die ringskriba 'n afskrif van die doop- en lidmateregister te stuur, asook die gemeentelike verslagvorm met statistiek en ander gemeentegegewens; ander voorskrifte van Ring en Sinode soos van toepassing uit te voer;
2. toe te sien dat die gemeenteskriba aan alle kerklike amptelike omsendbriewe die verlangde aandag gee.

**LERAARS EN POLITIEK** (bl. 233, 18.1; bl. 233, 44.18.1.2)

Die Sinode neem kennis daarvan dat leraars net soos ander lidmate die verantwoordelikheid het om as burgers van die land standpunt in te neem en dit steeds Bybels te kan verantwoord. Dat leraars en lidmate in die proses in verskillende kampe te staan kom, is nie verbasend nie. Dit is trouens 'n onderliggende beginsel in die samestelling van 'n gemeente, en ook in ons hele kerkregeringstelsel dat die lig saam gesoek word deur middel van debatvoering. Verskille van opinie mag nooit tot bitterheid onder lidmate lei nie.

Die Sinode wys daarop dat in die Kerkorde daar geen beletsel is op deelname van enige kerklike ampsdraer aan partypolitiek nie.

Die Sinode doen nogtans 'n ernstige beroep op leraars om uiters versigtig te wees in hulle politieke deelname, om te sorg dat hulle politieke verbintenis hoegenaamd nie vir die verkondiging van die evangelie tot 'n hindernis is nie en nie verdeeldheid in gemeentes daardeur te veroorsaak nie. Die Sinode herinner leraars weer eens aan 'n vorige sinodebesluit waarvolgens hoegenaamd geen partypolitiek vanaf die kansel verkondig mag word nie.

**LERAARS OUER AS 65 JAAR** (bl. 257, 73.7.6.1)

Die Sinode besluit dat leraars wat deur die Kuratorium na die besluit van die Sinode 1993, tot die bediening toegelaat word en reeds 65 jaar oud is, glad nie beroepbaar gestel kan word nie; dat dusdanige emeritusleraars slegs tydelike diens in 'n plaaslike kerk kan verrig en dat geen vaste ooreenkoms tussen 'n plaaslike kerk en so 'n emeritusleraar aangegaan kan word nie.

**LOSIES VIR AP KERK STUDENTE** (bl. 245, 19.1.2)

Die Raad vir Kerkadministrasie versoek alle kerkrade in die omgewing van tersiêre inrigtings om ondersoek in te stel na die behoefte aan en haalbaarheid van losiesvoorsiening vir APK-studente.

**LOSMAKING VAN BAND** (bl. 223, 5.6.1)

Die Sinode neem met verontrusting kennis daarvan dat die band tussen enkele leraars en kerkrade kragtens Artikel 19 van die Kerkorde losgemaak is, en doen 'n beroep op ringe, kerkrade en leraars om in geval van probleme tussen leraars en hulle gemeentes alles in hulle vermoë te doen om die saak uit te praat en te laat uitpraat en mekaar in die proses op te bou in diens aan die Here.

**MEDIESE SKEMA** (bl. 245, 29.1.2)

Die RKA bring dit voorts onder aandag van kerkrade dat die RKA kontraktueel gebonde staan teenoor alle leraars wat ten tye van hulle oorkoms vanuit ander kerke na die APK, 'n mediese skema aangebied is met bepaalde voordele. Dié voordele, veral in die geval van ouer leraars of leraars met kroniese ongesteldhede, kan nie maar sonder meer in gedrang gebring word deur oorskakeling na 'n skema wat, hoewel goedkoper vir jonger en gesonder leraars, nie dieselfde of beter voordele vir die ouer of sieklike leraar bied nie. Die huidige voordele is beding as 'n pakket waartoe alle leraars moet behoort. Daarom kan 'n besluit om oor te skakel na 'n ander skema nie ligtelik geneem word nie.

**NAAMGEWING VAN GEMEENTES** (bl. 225, 23.13)

Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van eenvormige en korrekte naamgewing deur gemeentes, aangesien belangrike implikasies ter sprake is.

**Korrek: APK Pretoria**
**Foutief: APK Gemeente Pretoria**

**NAGMAAL – TOELATING TOT** (bl.295, 111. 1.2.1.2)

Die Sinode besluit die plaaslike ouderlingeraad moet homself op hoogte stel van wie almal tot die Nagmaal toegelaat word. Dit kan alleen gebeur as die ouderlingeraad vooraf kennis dra van lidmate van elders of besoekers uit die geledere van ander Gereformeerde Kerke se voorneme om aan die Nagmaal deel te hê. Oor elke sodanige persoon se deelname aan die Nagmaal moet die ouderlingeraad hom uitspreek – in die lig van getuienis wat voor hom dien, of by wyse van 'n skriftelike aanbeveling van die ouderlingeraad van 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk; óf die mondelinge getuienis van lidmate van die plaaslike kerk, wat met sodanige voornemende nagmaalgebruiker se lewe bekend is.

Bepaling 43C van die Kerkorde word soos volg aangevul: en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die Nagmaal bedien word."

**NAGMAAL – AANBEVELINGSBRIEF**
(bl. 295, 111. 1.2.1.3.1)

Die Sinode besluit dat:

1. Wanneer 'n lidmaat van kerk (gemeente) A (binne AP Kerkegroepering) in kerk B as gas Nagmaal wil gebruik, neem hy, indien enigsins moontlik, 'n aanbevelingsbrief van sy ouderlingeraad of van die Voorsitter en Skriba van sy ouderlingeraad saam, wat soos volg kan lui:

Die Voorsitter — Adres Kerk A
Ouderlingeraad — Datum
Kerk B

AANSOEK OM AS GAS SAAM MET U GEMEENTE NAGMAAL TE GEBRUIK

Hiermee word getuig dat

..................................................................................

(naam van betrokke lidmaat/lidmate van Kerk A) belydende lidmaat/lidmate in hierdie gemeente is. Hy/sy/hulle het te kenne gegee dat hy/sy/hulle graag by u eersvolgende Nagmaalsgeleentheid as gas/gaste toegang tot die tafel van die Here sal wil hê.

Hierdie ouderlingeraad beveel hulle ingevolge Bep. 43C van die KO. van harte by u aan.

Mag u 'n geseënde Nagmaalsviering hê.

U broeder in die Here

SKRIBA/VOORSITTER

2. Wanneer lidmaat A in 'n ander erkende kerkegroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) saam Nagmaal wil gebruik, voorsien die ouderlingeraad 'n soortgelyke aanbevelingsbrief aan hom.

3. Lidmate moet van tyd tot tyd vanaf die kansel aangemoedig word om gelowiges wat uit ander erkende kerkgroeperinge (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) by 'n AP Kerk (gemeente) as gas Nagmaal wil gebruik, aan te spoor om 'n aanbevelingsbrief van hulle eie ouderlingerade te bekom.

4. Indien 'n ouderlingeraad geen brief van 'n aansoeker uit die **eie** kerkegroepering ontvang nie, moet die ouderlingeraad persoonlike getuienis uit eie geledere of uit eie gemeente oor die aansoeker bekom. Die ideaal moet egter nagestreef word dat 'n aanbevelingsbrief liewer ingedien word.

5. In die geval van die **kinders (of ouers) van lidmate** wat as gaste aansoek doen, moet die ouderlingeraad soepel in optrede wees indien daardie lidmate hulle familielede aanbeveel.

6. Geen aansoeker uit 'n ander erkende kerkegroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) sal as gas by 'n AP Kerk toegelaat word sonder 'n aanbevelingsbrief nie.

**ONDERRIG VAN VERBONDSKINDERS**
(bl. 261, 3.9.1.4)

Die Sinode versoek kerkrade om alles in hul vermoë te doen om verbondsouers te inspireer en te ondersteun in hul verantwoordelikheid om, kragtens hul doopgelofte, Christelike Bybelonderrig en Christelike vakonderrig tot beskikking van hul kinders te stel.

**PASTORALE VERSORGING**
(bl. 239, 20.1.1.1–20.1.1.3)

Die Sinode versoek kerkrade wat vir kortere tydperke pastorale versorging benodig omdat hulle nie oor die gereelde dienste van 'n leraar beskik nie, om met die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te skakel.

Die Sinode versoek leraars wat in oorleg met hulle kerkrade vir kortere tydperke dienste kan lewer aan gemeentes wat die gereelde diens van 'n leraar moet ontbeer, om die inligting aan die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te besorg.

Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om, in die lig van Bep. 37 F2., en waar dit van toepassing is, hul leraars toe te laat om hul konsulentsverpligtinge – ook t.o.v. die leiding van eredienste – na te kom.

**PENSIOEN EN MEDIESE BYDRAES**
(bl. 244, 4.1)

Die RKA bring dit onder aandag van kerkrade dat dit 'n ernstige ongerymdheid is om die leraar se bydraes aan die Pensioenfonds en die Mediese Skema af te trek van sy traktement en dit nie oor te betaal aan die BRKA nie.

**PORNOGRAFIE** (bl. 237, 4.3.1)

Die Sinode doen 'n beroep op sinodegangers, kerkrade en lidmate om ten sterkste beswaar by die owerheid aan te teken teen 'n kultuur van pornografie wat al hoe sterker ontwikkel en toeneem. Die genoemdes moet in hulle persoonlike lewe ook besliste profetiese getuienisse lewer en daarteen optree deur druk uit te oefen op winkeleienaars wat pornografiese tydskrifte verkoop en videowinkels wat sedelose video's verhuur.

**PREEKBUNDELS** (bl. 273, 18.1; bl. 298, 3.3)

Die Sinode doen weer eens 'n beroep op APK predikante om nog preekbundels vir gebruik by leesdienste te skryf.

**Lys van preekbundels goedgekeur:**

| Naam van Publikasie | Skrywer | Aantal preke | Prys |
|---|---|---|---|
| Pinksterboodskappe uit Amos | Prof. HCG Robbertze | 7 | R14.00 |
| Die hele kerk met die volle Evangelie – Deel I | Dr. Cl van Heerden | 14 | R 6.25 |
| Die hele kerk met die volle Evangelie – Deel II | Dr. Cl van Heerden | 15 | R 9.25 |
| 18 preke | Ds. AS van Staden | 18 | R11.50 |
| Vir die moeë gees | Ds. JH Theron | 12 | R 4.50 |
| Getroos in Lewe en in Sterwe | Dr. EM Viljoen | 17 | R25.00 |
| Troos my volk | Prof. HCG Robbertze | 15 | R 7.50 |
| In die krag van sy oorwinning | Ds. IA Brink | 15 | R12.50 |

**PREKE VIR PREEKBUNDELS** (bl. 273, 18.4)

Die Sinode rig 'n uitnodiging aan die leraars van die APK en ook aan die ouderlingerade om een of meer van die beste preke van die leraar na die Pk. te stuur vir die samestelling van 'n preekbundel wat die hele Christelike kerkjaar sal dek.

**PROEFSANGBUNDEL** (bl. 265, 5.3 net die eerste paragraaf, bl. 265, 5.4 en bl. 298, 11.3.2)

Die Sinode besluit: die hele proefsangbundel word na die gemeentes deurgestuur vir gebruik buite die erediens vir kritiese evaluering.

Die Sinode keur dit goed dat Deel I – III van die Proefsangbundel aan alle gemeentes beskikbaar gestel word vir voorafsang voor die erediens.

Die Sinode versoek kerkrade om voor 30 November 1996 terugvoering te gee en kommentaar te lewer op die Proefsangbundel en/of wysigings aan die KKM voor te lê.

Die Sinode besluit dat een eksemplaar van die Proefsangbundel, wat deur die KKM aan die afgevaardigdes van die Sinode voorsien is, deur die gemeentes vir eie gebruik gedupliseer kan word.

Eksemplare sal aan die gemeentes teen 'n minimum prys beskikbaar gestel word na verdere regstellings gedoen is.

**PROGRAMSKETSE** (bl. 261, 3.6.1.2)

Die Sinode beveel met groot vrymoedigheid die programsketse en riglyne vir jeugaksies aan by leraars en jeugleiers vir gebruik in hulle bediening aan die jeug.

**RADIOKANSEL** (bl. 223, 10.5.1)

Die Sinode versoek kerkrade en lidmate wat met Radiokansel enige skakeling het, veral ten opsigte van geldelike bydraes, om terdeë kennis te neem van die futiele pogings om uitsaaibeurte by Radiokansel vir APK-leraars te bekom. (Die Sinode het egter kennis geneem daarvan dat 'n enkele leraar wel deur Radiokansel genooi is vir uitsaaibeurte.)

**REGISTERS – GEMEENTES** (bl. 234, 7.1–7.6)

1. Die Sinode herroep sy besluit dat doop- en lidmateregisters gekopieer mag word om 'n argiefduplikaat te voorsien. Dit word dadelik van krag.

2. Gemeenteskribas maak 'n handgeskrewe of getikte afskrif en gebruik albei kante van die registerblad.

3. 'n Gemeente se eerste afskrif dek die hele register. Daarná word jaarliks slegs nuwe inskrywings vir die betrokke jaar oorgedra op die afskrif vir die argief.

4. Wanneer daar by agtereenvolgende alfabetletters nie 'n inskrywing vir die bepaalde jaar is nie, skryf die skriba byvoorbeeld: E tot J geen inskrywing nie.

5. Die gewone registerblaaie word vir die afskrifte gebruik.

6. Elke afskrif dra die naam van die betrokke gemeente.

**REGISTERS – VERTREKTE LIDMATE** (bl. 235, 9.2.1)

Die Sinode besluit dat ten opsigte van 'n lidmaat wat uit 'n gemeente vertrek, soos volg opgetree word volgens KO. Art. 5.1:

1. In die ouderlingeraad se notule word aangeteken dat die lidmaat op 'n betrokke datum uit die gemeente weg is.

2. Daarná word dieselfde datum en opmerking in die aanmerkingskolom van die lidmateregister agter die betrokke lidmaat se naam aangeteken.

3. Die Skriba van die kerkraad rapporteer ná drie maande aan die ouderlingeraad. Indien die attestaat nie aangevra is nie, verklaar die

ouderlingeraad die lidmaatskap vervalle en kondig dit in die gemeente aan volgens KO. Art. 5.1.

4. Indien een of meer dooplidmaat betrokke is, word die vertrek en vertrekdatum in die doop- en/of dooplidmaatregister aangeteken.

**REGISTERS – GEBRUIK VAN REKENAAR** (bl. 234, 9.1.1.2)

Die Sinode keur die gemeentelike gebruik van die rekenaar vir doop- en lidmateregister goed, SLEGS INDIEN aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Die vorm en opset ten opsigte van kolomme en betrokke gegewens moet dieselfde wees as die registervorms wat in gebruik is.

(b) Die inhoud van die registers moet op datum gehou word soos in die bestaande gedrukte en geskrewe registers.

(c) 'n Opdatum rekenaardrukstuk moet van die doop- en lidmateregister bygehou word op hoë gehalte papier.

(d) Die jaarlikse afskrif vir die Kerkargief moet op die beskikbare, amptelike registerblaaie gemaak en aan die Kerkargief gestuur word volgens geldende reëls daarvoor.

(e) Attestate word steeds op die kerkordelike wyse uitgereik met die attestaatvorms wat by die Sentrale Kerkkantoor verkrygbaar is.

**REG VAN TOEGANG-BORDE** (bl. 233, 15.6.3.2)

Die Sinode gee aan Kerkrade die wenk om borde by hulle persele aan te bring waarop duidelik gemeld word dat reg van toegang voorbehou word.

**RINGSINDELING (bl. 287, 4.)**

**Finale ringsindeling**

Die voorgestelde ringsindeling word goedgekeur met enkele wysigings, en die finale lys sien soos volg daaruit:

## TRANSVAAL

**BENONI:** Benoni, Brakpan, Delmas, Devon, Springs, Leandra, Kempton Park.

**DENDRON:** Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.

**DERBY:** Derby, Koster, Groot Marico, Zeerust, Buhrmannsdrif, Ventersdorp, Magaliesburg, Coligny, Hartbeesfontein.

**ERMELO:** Amajuba, Amersfoort, Ermelo, Perdekop, Piet Retief.

**GERMISTON:** Germiston, Alberton, Primrose, Boksburg.

**HEIDELBERG:** Balfour, Greylingstad, Heidelberg, Meyerton, Nigel.

**KLERKSDORP:** Klerksdorp, Potchefstroom, Bloemhof, Leeudoringstad.

**LICHTENBURG:** Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal.

**MIDDELBURG:** Belfast, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton, Laersdrif, Middelburg, Witbank.

**MIGDOL:** Delareyville, Migdol, Schweizer-Reneke, Vryburg, Louwna, Molopo.

**MOOINOOI:** Mooinooi, Brits, Thabazimbi, Sanddrift, Hartbeespoort, Northam, Rustenburg.

**MOOT-SENTRAAL:** Moot-Sentraal, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Verwoerdburg, Wesmoot, Wonderboom.

**MORGENZON:** Bethal, Hoëveldrif, Kriel, Morgenzon, Standerton.

**NABOOMSPRUIT:** Naboomspruit, Marken, Vaalwater, Ellisras, Koedoesrand, Waterberg, Warmbad.

**NELSPRUIT:** Nelspruit, Arnot-Hendrina, Carolina, Witrivier, Lydenburg, Barberton, Lebombo.

**POTGIETERSRUS:** Potgietersrus, Marble Hall, Tuinplaas, Groblersdal, Roedtan.

**ROODEPOORT:** Roodepoort, Johannesburg, Randfontein, Carletonville/Welverdiend, Krugersdorp, Johannesburg-Suid.

**VEREENIGING:** Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Zoar, Fochville.

## NATALIA

**NEWCASTLE:** Vryheid, Dundee/Glencoe, Newcastle, Utrecht.

**SUIDKUS:** Groter Durban, Suidkus, Zululand, Hluhluwe, Richardsbaai, Pietermaritzburg.

## ORANJE VRYSTAAT

**BETHLEHEM:** Bethlehem, Paul Roux, Senekal, Clocolan, Lindley, Marquard, Reitz, Excelsior.

**BLOEMFONTEIN:** Bainsvlei, Bloemfontein, Bloemfontein-Noord, Dealesville, Dewetsdorp, Caaguazu (Paraguay), Smithfield, Zastron.

**BRANDFORT:** Boshof, Brandfort, Bultfontein, Hertzogville, Hoopstad, Theunissen, Verkeerdevlei, Winburg.

**CORNELIA:** Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.

**GRANIET:** Graniet, Viljoenskroon, Koppies, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

**HENNENMAN:** Welkom, Hennenman, Kroonstad, Virginia, Odendaalsrus, Steynsrus.

**MEMEL:** Memel, Vrede, Warden, Harrismith.

**PETRUSBURG:** Petrusburg, Jagerfontein/Fauresmith, Jacobsdal, Koffiefontein, Edenburg, Philippolis, Bethulie.

## KAAPPROVINSIE

**BEAUFORT-WES:** Beaufort-Wes, Fraserburg, Oudtshoorn, Sutherland, Ladismith.

**CLANWILLIAM:** Piketberg, Clanwilliam, Olifantsrivier, Calvinia, Namakwaland, Hardeveld.

**DE AAR:** De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Hanover, Orania, Douglas, Hopetown.

**KIMBERLEY:** Kimberley, Barkly-Wes, Christiana, Griekwastad, Reivilo, Vaalharts-Suid.

**OLIFANTSHOEK:** Olifantshoek, Kathu, Kakamas, Postmasburg, Bosrand, Kuruman, Pofadder, Groblershoop, Gordonia, Fontein/Prieska, Daniëlskuil, Van Wyksvlei.

**RIVERSDAL:** Albertinia, Brakrivier, George, Knysna, Mosselbaai, Riversdal.

**SOMERSET-OOS:** Alexandria, Algoa, Uitenhage, Somerset-Oos, Fort-Beaufort, Graaff-Reinet, Aberdeen, Murraysburg, Kareedouw, Jeffreysbaai.

**STELLENBOSCH:** Stellenbosch-Somerset-Strand, Paarl, Tygerberg, Worcester, Robertson.

**STEYNSBURG:** Steynsburg, Cradock, Venterstad, Jamestown, Grens, Barkly-Oos, Maclear.

## NAMIBIË

**OUTJO:** Outjo, Grootfontein, Windhoek, Gobabis, Welwitschia, Leonardville, Keetmanshoop.

**SKOOLVERLATERSKAMPE** (bl. 261, 3.7.1)

Die Sinode spreek sy dank uit vir die positiewe vordering wat met die skoolverlaterskampe gemaak word en beveel by kerkrade aan om matrikulante aan te moedig om sodanige kampe by te woon.

**SKOOLVERWISSELINGSKAMPE** (bl. 261, 3.8.1)

Die Sinode spreek sy dank uit vir die positiewe vordering wat met skoolverwisselingskampe gemaak word en beveel by kerkrade aan om voornemende standerd 6 leerlinge aan te moedig om die kampe by te woon.

**SUSTERSKONFERENSIE** (bl. 224, 14.4.3)

Die Sinode besluit dat die betrokke ring/ringe in samewerking met die uittredende Voorsitter en Sekretaresse en Reëlingskomitee van die Susterskonferensie verantwoordelik is om sake wat uit die landswye konferensie voortspruit af te handel of tot uitvoer te bring. Dit sluit in die reël van 'n volgende konferensie in samewerking met 'n plaaslike kerk.

**TIENJARIGE FEESVIERINGE**
(bl. 232, 15.4.1.1 tot 15.4.1.4)

Die Sinode besluit dat die 10–jarige bestaan van die APK op 27/6/1997 of so na moontlik daaraan by wyse van dankfeeste op streeksbasis by die volgende sentra gevier sal word: Pretoria, Durban, Bloemfontein, Windhoek, Worcester, Upington.

Die Sinode benoem die volgende persone as verteenwoordigers van die ses streke om saam met die SKK 'n reëlingskomitee te vorm om in oorleg met mekaar die feeste te reël: die predikante van APK Moot-Sentraal, Groter-Durban, Bloemfontein-Noord, Outjo, Worcester en Gordonia. Beplanning moet betyds gedoen word.

Oorweging kan aan die volgende sake vir insluiting in 'n program gegee word: Erediens, bekendstelling van die feesbundel; koorfeeste; vasvrakompetisies; feesrede; boekuitstalling; groeteboodskappe; tablo; boodskap vir die 1997–Sinode ens.

Die Sinode keur dit goed dat die koste van die reëlingskomitee t.o.v. die feesbeplanning uit die bedrag deur die FK daarvoor begroot, gedelg word. Ringe in die 6 streke is verantwoordelik vir die koste verbonde aan die plaaslike feeste.

**VAKANSIEDAE** (bl. 239–240, 20.2.1.1)

Gesien die feit dat op Hemelvaartdag die gebeure herdenk word waar Christus na die hemel opgevaar het "dat Hy hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer" (Heidelbergse Kategismus Sondag 19) doen die Sinode 'n ernstige beroep op alle Christene om hulle te beywer daarvoor om dié dag as 'n kerklike feesdag te heilig waarop die troonsbestyging van Jesus Christus gevier word. Op dié wyse lewer gelowiges 'n getuienis dat Jesus Christus die Owerste van alle konings is.

Die Sinode versoek kerkrade en alle Christen-Afrikaners om die benaming "Geloftedag" vir 16 Desember te behou, en steeds die dag te

vier ter herdenking van 'n besondere geleentheid waar die mag van die Lig oor die mag van die Duisternis geseëvier het. Hoewel die Sinode hom vereenselwig met die oproep in die Bybel om as dit moontlik is, so ver as dit van ons afhang, in vrede te leef met alle mense (Rm. 12:18), distansieer die Sinode hom ten sterkste van enige pogings om van Geloftedag 'n versoeningsdag te maak tussen die magte van die Duisternis en die mag van die Lig.

Die Sinode doen 'n beroep op alle Christen-Afrikaners om ooreenkomstig die gelofte deur Jan van Riebeeck die 6de April tot eer van God met danksegging te vier as 'n "vasblywende dank- en biddag sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word."

**VERASSING** (bl. 236, 50.6)

Die Sinode versoek lidmate om die keuse tussen die tradisionele begrafnis en lykverbranding met groot erns te bejeën in die lig van die riglyne in Gods Woord soos aangedui in Bylae KCE 3 op bl. 86–88 van die Sakelys.

**VERSKILLE/GESKILLE** (bl. 230, 40.22)

Die Sinode besluit om die volgende riglyne t.o.v handelinge met verskille/geskille te aanvaar:

**Skrifgegewens**

Die saak van verskille, geskille en gepaardgaande twiste, gebroke verhoudings en vyandskap loop deur die hele Skrif. So ook die hantering van sodanige sake. Daar hoef slegs gewys te word op die betekenis van die Tweede Tafel van die Tien Gebooie met die Here Jesus se samevatting van die Wet van God as die liefdesgebod.

Enkele Skrifgegewens uit die Nuwe Testament van besondere belang, is die volgende:

- Jakobus 4:1–2: Die lig val hier op selfsugtige begeertes as die diepere oorsprong en oorsaak van rusies, twiste, vegterye.
- Mt. 5:25: Die klem val hier onder andere daarop dat alles in die vermoë gedoen moet word om so spoedig moontlik tot 'n skikking en versoening te kom. Beide in Jakobus 4:1 en Mt. 5:25 staan dit vas dat die eie verantwoordelikheid nie ontduik mag word nie. Hier in Mt. 5:25–26 word ons deur Christus voor God as uiteindelike Regter geplaas, vergelyk vers 22.
- Johannes 7:24: Jesus Christus stel hier die algemene beginsel van 'n regverdige oordeel.
- 1 Kor. 6:1–11: Uiters belangrike gegewens en riglyne in die beslegting van geskille en pogings tot versoening word deur die apostel Paulus hier beklemtoon. Elke lidmaat, ampsdraer en kerkvergadering behoort hierdie Skrifgedeelte te bestudeer. Paulus dui dit aan as 'n skande dat regsake nie deur gelowiges self binne die gemeente tot rus gebring kan word nie.
- 1 Timotheus 6:3–6: Die apostel Paulus laat die lig hier skerp val op sondes wat by geskille kan voorkom en waarteen gewaarsku moet word, naamlik 'n sieklike beheptheid met twisvrae, stryery oor woorde, voortspruitende sondes van afguns, twis, lastering, gemene verdagmakery en nuttelose stryery. Mense wat hulle hieraan skuldig maak word beskrywe as verdorwe in die verstand en van die waarheid beroof.
- Kolossense 3:13: 'n Gesindheid of bereidwilligheid tot wedersydse vergifnis word hier beklemtoon en moet in 'n geskil sterk gestel word, nie alleen as 'n vereiste uit die Skrif nie, maar ook as 'n voorwaarde vir suksesvolle versoening.

**Onderskeiding van begrippe**

Verskille: onderskeid, die anders wees in een of ander opsig, afwyk.

Geskille: Twis, onenigheid, dispuut of rusie.

Die betekenis van hierdie twee begrippe wys duidelik uit dat die sedelike gedrag volgens Christelike norme afwyk wanneer daar nie in liefde verskil kan word nie en twis en onenigheid ontwikkel (vgl. Kol. 3:13).

**Noodsaaklike Kerkregtelike Onderskeidings**

Wanneer daar nie duidelik en na die eis van die waarheid onderskei word of daar wel met 'n tugwaardige sonde(s) te doene gekry word nie, word te maklik en foutiewelik na die tugartikels van die Kerkorde gegryp om sake te beredder – Kerkorde Artikel 52 bepaal dat die tug gaan "oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en die orde en dissipline van die gemeente indruis. Kerkorde Artikel 53 maak onderskeid tussen geheime sondes" en "openbare, ergerlike sondes. In die Agenda van die 1991 Sinode, pp. 262–263 is tugwaardige sondes reeds kerkordelik verduidelik.

Uit die bogemelde moet dit reeds duidelik wees dat verskille en geskille op 'n ander, 'n eie wyse hanteer behoort te word, en tot rus

gebring behoort te word voordat dit in 'n tugsaak ontaard (vgl. Mt. 5:25).

**Riglyne vir die hantering van Geskille**

Met riglyne hier word nie bedoel vaste reëls of rigiede optrede nie, maar bloot praktiese wenke. Dit is van die allergrootste belang dat die herderlike gesprek, in die hantering van verskille en geskille tot sy reg sal kom.

Beslegting van 'n geskil, dit wil sê die twis uit die weg ruim, of die bylê van 'n geskil, dit wil sê die twis laat eindig, behoort by wyse van 'n broederlike gesprek te geskied. Hierin kan die wyksouderling, of die leraar, die ouderlingeraad of 'n afvaardiging deur die ouderlingeraad, as die noodsaaklike kerklike ampte optree ooreenkomstig Johannes 7:24: "Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel.

Dit is meesal van kardinale belang dat partye geleentheid gegun word om uit te praat en die hart skoon te maak. Daar moet dus meer begrypend geluister as baie gepraat word deur persoon(e) wat die bylê van die geskil hanteer.

Daar behoort gestuur te word in die rigting van 'n wedersydse verstandhouding van partye wat alle partye en die gemeente se beste geestelike belange dien.

Veral as daar 'n verharding van gesindhede of onwilligheid om die geskil by te lê, ontwikkel het, behoort daar, voordat verdere versoeningspogings plaasvind, individueel pastorale bearbeiding plaas te vind. Soms misluk pogings om geskille te besleg, bloot omdat die pastorale opsie nie behoorlik benut is nie.

**Slot**

Die bogemelde wil nie aanspraak maak op volledigheid nie. Reglementering van optrede word in hierdie saak nie as verstandig en in beste belang beskou nie. In Kol. 3:13–15 word dit gestel dat die band wat die gemeente tot volmaakte eenheid saambind die liefde vir mekaar is. Die gemeente, as liggaam van Christus is geroep tot innerlike rus en onderlinge eensgesindheid.

In sy kommentaar op Kolossense wys wyle prof. Jac Mller daarop dat die woord "heers" in vers 15 eintlik beteken: skeidsregter wees, reël, arbitreer, "en die bedoeling is dat wanneer daar konflikte in ons binneste is, 'n botsing van motiewe, drange en begeertes, dat ons dan die vrede van God (Christus) moet laat bepaal wat die regte gedragslyn vir ons is; ons moet dit laat heers en die beslissing gee, deurdat dié weg gekies word, wat nie die innerlike vrede en gemoedsrus in Christus verstoor nie, maar bevorder en bevestig. Dan word nie alleen die vrede van God, gegrond op die versoening deur Christus bewaar nie, maar die belange en welsyn van die medegelowige word ook behartig.

**VERTROULIKE ORGANISASIES** (bl. 229, 40.19)

In die lig van die feit dat daar reeds indringende studies van die Vrymesselary gemaak is en die AB nie meer 'n vertroulike organisasie is nie, stap die Sinode van die saak af met handhawing van die vorige besluit van die Sinode van 1987 in dié verband Handelinge Eerste Sinode bl. 49, t.w.:

Die Sinode van die AP Kerk besluit dat lidmate van die kerk wat moontlik kan behoort aan die geheime organisasies, t.w. die Vrymesselary en die Afrikaner Broederbond, nie verkiesbaar is vir diens in die amp van ouderling en diaken nie.

**WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS – BYDRAES** (bl. 255, 6.9.1)

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes en individue wat die afgelope twee jaar bygedra het tot die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

**WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS – KOLLEKTE** (bl. 255)

Die Sinode herbevestig sy vorige besluit om kerkrade te versoek om op die Sondag naaste aan die 27ste Junie (stigtingsdag) 'n kollekte op te neem vir die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds en deur te stuur na die BRKA.

Die Sinode besluit om by kerkrade aan die hand te doen om tydens die Pinksterbidure elke aand 'n kollekte op te neem vir die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

**WITSKRIF OP ONDERWYS** (bl. 262, 5.1)

Die Sinode neem kennis van die kommentaar op die Witskrif (Bylae JV4) wat deur die SKK na die regering deurgestuur is.

Die Sinode versoek kerkrade om deeglik kennis te neem van die kerkverband se kommentaar op die Witskrif.

**BYLAE 5**

# Herderlike brief

## BOODSKAP IN OPDRAG VAN DIE SEWENDE SINODE AAN ALLE KERKRADE EN LIDMATE VAN AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Afgevaardigdes gedra deur u gebede en toegerus met beraad in die kerkrade waaruit hulle gekom het, het die Sewende Sinode bygewoon met 'n diepe besef van die hoë verantwoordelikheid wat op hulle skouers rus. In die aangesig van geweldige uitdagings waarvoor die Christelike Kerk in die algemeen en die Afrikaanse Protestantse Kerk in besonder staan, moes die Sewende Sinode vir homself voor God Drie-enig rekenskap gee van sy bestaansreg en roeping, van sy getrouheid aan sy belydenisskrifte en beginsels in 'n nuwe, ruwe Suid-Afrika. In sy besluite is dit duidelik dat die Sewende Sinode nie 'n sentimeter afgewyk het van die koers wat vorige sinodes ingeslaan het nie.

Die Sinode het met instemming en waardering kennis geneem van die oproep in die openingsrede wat leraars en kerkrade en lidmate opnuut bind aan die Woord van God.

Benewens hierdie interne opbou van die gemeentes vanuit die Woord van God, het die Sinode dit ook aan die SKK opgedra om die gesprek met ander Christelike kerke voort te sit en steeds op dié wyse die besondere getuienis van die APK uit te dra.

Die Sinode het kennis geneem daarvan dat die saak van verskille, geskille en gepaardgaande twiste, gebroke verhoudings en vyandskap deur die hele Skrif loop, maar dat daar ook duidelike riglyne in die Skrif is vir die hantering van sodanige sake.

Die Sinode het sy waardering uitgespreek teenoor alle onderwysers, dosente, sportleiers en sportbeoefenaars wat sport so onderrig en beoefen dat dit in ooreenstemming is met die Christelike norme en lewenstyl. Tog het die Sinode dit nodig geag om ouers wie se kinders aan karate deelneem, te versoek om hulle te vergewis van die lewens- en wêreldbeskouing van die afrigters en leiers in hierdie sportsoort. In besonder word gewaarsku teen "Karate-Zen" en "Shotokai" as twee karatestyle wat beginsels van die Oosterse Zengodsdiens bevat.

Volgens Sinodebesluit moet daar dringend oor die volgende sake Bybelgefundeerde standpunte in druk/pamfletvorm beskikbaar gestel word: Die gesag van die Bybel, die heiliging van die Naam van die Here, die heiliging van die Sondag, die heiligheid van die huwelik, die Bybelse lering oor dobbelary, lotery, gehoorsaamheid, dissipline, die betekenis van kerklike feesdae, in besonder Hemelvaartdag.

'n Ernstige beroep word op alle Christene gedoen om Hemelvaartdag steeds as 'n kerklike feesdag te heilig waarop die troonsbestyging van Jesus Christus gevier word.

Kerkrade en alle Christen-Afrikaners word versoek om die benaming "Geloftedag" vir 16 Desember te behou, en steeds die dag te vier ter herdenking van 'n besondere geleentheid waar die mag van die Lig oor die mag van die Duisternis geseëvier het.

'n Beroep word ook op alle Christen-Afrikaners gedoen om die 6de April ooreenkomstig die gelofte van Jan van Riebeeck as 'n dank en biddag tot eer van God te vier.

Die Sinode het kennis geneem van vele lidmate wat reeds na die buiteland verhuis het, en in besonder van die feit dat daar eersdaags 'n gemeente in Paraguay gestig word, waar ds. Olaf Scheuer vir ses maande vanaf Oktober 1995 arbei. Die bediening van lidmate elders in die buiteland sal ook ondersoek word.

Kerkrade en lidmate is opgeroep om ten sterkste by die owerheid beswaar aan te teken teen 'n kultuur van pornografie wat al hoe sterker ontwikkel en toeneem; in die besonder moet by plaaslike verspreidingspunte van pornografiese materiaal beswaar aangeteken word.

Die Sinode wys kerkrade, leraars en lidmate daarop dat daaglikse huisgodsdiens 'n noodsaaklike deel van elke mens se godsdiens is. By die huisaltaar hoort onder meer Bybelstudie, verootmoediging en aanbidding.

Die Sinode het met dank en waardering kennis geneem van die voortreflike uitgawes van die Kerkjaarboek met dagstukkies en doen 'n dringende beroep op kerkraadslede en lidmate om die Kerkjaarboek aan te skaf omdat dit in huisgodsdiens gebruik kan word tot opbouing van die geloofslewe van ons lidmate.

'n Handleiding vir susterswerksaamhede is

goedgekeur wat na verwagting eersdaags deur die Publikasiekommissie gepubliseer sal word.

Riglyne vir die AP kerke t.o.v. Verbondsonderrig is gefinaliseer en sal volgens opdrag van die Sinode in pamfletvorm na elke gemeente deurgestuur word.

Die Sinode het met dank kennis geneem van programsketse en riglyne vir jeugaksies wat deur die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding opgestel is, en beveel dit met groot vrymoedigheid by gemeentes aan.

Die Sinode versoek kerkrade en ringe om alles in hulle vermoë te doen om die opleiding van onderwysers in Christelike vakonderwys te bevorder, ten einde te verseker dat dooplidmate deur Christelike onderwysers op alle vakgebiede onderrig word. Die Sinode versoek ook kerkrade om lidmate doelgerig aan te moedig om Christelik-volkseie skole vir hulle kinders te kies en te ondersteun. Waar sulke skole nie bestaan nie, versoek die Sinode Verbondsouers om alles in hulle vermoë te probeer om sodanige skole te stig en selfs oor te gaan tot huisskole aangesien ouer kinders in die toekoms moontlik nie meer onder skoolplig sal staan nie.

In opdrag van die Sinode sal die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding ook aandag skenk aan alternatiewe onderrigmodelle soos korrespondensiekursusse en rekenaargesteunde onderrigmetodes.

'n Proefsangbundel wat met veel sorg deur kundiges op die Kommissie vir Kerksang en -musiek voorberei is, is deur die Sinode goedgekeur as enigste bundel vir gebruik buite die erediens. Die Kommissie vir Kerksang en -musiek wag spoedige kommentaar op dié bundel vanaf gemeentes in.

Die sinodale publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" sal volgens sinodebesluit so gou moontlik hersien en weer bemark word. Daar word ook 'n Engelse vertaling van die hersiene uitgawe beoog.

Die Sinode het besluit dat die Publikasiekommissie voortaan sy publikasies onder die uitgewersnaam "Lig in Duisternis" sal publiseer. Die keuse van dié naam bevestig ook die oortuiging van die Sinode dat die boodskap van die APK steeds 'n lig in die groeiende duisternis is.

Die Sinode kon met dankbaarheid kennis neem van die feit dat die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie tans nie meer met 'n oortrokke bankrekening funksioneer nie. Kerkrade wat getrou hulle 15% bydraes aan die BRKA oorbetaal, verdien hiervoor die dank.

Die Sinode betuig sy dank aan die Hoof van die Kerk wat aan lidmate, kerkrade en gemeentes die vermoëns geskenk het om die finansies te verskaf, sodat die werk van die Kerk in die plaaslike kerke sowel as in die kerkverband voortgesit kon word.

Vir die komende jaar begroot die Sinode vir 'n tekort van bykans R250 000.00. Aan vele sake wat in kerkverband hanteer behoort te word, kan nog nie reg geskied nie. Alle kerkrade word aangemoedig om getrou te wees aan die verantwoordelikheid wat hulle in die kerkverband het.

Die Sinode het kennis geneem van die geseënde werk wat t.o.v. Bybelproduksie gedoen is, veral t.o.v. die 1933/53 Afrikaanse vertaling, en spreek sy dank uit teenoor kerkrade en lidmate wat verantwoordelik is vir die mooi styging in bydraes vir Bybelverspreiding.

Terwyl ons waak en waarsku teen die ergerlike sondes waarmee die wêreld se duisternis verdig, word elke lidmaat, kerkraad en gemeente opgeroep om t.o.v. gedagtes, woorde en dade, ook wat betref die onderlinge trou teenoor mekaar, die toets van 2 Kor. 13:5 aan te lê: "Ondersoek julleself of julle in die geloof is; stel julleself op die proef."

Ds. IA Brink (Voorsitter)
Prof. FAH van Staden (Ondervoorsitter)
Prof. R Marè (Aktuarius)
Ds. NJ Rautenbach (Hulpskriba)
Ds. MC Adendorff (Skriba)